

DIE KOSTEPROBLEEM
AS GEVOLG VAN WETGEWING
IN SUID-AFRIKA
MET SPESIALE VERWYSING NA
KLEINHANDELSONDERNEMINGS IN
DIE VAALDRIEHOEK

DIE KOSTEPROBLEEM AS GEVOLG VAN
WETGEWING IN SUID-AFRIKA
MET SPESIALE VERWYSING NA
KLEINHANDELSONDERNEMINGS IN DIE
VAALDRIEHOEK

deur

Johannes Jacobus du Plessis M.Com.(P.U.), C.A.(S.A.)

Proefskrif aangebied ter gedeeltelike nakoming van
die vereistes vir die graad

DOCTOR COMMERCII

in die

Fakulteit van Ekonomiese Wetenskappe

aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT
VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS
POTCHEFSTROOM.

PROMOTOR: Prof. dr. A. J. E. Sorgdrager.

Februarie 1966.

VOORWOORD EN BEDANKINGS.

Elke persoon wat daagliks direk met die groeiende handel en nywerheid van Suid-Afrika te doen kry, is bewus van die feit dat enige onderneming ten spyte van die feit dat hy van jaar tot jaar groter hoogtes bereik, 'n pad bewandel wat nie altyd met rose besaai is nie. Elke onderneming het sy besondere knelpunte en probleme, probleme wat dikwels nie maklik oorkom kan word nie. So het elke onderneming in die land in mindere of meerdere mate te doen met die bepalinge van 'n verskeidenheid van wette waaraan voldoen moet word en hierdie wette vereis dikwels van hom geldelike offers wat sy bedryfskoste verhoog en sy winsgewendheid dus vermindert. Daar is in Suid-Afrika nog baie min oor hierdie besondere aangeleentheid geskryf of nagevors en dit is dus in die lig hiervan dat hierdie empiriese studie onderneem is. Ek wil dan graag die hoop uitspreek dat hierdie navorsing sal bydra om die beperkte kennis van hierdie onderwerp aan te vul en ook 'n stimulus sal wees vir andere om verdere navorsing in hierdie rigting te onderneem.

Ek wil dan ook graag van hierdie geleentheid gebruik maak om my besondere dank aan my promotor, Prof. dr. A.J.E. Sorgdrager te betuig vir al sy raad, wenke, offerering en tyd wat hy bestee het met die nagaan van

hierdie werk. Sonder sy aanmoediging, daadwerklike hulp en diepgaande kennis sou die voltooiing van hierdie werk beslis baie bemoeilik gewees het.

Ook wil ek graag 'n spesiale woord van dank rig aan dr. F.J. Viljoen, Voorsitter van die Nywerheidshof, vir al sy waardevolle raad en wenke. Al die kosbare ure wat hy afgestaan het ten einde probleme met my te bespreek, word baie hoog op prys gestel.

Aan Prof. dr. J. Els kom ook 'n besondere woord van dank toe vir die hulp wat hy verleen het. Sy vak-kennis en praktiese ondervinding was vir my van groot waarde gewees.

Laastens wil ek dan ook my dank uitspreek teenoor al die sakelui wat my met finansiële gegewens, hulp, raad en kennis bygestaan het. Sommige van hierdie persone het baie ure van hulle waardevolle tyd aan my afgestaan. Ook wil ek graag die personeel van die Ferdinand Postma - Biblioteek, die Johannesburgse Stadsbiblioteek en die Durbanse Stadsbiblioteek baie bedank vir die hulp wat hulle verleen het by die versameling van sekere gegewens. Aan Mnr. A.P. van Schalkwyk wat die taalversorging op kort kennisgewing op hom geneem het, kom ook 'n besondere woord van dank toe.

Geldelike bystand van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap (Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing) ter bestryding van die koste van hierdie navorsing word hierby erken. Menings in hierdie werk uitgespreek, of gevolgtrekkings waartoe geraak is, is die van die skrywer en moet in geen geval beskou word as 'n weergawe van die menings of gevolgtrekkings van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap (Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing) nie.

INHOUDSOPGAWE.

<u>INLEIDENDE OORSIG</u>	1
1. Doel van die Onderzoek	1
2. Afbakening en Metode van die Onderzoek.	5
a) Die Klein Onderneming	5
b) Die Omgewing.....	8
c) Die Wette	11
3. Indeling van die Studie	14
<u>AFDELING A. ALGEMEEN</u>	17 ϕ
<u>HOOFSTUK 1. OORSIG VAN DIE ONDERSOEK</u>	1-18
1. Bestek van die Onderzoek	1-18
a) Ondernemings wat betrek is	1-18
b) Indeling van die Ondernemings in Hoofgroepe	1-20
2. Metodiek van die Onderzoek	1-22
3. Uitslag van die Onderzoek	1-24
a) Persone wat vir die beantwoor- ding verantwoordelik was.....	1-24
b) Grootte - ontleding van die drie groepe	1-25
<u>HOOFSTUK 2. OORSIG VAN IN REAKSIE OP ALGEMENE WETGEWING</u>	2-30
1. Inleiding	2-30
2. Ontleding van die verskillende wette..	2-30
a) Die Ongevallewet	2-30
i) Bepalings van die Ongeval- lewet	2-30

ii)	Reaksie van die Ondernemings op die Ongevallewet	2-36
b)	Die Werkloosheidsversekeringswet	2-40
i)	Bepalings van die Werkloosheidsversekeringswet	2-40
ii)	Reaksie van die Ondernemings op die Werkloosheidsversekeringswet	2-44
c)	Die Wet op Statistieke	2-48
i)	Bepalings van die Wet op Statistieke	2-48
ii)	Reaksie van die Ondernemings op die Wet op Statistieke	2-51
d)	Die Verskillende Bantowetgewing	2-53
i)	Bepalings van hierdie wette	2-53
ii)	Reaksie van die Ondernemings op die Bantowetgewing...	2-60
e)	Die Inkomstebelastingwet	2-65
i)	Bepalings van die Inkomstebelastingwet	2-65
ii)	Reaksie van die Ondernemings op die Inkomstebelastingwet.....	2-76

HOOFSTUK 3. OORSIG VAN EN REAKSIE OP BESONDERE WETGEWING

1.	Inleiding	3-85
2.	Ontleding van die verskillende wette..	3-86
a)	Die Bemerkingswet	3-86
i)	Bepalings van die Bemerkingswet	3-86

ii)	Reaksie van die Ondernemings op die Bemerkingswet	3-93
b)	Die Wet op Fabriekke, Masjinerie en Bouwerk	3-98
i)	Bepalings van die Wet op Fabriekke, Masjinerie en Bouwerk	3-98
ii)	Reaksie van die Ondernemings op die Wet op Fabriekke, Masjinerie en Bouwerk.....	3-104
c)	Die Wet op Winkels en Kantore ...	3-107
i)	Bepalings van die Wet op Winkels en Kantore	3-107
ii)	Reaksie van die Ondernemings op die Wet op Winkels en Kantore	3-111
d)	Die Maatskappywet	3-113
i)	Bepalings van die Maatskap- pywet	3-113
ii)	Reaksie van die Ondernemings op die Maatskappywet.....	3-123
<u>AFDELING B. 'EMPIRIESE ANALISE</u>		129
<u>HOOFSTUK 4. REKENKUNDIGL ANALISE</u>		4-130
1.	Inleiding	4-130
2.	Sekere Aannames	4-130
3.	Persentasies, Verhoudings en Analise van Sekere Items	4-137
a)	Definisies van sekere items	4-137
b)	Besprekings van Winsgrense	4-139
c)	Bespreking van Inkomstebelasting en Netto Wins	4-147

4.	Samevatting	4-153
<u>HOOFSTUK 5. ANALISE - HANDELAARS IN BEDERFBARE PRODUKTE</u>		
1.	Inleiding	5-154
2.	Bepaling van 'n Gewigsfaktor vir elke onderneming	5-156
3.	Algemene Ontleding van Versamelde Gegewens	5-161
4.	Ontleding van Bruto en Netto Winspersentasies	5-164
5.	Ontleding van Opbrengs op Kapitaal aangewend	5-171
6.	Verhouding van Inkomstebelasting en Sosiale Koste tot Bedryfskapitaal	5-174
7.	Ontleding van Bokoste en Bruto Wins	5-177
8.	Ontleding van Sosiale Koste	5-187
9.	Sosiale Koste, Belasting en Netto wins teenoor Omset	5-192
10.	Samevatting	5-196
<u>HOOFSTUK 6. ANALISE - ALGEMENE HANDELAARS</u> ..		
1.	Inleiding	6-199
2.	Bepaling van 'n Gewigsfaktor vir elke onderneming	6-203
3.	Algemene Ontleding van Versamelde Gegewens	6-207
4.	Ontleding van Bruto en Netto Winspersentasies	6-211
5.	Ontleding van Opbrengs op Kapitaal Aangewend	6-219
6.	Verhouding van Inkomstebelasting en Sosiale Koste tot Bedryfskapitaal .	6-225

7.	Ontleding van Bokoste en Bruto Wins	6-229
8.	Ontleding van Sosiale Koste	6-235
9.	Sosiale Koste, Belasting en Netto Wins teenoor Omset	6-239
10.	Samevatting	6-242
<u>HOOFSTUK 7. ANALISE - NYWERHEIDSONDERNEMINGS</u>		7-245
1.	Inleiding	7-245
2.	Algemene Ontleding van Versamelde Gegewens	7-249
3.	Ontleding van Bruto en Netto Winspersentasies	7-252
4.	Ontleding van Opbrengs op Kapitaal Aangewend	7-258
5.	Verhouding van Inkomstebelasting en Sosiale Koste tot Bedryfskapitaal ..	7-263
6.	Ontleding van Bokoste en Bruto Wins ..	7-266
7.	Ontleding van Sosiale Koste	7-270
8.	Sosiale Koste, Belasting en Netto Wins teenoor Omset	7-274
9.	Samevatting	7-276
<u>OPSOMMING EN GEVOLGTREKKINGS</u>		278
<u>AANHANGSEL A</u>		290
<u>ENGLISH SUMMARY</u>		295
<u>LYS VAN GERAADPLEEGDE EN AANGEHAALDE WERKE</u> ..		297
<u>STELLINGS</u>		303

LYS VAN TABELLE EN DIAGRAMME.

TABELLE.

1.	Ontwikkeling van die Vaaldriehoek	10
2.	Omsetontleding van al die ondersoekte ondernemings	26
3.	Ontleding van aantal werknemers van die ondersoekte ondernemings	27
4.	Weeklikse bydraes deur werkgewer en werk- nemer tot die werkloosheidversekerings- fonds	43
5.	Belastingbydraes deur getroude persone....	69
6.	Belastingbydraes deur getroude persone in Transvaal	71
7.	Bruto- en netto winspersentasie van klein- handelaars in Suid-Afrika, 1960-61.....	143
8.	Omset, kapitaal aangewend en netto wins van elke onderneming - handelaars in bederfbare produkte	158
9.	Bepaling van 'n gewigsfaktor vir elke onder- neming - handelaars in bederfbare pro- dukte	159
10.	Ontleding van werklike en geweegde statis- tiese gegewens van elke onderneming - melkerye	162
11.	Ontleding van werklike en geweegde statis- tiese gegewens van elke onderneming - slagterye	163
12.	Bruto- en netto- winspersentasies van handelaars in bederfbare produkte	165
13.	Persentasie van netto wins tot kapitaal aan- gewend van handelaars in bederfbare produkte	172
14.	Bedryfskapitaal, sosiale koste en inkomste- belasting van handelaars in bederfbare produkte	175

15.	Persentasies netto wins, sosiale koste en inkomstebelasting van bruto wins en totale bokoste - melkerie	179
16.	Persentasies netto wins, sosiale koste en inkomstebelasting van bruto wins en totale bokoste - slagterie	183
17.	Ontleding van werklike en geweegde sosiale koste van elke onderneming - melkerie	188
18.	Ontleding van werklike en geweegde sosiale koste van elke onderneming - slagterie	190
19.	Persentasiebydrae van sosiale koste van elke wet tot die totaal - handelaars in varsprodukte	191
20.	Persentasie sosiale koste en inkomstebelasting tot omset - handelaars in varsprodukte	194
21.	Persentasie sosiale koste en inkomstebelasting tot netto wins - handelaars in varsprodukte	195
22.	Omset, kapitaal aangewend en netto wins - algemene handelaars	203
23.	Bepaling van 'n gewigsfaktor vir elke onderneming - algemene handelaars	205
24.	Werklike en geweegde statistiese gegewens - algemene handelaars	208
25.	Werklike en geweegde statistiese gegewens - algemene handelaars (vervolg) ...	209
26.	Bruto en netto winspersentasies - algemene handelaars	212
27.	Bedryfskapitaal, sosiale koste en inkomstebelasting - algemene handelaars ..	227
28.	Persentasies netto wins, sosiale koste en inkomstebelasting tot bruto wins - algemene handelaars	230

29.	Persentasie netto wins, sosiale koste en inkomstebelasting tot totale bokoste - algemene handelaars	233
30.	Sosiale koste van elke onderneming - algemene handelaars	236
31.	Geweegde sosiale koste van elke onderneming - algemene handelaars	237
32.	Persentasiebydrae van sosiale koste van elke wet tot die totaal - algemene handelaars	239
33.	Persentasie sosiale koste en inkomstebelasting tot omset - algemene handelaars	241
34.	Persentasie sosiale koste en inkomstebelasting tot netto wins - algemene handelaars	242
35.	Omset, kapitaal aangewend en netto wins van elke onderneming - nywerheidsondernemings	250
36.	Bruto wins, bokoste, sosiale koste en inkomstebelasting - nywerheidsondernemings	251
37.	Bruto en netto winspersentasies - nywerheidsondernemings	254
38.	Persentasie van netto wins tot kapitaal aangewend - nywerheidsondernemings	260
39.	Bedryfskapitaal, sosiale koste en inkomstebelasting - nywerheidsondernemings	265
40.	Persentasies netto wins, sosiale koste en inkomstebelasting tot bruto wins - nywerheidsondernemings	267
41.	Persentasies netto wins, sosiale koste en inkomstebelasting tot totale bokoste - nywerheidsondernemings	269
42.	Werklike sosiale koste van elke onderneming - nywerheidsondernemings	271

43.	Totale sosiale koste ten opsigte van elke wet - nywerheidsondernemings	272
44.	Persentasie sosiale koste en inkomste-belasting tot omset - nywerheids-ondernemings	274
45.	Persentasie van sosiale koste en inkomste-belasting tot netto wins van elke onderneming - nywerheidsondernemings ...	275
46.	Vergelykende persentasies van sosiale koste, inkomstebelasting en netto wins tot omset: varsprodukte en algemene handelaars	281

DIAGRAMME.

1.	Verdeling van bruto wins in verskillende kostes en netto wins - melkerye ..	180
2.	Verdeling van totale bokoste in verskillende kosteafdelings - melkerye.....	181
3.	Verdeling van bruto wins in verskillende koste en netto wins - slagterye.....	184
4.	Verdeling van totale bokoste in verskillende kosteafdelings - slagterye.....	185
5.	Verdeling van totale sosiale koste tussen die verskillende bydraende wette - handelaars in varsprodukte	192
6.	Verdeling van bruto wins in verskillende koste en netto wins - algemene handelaars	232
7.	Verdeling van totale bokoste in verskillende kosteafdelings - algemene handelaars	234
8.	Verdeling van totale sosiale koste tussen die verskillende bydraende wette - algemene handelaars	240

INLEIDENDE OORSIG:

1. DOEL VAN DIE ONDERSOEK.

Dit is in die moderne, vrye wêreldesonomie van vandag 'n algemeenbekende verskynsel dat die koste van feitlik alle verbruiks- en kapitaalgoedere hoër en hoër styg. 'n Middelklas motor het vyftien jaar gelede byvoorbeeld ongeveer R1,200 gekos terwyl 'n mens vandag vir dieselfde grootte motor van R1,800 tot R2,000 moet betaal. 'n Blikkie ingemaakte kos wat nou vir 15c aangeskaf kan word, het byvoorbeeld 10 jaar gelede net sowat 10c gekos. Dieselfde geld vir byna alle soorte artikels wat die mens in sy daaglikse lewe benodig. Die vraag ontstaan nou om welke redes neig die pryse steeds omhoog. Die antwoord, om dit eenvoudig te stel, lê kortliks daarin opgesluit dat die vervaardiger steeds meer en meer moet betaal vir sy grondstowe, vir sy lone en ander bedryfsuitgawes en dat hy hierdie addisionele bedrae weer van die verbruiker moet verhaal indien hy nie te gronde wil gaan nie. Die verbruiker betaal dus nou meer vir die betrokke artikel en moet die fondse daarvoor weer elders vind, met ander woorde, sy bron van inkomste moet verhoog word. As hy 'n werksman is, sal hy op 'n hoër vergoeding begin aandring en as hy self 'n sakeman of fabri-

kant is, sal hy noodgedwonge ook sy verkoopprijs moet verhoog. En so beïnvloed die een ekonomiese sfeer die ander met die gevolg dat pryse altyd hoër en hoër styg, salarisse en lone steeds styg en elke ander soort bedryfskoste neig om te verhoog.

Dit is 'n welbekende feit dat 'n sosialistiese staat tal-
le wette en verordeninge het en dat feitlik elke daad
en aktiwiteit van die individu in 'n mindere of meerde-
re mate deur staatsinmenging beïnvloed word. Die so-
sialistiese en kommunistiese ekonomie en handelslewe
word gevolglik tot 'n baie groot mate bepaal en beheer
deur die landsowerheid wat dan ook besluit welke ver-
goeding die werker kry, wat vervaardig of verbou sal
word en wat met die finale produk gemaak sal word.
Dit is beginsels wat in 'n vrye, demokratiese stelsel
onaanvaarbaar is aangesien dit hier die doel is om die
ekonomiese lewe te beheer deur slegs noodsaaklike wet-
gewing sodat almal verseker kan wees van 'n ordelike ge-
meenskaplike lewe waarin die entrepreneur of ondernemer
nie net 'n rat in 'n masjien is nie, maar sy vermoë ten
volle kan benut tot voordeel van almal. Daarom is
daar wette wat die ekonomiese aktiwiteite in breër trek-
ke beheer, tot voordeel van die land, wette wat byvoor-
beeld monopolistiese toestande aan bande lê, wat woe-

kerwins belet, wat toestande in fabrieke bepaal, wat die bemarking van produkte beheer en dergelike meer. Die vraag wat nou onmiddellik ontstaan, is of hierdie wette, sover dit Suid-Afrika betref, voldoende is, of daar nog aspekte van die ekonomiese lewe is wat aan wetgewing onderhewig gemaak moet word en of daar nie moontlik reeds te veel beperkings, in sommige rigtings altans, opgelê word nie. Die leesstof in hierdie verband wat op Suid-Afrika betrekking het, is uiters beperk en daar sal dus hoofsaaklik van die metode van praktiese ontledings gebruik gemaak moet word.

In Suid-Afrika is die posisie so dat die Sentrale Owerheid wette maak wat op die hele land van toepassing is terwyl die Provinsiale Owerhede ook sekere magte het en verordeninge kan neerlê wat dan op die betrokke provinsie van toepassing is. Daarbenewens het elke munisipaliteit, of plaaslike owerheid, ook nog sekere magte wat op hulle onderskeie gebiede toegepas kan word. Die posisie is dus dat die ondernemer in Suid-Afrika onderwerp kan word aan reëls en regulasies wat uit drie bronne afkomstig is en alhoewel hierdie reëls en regulasies sy onderneming in velerlei aspekte bevoordeel, kan hulle of sommige van hulle hom ook nadelig tref in dié opsig dat hulle hom geld kos, sy koste-

struktuur verhoog en dus tot gevolg het dat hy sy verkoopprijs moet verhoog of vind dat sy onderneming se winsgewendheid verminder. Aangesien die bepalinge van sekere van die wette en verordeninge op die klein sowel as die groot ondernemer van toepassing is en 'n vasgestelde betaling gemaak moet word afgesien van die grootte van die onderneming, byvoorbeeld sekere betalings kragtens die Maatskappywet, wil dit voorkom of die klein onderneming proporsioneel 'n swaarder las dra as die groter onderneming en dat sy winsgewendheid of die opbrengs op sy belegde kapitaal kleiner sal wees as dié van die groter onderneming. Die groot onderneming is as gevolg van sy sterker kapitaalstruktuur gewoonlik beter in staat om die addisionele koste te absorbeer as gevolg van wetgewing, wat voortaan sosiale koste genoem sal word. Die klein onderneming gaan dikwels mank aan voldoende bedryfskapitaal en as 'n deel hiervan nog aan sosiale koste afgestaan moet word, kan dit moontlik wees dat die eindresultaat naderhand vir die ondernemer onlonend word. Die doel van hierdie studie is dus om empiries te bepaal wat die invloed van sekere van hierdie wette op die klein onderneming is en aangesien hulle nie almal op alle dele van die land toepasbaar is nie, is die ondersoek beperk tot se-

kere soorte ondernemings in die Vaaldriehoek en sekerre van die wette wat op hierdie gebied betrekking het met 'n toetsing en vergelyking van die resultate aan enkele soortgelyke ondernemings in Kaapstad, Port Elizabeth en Durban.

2. AFBAKENING EN METODE VAN DIE ONDERSOEK.

(a) DIE KLEIN ONDERNEMING. Dit is natuurlik moeilik om altyd 'n onderneming as „klein” of „groot” te klassifiseer. Almal sal geredelik saamstem dat die kruidenierswinkel-tjie langs die kafee op die hoek in die woonbuurt van die dorp as „klein” geklassifiseer sal word terwyl die staalfabriek waar die helfte van die dorp se mense werk weer as „groot” ingedeel sal word. Maar wat van die talle ondernemings tussen die twee en waar sal die grens getrek word tussen hierdie twee uiterstes? Dan sal daar verder nog gevind word dat die omgewing ook 'n invloed het, byvoorbeeld, terwyl die Volkswagen Fabriek in Duitsland met 'n omset van nagenoeg \$ 1,711 miljoen in 1963 as „groot” geklassifiseer sal word en 'n ander onderneming met 'n omset van R50,000,000 as „klein” ingedeel word, sal 'n onderneming hier in Suid-Afrika soos die Unie Staalkorporasie met 'n omset van R33,602,000 weer as „groot” ingedeel kan word. (Volkshandel, Maart 1965, bls. 51, Nov. 1965,

bls. 41 en Jaarstate Usko). Die rede hiervoor is dat hier in Suid-Afrika nie sulke groot ondernemings is met so 'n geweldige omvang soos in sommige ander lande van die wêreld nie. Die omskrywing van 'n klein onderneming in die Verenigde State van Amerika volgens wetgewing is nogal insiggewend.

Broom en Longenecker (-Small Business Management-Cincinnati, 1961, bls. 2) merk op dat „the Small Business Act of 1953 provides that a small business concern is One which is independently owned and operated and not dominant in its field of operation”.

In die V.S.A. bestaan daar 'n „Committee for Economic Development” en hierdie organisasie bepaal volgens Broom en Longenecker (op cit. bladsy 3) dat 'n klein onderneming deur tenminste twee van die volgende eienskappe gekenmerk moet word:

- 1) Die bestuur is onafhanklik. Die bestuurder(s) is gewoonlik ook die eienaar(s).
- 2) Die eienaarskap word gehou deur 'n individu of 'n klein groep.
- 3) Die gebied wat bedien word is hoofsaaklik plaaslik.
- 4) Die omvang van die onderneming moet klein wees as dit vergelyk word met die grootste onderneming van sy soort.

Dit is ook interessant om te let op wat die Maandelikse Nuusbrief van die Afrikaanse Handelsinstituut van Julie 1964, bls. 5, oor „klein ondernemings” in Wes-Duitsland te sê het:

„Van die 2,476,000 sakeondernemings in Wes-Duitsland in 1961 het 89% minder as 10 werknemers in diens gehad, terwyl nie minder as 34% eenmansake was. Die groot en middelslag ondernemings, wat die oorblywende 11% van die aantal ondernemings uitgemaak het, het egter 74% van die totale aantal werknemers in diens gehad”.

Ook Broom en Longenecker (op cit. bladsy 5) gee die volgende mooi uiteensetting met betrekking tot die Verenigde State van Amerika as bewys dat die oorgrote aantal ondernemings „klein” is:

<u>Size Class</u> (Number of Employees)	<u>% of Firms</u> <u>in opera-</u> <u>tion</u>	<u>% of</u> <u>paid em-</u> <u>ployment</u>	<u>Cumulative</u> <u>% of paid</u> <u>employment</u>
All Size classes	100.0	100.0	-
0 - 3	75.3	6.5	6.5
4 - 7	11.6	6.6	13.1
8 - 19	8.1	10.5	23.6
20 - 49	3.1	10.1	33.7
50 - 99	1.0	7.4	41.1
100 - 499	.7	15.2	56.3
500 - 999	.1	5.6	61.9
1000 or more	.1	38.1	100.0

Daar is in die handelslewe n baie groot verskeidenheid bedrywe, byvoorbeeld garages, hotelle, algemene hande-

laars, aptekers, vervaardigingsondernemings en talle andere. Om toestande van al hierdie verskillende groepe te ontleed, is 'n baie lywige taak. In hierdie ondersoek val die klem dan ook slegs op sekere soorte ondernemings hoofsaaklik in die Vaaldriehoek wat as „klein“ beskou kan word met 'n aantal werknemers wat wissel in iedere geval tussen 3 en 40 terwyl die omsette van die ondersoekte ondernemings wissel tussen R40,000 en R400,000 per jaar behalwe in een geval waar die omset net meer as R400,000 per jaar bedra het en die aantal Bantoeëarbeiders ook ietwat meer as 40 was. Openbare maatskappye is buite rekening gelaat alhoewel sommige van hulle se omsette wel minder as R400,000 per jaar kan bedra. Ondernemings met omsette van minder as R40,000 per jaar is ook buite rekening gelaat. Die ondersoekte ondernemings het dus ingesluit privaat maatskappye, vennootskappe en eenmansake, almal ondernemings wat voldoen aan al vier die vereistes wat die Amerikaanse „Committee for Economic Development“ vir klein ondernemings stel.

(b) DIE OMGEWING. Van die ondernemings wat ontleed is is 25 in die Vaaldriehoek geleë terwyl altesaam 8 vergelykenderwys in Kaapstad, Durban en Port Elizabeth ondersoek is. Die Vaaldriehoek sluit in die dorpe

Vereeniging, Vanderbijlpark, Sasolburg en Meyerton wat almal naby mekaar en naby of langs die Vaalrivier geleë is en eintlik as een nywerheidskompleks beskou kan word. 'n Sirkel met middelpunt in die omgewing van Viljoensdrift in die Noord-Vrystaat en met 'n straal van sowat 15 myl sal al hierdie dorpe insluit.

Die Vaaldriehoek is een van die gebiede in die land wat tans op nywerheidsgebied die snelste ontwikkel hoofsaaklik as gevolg van die aanwesigheid van water, krag en arbeid. Groot ondernemings het hulle in hierdie streek gevestig soos byvoorbeeld Yskor, Sasol, Usko, Stewarts en Lloyds en talle ~~aan~~ verwante bedrywe. Hierdie ondernemings het op hulle beurt natuurlik weer ander kleinere ondernemings gelok met die gevolg dat die groei van die Vaaldriehoek gedurende die afgelope paar jaar beide op nywerheidsgebied en in bevolkingstoename fenomenaal was soos blyk uit die besonderhede van tabel 1.

Dit is nie bekend presies hoeveel ondernemings daar tans in die Vaaldriehoek is nie aangesien handelsake gedurig begin word terwyl ander weer tot niet gaan, maar na raming is dit ongeveer 1,950. Volgens die Nywerheidsensus 1959-60, Verslag No. 283. (Vernaamste Statistiek van privaat nywerheidsinrigtings op 'n Geo-

Tabel 1.

ONTWIKKELING VAN DIE VAALDRIEHOEK.

<u>Plek</u>	<u>1955</u>	<u>1964</u>	<u>Persentasie toename</u>
<u>Sasolburg:</u> Bevolking-Blank	5,500	9,378	70.5
Nie-Blank	5,000	7,024	40.5
Belasbare waarde	R5,603,588x	R15,400,000	174.8
(x 1957/58 syfers)			
<u>Vanderbijlpark:</u>			
Bevolking-Blank	16,000	35,000	118.8
Nie-blank	14,000	28,000	100.00
Belasbare waarde	19,938,307	49,500,000	148.3
<u>Vereeniging:</u>			
Bevolking-Blank	21,135	28,069	32.8
Nie-blank	50,744	59,927	18.1
Belasbare waarde	40,276,188	62,795,855	55.9

(Bron: J. Arangies-Besluitkoste as 'n Bestuursprobleem, ongepubliseerde M.Comm. skripsie bls. 4, Potchefstroom, 1965)

grafiese Basis, Pretoria April 1965, bls. 254, 257 en 283) was daar in 1959-60 reeds 121 vervaardigings- en konstruksieondernemings in Vereeniging, 26 in Vanderbijlpark en 10 in Sasolburg. Benewens hierdie onder-

nemings is daar ook nog ongeveer 20 ondernemings wat as „groot” of „middelmatig” beskou kan word, terwyl daar n groot aantal sake is wat takke is van ander ondernemings met hoofkantore in Johannesburg of elders en wat nie by die bogenoemde ingesluit is nie. Dit is dus duidelik dat die snelle ontwikkeling van hierdie gebied ook die ontstaan en ontwikkeling van n groot aantal klein ondernemings tot gevolg het met die gevolg dat n ondersoek na hulle probleme dus heeltemal geregverdig is.

(c) DIE WETTE. Soos reeds aang^edui, word wette in Suid-Afrika deur die Sentrale Regering, die Provinsiale Owerheid en Plaaslike Besture gemaak. Elkeen van hierdie liggame het n sekere veld wat dit dek met sekere magte met die gevolg dat n onderneming hom in n posisie kan bevind waar hy sekere verantwoordelikhede en sekere verpligtinge teenoor meer as een Owerheid het om na te kom. Om die invloed van al die verskillende wette en ordonnansies op n spesifieke onderneming of bedryf te bepaal, sal n geweldige lywige taak wees aangesien wette soos die Doeane en Aksynswet (No.91/1964) die Wet op Mate en Gewigte (No.13/1958), die Naturelle-Belastings-en Ontwikkelingswet van 1925 en talle ander in n meerdere of mindere mate n invloed op sekere

bedrywe uitoefen. Ander wette wat wel van toepassing is op bedrywe wat ondersoek is, maar wat buite rekening gelaat is omdat hulle nie 'n noemenswaardige direkte invloed het op die ondernemings wat ondersoek is nie, of omdat hulle op sigself 'n onderwerp vir 'n gevorderde en wye studie is, is byvoorbeeld die Vakleerlingwet (No.37/1944), die Nywerheidsversoeningwet (No.28/1956), die Loonwet (No.5/1957), die verskillende Lisensiewetgewings, die Wet op Huurkoop (No.36/1942), die Wet op Landdroshowe (No.32/1944), en die Wet op Reëling van Monopolistiese Toestande (No.24/1955).

De Kock (Industrial Laws of South Africa, Kaapstad, 1965, bls. 501 et. seq.) wys byvoorbeeld in sy historiese agtergrond van die nywerheidswet op die nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika sedert die 1914-18 oorlog en die talle wette, kommissies van ondersoek en verslae wat opgestel is en bygedra het tot latere nywerheidsreëlings in die land. Hierdie aangeleentheid alleen behoort voldoende materiaal vir 'n gevorderde studie te bied. Vir die doel van hierdie studie is egter slegs nege wette van die Sentrale Regering gekies en die Provinsiale en Plaaslike Owerhede se verordeninge buite rekening gelaat en van die nege wette wat gekies is, is ook hoofsaaklik dié bepalings beklemtoon

wat die grootste invloed op die ondersoekte klein ondernemings uitoefen. Sommige van die wette, bv. die Werkloosheidsversekeringswet, het op alle ondernemings betrekking terwyl andere weer net op sekere bedrywe van toepassing is, bv. die Bemarkingswet. Die maatskappywet en sy invloed is ook slegs kortliks aangeroer aangesien dit nie verpligtend vir 'n onderneming is om as 'n maatskappy te registreer nie en die koste aangegaan as gevolg van hierdie wet dus opsioneel en nie verpligtend is soos wat die geval met die ander wette is nie.

Die wette waarvan die invloed op die ondersoekte ondernemings bepaal is, is die volgende:

Algemene Wetgewing.

1. Die Ongevallewet (No.30/1941)
2. Die Werkloosheidsversekeringswet (No.53/1946)
3. Die Wet op Statistieke (No.73 van 1957)
4. Bantowetgewing (No's 25/1945, No.64/1952 en No 64/1964)
5. Die Inkomstebelastingwet (No.58/1962)

Besondere Wetgewing.

6. Die Bemarkingswet (No.26/1937)
7. Die Wet op Fabriek, Masjinerie en Bouwerk (No.22/1941)
8. Die Wet op Winkels en Kantore (No.75/1964)

9. Die Maatskappywet (No. 46/1926)

Die wette wat as algemene wetgewing ingedeel word, is wette wat op al die onderhawige ondernemings betrekking het, terwyl die „besondere“ wette dié is wat slegs op sekere bedrywe van toepassing is, byvoorbeeld die Bemerkingswet is slegs van toepassing op ondernemings wat sekere voedselprodukte in sy onterwerkte vorm hanteer.

3. INDELING VAN DIE STUDIE.

Die verhandeling is in sewe hoofstukke ingedeel waarvan die inhoud van elk kortliks soos volg is:

Afdeling A.

Hoofstuk 1 behandel die aard van die ondernemings wat by die ondersoek betrek is, die indeling van hierdie ondernemings in hoofgroepe en die metode wat by die versameling van inligting gevolg is. n Ontleding van die grootte van elke groep word gedoen asook van die persone wat geraadpleeg is vir die verkryging van inligting.

In hoofstuk 2 word n bespreking gegee van die belangrikste aspekte van die vyf wette wat as algemene wette ingedeel word asook wat die menings van die ondernemings oor hierdie wette is.

Hoofstuk 3 is 'n voortsetting van die vorige hoofstuk en behandel die vier besondere wette met eweneens 'n opsomming van die reaksie van die ondernemings op hierdie wette in die algemeen of op sekere bepalings daarin in besonder.

Afdeling B

Hoofstuk 4 gee in besonderhede 'n ontleding van die verskillende terme wat in die daaropvolgende hoofstukke gebesig word met 'n algemene uiteensetting van die metodes wat gevolg is by die verwerking en tabulering van die versamelde gegewens.

Hoofstuk 5 gee 'n ontleding van die resultate van handelaars in varsprodukte met 'n ontleding van die invloed van die betrokke wette op hierdie soort onderneming.

In Hoofstuk 6 word 'n soortgelyke opsomming en vergelyking gegee van die resultate en die invloed van sosiale wetgewing op algemene handelaars wat handelaars in kruideniersware, hardeware en dergelike ondernemings insluit.

Hoofstuk 7 is 'n voortsetting van die voorafgaande twee hoofstukke met dieselfde ontledings ten opsigte van nywerheidsondernemings.

Ten slotte word n opsomming van die bevindings gegee soos in die voorafgaande hoofstukke uiteengesit, die nodige gevolgtrekkings en afleidings word gemaak en aanbevelings vir sekere wysigings ter verligting van die druk op klein ondernemings word aan die hand gedoen.

AFDELING A

ALGEMEEN

HOOFSTUK 1.OORSIG VAN DIE ONDERSOEK.i) BESTEK VAN DIE ONDERSOEK.

a) ONDERNEMINGS WAT BETREK IS. Altesaam 113 ondernemings is ondersoek waarvan uiteindelik slegs 33 as volledig en geskik vir die doel van hierdie studie aanvaar is. Die gegewens van die vorige 80 ondernemings is verwerp op grond van die feit dat 'n hele aantal onvolledig is terwyl die ander weer nie binne die bestek van die afgebakende grootte-groep val of in een van die drie groepsoorte waarop uiteindelik besluit is, ingedeel kan word nie. Heelwat van die klein ondernemings is sku om inligting te verskaf met die gevolg dat hierdie onvolledige gegewens dus verwerp moes word. Die 33 ondernemings wat as volledig aanvaar is, bestaan uit 25 wat in die Vaaldriehoek sake doen en 8 in die kussentrums Kaapstad, Port Elizabeth en Durban. Hierdie 8 is ondersoek hoofsaaklik met die doel om die besonderhede wat in die Vaaldriehoek versamel is, te toets aan die hand van soortgelyke ondernemings in die kusstede. Hulle gegewens word dan ook na oorweging saam met die ander 25 ontleed en behandel.

'n Ontleding van die vorm van die verskillende onder-

nemings toon die volgende:

	<u>Aantal</u>	<u>Persentasie</u>
Privaat Maatskappye	26	79
Vennootskappe	4	12
Individue	<u>3</u>	<u>9</u>
	<u>33</u>	<u>100</u>

Aangesien daer by die keuse van die aard van die ondernemings wat by die studie betrek is nie spesifiek voorkeur gegee is aan privaat maatskappye nie, is dit interessant om daarop te let dat hierdie bestuursvorm 79% van die ondersoekte ondernemings uitmaak teenoor die 12% en 9% van vennootskappe en individue onderskeidelik. Die ondernemings wat as vennootskappe ingedeel is, is die besighede wat meer as een werkende eienaar het maar nie as maatskappye geregistreer is nie. Geeneen van hulle het slapende of rustende vennote gehad nie. Die 9% wat as individue geklassifiseer is, is weer daardie ondernemings wat slegs een werkende eienaar besit en wat nie as 'n maatskappy geregistreer is nie.

Die omset van die 33 ondernemings wissel almal tussen R40,000 en ongeveer R400,000 per jaar met 'n totale aantal werknemers wat, met enkele uitsonderings, minder as 40 op enige tydstip is. Ondernemings met 'n jaarlikse omset van minder as R40,000 en meer as R400,000 is ook

genader, maar hulle resultate is weens hulle omvang geheel-en-al buite rekening gelaat.

Die ondernemings wat ondersoek is en wat nie in die drie hoofgroepe ingedeel kan word nie (vergelyk volgende paragraaf), sluit onder andere ondernemings in soos hotelle, motorhawens, aptekers, vrugtehandelaars en meubelwinkels. Aangesien hierdie ondernemings wel aan sommige van die wette net so onderhewig is as die 33 ondernemings wat ontleed gaan word, is hulle ook tot 'n groot mate aan ander wette en ordonnansies onderhewig met die gevolg dat as hulle ook by die ondersoek betrek sou word, die hele aangeleentheid dan naderhand te lomp en onsamhangend sou word. Aptekers is byvoorbeeld onderworpe aan die wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers (No. 13 van 1928, soos gewysig) terwyl hotelle aan die Hotelwet (No. 70 van 1965) onderhewig is.

b) INDELING VAN DIE ONDERNEMINGS IN HOOFGROEPE.

Die 33 ondernemings wat ondersoek is, is in die volgende drie hoofgroepe ingedeel:

<u>Groepomskrywing</u>	<u>Aantal ondernemings in die groep</u>
Handelaars in Varsprodukte (of Bedrifsbare produkte)	9
Algemene Handelaars	12
Nywerheidsondernemings	12

Die handelaars in varsprodukte sluit vier melkerye en vyf slaghuise in. Die hoofrede waarom hierdie ondernemings in een groep saamgevoeg is, is omdat hulle aan die bepalinge van die Bemerkingswet onderhewig is, maar nie aan dié van die wet op Fabriek, Masjinerie en Bouwerk nie.

Die ondernemings wat as algemene handelaars saamgegroeper is, sluit drie algemene uitruusters in, drie is uitsluitlik kruidentierswarowinkels en ses is winkels wat hoofsaaklik hardeware en boumateriaal verkoop. Hierdie ondernemings is as een groep geneem aangesien hulle nie aan die Wet op Fabriek, Masjinerie en Bouwerk of die Bemerkingswet onderhewig is nie. Al die ander wette is egter op hulle van toepassing behalwe natuurlik die Maatskappywet wat nie van toepassing is op dié wat nie as maatskappye geregistreer is nie.

Die derde groep wat as nywerheidsondernemings geklassifiseer is, sluit die ondernemings in waarop die wet op Fabriek, Masjinerie en Bouwerk van toepassing is. Hierdie groep sluit vier ondernemings in wat fabriek in die werklike sin van die woord is en wat sekere produkte verwerk of vervaardig, drie wat hoofsaaklik motorbende versool en in die proses van versoling natuurlik meganiese masjinerie gebruik en vyf wat hoofsaaklik met die bounywerheid gemoeid is en

waarvoor gekwalifiseerde tegniese personeel soms benodig word. Die ondernemings wat bande versool en elektriese kontrakwerk verrig, verkoop natuurlik ook tot 'n mindere mate sekere produkte aan die verbruikers, maar dis nie hulle hoofaktiwiteit nie en dit verteenwoordig in elk geval nie 'n groot persentasie van hulle omset nie.

2. METODIEK VAN DIE ONDERSOEK. 'n Vraelys (aanhangsel A) is opgestel wat as agtergrond tot hierdie studie dien en wat 'n aantal vrae ten opsigte van elke wet bevat asook 'n finansiële opsomming vir elke onderneming. Die vrae is sodanig geformuleer dat dit hoofsaaklik aan twee vereistes voldoen, naamlik eerstens die versameling van die menings van die ondernemings oor verskillende bepalings van die verskillende wette en tweedens die versameling van finansiële besonderhede wat insluit werklike koste wat aangegaan is ten einde te voldoen aan die bepalings van die verskillende wette en waar werklike koste nie beskikbaar is nie, dan wel noukeurige skattings daarvan.

In die versameling van die benodigde gegewens het dit spoedig geblyk dat die gewenste resultate nie verkry sou word deur die vraelys aan die betrokke ondernemings te stuur of te lewer om deur hulle ingevul te word nie. Die enigste alternatief was dus om 'n

bestelling met elk van die betrokke ondernemings te maak en om persoonlik die vraelyste te gaan invul. Hierdie metode is dus gevolg en dit is gevind dat 'n aansienlike tyd in beslag geneem word om 'n vraelys behoorlik te voltooi met al die menings van die persone met wie die bespreking gevoer word, asook met die invul van die verskillende finansiële gegewens en die raming van daardie gegewens wat nie in die boeke of state van die onderneming voorkom nie op so 'n wyse dat dit as billik beskou kan word. Die gegewens is dan verwerk en verder oorweeg en daar moes in verskeie gevalle weer na sekere ondernemings teruggegaan word om abnormale faktore wat met die eerste besoek nie aan die lig gekom het nie, te ontrefel. Dit is dus duidelik dat hierdie gegewens slegs deur 'n persoonlike besoek versamel kon word en dat enige ander metode nie die gewenste resultate sou oplewer nie.

Soos reeds aangedui, is 'n hele aantal ondernemings ook besoek wat baie gewilliglik hulle menings oor verskeie aspekte van die wette gegee het, maar wanneer dit by die ontleding van hulle ondernemings se finansiële state kom, was hulle nie bereid om openhartig te wees en om al die inligting wat benodig word, te verstrek nie. Die gegewens van hierdie ondernemings is gevolglik geheel-en-al buite rekening

gelaat aangesien gedeeltelike besonderhede uiters verwarrend kan wees.

3. UITSLAG VAN DIE ONDERSOEK.

a) PERSONE WAT VIR DIE BEANTWOORDING VERANTWOORDELIK WAS. 'n Ontleding van die posisies van die persone met wie die besprekings gevoer is soos in die voorafgaande paragrawe uiteengesit is, is soos volg:

<u>Posisie</u>	<u>Aantal</u>
Besturende Direkteur (Eienaar/Mede-eienaar)	25
Bestuurder	1
Eienaar/Mede-eienaar	<u>7</u>
	<u>33</u>

Die 25 wat besturende direkteure van hulle ondernemings is, is in werklikheid ook die eienaar, hoof-eienaar of mede-eienaar van die betrokke maatskappye. Slegs in die geval van een maatskappy is die aandeelhouders nie direk gemoeid met die administrasie van die maatskappy nie en is die besprekings gevolglik met die bestuurder van die onderneming gevoer. Die ondernemings wat as vennootskappe of eenmansake geklassifiseer is, het natuurlik nie direkteure nie en in al sewe hierdie gevalle is die besprekings met die alleeneienaar of een van die eienaars van die betrokke ondernemings gevoer.

Uit die voorafgaande kan dus aanvaar word dat die besprekings in elke geval met verantwoordelike persone gevoer is aangesien die persone met wie onderhandel is, die eienaars of bestuurders van hulle betrokke ondernemings is. Daar kan derhalwe ook aanvaar word dat die resultate wat sodoende versamel is, redelik betroubaar is, aangesien die persone hulle ondernemings ken.

b) GROOTTE-ONTLEDING VAN DIE DRIE GROEPE. Soos reeds gemeld, is die omsette van die ondernemings wat ondersoek is almal tussen ongeveer R40,000 en R400,000 per jaar terwyl die aantal werknemers in diens met enkele uitsonderings nie meer as 40 is nie. Hierdie algemene uiteensetting kan nou verder ontloed word.

In tabel 2 word die grootte van die drie hoofgroepe volgens omset gegoe. Dit is duidelik uit hierdie tabel dat 43% van die ondersoekte ondernemings se jaarlikse omset onder R100,000 was en dat ruim 60% se omset onder R150,000 per jaar beloop het. Slegs 9% het 'n omset van meer as R300,000 per jaar gehad. Daarbenewens blyk dit ook dat die verspreiding oor die sowe groottegroepe in die geval van die 9 ondernemings wat varsprodukte hanteer heelwat meer eweredig is as wat dit die geval met die algemene handelaars en die nywerheidsondernemings is. In hierdie twee

TABEL 2.

OMSETONTLEDING VAN AL DIE ONDERSOEKTE ONDERNEMINGS.

<u>Groep</u>	<u>Omset per jaar</u>	<u>Aantal Handelaars in Varspro-dukte</u>	<u>Aantal Algeme-Handelaars</u>	<u>Aantal Nywerheids-Ondernemings</u>	<u>Totaal</u>	<u>Person-tasie van Totaal</u>
1	R 40,000-100,000	3	4	7	14	43
2	100,001-150,000		4	2	6	18
3	150,001-200,000	1	2	1	4	12
4	200,001-250,000	3	2		5	15
5	250,001-300,000			1	1	3
6	300,001-350,000	2			2	6
7	Oor 350,001	-	-	<u>1</u>	<u>1</u>	<u>3</u>
		<u>9</u>	<u>12</u>	<u>12</u>	<u>33</u>	<u>100</u>

Bron: Eie waarneming. Alle verdere tabelle sonder 'n voetnoot in hierdie studie is ook die skrywer se eie waarneming.

gevalle is die grootste persentasie van ondersoekte ondernemings in die laer omsetgroepe.

As nou die aantal werknemers van die verskillende ondernemings ontleed word, word die toestand verkry soos in tabel 3 uiteengesit en waarvolgens daar al

TABEL 3.

ONTLEDING VAN AANTAL WERKNEMERS VAN DIE ONDER-
SOEKTE ONDERNEMINGS.

Groep	Aantal Werk- nemers	Aantal hande- laars in varspro- dukto	Aantal Alge- mene Hande- laars	Aantal Nywer- heids Onder- ne- mings	Totaal	Person- tasie van Totaal
1	0-3		2		2	6
2	4-7	2	3		5	15
3	8-11		2	5	7	21
4	12-19	3	4	3	10	31
5	20-29	2	1	1	4	12
6	30-39	2		1	3	9
7	Oor 40	—	—	<u>2</u>	<u>2</u>	<u>6</u>
		<u>9</u>	<u>12</u>	<u>12</u>	<u>33</u>	<u>100</u>

dadelik gemerk word dat die verspreiding van die vars-
produktehandelaars oor die sewe groepe ook, nes in
die vorige ontleding, meer eweredig is as wat die ge-
val met die algemene handelaars en nywerheidsonder-
nemings is. In die geval van die algemene handelaars
is 50% van die ondernemings in groepe 3 en 4, dit wil
sê met 'n werknomertal van tussen 8 en 19 terwyl in
die geval van die nywerheidsondernemings die grootste
persentasie naamlik 66% ook in hierdie groepe val.

As tabelle 2 en 3 gesamentlik bestudeer word, is dit ook opmerklik dat daar blykbaar nie 'n groot verwantskap tussen die twee metodes van grootte-ontleding bestaan nie, byvoorbeeld al die ondernemings met 'n omset van tussen R100,000 en R150,000 sal nie noodwendig almal tussen 4 en 7 of net tussen 8 en 11 werknemers in diens hê nie. Een rede hiervoor is natuurlik dat die samestelling van die verkope van die verskillende ondernemings nie dieselfde is nie. Ondernemings A en B verkoop byvoorbeeld albei kruideniersware en hardware, maar onderneming A se totale verkope bestaan uit 30% kruideniersware en 70% hardware en onderneming B se totale verkope uit 60% kruideniersware en 40% hardware. Aangesien die aantal werknemers per eenheid van verkope van kruideniersware nie dieselfde is as die van hardware nie, sal die aantal werknemers wat dus deur A en B in diens geneem is nie dieselfde wees nie, al is die totale omset ook dieselfde. En selfs al verkoop ondernemings C en D presies dieselfde produk, byvoorbeeld melkprodukte, sal hulle aantal werknemers ook nie noodwendig dieselfde wees nie aangesien die administrasie en beheer van die twee ondernemings na alle waarskynlikheid nie presies ewe doeltreffend sal wees nie. In die ondernemings wat ondersoek is, is dit dan in werklikheid ook die geval dat die een onderneming

weens swakker bestuur meer werknemers in diens het met gevolglik hoër bokoste of direkte arbeid en dus 'n kleiner wins as resultaat. Hierdie foite het gevolglik 'n aansienlike invloed en is dus in aanmerking geneem by die bepalings van 'n gowig vir elke onderneming vir die berekenings wat in hoofstukke 5 tot 7 gebruik is.

HOOFTUK 2.OORSIG VAN EN REAKSIE OP ALGEMENE WETGEWING.1. INLEIDING:

In hierdie hoofstuk word die belangrikste bepalings van die vyf wette wat as Algemene wette ingedeel is, behandel asook die menings van die ondernemings op wie hierdie wette van toepassing is. Hierdie wette is die Ongevallewet, die Werkloosheidversekeringswet, die Wet op Statistieke, die Inkomstebelastingwet en Bantowetgewing. Al hierdie wette is op al 33 die ondersoekte ondernemings van toepassing alhoewel daar enkele is wat om een of ander rede nie hulle bydraes ten opsigte van die een of ander van die wette maak nie.

2. a) DIE ONGEVALLEWET (Wet No.30 van 1941, soos gewysig)i) BEPALINGS VAN DIE ONGEVALLEWET.

Die doel van hierdie wet is om voorsiening te maak vir die betaling van vergoeding aan 'n werksman of sy afhanklikes wat as gevolg van 'n ongeluk, wat in die loop van en uit sy diens ontstaan, ongeskik raak om met sy werksaamhede voort te gaan. Die vergoeding is betaalbaar ten opsigte van tydelike arbeidsongeskiktheid, permanente arbeidsongeskiktheid en dood.

Werkgewers word gedefinieër as alle persone wat sake doen, insluitende professionele persone, klubs ens., en wat werknemers in hulle diens het, en sluit ook die Staat in.

Binne 14 dae nadat 'n werkgewer met besigheid 'n aanvang geneem het, moet hy by die Ongevallekommissaris, wat die Ongevallefonds kragtens die bepalings van die wet bestuur, registreer. In hoofsaak is daar twee registrasievorms, nl. een vir werkgewers wat landbou beoefen en een vir alle ander werkgewers. Tot 31 Desember 1964 was slegs landbouwerkers wat met masjinerie werk onderhewig aan verpligte versekering maar vanaf 1 Januarie 1965 word alle plaaswerkers, (uitgesonderd huisbediendes), as „werksmense" beskou en moet derhalwe kragtens die Ongevallewet geregistreer word.

Werkgewers word in altesaam 23 klasse (elk met 'n aantal byklasse) verdeel wat in drie hoofgroepe saamgevat word, nl.:-

- a) Primêre Nywerhede (bv. Landbou, Visserye, Mynwese en Bouwerk).
- b) Sekondêre Nywerhede (bv. Voedsel, Drank, Tekstiele, Houtnywerheid, Yster en Staal, ens.) en
- c) Dienste (bv. Handel, Bankwese, Professionele dienste, Opvoedkundige dienste, ens.)

'n „Werksman" beteken enige persoon, manlik of vroulik, met uitsondering van diegene wat hieronder genoem word, wat met 'n werkgewer 'n dienskontrak aangegaan het en besoldig word in kontant of in natura en sluit onder andere ook werkende direkteure, bestuurders, klerke, tiksters, skoonmakers van woonstelle ens. in. Die verhouding van „heer en kneg" moet altyd bestaan tussen werkgewer en werknemer. Die uitsonderings waarna hierbo verwys is, sluit onder andere die volgende in;-

- a) Persone wie se verdienste meer as R3,120.00 per jaar is (R260.00 per maand of R60 per week);
- b) Huisbediendes in privaat woonhuise of losieshuise waar nie meer as vyf sodanige bediendes in diens is nie;
- c) persone wat by geleentheid en nie vir die doel van die werkgewer se besigheid in diens geneem word nie; en
- d) seeliede en vlieëniërs wat as beloning 'n gedeelte van die ontvangste ontvang.

Elke werkgewer moet elke jaar voor 31 Januarie 'n loonstaat invul en aan die Ongevallekommissaris stuur. Die loonstaat bevat o.a. die volgende besonderhede:-

- a) Naam, adres, takke, eienaarskap en aard van besigheid;
- b) Maandelikse gemiddelde aantal werksmense wat gedurende die jaar in diens was; en

c) Lone vir die vorige kalender jaar, kontant en kontant-waarde van voedsel en vry huisvesting moet apart aangetoon word en blankes, asiate en kleurlinge moet afsonderlik van bantoes aangegee word.

Aanslae word nie op daardie deel van 'n werksman se loon gehef wat meer as R1,440.00 per jaar is nie. (R120 per maand of R28 per week.) Dit beteken dat 'n aanslag ten opsigte van 'n werksman wat tussen R1440 en R3120 per jaar verdien bereken word op die basis van R1440 per jaar en die vorm moet gevolglik ook so ingevul word.

Lone sluit alle kontant en/of in natura vergoedings in, bv. huisvesting ens. In die geval van 'n nie-blanke werksman wat vry voedsel en huisvesting ontvang, moet voedsel teen minstens R3 per werksman per maand en vry huisvesting ook teen minstens R3 per werksman per maand bereken word. Nadat die Ongevallekommissaris 'n loonstaat ontvang het, word dit nagegaan en sover moontlik gekontroleer, ook met die vorige jaar se staat. Die aanslag word daarna uitgereik en is binne dertig dae betaalbaar. Indien 'n aanslag nie betyds in geheel of gedeeltelik betaal word nie, word rente teen 5 persent per jaar gehef op die onbetaalde bedrag.

Die tariewe waarteen aanslae bereken word, verskil van

bedryf tot bedryf. Vir dié doel word werkgewende ondernemings in altesaam 116 byklasse verdeel. Die volgende is ter verduideliking net 'n paar soorte klasse met hulle tarief per R100 lone soos dit vir 1965 van toepassing is:-

<u>Byklas</u>	<u>Omskrywing</u>	<u>Tarief</u>
0111	Veeboerdery met een of meer trekkers of kragaangedrewe masjinerie	R1.00
0112	Veeboerdery sonder trekkers of kragaangedrewe masjinerie	.75
0410	Steenkoolmynbedryf en myne wat gesertifiseer is as myne met vuurbrandgas	4.20
0460	Bewerking van soutpanne	.80
0500	Alle bouwerk insluitende elektriese kontrakteurs	2.50
0502	Die graaf van tunnels, rotsboordery, en/of werk waarby springstowwe gebruik word	7.50
0505	Waterboordery en enige boorwerkzaamhede nie elders vermeld	6.50
0532	Werkzaamhede in verband met staalversterkings	1.50
0600	Die vleishandel	1.20
0601	Melkerye, melkdepots, botterfabrieke ens.	1.10
0801	Houtsaery as 'n aparte besigheid insluitende houtwerkmasjienwerkzaamhede	5.00
1340	Vervaardiging van metaalpipe, metaalmeubels, plaatysterprodukte ens.....	1.50
1520	Die besigheid van groot- en kleinhandelaars in klere en draperie, mansuiterusters ens.	.25
1550	Algemene kleinhandelaars	.35
1600	Die besigheid van bankier, versekerings-, finansiële-, beleggings- of trustmaatskappy ens.	.10

Dit blyk dus dat die tarief wat van toepassing is saamhang met die ongeluksrisiko wat aan die verskillende soorte ondernemings verbonde is. Hoe groter die risiko, bv. waar springstowwe gebruik word, hoe hoër die tarief. Die tariewe wissel in werklikheid tussen

10c en R7.50 per R100 lone.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat lone verdeel moet word waar die lone in 'n onderneming aan twee of meer werksaamhede bestee word wat verskillende aanslag-tariewe het. 'n Onderneming het byvoorbeeld 'n handelaarsbesigheid maar onderneem ook bouwerk. Die tarief op eersgenoemde is 35c en dié op die bouwerk R2.50 per R100 lone en by die voltooiing van die loonstaat moet die lone derhalwe tussen die twee bedrywe verdeel word.

Volgens Art. 69(7) van die wet mag die Kommissaris 'n werkgewer wat versuim om 'n loonstaat in te dien op 'n beraming aanslaan en daar word voorsiening in die wet gemaak vir hersiening indien hierdie beraming te hoog is. Daarbenewens kan die Kommissaris 'n werkgewer wat sy lone in die loonstaat laer aangee as wat dit werklik is, 'n boete van hoogstens 10 persent oplê van die verskil tussen die juiste bedrag lone en die bedrag lone wat verstrekk is.

Wanneer 'n ongeval ontstaan, word die vorms wat vir die doel beskikbaar gestel word tesame met die mediese verslae ingedien. Hierdie dokumente wat volledige besonderhede van die ongeval moet bevat, word dan deur die Ongevallekommissaris ondersoek en indien goedgekeur teen die betrokke klas onderneming in verrekening gebring.

Elke klas dra dus sy eie koste. Aangesien die doel van die Fonds nie is om wins te maak nie, word daar van tyd tot tyd aan werkgewers merietekortings toegestaan wat afhang van koste van eise as persentasie van die aanslae. Hoe hoër die eise, hoe laer die persentasie korting wat toegestaan word.

Hierdie wet vereis dus in hoofsaak van werkgewers die indiening van 'n loonstaat, die betaling van die aanslag wat gehef word en die rapportering en indiening van 'n eis wanneer 'n ongeval plaasvind. Die voltooiing van die loonstaat verg dikwels heelwat tyd veral waar verdeling van lone tussen verskillende klasse moet geskied.

ii) REAKSIE VAN DIE ONDERNEMINGS OP DIE ONGEVALLEWET

Soos uit die omskrywing van 'n „werkgewer“ afgelei kan word, is alle sakeondernemings verplig om by die Ongevallekommissaris te registreer en om elke jaar hulle aanslag te betaal. Uit die ondersoek het dit egter geblyk dat daar wel gevalle voorkom waar ondernemings waarskynlik weens gebrek aan kennis, nie geregistreer is nie en derhalwe nie aanslae ontvang om te betaal nie. Hierdie ondernemings is derhalwe ook nie in staat om 'n mening oor die wet uit te spreek nie. Die oorgrote meerderheid is egter geregistreer.

Wat die individuele menings oor die verskillende bepalinge van die wet betref, het ll gevoel dat dit 'n goeie wet is en dat die tariewe billik is. Dit is in alle geval 'n vorm van versekering wat noodsaaklik is en indien dit nie by die Ongevallekommissaris betaal word nie, kan dit in sekere gevalle ook by sekere versekeringsmaatskappye geplaas word in welke geval daar later geen moontlike merietekorting kan wees nie. Hierdie ondernemings wat, met een uitsondering, almal varsprodukte- en algemene handelaars is, dra natuurlik teen verskillende tariewe by wat in hulle gevalle wissel tussen 25c en R1.20 per R100 lone. Dit is redelik laag. Slegs een van hierdie elf val in die vervaardigingsgroep en dra by teen R2.50 per R100. Wat egter interessant is, is dat nie 'n enkele een van hierdie ondernemings al ooit 'n eis ingestel het nie aangesien die aard van hulle ondernemings, behalwe die vervaardigingsonderneming, hul reeds nie tot ongelukke leen nie.

Van die oorblywende ondernemings het ses gesê dat die Ongevallewet seker sy voordele het, maar dat die formaliteite wat gevolg moet word by die instelling van eise dit in werklikheid heeltemal onsinnig maak om die kleiner eise in te stel. Tensy 'n werknemer 'n ernstige ongeval opgedoen het en dood is of maande lank buite aksie is, betaal hierdie ondernemings liewers self die koste wat

aan eise verbonde is aangesien al die verklarings, vorms, mediese verslae en dergelike formaliteite wat dikwels tot geen finaliteit gebring kan word nie, dit nie die moeite werd maak om 'n eis van sê R30 of R50 in te stel nie.

Hierdie ondernemings verteenwoordig al drie die groepe. Nog twee ander ondernemings stem ook met die bogenoemde saam alhoewel hulle gewoonlik eise instel, maar hulle wys ook daarop dat dit soms aansienlik lank neem en baie beslommernis en moeite verg om 'n eis afgehandel te kry.

Slegs een onderneming voel dat die tarief te hoog is en verminder behoort te word. Van die ander is daar 'n viertal wat van mening is dat die wet geen doel dien nie. Een van hierdie vier het nog nooit vir die afgelope 15 jaar 'n eis ingestel nie en het ook nog nooit enige merietekorting ontvang nie. Die ander drie is min of meer in dieselfde posisie alhoewel hulle vir tydperke van tussen vier en nege jaar bestaan.

Ondernemings wat heelwat werknemers in diens het wat gemeed is met aktiwiteite waarvan die aanslagtariewe nie dieselfde is nie, ondervind blykbaar heelwat probleme met die voltooiing van die loonstaat wat elke jaar voor 31 Januarie ingedien moet word. Daar is by die bespreking van die bepalings van die wet opgemerk dat die werkgewer in sy loonstaat 'n verdeling moet maak waar 'n werknemer

verskillende soorte werk doen, maar nou is dit in die praktyk so dat die werkgewer se rekords nie altyd die verlangde inligting maklik beskikbaar het nie. Vier ondernemings het oor hierdie aangeleentheid heelwat gekla. Die probleem kom blykbaar nie voor by die heel klein onderneming met slegs 'n paar werknemers nie, hy kan gewoonlik onthou wat hulle doen, ook nie by die groot onderneming nie aangesien die omvang van sy werk sodanig is dat 'n werknemer slegs een soort werk doen of andersins is sy stelsel sodanig dat daar 'n behoorlike tydrekord en kostestelsel in werking is wat die benodigde inligting maklik beskikbaar kan stel. Die probleem lê by die onderneming van middelmatige grootte wat ten regte of ten onregte nie 'n behoorlike en praktiese stelsel het of kan hê sodat sy loontoedeling maklik kan geskied nie. Dit help immers nie om 'n stelsel in sommige gevalle in te stel waarvan, as gevolg van die grootte van die onderneming, die administratiewe koste nie die voordele regverdig nie.

Opsommenderwys blyk dit nou dat sowat 'n derde van die ondernemings in alle opsigte tevrede is met die Ongevallewet soos dit tans is, sowat 12% vind die wet in alle opsigte onnodig en die oorblywende 55% het heelwat kritiek teen spesifieke bepalinge van hierdie wet.

b) DIE WERKLOOSHEIDVERSEKERINGSWET (Wet No. 53 van 1946,
soos gewysig)

i) BEPALINGS VAN DIE WERKLOOSHEIDVERSEKERINGSWET

Die hoofdoel van die Werkloosheidversekeringswet is om 'n Fonds daar te stel waaruit bydraende werknemers 'n bepaalde vergoeding kan ontvang by verlies van verdienste voortspruitende uit werkloosheid as gevolg van diensbeëindiging, siekte of swangerskap by vroue en vir sekere betalings aan die afhanklikes van oorlede bydraers.

Beide werkgewers en werknemers dra teen 'n vasgestelde skaal tot die Fonds by, maar dis net die laasgenoemde groep wat enige voordeel uit die Fonds kan verkry. 'n Groot deel van hierdie wet word gewy aan die uitvoering van die wet, die verskillende voordele wat die wet bied en op welke wyse 'n bydraer wat kwalifiseer om voordele te kry, te werk moet gaan. Aangesien hierdie aangeleenthede nie die werkgewer in wese raak nie, sal, soos ook in die geval van die ander wette, slegs daardie aspekte nagegaan word waarby die werkgewer die meeste belang het en wat van hom 'n bydrae verg.

'n Werkgewer word in Artikel 3 van die wet omskryf as 'n persoon wat 'n bydraer in diens het en ook die Staat en iemand wat die besigheid van 'n werkgewer beheer. 'n „Bydraer" is weer volgens artikel 2 van die wet alle persone, ongeag die ras, wat vir 'n werkgewer onder 'n diens-

of vakleerlingskapkontrak, hetsy uitdruklik of stilswyend, werk, behalwe onder andere die volgende:-

- a) Persone wie se verdienste meer as R2,860 per jaar is (voor 7 Julie 1965 was dit R2,500 per jaar);
- b) die eggenoot of eggenote van 'n werkgewer wat by daardie werkgewer in diens is;
- c) bediendes in privaat huishouding;
- d) persone wat die Republiek binnekom onder dienskontrak en na verstryking van die dienskontrak die land weer verlaat;
- e) persone in diens in landbou, uitgesonderd persone in diens in bosbou;
- f) staatsdiensbeamptes en persone in die vaste diens van die S.A. Spoorweë en Hawens Administrasie;
- g) seisoenwerkers en persone wat by geleentheid en nie vir die doel van die werkgewer se besigheid in diens geneem word nie; en
- h) Bantoes wie se verdienste onder R546 per jaar is.

Dit word van werkgewers verwag om toe te sien dat elke bydraer in hulle diens 'n bydraersverslagkaart het (Vorm U.F. 74). Dit is 'n kaart wat besonderhede van die bydraer se dienste by al sy vorige werkgewers sedert 1 Januarie 1950 bevat. Indien 'n bydraer in diens geneem word wat om een of ander rede nie 'n bydraersverslagkaart besit nie, is dit die werkgewer se plig om die Werkloosheidsversekeringskommissaris hiervan in kennis te stel, met verstrekking van die nodige besonderhede sodat 'n verslagkaart aan die betrokke werknemer of bydraer uitgereik kan word. Hierdie besonderhede word op 'n vorm U.F. 85 verstrek. Van die werkgewer word verder

ook nog verwag om, behalwe vir die bewaring van die verslagkaarte van die werknemers in sy diens, ook nog 'n rekord te hou van die naam van elke bydraer, die datum waarop hy die kaart van die bydraer of van die Werkloosheidsversekeringskommissaris ontvang het, die datum waarop en aan wie dit oorhandig is.

Die verdienstes van werknemers word in twaalf groepe verdeel, elke groep met 'n verskillende bedrag wat aan die Fonds betaalbaar is. Verdienste sluit vir hierdie doel nie alleen kontantbetalings in nie, maar ook in natura ontvangstes. Die waarde van voedsel en/of huisvesting waar dit deur die werkgewer aan die werknemer verskaf word, word ook bereken volgens die groepklas waarin die werknemer is. Hoe groter die inkomste van die werknemer, hoe groter is die waarde van die voedsel en huisvesting wat by sy kontantverdiensle getel moet word in die berekening van die bedrag wat aan die Fonds betaalbaar is.

Op die huidige stadium is die skaal volgens Tabel 4 op werkgewers en werknemers van toepassing. Uit daardie tabel is dit duidelik dat die werkgewer se salaris en loonrekords sodanig aangelê moet wees dat hy kan voldoen aan die vereistes van die wet. Enige werkgewer met 'n redelike aantal werknemers vind gewoonlik in die praktyk dat hy werknemers het wat in verskillende verdienste-

TABEL 4

WEEKLIKSE BYDRAES DEUR WERKGEWER EN WERKNEMER TOT
DIE WERKLOOSHEIDVERSEKERINGSFONDS

Groep	Groep volgens Jaarlikse Verdienste		Weeklikse bedrag betaalbaar Deur die werk- gewer ten opsig- te van elke by- draer in diens.		Deur elke bydraer
	meer as	Tot en met	C	C	
	R	R			
I	-	234	1		1
II	234	390	2		2
III	390	546	3		3
IV	546	702	4		4
V	702	858	5		5
VI	858	1014	6		6
VII	1014	1170	7		7
VIII	1170	1326	8		8
IX	1326	1482	8		9
X	1482	1638	8		10
XI	1638	1794	8		11
XII	1794	2860	8		12

groepe val, heel dikwels in feitlik al die groepe. Die Departement van Arbeid verskaf maandeliks die nodige vorms aan die geregistreerde werkgewers wat elke maand ingevul moet word en voor die 10de van die volgende maand tesame met die bedrag verskuldig aan die Fonds gestuur moet word.

Uit die voorafgaande blyk dit nou dat elke werkgewer by die Werkloosheidversekeringsfonds moet registreer en dat daar dan sekere verpligtings op hom gelê word wat nagekom moet word, verpligtings nie alleen sover dit 'n min of meer gelyke bydrae as die bydraes van die werknemers

moet lewer nie, maar ook daarin dat dit sekere bestuurs- funksies moet uitvoer.

ii) REAKSIE VAN DIE ONDERNEMINGS OP DIE WERKLOOSHEIDVER-
SEKERINGSWET.

Afgesien daarvan dat die tariewe waarteen bydraer en werk- gewer onder hierdie wet bydraes moet maak, relatief ge- sproke nie hoog is nie, en werkgewers oor die jare heen al gewoond geword het aan die betalings wat kragtens hierdie wet moet geskied, is daar oor die algemeen baie en skerp kritiek teen die oorbetalings aan en voordele wat uit die Werkloosheidversekeringsfonds verkry kan word.

Van die drie-en-dertig werkgewers wat in hierdie verband genader is, het slegs 4 gesê dat die werkloosheidverseke- ringswet 'n goeie wet is, behalwe vir die koste wat dit meebring. Die segsman van een van die vier ondernemings voel dat die armes van die volk gehelp behoort te word deur die ander wat in staat is om te werk. 'n Vyfde werk- gewer betaal elke maand sy bydraes tot die Fonds, maar is nie by magte om 'n mening te gee nie aangesien hy blykbaar nie weet presies waarom dit gaan nie. Dan is daar ook een werkgewer wat, heeltemal tereg, nog nie tot die Fonds bygedra het nie en gevolglik nie juis geneë gevoel het om 'n mening te gee nie.

Feitlik al die werkgewers wys daarop dat hierdie wet hoof-

saaklik die getroude vrou bevoordeel, en volgens vyf van hulle is dit die enigste voordeel wat hierdie wet iemand bied. Hierdie voordeel word natuurlik deur die werknemer geniet, gewoonlik nadat sy bedank het, en 'n baie klein persentasie van hulle meld hulle weer op 'n latere stadium by dieselfde werkgewer vir diens aan. Vir sy bydrae ontvang die werkgewer dus geen voordeel nie.

'n Sestal van die werkgewers neem egter 'n heeltemal ernstiger houding in hierdie verband in. Hulle wys daarop dat daar as gevolg van hierdie wet reeds 'n aansienlike Fonds opgebou is en dat 'n groot persentasie van hierdie Fonds bydraes is van werknemers (afgesien van bydraes van werkgewers) wat nog nooit enige voordeel hieruit getrek het nie en waarskynlik weens die redelik gesonde ekonomiese toestande en vooruitsigte in Suid-Afrika ook nie in die toekoms enige voordeel uit die Fonds sal ontvang nie. Hierdie werkgewers voel dat die bydraes tot die Fonds tydelik gestaak moet word of as alternatief dat die tariewe verminder moet word. Gevoel word dat deur so 'n stap, sal beide die werknemer en die werkgewer voel dat ook hulle behoeftes in aanmerking geneem word en dat daar nie maar net van maand tot maand voortgegaan word om die bates van die Fonds uit die sakke van die werkgewer en werknemer te versterk nie.

Benewens die bogenoemde, het 'n hele paar werkgewers ook die mening uitgespreek dat as bydraes tot die Fonds op byvoorbeeld 'n kwartaallikse basis geskied, dit nie alleen 'n besparing in werksaamhede vir die werkgewer sal meebring nie, maar waarskynlik ook vir die personeel van die Werkloosheidversekeringskommissaris wat onder huidige omstandighede maandeliks onder andere 'n groot aantal klein transaksies moet hanteer. Baie werkgewers met een of twee werknemers moet elke maand 'n baie geringe bedrag oorbetal wat net so goed met groter tussenposes as een maand kon geskied het.

Van die oorblywende ondernemings neem elf 'n uiters kritiese houding in. Hulle kommentaar wissel van enigiets soos dat die wet lankal afgeskaf moes gewees het tot 'n beskrywing daarvan as onsinnig. Die algemene mening van hierdie groep is dat die wet net veroorsaak dat sekere werknemers en werkgewers net skelmer, luier of gemakliker word. Een van die persone het beweer dat dit tragies is dat die eerlike werksman moet betaal vir die oneerlike wat heeltemal in staat is om te kan werk, en ook werk kan kry, maar wat nie wil werk nie omdat hy soms sukses behaal deur op 'n oneerlike manier geld uit die Werkloosheidversekeringsfonds te kry. Die algemene gevoel is dat daar heelwat tekortkomings in die Werkloosheidversekeringswet is wat deur sekere werknemers uitgebuit word

en dat n groot aantal van hulle net vir n tydjie werk en dan weer n eis gaan instel, met sukses soms, en gevolglik weer vir n tyd „werkloos" is. Die gevolg hiervan is dus dat die luiaard luier en die skelm skelmer word. Een segsman beweer dat hierdie wet beter in n sosialistiese as in n kapitalistiese stelsel behoort in te pas. Dit demp die inisiatief van n aansienlike persentasie van die werknemers aangesien hulle bewus daarvan is dat as hulle nie werk, hulle tog kan gaan eis teen die Fonds. As die beheer beter toegepas word, sal die laksheid nie voorkom wat nou so dikwels onder n sekere, in werklikheid onbeskaamde, seksie van die bevolking te bespeur is nie. En veral met die oog op die huidige tekort aan arbeidskragte in Suid-Afrika kan dit nie bekostig word om lakse werknemers te help en sodoende energie te verspil nie. Feitlik al hierdie werkgewers weet dan ook van een of ander werklike ongerymdheid wat plaasgevind het. Een geval word genoem van n dame wat n rol materiaal in n winkel opgetel het. Sy het toe voorgegee dat sy beseer is terwyl sy aan diens was. Die gevolg was dat die betrokke werkgewer n aansienlike lêer met korrespondensie opgebou het. Baie tyd van die werkgewer is bestee in die hantering van hierdie geval en die betrokke werknemer het uiteindelik groot bedrae van die Werkloosheidsversekeringsfonds ontvang. Eindelik is dit toe vasgestel dat

die betrokke werknemer, wat nie lank in die diens van die betrokke werkgewer was nie, in werklikheid aan 'n kwaal gely het wat haar nie ongeskik maak om te werk nie en dat sy hoegenaamd nie in diens van die werkgewer be-seer is nie. Die werkgewer moes egter die spit afbyt deur al die korrespondensie te behartig. 'n Ander geval is ook genoem van 'n sekere kontrakteur wat, weens 'n toekort aan fondse, met sekere van sy werknemers gereël het dat hy hulle op sekere tye „afbetaal“. Hulle hou egter aan met werk, maar stel eise teen die Werkloosheidversekeringsfonds in. 'n Hele paar bedrae, wat dan tussen werkgewer en werknemer verdeel is, is glo uitbetaal voordat die knoeriery aan die lig gekom het.

Samevattend is dit nou duidelik dat van die 33 ondernemings wat ondersoek is, minder as 20% tevrede is met die toestand en dat meer as 80% voel dat hierdie wet reeds sy doel gedien het en dat iets gedoen behoort te word om die toestand te verander. 'n Groot deel van hierdie 80% het ernstige bedenkinge oor die voortgesette wenslikheid van die Werkloosheidversekeringswet.

c) DIE WET OP STATISTIEKE (Wet No. 73 van 1957, soos gewysig)

i) BEPALINGS VAN DIE WET OP STATISTIEKE

Die Wet op Statistieke van 1957 vervang die Statistieke Wet 1914 (no. 38 van 1914) en die Statistiek Wijzigingswet

1919 (No. 5 van 1919) en bepaal kragtens artikel 2 dat statistieke versamel kan word oor n hele aantal aangeleentehede. Dit sluit onder andere in statistieke oor bevolking, nywerheidsaangeleentehede, loonskale, plaaslike bestuur, werkgewing en werkloosheid, in- en uitvoer, fabrieke, myne en produktiewe nywerhede in die algemeen, nywerhede in verband met landbou en tuinbou en enige ander aangeleentheid wat deur die minister by wyse van n kennisgewing in die Staatskoerant voorgeskryf kan word. Daar word natuurlik na die Minister van Beplanning verwys. Die inligting moet versamel word deur n amptenaar in die Staatsdiens wat die Minister by wyse van n kennisgewing in die Staatskoerant aanwys.

Die wet maak ook voorsiening (Art.3) vir die instelling van n Statistiese Raad waarvan die Direkteur van Statistiek die voorsitter is en die assistent-direkteur die vise-voorsitter. Die res van die Raad bestaan uit tussen 6 en 10 lede wat deur die Staatspresident aangestel word. Hierdie Raad moet die Minister met advies rakende statistiese aangeleentehede bedien en moet minstens eenkeer per jaar vergader. n Verslag van die werksaamhede van die Raad moet jaarliks saamgestel en aan die Minister gestuur word wat dit dan in die Parlement ter tafel lê.

Kragtens artikels 5 en 7 word elke persoon verplig om inligting te verstrek wat van hom verlang word deur 'n amptenaar aangestel kragtens hierdie wet of op 'n vorm wat kragtens die wet saamgestel is. Die inligting moet op die vorm ingevul word ooreenkomstig die voorskrifte wat in die betrokke vorm vervat is. Magtiging word ook verleen dat 'n amptenaar wat daartoe gemagtig is enige perseel mag binnegaan te eniger tyd gedurende werksure nadat redelik kennis aan die einaar of persoon in beheer gegee is en hy kan alles inspekteer en sodanige navrae doen as wat deur die wet voorgeskryf en toegelaat word. Enige persoon wat so 'n amptenaar verhinder of doelbewus vertraag in die uitvoering van sy pligte kan by skuldigbevinding met R20 beboet word. Die versamelde gegewens moet deur die Direkteur van Statistiek en sy personeel getabelleer word. Hierdie statistieke of samevattinge daarvan moet dan gepubliseer word.

Boetes word opgelê vir die verstrekking van vals inligting. Kragtens art. 10 is enigiemand wat vals antwoorde verstrek op enige vraag wat kragtens die wet aan hom gestel word of 'n verklaring maak wat in enige wesentlike opsig vals is, wetende dat dit vals is, aan 'n misdryf skuldig en is by veroordeling strafbaar met 'n boete van hoogstens R100 of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande.

Soos ook met so baie ander wette die geval is, magtig ook hierdie wet kragtens Artikel 12 die Staatspresident om regulasies uit te vaardig wat besonderhede en inligting wat verstrck moet word metbetrekking tot enige aangeleentheid ten opsigte waarvan statistieke kragtens die wet versamel nag word, asook die wyse waarop en die vorms waarin, tye waarop en plekke waar, persone deur wie en aan wie sodanige besonderhede verstrck moet word.

Dit is dus duidelik dat dit die doel van die wet is om statistieke van Suid-Afrikaanse aangeleenthede te versamel en te tabuleer, 'n aangeleentheid waar Suid-Afrika by ander lande nog ver agter staan, en dat die wet verder die nodige magtiging vir uitvoering aan die amptenare van die Buro vir Statistiek verleen.

ii) REAKSIE VAN DIE ONDERNEMINGS OP DIE WET OP STATISTIEKE

Van al die ondersoekte wette kos die Wet op Statistieke die sakeman persentueel die minste aangesien daar nie betalings aan die Direkteur van Statistiek geskied nie en die enigste koste wat aangegaan word dié is wat betrekking het op die voltooiing van die verskillende vorms en korrespondensie. Tog is daar nie een enkele geval van die 33 ondernemings wat ondersoek is wat van mening is dat hierdie wet vir hulle goed of van enige waarde is nie. Soos ook in ander gevalle is daar een onderneming wat om een

of ander rede nog nooit enige sensusvorms ontvang en ingevul het nie en drie van die ander het geen spesifieke mening oor die wet nie. Al die oorblywende ondernemings bestempel die voltooiing van hierdie vorms as tydverkwisting terwyl sommige beweër dat die resultate wat wel ingevul word in baie gevalle foutief is met die gevolg dat die samestelling van die statistieke deur die Direkteur van Statistiek dus nutteloos is. 'n Hele paar kla oor onnodige en onsinnige vrae en korrespondensie wat gevoer moet word met die kantoor van die Direkteur van Statistiek. Hierdie ondernemings sien geen voordeel in hierdie wet nie aangesien die vrygestelde statistieke eers heelwat later beskikbaar raak en dit vir hulle as ondernemings geen waarde het nie. 'n Paar van die ondernemings stel hul eie statistieke van aankope en verkope saam wat hulle vir eie interne doeleindes aanwend en selfs van die openbare maatskappye, die een waarvan die omset oor die R6,000,000 per jaar bedra, maak nie enige gebruik van gepubliseerde statistieke nie. Van die ondernemings wat onder andere in die vleishandel betrokke is, maak egter wel gebruik van statistieke wat van tyd tot tyd deur die Vleisraad beskikbaar gestel word, maar hierdie gegewens word nie ingesamel as gevolg van bepalings van die Wet op Statistieke nie. .

Behalwe dus vir die koste verbonde aan die voltooiing van die nodige vorms en moontlike korrespondensie in verband daarmee wat die klein onderneming in totaal 'n paar rand per jaar kos, is die algemene gevoel dat die insameling van die gegewens deur die Direkteur van Statistiek vir ander instansies van waarde kan wees, maar beslis nie vir die klein sakeman nie.

d) DIE VERSKILLENDE BANTOWETGEWING.

i) BEPALINGS VAN HIERDIE WETTE. Bantoeaangeleent- hede in Suid-Afrika word deur 'n hele aantal wette be- heer. Vir die doel van hierdie verhandeling is slegs dié van belang wat in mindere of meerdere mate 'n invloed op werkgewers het. In hierdie bespreking sal daar dus kortliks aandag geskenk word aan sekere as- pekte van die Bantoe (Stadsgebiede) Konsolidasiewet (No. 25 van 1945), soos gewysig, die Wet op Heffings vir Bantoe-dienste (No. 64 van 1952) en die Wet op Bantoe-arbeid (No. 67 van 1964), soos gewysig, tesame met die Regulasies wat kragtens Art. 28 van hierdie wet uitgevaardig is. Eersgenoemde wet reël in hoof- saak die verblyfstoestand van Bantoes in stedelike gebiede en die bestuur van sulke gebiede terwyl die laasgenoemde wette weer in hoofsaak die werwing, in- diensneming, huisvesting, voeding, gelde betaalbaar en gesondheidstoestand van Bantoe-werknemers bepaal.

Wat werkgewers betref, lê veral die laasgenoemde wet 'n hele aantal pligte op hulle en bepaal ook sekere gelde wat op gesette tye betaal moet word.

Werkgewers wat Bantoearbeiders in diens het, het 'n verskeidenheid pligte waaraan voldoen moet word. Die belangrikste hiervan sal nou kortliks behandel word. Waar vervolgens na die wet verwys word, word die Wet op Bantoe-arbeid (No. 67 van 1964) bedoel en waar na die Regulasies verwys word, word bedoel die Regulasies wat kragtens hierdie wet uitgevaardig is.

Werkgewer moet inligting en opgawes verstrek:- Een van die eerste pligte wat 'n werkgewer of arbeidsagent opgelê word, is om die Direkteur, Bantoe-kommisaris of Inspekteur te voorsien van al die inligting of opgawes betreffende die werwing, indiensneming of huisvesting van Bantoes. (Regulasies Hoofstuk 2, paragraaf 6)

Registrasie van dienskontrakte:- Hoofstuk V van die Regulasies handel breedvoerig oor die indiensneming en registrasie van Bantoes. Art. 6 van hierdie hoofstuk bepaal byvoorbeeld dat elke persoon wat 'n Bantoe-arbeider in diens het in 'n gebied wat nie deur die Bantoe Konsolidasiewet van 1945 gedek word nie, a) dadelik sy volle naam en adres en die datum van indiensneming in die Bantoe-arbeider se bewysboek

met ink moet aanbring en b) 'n kennisgewing invul (volgens 'n voorgeskrewe vorm wat deur die registrasie-beampte verskaf sal word) en dit binne drie dae vanaf die datum dat die naturel in diens geneem is, tesame met die maandelikse registrasiegeld wat betaalbaar is, aan die registrasiebeampte moet pos of oorhandig.

Die registrasiebeampte reik op ontvangs van hierdie kennisgewing 'n kaart uit wat deur die werkgewer gehou moet word solank die Bantoe in sy diens is.

Daarbenewens moet die werkgewer, solank die Bantoe-arbeider in sy diens is, binne sewe dae na die begin van elke kalendermaand sy naam in die bewysboek teken om die maand waarin die Bantoe nog in diens is aan te dui en die maandelikse registrasiegelde aan die registrasiebeampte pos of oorhandig.

By dood, ontslag, diensverlating of ander beëindiging van die diens van 'n Bantoe-arbeider, moet die werkgewer die beëindiging van die diens en die datum daarvan in die Bantoe se bewysboek aanteken en die registrasiebeampte binne veertien dae na die betrokke datum in kennis stel op 'n vorm soos voorgeskryf deur die wet (Par. 2 (4) van hoofstuk 6 van die Regulasies) .

Werkgewer moet kampongbestuurder aanstel:- Art. 11
 van die Wet op Bantoe-arbeid bepaal dat 'n werkgewer
 ten opsigte van elke kampong of ander plek wat vir
 huisvesting van vyftig of meer Bantoe-arbeiders ge-
 bruik word, 'n kampongbestuurder moet aanstel.

Werkgewer moet afskrifte van Kontrakte hou:- Art. 13
 van die Wet op Bantoe-arbeid bepaal dat die houer van
 'n arbeidsagentslisensie of 'n werkgewerswerflisensie
 persoonlik 'n skriftelike kontrak moet aangaan met
 elke Bantoe wat deur hom gewerf word en elke sodanige
 kontrak moet die naam van die werkgewer vermeld en
 deur 'n attesterende beampte geattesteer word in die
 Bantoe-kommissaris se gebied waarin die Bantoe gewerf
 is. 'n Arbeidsagent word in Art. 1 omskryf as

"iemand wat self of deur middel van lopers
 Bantoes vir indiensneming deur iemand anders
 binne of buite die Republiek vir werk of ar-
 beid van enige aard werf, en ook 'n werknemer
 wat Bantoes aldus werf vir indiensneming deur
 sy werkgewer of deur 'n lid van 'n groep per-
 sone by wie hy in diens staan".

'n Attesterende beampte is

"'n Bantoe-kommissaris of 'n beampte deur die
 Direkteur of in die algemeen of in die be-
 sonder aangewys om die bevoegdhede uit te
 oefen en die pligte te vervul wat by hierdie
 wet of die regulasies aan 'n attesterende be-
 ampte toegewys word".

Paragraaf 4 van Hoofstuk 7 van die Regulasies bepaal
 nou verder dat indien registrasie van die dienskon-
 trak van 'n gewerfde Bantoe deur 'n registrasiebeampte

ingevolge die regulasies of deur 'n soortgelyke owerheid kragtens enige wet vereis word, moet 'n afskrif van die kontrak deur die werkgewer aan die registrasie-beampte of owerheid gelewer word. Die werkgewer moet 'n afskrif van die kontrak hou en dit op versoek aan 'n inspekteur toon. Art. 20 bepaal ook wat inspekteurs aanbetref dat elke werkgewer wat Bantoe-arbeiders in diens het, alle redelike fasiliteite aan 'n inspekteur van Bantoe-arbeiders of 'n geneeskundige beampte by die uitvoering van hulle pligte moet verleen. 'n Werkgewer wat versuim om aan hierdie bepaling te voldoen is strafbaar met 'n boete van hoogstens R100, of by wanbetaling, met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande.

Werkgewer moet registers en werkkaarte hou:- Elke werkgewer moet 'n register aanlê en hou van al die Bantoes wat hy in diens het. In hierdie register moet die name, persoons - of belastingidentiteitsnommer, distrik van domisilie, datum van indiensneming en van diensbeëindiging en die voorwaardes van die dienskontrak wat aangegaan is ten opsigte van elke Bantoe-arbeider vermeld word. Die werkgewer moet ook 'n loonregister hou vir al die Bantoe-werknemers wat hy in diens het en moet aan elke Bantoe in sy diens 'n werkkaart uitreik en aan die einde van elke werks-

dag die lone verdien vir daardie dag of vir die werk wat verrig is, op die kaart endosseer (Regulasies Hoofstuk 2 par. 12).

Werkgewers moet opgawes voorlê:- Werkgewers moet maandeliks 'n bedrag aan die registrasiebeampte betaal ten opsigte van elke Bantoewerker wat in diens is en kragtens paragraaf 3 (3) van Hoofstuk 6 van die Regulasies kan die registrasiebeampte van die werkgewer van die Bantoe-arbeiders vereis dat hy op of voor die sewende dag van elke maand 'n beëdigde verklaring moet oorhandig waarin die totale getal Bantoe-arbeiders wat op die laaste dag van die voorafgaande maand in sy diens was, aangegee word.

Werkgewer moet register van aanrandings hou:- Paragraaf 15 van Hoofstuk 9 van die Regulasies bepaal dat wanneer daar by 'n werkgewer of kampongbestuurder 'n klagte deur 'n Bantoe onder sy beheer ingedien word waarin beweer word dat hy by sy werk of in die Bantoe-kwartiere aangerand of mishandel is, moet die werkgewer of kampongbestuurder na sy beste vermoë aan die Bantoe verduidelik wat sy regte is en as die werkgewer of kampongbestuurder dit nodig of wenslik ag, kan hy self inligting in verband met die klagte aan die bevelvoerder van die polisiestasie in die betrokke gebied verstrek. Elke werkgewer of kampongbestuurder

moet in alle geval 'n register byhou van aanrandings wat kragtens hierdie regulasie onder sy aandag gebring is.

Werkgewer se pligte t.o.v. mediese behandelings:-

Elke werkgewer moet kragtens paragrawe 1 - 4 van hoofstuk 10 van die Regulasies, ingeval van siekte of beseering, voorsiening maak vir behoorlike mediese versorging en behandeling van enige Bantoe in sy diens. Hy moet ook voorsiening maak vir die rondgaande mediese diens vir en behandeling van alle lede van families van sy Bantoe-arbeiders wat in sy gesinskwartiere woon en kan vir sulke mediese dienste laer betaal volgens 'n skaal wat skriftelik deur die Direkteur goedgekeur is.

Ander pligte van werkgewers:- Heelwat ander regulasies is ook op werkgewers van toepassing, maar aangesien hierdie regulasies nie op die ondernemings wat deur hierdie ondersoek gedek word van toepassing is nie, word hulle buite rekening gelaat. Hierdie regulasies gaan veral oor die voorsiening van huisvesting en griewe, wasgeriewe, rantsoene en werksaamhede in die mynbedryf.

Werkgewers moet ten opsigte van elke Bantoe wat aangestel word, 'n bedrag van 25c aan die plaaslike owerheid betaal. Paragraaf 8 van hoofstuk 5 van die regulasies

bepaal: „'n Plaaslike bestuur kan 'n bedrag van twee sjielings en ses pennies hef ten opsigte van elke Bantoe wat vir werk in 'n voorgeskrewe gebied in diens geneem word. Sodanige bedrag moet betaal word deur die persoon wat sodanige Bantoe in diens neem.”

Benewens bogenoemde bedrag wat betaalbaar is, moet elke werkgewer kragtens art. 24 (1) van die wet op Bantoe-arbeid elke maand ten opsigte van elkeen van sy Bantoe-werknemers wat gedurende die maand in sy diens was, 'n bedrag van hoogstens 20c per week betaal aan die plaaslike arbeidsburo of die distriks-arbeidsburo ten bate van die Gekonsolideerde Inkomstefonds. Hierdie fondse word deur die staat aangewend vir Bantoe-behuising.

Uit die voorafgaande blyk dit dat die werkgewer heelwat pligte moet uitvoer ten einde te kan voldoen aan die verskillende vereistes wat deur die verskillende Bantoe-wetgewing op hom gelê word. Benewens hierdie verpligtings waaraan voldoen moet word, moet daar ook maandeliks aansienlike kontantbedrae aan die betrokke owerhede betaal word, bedrae wat nie deur die werkgewer op enige wyse hoegenaamd verhaal kan word nie.

ii) REAKSIE VAN DIE ONDERNEMINGS OP DIE BANTOEWETGEWING.

'n Bespreking van die verskillende Bantoe-wette kan

baie maklik op 'n politieke argument uitloop aangesien die landsbeleid so maklik daarby betrek kan word. En tog, wat die 33 ondernemings betref wat ondersoek is, wil dit voorkom asof die politieke oorgewings van die persone wat ondervra is nie 'n invloed op hulle menings het sover dit dié Bantowette betref wat ter sake is nie. Twee persone wat, byvoorbeeld, waarskynlik dieselfde politieke oorgewings het, sal nie noodwendig albei dieselfde menings op hierdie wette nahou nie.

Vyf van die ondernemings wat in Kaapstad en Port Elizabeth ondersoek is, het nie in wese te doen met die Bantowetgewing nie aangesien hulle hoofsaaklik van kleurlingarbeid gebruik maak terwyl vyf ander ondernemings so min of geen Bantoesin diens het op wie hierdie wette van toepassing is nie dat hulle nie enige mening wou uitspreek nie. Van die oorblywende 23 ondernemings is daar vier wat die mening toegedaan is dat hierdie wetgewing goed werk en dat die uitvoering redelik is. Hulle is van mening dat die werkgewer moet bydra om die krotwoonbuurtes in die stede te verwyder aangesien dit tog maar hoofsaaklik die handel en nywerheid is wat die voordeel van die Bantoe-arbeid geniet. Aangesien dit ook die landsbeleid is dat hierdie krotte met behoorlike wonings

vervang moet word, is dit nie te veel gevra van die werkgewer om ook sy deel by te dra nie. Een van hierdie ondernemings voel egter dat die betalings wat tans maandeliks geskied, moontlik eerder drie-maandeliks behoort plaas te vind aangesien dit heel-wat administratiwewerk sal uitskakel. Dit is interessant om daarop te let dat nie een van hierdie ondernemings meer as sewe Bantoes in diens het wat almal vir 'n redelike lang tyd by die betrokke werkgewers werk nie.

Die oorblywende werkgewers het almal die een of ander kritiek teen sommige van die bepalings van hierdie wette. Ses van hierdie ondernemings het dit teen die wetgewing as geheel en voel dat die hele skema slegs onnodige uitgawes vir die werkgewer meebring en dat daar geen voordeel uit te behaal is nie, nie vir die werkgewer en ook nie vir die Staat nie. Dis volgens hulle net 'n geldvermorsing, want die Bantoe waardeer dit wat vir hom gedoen word, in ieder geval tog nie. Hy het nog nie daardie opvoedkundige peil bereik dat hy 'n sin vir waarde het nie. Boonop lewer hy ook geen beter diens omdat hy nou in beter huise bly en sy busuitgawes vir hom gesubsidieer word nie, intendeel, dit is baie moontlik dat hy oor die algemeen nou swakker diens lewer as wat voorheen die

geval was, want die blankes sorg mos. Hierdie ondernemings verteenwoordig al drie die groepe en die Bantoe-arbeiders wat hulle in diens het, wissel tussen 4 en 30.

Al die oorblywende 13 ondernemings het dit nie soseer teen die wette as sodanig nie, maar teen die uitvoering daarvan. Daar is in die bespreking van die bepalinge van die Wet op Bantoe-arbeid gewys op die vele pligte wat op die werkgewer gelê word, byvoorbeeld sover dit die registrasie van Bantoes betref, die registers wat aangehou moet word en die opgawes wat ingedien moet word. Die nakoming van hierdie vereistes vereis heelwat administratiewe werk wat altyd bygehou moet word. Behalwe dit is dit veral die registrasie van die Bantoe wat heelwat probleme oplewer. Te veel formaliteite moet nagekom word, formaliteite wat uitgeskakel behoort te word ten einde die verskillende administratiewe aangeleenthede vlotter te laat verloop. Soos daar aangetoon is, moet 'n werkgewer 'n Bantoe binne drie dae na indiensname laat registreer. Die algemene gevoel is dat hierdie tydperk heeltemal ontoereikend is aangesien 'n groot persentasie van die Bantoes slegte werkers is en dikwels nie eers 'n week werk voordat hy ontslaan word of sommer self van diens af wegbly nie. Sy registrasie

self lewer ook probleme op in dié opsig dat die Bantoe met die 25c wat die werkgewer moet betaal, by die kantoor moet gaan registreer. So vele Bantoes verdwyn dan net eenvoudig nadat hulle die 25c van die voornemende werkgewer ontvang het en indien hulle hul wel gaan registreer, neem dit dikwels 'n dag of selfs langer voordat die transaksie afgehandel is. Die gevolg is dat sommige van die werkgewers wat baie afhanklik van die Bantoe-arbeid is, byvoorbeeld dié in die vervaardigingsgroep, 'n blanke saam met die Bantoe moet stuur om te gaan tou staan ten einde hom geregistreer te kry. Albei hierdie persone se tyd word dus hierdeur vermors, maar dis volgens hulle die enigste doeltreffende manier om die Bantoe geregistreer te kry. Dan gebeur dit natuurlik dikwels dat hy net 'n paar dae werk en dan die diens beëindig. 'n Ander grief van hierdie werkgewers waaroor daar sterk gevoelens is, is die summiere oplegging van boetes waar 'n werkgewer betrap word dat hy een of ander van die bepalinge van hierdie wette oortree het. Een van die werkgewers is 'n boete van R70 opgelê omdat hy nie 'n sekere Bantoe binne die voorgeskrewe tyd geregistreer het nie. Hierdie boete is volgens hom heeltemal onbillik aangesien die betrokke Bantoe nog nie eens 'n week in sy diens was nie.

Wat egter hier van belang is, is dat sowat 40% van die 33 ondersoekte ondernemings ernstige griewe teen veral die registrasie van die Bantoes het, of as die 10 werkgewers wat nie in werklikheid enige belang by hierdie wette het nie, buite rekening gelaat word, is die persentasie wat dit teen die beheer en administrasie van die wette het sowat 56%. Soos ook in die vorige geval, verteenwoordig al 13 hierdie ondernemings al drie die hoofgroepe.

Samevattend blyk dit dat alhoewel hierdie wette van toepassing is op alle werkgewers wat van Bantoe-arbeiders se dienste gebruik maak sowat 30% van die ondernemings nie in werklikheid veel of enige belang hierby het nie, 12% ondersteun die wetgewing geheel-en-al in alle opsigte, 18% verdoem dit geheel-en-al en 40% het geen beginselsbesware teen die wette as sodanig nie, maar opper ernstige griewe teen die toepassing en administrasie van hierdie wetgewing.

e) DIE INKOMSTEBELASTINGWET. (Wet No. 58 van 1962, soos gewysig)

i) BEPALINGS VAN DIE INKOMSTEBELASTINGWET. Die Inkomstebelastingwet is seker van die bekendste wette, nie alleen in Suid-Afrika nie, maar ook in elke land van die wêreld, want daar is geen beskaafde land in die wêreld wat nie die een of ander vorm van belas-

ting het nie. Geen regering kan immers sy werksaamhede voortsit sonder dat dit fondse beskikbaar het nie. Belastinge word reeds van die vroegste tye af aan staatshoofde betaal. Daarvan kan reeds in die vroeë geskiedenis wat in die Bybel verhaal word gelees word. (Vgl. Ester 10: 1 en Mattheus 22: 17)

Die Suid-Afrikaanse Inkomstebelastingwet dateer ook baie jare terug. Op die huidige stadium word die Suid-Afrikaanse wetgewing vasgelê onder die Inkomstebelastingwet No. 58 van 1962 soos gewysig deur die Wysigingswet op Inkomstebelasting, No. 90 van 1962, die Wysigingswet op Inkomstebelasting, No. 6 van 1963, die Inkomstebelastingwet No. 72 van 1963, die Inkomstebelastingwet, No. 90 van 1964 en die Inkomstebelastingwet No. 88 van 1965. Die Belastingstruktuur in Suid-Afrika is s6 dat belastinge gehef word deur die Sentrale Regering, deur die vier Provinsiale Administrasies en deur Plaaslike Owerhede. Die Sentrale Regering hef normale belasting wat betaalbaar is deur individue, getroud of ongetroud, en elke ander belastingpligtige entiteit, bv. klubs ens. Die belastinge wat deur ongetroude individue betaalbaar is, is effens hoër as dié wat deur getroude persone betaal moet word terwyl maatskappye teen 'n vaste koers normale belasting betaal. Tot die belasting-

jaar wat in 1965 geïndig het, was hierdie koers vir maatskappye 30c in die Rand. Daarbenewens word daar ook aan die staat belasting op buitelandse aandeelhouders betaal, dit is belasting wat gehef word op persone wat nie normaalweg in Suid-Afrika woon of hier handel dryf nie, maar wat die diwidende van Suid-Afrikaanse maatskappye ontvang wat nie aan normale belasting onderhewig is nie. Ook word belasting op onuitgekeerde winste van privaat maatskappye gehef. Hierdie belasting is betaalbaar, in die huidige stadium teen 25c per Rand, op daardie deel van die wins van die maatskappy wat volgens wet by wyse van diwidende verdeel moes word, maar wat nie as sodanig aan die aandeelhouders uitgekeer is nie. Die doel hiervan is om die winste te verdeel en in omloop te bring sodat belasting daarop gehef kan word. 'n Verdere bron van inkomste vir die staat is die belasting wat gehef word op geskenke en is van toepassing op sowel individue as maatskappye. Sekere geskenke word spesifiek in die wet uitgesonder, maar alle ander geskenke is aan belasting onderhewig.

Die vier provinsies hef ook elkeen hulle eie belasting. So word daar Provinsiale persoonlike belasting betaal wat betaalbaar is slegs deur individue

wat ouer as 21 jaar is en wat gedurende die jaar vir minstens 90 dae in een van die provinsies gewoon het. Die belasting is betaalbaar deur getroude of ongetroude persone, getroude persone teen 'n geringe laer koers. Daarbenewens is daar ook provinsiale inkomstebelasting betaalbaar soortgelyk aan dié hierbo genoem. Elkeen van die vier provinsies hef jaarliks hulle eie belasting en hierdie belasting word saam met die gewone inkomstebelasting wat aan die stáat betaalbaar is deur die belastingbetalers betaal en word weer deur die staat in verrekening met die onderskeie provinsies gebring.

Benewens die hierbó genoemde belastings word daar ook belastings betaal aan plaaslike owerhede, maar aangesien nie besondere aandag aan hierdie soort belastings gegee sal word nie, word hierdie aangeleentheid buite rckening gelaat.

Soos reeds gesê word indiwidue in hoofsaak in twee groepe verdeel nl. getroude en ongetroude persone. Die koers wat deur ongetroude persone betaalbaar is, is ietwat hoër as dié vir getroudes. Daarbenewens word die koers waarteen betaal moet word, in albei gevalle hoër namate die inkomste verhoog. In tabel 5 word ter verduideliking 'n gedeelte aangehaal van die Bylae tot die Belastingwet wat van toepassing is

TABEL 5

BELASTINGBYDRAES DEUR GETROUDE PERSONE

<u>Belasbare Inkomste.</u>	<u>Skale van belasting ten op- sigte van getroude persone.</u>
Waar die belasbare inkom- ste R600 nie te bowe gaan nie.....	6 persent van elke R1 van be- lasbare inkomste;
R600 te bowe gaan, maar nie R1,000 nie	R36 plus 7 persent van die bedrag waarmee die belasbare inkomste R600 oorskry;
R1,000 " " "	R64 plus 8 persent van die bedrag waarmee die belasbare inkomste R1,000 oorskry;
R1,200 " " "	R80 plus 8 persent van die bedrag waarmee die belasbare inkomste R1,200 oorskry;
R2,400 " " "	R176 plus 8 persent van die bedrag waarmee die belasbare inkomste R2,400 oorskry;
R3,000 " " "	R224 plus 9 persent van die bedrag waarmee die belasbare inkomste R3,000 oorskry;
R4,600 " " "	R368 plus 10 persent van die bedrag waarmee die belasbare inkomste R4,600 oorskry;
R5,000 " " "	R408 plus 20 persent van die bedrag waarmee die belasbare inkomste R5,000 oorskry;
R6,000 " " "	R608 plus 29 persent van die bedrag waarmee die belasbare inkomste R6,000 oorskry;
R7,000 " " "	R898 plus 32 persent van die bedrag waarmee die belasbare inkomste R7,000 oorskry;

(Bron: Bylae tot die Be-
lastingwet No.88
van 1965)

op getroude persone wie se belastingjare op 28 Februarie of 30 Junie 1965 sluit.

As die provinsiale belastings bygevoeg word, verander die posisie effens. In tabel 6 word 'n aanduiding gegee van die belastings betaalbaar deur getroude en ongetroude individue in Transvaal vir die belastingjaar wat na 1 Julie 1965 eindig.

Hierdie tabelle toon nou duidelik aan dat die belasting wat deur individue betaal moet word, in die geval van getroude persone sonder afhanklikes tot 40.7c per R1, en in die geval van ongetroude persone sonder afhanklikes tot 42.6c per R1 bedra waar die belasbare inkomste R20,000 beloop. Vir afhanklikes word natuurlik 'n korting toegestaan. Die belasting wat op die R1,000 ekstra belasbare inkomste tussen R19,000 en R20,000 betaalbaar is, beloop selfs so hoog as 65c per R1.

Die koers wat deur maatskappye tot 1965 betaalbaar was, was 30c per Rand. Vir die jaar 1965/66 is daar 'n addisionele 5% op die belasting wat betaalbaar is, (d.w.s. 31.5c per Rand in totaal) asook 'n 5% heffing op die 30c wat terugbetaal sal word aan die maatskappy, op 'n toekomstige datum wat nog bepaal moet word. Die effektiewe belasting wat dus in die toekoms betaalbaar is, bedra 33c per Rand. Hierdie

TABEL 6

BELASTINGBYDRAES DEUR GETROUDE PERSONE IN TRANSVAAL

Getroud sonder afhanklikes			Ongetroud sonder afhanklikes:			
Jaarlikse Besoldiging	Bedrag Betaalbaar	sent per Rand	sent per R op ad-disionele R1,000 verhoging	Bedrag Betaalbaar	sent per Rand	sent per R op ad-disionele R1,000 verhoging
R 1,000	R 6	.6	-	R 49	4.9	-
2,000	111	5.5	10.5	177	8.8	12.8
3,000	219	7.3	10.8	302	10.1	12.5
4,000	335	8.4	11.6	445	11.1	14.3
5,000	461	9.2	12.6	599	11.9	15.4
6,000	718	11.9	25.7	869	14.5	27.0
7,000	1,092	15.6	37.4	1,256	17.9	38.7
8,000	1,507	18.8	41.5	1,684	21.0	42.8
9,000	1,948	21.6	44.1	2,138	23.8	45.4
10,000	2,441	24.4	49.3	2,644	26.4	50.6
11,000	2,948	26.8	50.7	3,176	28.9	53.2
12,000	3,455	28.8	50.7	3,709	30.9	53.3
13,000	3,974	30.6	51.9	4,255	32.7	54.6
14,000	4,494	32.1	52.0	4,801	34.3	54.6
15,000	5,065	33.8	57.1	5,385	35.9	58.4
16,000	5,637	35.2	57.2	5,970	37.3	58.5
17,000	6,247	36.7	61.0	6,593	38.8	62.3
18,000	6,858	38.1	61.1	7,217	40.1	62.4
19,000	7,507	39.5	64.9	7,866	41.4	64.9
20,000	8,157	40.7	65.0	8,516	42.6	65.0

koers bly konstant vir minstens 'n jaar en is van toepassing op die belasbare inkomste van maatskappye, afgesien daarvan of die belasbare inkomste hoog of laag is.

Besighede gaan dikwels verskeie soorte onkoste aan wat nie kragtens die Inkomstebelastingwet telaatbare aftrekkings van inkomste is nie. Sulke uitgawes sluit onder andere donasies, sekere regskoste, sekere reiskoste, buitensporige direkteursvergoeding en dergelike meer in. Hierdie besondere soort uitgawes word gevolglik nie afgetrek van die bruto inkomste van die onderneming in die berekening van die belasbare inkomste nie, m.a.w. indien 'n onderneming gestel R100 donasies geskenk het aan sekere inrigtings, moet hy nogtans R30 belasting daarop betaal indien dit 'n maatskappy is aangesien hy nie hierdie bedrag van sy bruto inkomste kan aftrek en net op die balans belasting betaal nie. Sover dit waardevermindering aangaan, word daar kragtens Art. 11 (e) van die wet voorsiening gemaak om van die inkomste van 'n onderneming 'n bedrag af te trek wat volgens die Sekretaris van Binnelandse Inkomste se oordeel billikerwys en redelikerwys die bedrag voorstel waarmee die waarde van masjinerie, gereedskap, werktuie en artikels deur die belastingpligtige vir

die doeleindes van sy bedryf gebruik, verminder het ten gevolge van slytasie gedurende die jaar van aanslag. Ten opsigte van nuwe masjinerie of installasies wat by 'n vervaardigingsproses gebruik word, mag die onderneming gedurende die jaar van aankope 'n spesiale vermindering van 15% asook 'n beleggings-toelaag van 20% eis. (Art. 12)

Die Vierde Bylaag (bygevoeg by Artikel 19 van Wet No. 6 van 1963) sit die werksverrigting van die Lopende Betaalstelsel in die belastingwet breedvoerig uiteen. Hierdie afdeling van die wet word in hoofsaak in twee dele verdeel, nl. werknemersbelasting en voorlopige belasting.

Die belangrikste aspekte van hierdie afdeling van die wet is dat sedert 1963 alle werkgewers as sodanig by die Departement van Binnelandse Inkomste moet registreer op 'n vorm I.R.P. 1. Nadat 'n werkgewer as sodanig geregistreer is, word daar die nodige vorms en sertifikate aan hom uitgereik. Daar word byvoorbeeld van hom verlang om 'n register aan te hou vir elkeen van sy werknemers en die werkgewer moet elke maand of waar hy weekliks besoldigde werknemers het, dan elke week, die belastings wat deur die wet voorgeskryf word van die werknemers aftrek en die belastings moet op 'n voorgeskrewe vorm (I.R.P. 4),

voor die 7de van die volgende maand aan die Ontvanger van Inkomste van die streek waar die werkgewer werksaam is, inbetaal word. Indien hierdie aftrekkings nie binne die bepaalde tyd aan die Ontvanger van Inkomste inbetaal is nie word 'n boete van 10% op die verskuldigde bedrag gehef. Daarbenewens word dit ook nog van die werkgewer verlang om aan die einde van die finansiële jaar (28 Februarie) asook wanneer 'n werknemer bedank, 'n sertifikaat aan hom uit te reik. Hierdie sertifikate word deur die Ontvanger van Inkomste gratis aan die werknemers verskaf en dit moet in drievoud ingevul word. Die werknemer kry die oorspronklike terwyl die tweede afskrif aan die einde van die jaar saam met die nodige rekonsiliasiëvorm (I.R.P. 5 A) aan die Ontvanger van Inkomste gestuur moet word. Hierdie rekonsiliasië is 'n opsomming van die betalings wat vir die voorafgaande 12 maande aan die Ontvanger van Inkomste inbetaal is en dit moet presies ooreenstem met die sertifikate wat aan werknemers uitgereik is. Dit is dus duidelik dat hierdie deel van die werk heeltemal akkuraat gedoen moet word en dat waar daar verskille voorkom die nodige verduidelikings daaromtrent verstrekkend moet word en dat dit ook reggestel moet word. Indien 'n werk-

nemer se sertifikaat verlore raak moet 'n duplikaat, wat ook deur die Ontvanger van Inkomste verskaf word, aan hom uitgereik word.

'n Voorlopige belastingpligtige word omskryf as:-

- a) 'n Persoon wat by wyse van inkomste 'n bedrag verkry wat nie besoldiging ingevolge die omskrywing van daardie uitdrukking in hierdie paragraaf uitmaak nie;
- b) 'n direkteur van 'n private maatskappy tensy die Kommissaris in die besondere geval anders gelas;
- c) 'n maatskappy wat nie inkomste uit goudmynbou verkry nie; en
- d) 'n persoon wat deur die Kommissaris in kennis gestel word dat hy 'n voorlopige belastingpligtige is.

Hierdie voorlopige belastingpligtiges moes in die verlede drie keer per jaar voorlopige belasting betaal het. Vir die jaar 1965 is die vereistes slegs twee keer per jaar. Dit kom daarop neer dat die voorlopige belastingpligtige 'n skatting van sy inkomste vir die jaar wat voorlê, moet maak en in die verlede moes hy drie keer per jaar, in drie paaiemente, sy belasting vir die jaar waarin hy is, vooruit betaal, gebaseer op sy beraming van sy belasbare inkomste vir daardie jaar. Hierdie gegewens moet op vorm I.R.P. 6 ingevul word en die tjek moet die vorm vergesel.

Uit die voorafgaande is aangetoon dat die inkomste-

belastingwet aansienlike verpligtings op die staatsburgers lê. Behalwe die werklike betalings wat gemaak moet word, is dit duidelik dat veral die aspekte en aangeleenthede wat met die lopende betaalstelsel gepaard gaan, heelwat klerklike werk op 'n werkgewer se skouers plaas.

ii) REAKSIE VAN DIE ONDERNEMINGS OP DIE INKOMSTEBELASTINGWET.

Die reaksie van die ondernemings oor verskillende artikels van die Inkomstebelastingwet is nogal heelwat uiteenlopend van aard. Daar is diegene wat meen dat die belastingkoers te hoog is terwyl andere weer dink dis redelik, sommige dink die lopende betaalstelsel is goed, andere dink weer nie so nie en party ondernemings het probleme met die afskrywing van slegte skulde terwyl andere weer geen moeilikheid in hierdie verband het nie. Daar is daren nie een wat van mening is dat die Inkomstebelastingwet afgeskaf moet word nie.

Al die ondernemings wat ondersoek is, is tevrede met die waardevermindering wat toelaatbaar is behalwe drie wat van mening is dat die waardevermindering wat op veral voertuie van toepassing is, onvoldoende en onprakties is. Al drie hierdie ondernemings maak van heelwat motorvoertuie gebruik in die aflewering van hulle produkte. Die normale reparasies

en ander vervoerkoste, byvoorbeeld brandstof, is natuurlik uitgawes wat regmatiglik afgetrek kan word van inkomste in die berekening van die netto belastbare wins. Benewens hierdie uitgawes eis die betrokke ondernemings elke jaar nog 20% as waardevermindering op hulle voertuie en hierdie bedrag word dan ook as uitgawe toegelaat. Die 20% word die eerste jaar na aankope van die voertuig op die kosprys daarvan bereken en daarna elke jaar op die verminderde saldo, dit wil sê op die kosprys minus die waardevermindering wat afgeskryf is. Die argument is nou dat 20% nie 'n toereikende persentasie is nie en die Ontvanger van Inkomste laat nie geredelik 'n hoër persentasie toe nie. Die posisie doen hom vir hierdie ondernemings sodanig voor dat 'n voertuig wat sê vir drie jaar gebruik is en waarvan die verminderde waarde dan op 51% van die aankoopprys staan, net ander woorde, daar is 49% oor die 3 jaar afgeskryf (20% + 16% + 13%), normaalweg skaars vir 30% van sy oorspronklike waarde van die hand gesit kan word. Die verdere verlies moet dan in die jaar van verkope geëis word terwyl dit baie meer aansporend sou wees as dit in die eerste jaar geëis kon word soos wat die geval is met nuwe masjinerie wat vir vervaardiging aangeskaf word en waarop daar in die eerste jaar 'n beleggingstoclaag en 'n spesiale waardever-

mindering toegelaat word. Die mening is ook uitgespreek dat verbeterings en reparasies aan geboue as 'n uitgawe toegelaat behoort te word en dat daar in werklikheid geen regverdiging bestaan waarom afskrywings op geboue wat voor 1959 gebou is nie ook as 'n uitgawe geëis kan word nie. Op sekere geboue wat sedert 1959 gebou is, kan daar wel 2% afgeskryf word, maar nie op ouer geboue nie. 'n Gebou se waarde verminder as gevolg van die vibrasie van groot masjinerie daarin. As die gebou gehuur word, sou die huurgeld in elk geval 'n toelaatbare uitgawe gewees het. In hierdie verband is dit interessant om daarop te let dat Peter C. Neff in 'n Artikel „Depreciation Methods and Concepts" in die Suid-Afrikaanse Rekenmeester van Maart 1958, bls. 18, reeds ernstige kritiek lewer op die feit dat die Suid-Afrikaanse Inkomstebelastingwet nie voorsiening maak vir waardevermindering op geboue nie en dat die metodes wat deur die wet toegelaat word nie altyd realisties is nie. Hy wys onder andere daarop dat baie maatskappye in Suid-Afrika reeds waardevermindering op geboue afskryf, maar aangesien dit nie toelaatbaar is as 'n uitgawe nie, moet die betrokke ondernemings hiervoor twee stelle boeke aanhou wat weer tydvermorsing beteken.

Wat ontoelaatbare uitgawes aanbetref, is sowat 50%

van die ondernemings nie reeds begaan oor uitgawes wat aangegaan en nie toelaatbaar is nie aangesien hulle óf geen sodanige uitgawes het nie, óf die bedrae wat wel aangegaan is, is so minimaal dat dit nie reeds enige invloed op hulle wins of belasting uitoefen nie. Die oorblywende ondernemings voel egter dat sekere van hierdie uitgawes toegelaat behoort te word. Daar word daarop gewys dat daar in die jongste tyd so baie organisasies is wat om donasies kom aanklop dat die totaal elke jaar 'n aansienlike bedrag beloop. Sommige van hierdie kellektante kan nie sonner net met leë hande weggestuur word nie omdat dit in sekere gevalle die besigheid skade kan berokken. Die wet maak wel voorsiening vir donasies of skenkings aan opvoedkundige sentrums, maar die gevoel is dat die wet ook voorsiening behoort te maak vir donasies aan sekere goedgekeurde instellings. Een onderneming voel selfs dat sy bydrae aan sy kerk, die fondse wat in elk geval maar uit sy besigheid kon, as 'n aftrekking toegelaat behoort te word op grond daarvan dat die staat die godsdienstige Calvinistiese karakter van die land moet beskerm ten einde te verhoed dat Suid-Afrikaners 'n beginsellose volk word en sodoende meer vatbaar vir kommunisme word. Kritiek word ook uitgespreek teen die feit dat regs-koste wat nie aangegaan is in die voort-

brenging van inkomste nie toelaatbaar is nie. Regskoste aangeaan in verband met skuldinvordering is byvoorbeeld toelaatbaar, maar regskoste met betrekking tot nuwe projekte, hofsake en dergelike uitgawes word nie toegelaat nie. Die argument van sommige van hierdie ondernemings is dat die onderneming nie hierdie koste sal aangaan en betaal omdat dit vir hom aangenaam is nie, maar doen dit altyd omdat hy sy onderneming op een of ander wyse wil bevorder, al is dit in die toekoms, of omdat hy sy besittings, bates of naam moet beskerm, dus is die winsgedagte ook daarmee gemoeid.

n Ander aspek van die Inkomstebelastingwet wat in die jongste tyd heelwat aandag geniet het en waaroor n groot persentasie van die ondernemings sterk meningslug, is die kwessie van die betaling van belasting op kredietverkope, met ander woorde, die onderneming moet belasting betaal op die wins wat hy gemaak het op die goedere wat verkoop is maar wat aan die einde van die jaar nog nie betaal is nie.

Veral in die jongste tyd waarin kredietfasiliteite ingekort word, kom hierdie probleem sterk na vore. n Hele paar van die ondernemings wat hierdie aangeleentheid geopper het, het aansienlike bedrae wat

deur debiteure verskuldig is. As die uitstaande debiteure aan die einde van die jaar sê R30,000 is, wat vir die klein onderneming nie 'n buitensporige bedrag onder huidige omstandighede is nie, en die betrokke onderneming maak 'n netto wins van 5%, beteken dit dat die wins wat op hierdie bedrag gemaak word en wat dadelik belasbaar is, R1500 bedra, waarop $3\frac{1}{2}$ c per Rand belasting betaal moet word alhoewel die betaling eers later van die debiteure ontvang sal word. Hierdie ondernemingsvoel gevolglik dat die metode van belastingheffing verander behoort te word. Dan gebeur dit natuurlik ook dikwels dat sekere van die debiteure nie hulle verpligtings nakom nie. Onder sekere omstandighede kan hierdie bedrae dan as slegte skuld afgeskryf word. Wat hierdie afskrywing betref, is al die ondernemings behalwe een, dit eens dat daar nie veel probleme met die belastingowerheid in hierdie verband ondervind word nie.

Nog 'n afdeling van die Inkomstebelastingwet wat baie besprekings uitlok, is die lopende betaalstelsel en alles wat daarmee gepaard gaan. Eintlik is daar net twee gedagterigtings hieroor, naamlik diegene wat die stelsel in orde vind en dié wat een of ander beswaar teen die stelsel het. Soos verwag kan word is dit een aangeleentheid van die Wet waaroor almal 'n mening het.

Daar is nie soos in omtrent al die ander gevalle 'n groepie wat nie weet nie of op wie dit nie van toepassing is nie. Moontlik is dit omdat die lopende betaalstelsel nog betreklik nuut in die belastingstelsel is dat almal nog graag daaroor praat. Hoe dit ook al sy, 60% van die ondernemings is heeltemal tevrede met die huidige werkverrigting en die motiewe agter hierdie stelsel. Feitlik almal beweer dat hulle die eerste jaar toe die stelsel ingestel is, heelwat probleme gehad het, maar nou dat die prosedures verstaan word, lewer dit geen verdere noemenswaardige probleme nie en die hele aangeleentheid werk vlot. Die originele 40% het ook nie enige beswaar teen die feit dat die belasting nou vooruit betaal moet word nie, maar hulle het dit wel daarteen dat die werkgewer nou tot 'n sekere mate die werk van die belastinggaarder moet doen. Die werkgewer moet die belasting vorder van die werknemer, dit oorbetal en indien dit nie volgens die neergelegde reëls geskied nie, word hy beboet. Boonop moet hy ook nog rekord hou, sertifikate uitreik en aan die einde van die jaar al die aftrekkings, oorbetalings en sertifikate wat uitgereik is met mekaar rekonsilieer en enige afwykings verklaar.

Die belastingkoers soos dit deur ons wetmakers van jaar tot jaar bepaal word, is miskien die deel van die

wet waaroor die ondernemings die meeste uitgewei het. Ook hier is daar in breë trekke twee groepe, naamlik dié wat van mening is dat die koers, beide vir maatskappye en vir individue, billik is en dié wat meen dat dit te hoog is en verminder behoort te word. Die eersgenoemde groep bestaan uit slegs 9 ondernemings, of 27% van die totaal. Hulle sluit individue en maatskappye in en voel dat die neergelegde koerse in albei gevalle billik is, veral as dit vergelyk word met die koerse wat in ander oorsese lande van toepassing is. Die orige 24 ondernemings voel egter dat die koerse, veral dié wat op maatskappye betrekking het, te hoog is. Hulle wys daarop dat die klein onderneming dit eintlik moeilik vind om reserwes op te bou, want hy moet bykans een-derde van sy wins aan belasting uitbetaal. Gewoonlik gaan die klein onderneming ook nog mank aan bedryfskapitaal en indien belastings betaal moet word, is die fondse gewoonlik nie beskikbaar nie. Die groot onderneming het gewoonlik toegang tot kapitaalmarkte wat vir die klein onderneming gesluit is. Laasgenoemde moet dus uit eie bronne reserwes opbou en uitbrei en hierdie bronne is gewoonlik beperk aangesien die klein onderneming, al is dit geregistreer as 'n privaat maatskappy, gewoonlik maar aan een of hoogstens aan 'n paar persone behoort. Hierdie

ondernemings is van mening dat die koers wat op klein ondernemings van toepassing is, verlaag behoort te word aangesien dit uitbreiding sal stimuleer. Ses van hierdie 24 ondernemings voel dat die hoë koers uitbreiding in hulle ondernemings demp, iets wat tot voordeel van die land uitgeskakel kan word met 'n verlagings van die belastingkoers op klein ondernemings. Die groot openbare maatskappye wat gewoonlik groot belasbare winste maak, kan moontlik dan teen 'n hoër koers as die huidige aangeslaan word. Broom en Longenecker (op cit. bladsy 76,) wys daarop dat so 'n verskil in aanslagkoers in die Verenigde State van Amerika vantoepassing is.

Opsommend blyk dit nou dat daar oor verskillende aspekte van hierdie Wet verskillende menings bestaan, nie alleen oor wat billik en onbillik is nie, maar ook oor die vertolking van sekere artikels van die wet. Geen wonder nie dat die Inkomstebelastingwet een van die wette is wat elke jaar 'n hele aantal hofsake tot gevolg het.

HOOFSTUK 3.

OORSIG VAN EN REAKSIE OP BESONDERE WETGEWING.

1. INLEIDING.

Die belangrikste bepalings van die vier wette wat as besondere wette geklassifiseer is asook die menings van die ondernemings op wie hierdie wette van toepassing is, word in hierdie hoofstuk behandel. Hierdie wette is die Bemerkingswet, die Wet op Fabriek, Masjinerie en Bouwerk, die Wet op Winkels en Kantore en die Maatskappywet. Hierdie wette is nie van toepassing op al die ondernemings wat ondersoek is nie aangesien die eerste drie wette is wat op sekere soorte bedrywe betrekking het terwyl die maatskappywet slegs van toepassing is op ondernemings wat as maatskappye geregistreer is. Van die 33 ondernemings wat ondersoek is, het die Bemerkingswet op negs betrekking, die Wet op Fabriek, Masjinerie en Bouwerk op twaalf, die Wet op Winkels en Kantore op vyftien en die Maatskappywet op ses-en-twintig. In die besprekings verder in hierdie hoofstuk sal benewens die bepalings van die vier wette die menings van daardie ondernemings bespreek word op wie die betrokke wette van toepassing is.

2. a) DIE BEMARKINGSWET. (Wet No. 26 van 1937, soos
gowysig)

1) BEPALINGS VAN DIE BEMARKINGSWET. Voor die aanname van die Bemarkingswet in 1937 het die Suid-Afrikaanse boer in 'n baie onsekere ekonomiese posisie verkeer. Die gewone faktore van aanvraag en aanbod het sodanig gegold dat die aanvraag na die verskillende landbouprodukte homself nie gereedelik kon aanpas wanneer daar 'n oor-aanbod van plaasprodukte was nie, hetsy vir een dag of vir 'n hele seisoen. Die gevolg was dus dat die pryse aansienlike dalings getoon het en dat baie produkte selfs bedorf het. Dieselfde het gebeur wanneer die aanvraag gedurende 'n depressie afgeneem het aangesien die aanbod nie maklik daarby aangepas kon word nie. Wanneer die teenoorgestelde weer gebeur het, byvoorbeeld in tye van voorspoed, het die pryse weer die hoogte ingeskiet. As gevolg van hierdie faktore is daar gevolglik oorgegaan tot die aanname van die Bemarkingswet wat hoofsaaklik drie oogmerke het. Eerstens is die doel om groter prysstabiliteit te bewerkstellig, want deur doeltreffende beheer, kan die surplusse en tekorte waarna reeds verwys is tot 'n groot mate so gehanteer word dat die mark nie op enige stadium 'n te groot surplus of tekort het nie met die gevolg dat die prysskommelings ook sal neig om te verminder. Die produsent sal dus in 'n

gunstiger ekonomiese posisie verkeer aangesien sy produk nie aan sulke geweldige skommelings onderworpe is nie en hy sy beplanning gevolglik ook daarvolgens kan reël. Hoewel georganiseerde bemarking dit dus ten doel het om buitensporige prysskommelings te bestry, is dit duidelik dat met daardie landbouprodukte wat nie maklik bederfbaar is nie (byvoorbeeld koring) groter of makliker sukses behaal sal kan word as met bederfbare produkte (byvoorbeeld vleis en melk). Hoe langer die produk kan hou, des te groter is die moontlikheid om die pryse te stabiliseer en hoe makliker die produk bederf, des te geringer sal die moontlikheid weer wees om prysstabiliteit te verseker.

Die tweede oogmerk van die Bemarkingswet is om die produktiwiteit van die boer te verhoog. Dit is eintlik 'n uitvloeisel uit die voorafgaende aangesien die produsent wie se produktepryse op 'n redelike hoogte gestabiliseer is, sal neig om meer doeltreffendheid aan die dag te lê en sy produksie te verhoog deur byvoorbeeld grondbewaring en wisselbou te beoefen eerder as om maar elke seisoen iets anders te verbou as die produkte van die vorige seisoen omdat surplusse swak pryse behaal het. Derdens is dit 'n doel van die Bemarkingswet om die prysspelings tussen produsent en verbruiker kleiner te maak deur middel van doeltreffende verwerking en bemarking. Dit was niks ongewoons

om te vind dat die verbruiker tot driemaal meer moes betaal vir 'n produk as wat die produsent ontvang het nie. Verskeie faktore, soos tussenpersone en onnodige kruisvervoer, het hiertoe bygedra en dit is dus ook met hierdie feite in gedagte dat die Bemerkingswet aangenem is.

Die Bemerkingswet maak voorsiening vir die instelling van 'n Nasionale Bemerkingsraad (Art. 2), 'n Adviserende Produsente-komitee (Art. 8) en 'n Adviserende Verbruikers-komitee (Art. 10). Die bevoegdhede van die Bemerkingsraad en die werksaamhede van die twee komitees word ook breedvoerig bespreek (Artikels 5, 9 en 11) asook hoe hulle saamgestel word. Sommige van die bevoegdhede van die Bemerkingsraad verdien hier spesiale vermelding, soos byvoorbeeld waar 'n skema wat die Minister na die Raad verwys, ondersoek moet word en verslag daaroor aan die Minister gedoen moet word. 'n Skema word in artikel 1 omskryf as " 'n stel reëls, wat aan die voorskrifte van hierdie Wet voldoen vir die reëling van die bemerking van 'n produk en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan, en daeronder is ook 'n voorgestelde skema inbegrepe." Daar kan dus, ter verduideliking, 'n melkskema of 'n vleiskema vir 'n sekere gebied verkry word wat dan die beheer van die melk of vleis vir daardie omskrewe gebied sal beheer. Die Bemerkingsraad is ook bevoeg om

skemas op te stel wat die Minister gelas, of die Raad kan skemas opstel wat hy nodig ag en hy kan dit aan die Minister voorlê, asook is hy bevoeg om die Minister van advies te bedien aangaande alle aangeleenthede wat volgens hierdie Wet binne die Minister se bevoegdheid val. Ook kan dit periodiek skemas ondersoek wat reeds van krag is, daaroor aan die Minister verslag doen en die boeke, rekords en ander stukke wat daarmee in verband staan inspekteer of laat inspekteer.

Beide die Adviserende Produsente-komitee en die Adviserende Verbruikerskomitee is adviserende en konsultatiewe liggame wat deur die Minister byeengeroep kan word vir raadpleging oor aangeleenthede wat die produsente en verbruikers onderskeidelik raak. Die Verbruikerskomitee moet jaarliks aan die Minister 'n verslag voorlê van sy werksaamhede gedurende die vorige jaar.

Artikels 17 tot 25 van die Bemerkingswet handel breedvoerig oor skemas, wat eintlik die kern van hierdie wet is. Wanneer 'n skema deur enige produsentevereniging, koöperatiewe vereniging of 'n raad wat kragtens die wet daartoe gemagtig is, voorgestel word, moet dit eers ondersoek word en indien die Minister dit uiteindelik goedkeur, moet dit in die Staatskoerant gepubliseer word (Art. 17). Van die belangrikste

bepalings wat kragtens Art. 18 so 'n skema opgelê word, is dat dit die produk waarop dit betrekking het moet omskryf, asook die gebiede waarop dit van toepassing is, voorsiening moet gemaak word vir die instelling van 'n raad wat die skema moet uitvoer, voorsiening vir die byeenroeping vir vergaderings en die instelling van fondse moet gemaak word en daar moet voorsiening gemaak word vir die oplegging van 'n heffing op die produk waarop die skema van toepassing is. Hierdie heffing is betaalbaar deur die produsent of deur die persone wat as 'n besigheid met die produk handel dryf of deur albei.

Bepalings word ook neergelê (Art. 19 en 20) hoe die produk waarop die skema van toepassing is, gekoop en verkoop moet word in die omskrewe gebied en wat die magte en pligte van die beherende raad hieromtrent is. Die Raad kan die produkte van die produsent koop en herverkoop en kan ook voorsiening maak vir die stigting en bestuur van 'n „poel” wat surplusprodukte, indien enige, kan opneem. Die Raad hanteer gewoonlik nie self die produkte nie, maar reël dat agente dit doen of in sommige gevalle word gereël dat direkte aflewering deur die produsent aan die distribueerder volgens vasgestelde metodes en reëls geskied. Pryse word dan gewoonlik vasgestel vir beide die produsent

en die verbruiker met die gevolg dat die distribueerder se wins persentasie dan ook tot 'n groot mate vasgestel is.

Produsente en distribueerders moet by die instelling van so 'n skema by die Raad registreer en sal nie geregistreer word nie tensy hulle voldoen het aan die vereistes wat voorgeskryf is. Die Raad kan dus enige registrasie weier of goedkeur op sodanige voorwaardes en vir sodanige tydperkes wat hy mag bepaal en kan die registrasie intrek van enige distribueerder of produsent-distribueerder wat van die voorwaardes oortree het of in gebreke gebly het om daaraan te voldoen. Ook word bepalinge neergelê dat, waar nodig, sekuriteit verskaf moet word aan die Raad deur die distribueerders. Die sekuriteit ten opsigte van elke skema sal natuurlik na gelang van omstandighede verskil. Die sekuriteit wat byvoorbeeld deur distribueerders en produsent-distribueerders van melk verskaf moet word, is R500 of die bedrag gelykstaande aan veertien dae se aankope van melk en room deur die betrokke distribueerder. (Goewermentskennisgewings Nos. R1,167 van 22-7-62 en R208 van 8-2-63 vir die Witwatersrand en omgewing).

'n Skema kan herroep, opgeskort of gewysig word (Art. 25) na gelang van omstandighede wanneer die Minister van mening is dat een of ander bepaling van 'n skema

'n buitensporige las lê op produsente of verbruikers of met die publieke belang in stryd is. Hy stel dan 'n komitee aan wat die aangeleentheid ondersoek en verslag doen wat dan as basis vir optrede dien.

Voorts maak die wet voorsiening daarvoor (Art. 32) dat opgawes verstrekkend moet word deur elke produsent, distribueerder, verbruiker of agent, na gelang van omstandighede, van transaksies wat gedurende sekere tye plaasgevind het met betrekking tot produkte wat kragtens een of ander skema onder die wet beheer word. Persone wat verplig is om sulke opgawes in te dien en in gebreke bly om aan hierdie bepalinge te voldoen, is by veroordeling met 'n boete van hoogstens R100 strafbaar. Ander strafbepalinge en boetes (Artikels 38 en 41) word ook opgelê op oortredings van verskeie artikels van die wet en hierdie strawe wissel vanaf boetes van R200 en/of ses maande gevangenisstraf tot R400 en/of gevangenisstraf van twaalf maande vir byvoorbeeld oortredings van Artikel 35 wat handel oor nasionale merke wat voorgeskryf kan word vir sekere produkte.

Soos ook die geval met baie ander wette, kan regulasies uitgevaardig word (Art. 43) wat nie met die bepalinge van die wet of skema in stryd is nie en wat hoofsaaklik betrekking het op heffings wat kragtens

die een of ander skema ingestel of verander moet word en die manier van verpakking of merk van, of aanbring van etikette op 'n beheerde produk of een of ander produk wat onder die nasionale merk verkoop word asook die grootte, beskrywing, kwaliteit en materiaal van die houers wat gebruik moet word.

Die Bemerkingswet kan dus in geheel beskou word as 'n wet wat ten grondslag het die bemerking van sekere landbouprodukte ten einde hoofsaaklik stabiliteit van pryse vir beide die produsent en die verbruiker te verseker.

ii) REAKSIE VAN DIE ONDERNEMINGS OP DIE BEMERKINGS-
WET. Die reaksie van die nege ondernemings op wie die Bemerkingswet van toepassing is, is nogal interessant. Daar moet onthou word dat dit hier gaan oor die tussenpersoon, ook die middelman genoem, met ander woorde die persoon wat as tussenganger optree tussen die produsent en die verbruiker. En die hoofdoel van die Bemerkingswet is, soos aangetoon is, om pryse te stabiliseer en die prysspeling te verminder. Hierdie verminderde prysspeling raak natuurlik die wins van die distribueerder. Maar nou is dit so dat die distribueerder 'n onmisbare skakel vorm tussen produsent en verbruiker en die Bemerkingswet "beskerm" hom nie eintlik nie. Tog is sy voordeel daarin geleë dat hy as distribu-

eerder beskerm word, dat sy winsgrense nou tot 'n groot mate vasgestel word, dat hy sy ekonomiese posisie tot 'n groot mate vooruit kan bepaal en dat hy hom meer moet toelê op verhoogde omset en beter dienslewering in mededinging met ander soortgelyke distribueerders.

Die drie slagters aan die kusstede is dit almal eens dat die bepaling van die Bemerkingswet, oor die algemeen, vir hulle ondernemings voordelig was. Voor die toepassing van hierdie wet was hulle winste groter as wat tans die geval is maar so ook hul verliese, aangesien hulle aankooppryse aan heelwat groter skommelings onderhewig was. Tans is die posisie sodanig dat hulle as distribueerders die karkas by die betrokke munisipaliteit so slagpale kan koop in welke geval die heffing dan reeds deur die verkoper van die lewendehawe betaal is. Die produsent is dus die persoon wat direk verantwoordelik is vir die betaling van die heffing aan die Vleisraad, maar in werklikheid betaal die distribueerder ook maar 'n deel hiervan in die vorm van verhoogde aankooppryse alhoewel sommige distribueerders dit ontken. Andere weer meen dat dit wel die geval is. Die probleem van hierdie distribueerders lê hoofsaaklik daarin dat daar nog so baie sogenaamde buite-slagters is (slagters buite die beheerde gebiede) wat binne die beheerde gebiede verkope doen en die produkte wat hulle verkoop, is ge-

woonlik teen lae pryse aangekoop. Hulle wins is dus heelwat hoër en hulle kan dit derhalwe bekostig om teen laer pryse te verkoop. As die slagter binne die beheerde gebied moontlik sy aankope in die vorm van lewendehawe elders teen lae pryse kan aankoop, moet dit nogtans deur die markagent verkoop word (aan sy slaghuis!) en die agentekommissie is dan natuurlik betaalbaar. Al is hierdie kommissie slegs 4% of 5%, maak dit nogtans 'n geweldige verskil aan die finale resultaat van die betrokke onderneming.

Wat die slagterybedryf in die Vaaldrichock betref, is die posisie sodanig dat die slagters hulle slagvee self aankoop en deur die munisipale slagpale moet laat slag. Hulle moet dan self die heffings aan die Vleisraad betaal wat in totaal 'n aansienlike bedrag per jaar kan bedra. Die slagters van hierdie gebied is die mening toegedaan dat die bepalinge van die Bemarkingswet vir hulle geen voordeel inhou nie. Hulle, as plattelandse slagters, moet die heffings wat 50c per bees en 19c per skaap bedra, betaal en geniet as toonprestasie daarvoor geen voordeel nie. Hierdie fondse is vir hulle heeltemal verlore en word deur die Vleisraad aangewend hoofsaaklik vir beheerdoeleindes in stedelike beheergebiede waarmee hierdie slagters in wese niks te doen het nie. Sterk gevoelens is teen hierdie metode uitgespreek aangesien hulle voel dat

hulle winsgewendheid onregmatiglik baie benadeel word.

Sover dit die melkerye in die Vaaldriehoek aangaan, moet onthou word dat 'n melkskema vanaf 1 Desember 1964 vir hierdie stroek ingestel is. Voor hierdie datum het die verskillende melkerye gewoonlik die varsmelk wat hulle dan pasteuriseer en versprei direk van die produsent gekoop wat dan sy betaling by die betrokke melkery waar hy sy produk gelewer het, moet eis. Die prys waarteen die melk gekoop en verkoop is, is gewoonlik onderling per kontrak tussen die twee partye gereël. Na die instelling van die melkskema lewer die produsent nog sy produk aan die melkdistribueerder maar op instruksies van die melkraad wat dan ook die produsent een keer per maand betaal teen vasgestelde pryse. Die Melkraad eis betaling van die melkery vir die melk aangekoop, ook teen 'n vasgestelde prys per gelling, en uit hierdie fondse wat hy van die melkerye verkry, word die produsente betaal en sy eie administratiewe koste godek. Die Melkraad vereis boonop nog 'n waarborg gelykstaande aan 14 dae se aankope van elke melkery as gedeeltelike sekuriteit vir die betaling van die bedrag wat die melkery die volgende maand aan die Melkraad moet betaal. As 'n melkery se maandelikse aankope byvoorbeeld R10,000 is, moet 'n waarborg vir R5,000 aan die Melkraad

verskaf word en elke maand se aankope moet voor die 17de van die volgende maand ten volle vereffen wees.

Die vier melkerye wat ondersoek is, is almal van mening dat daar nou heelwat administratiewe werk op die distribueerder se skouers gelaai word aangesien hy rekord moet hou van sy aankope en aan die einde van die maand 'n staat aan die Melkraad moet stuur wat sy transaksies vir die maand woergee. Hulle wys ook daarop dat die distribueerder se wins nou heelwat minder gaan wees as wat voorheen die geval was aangesien die prys waarteen die melk aangekoop word hoër as voorheen is. Of die produsent meer per gelling oor die algemeen ontvang, is 'n ope vraag alhoewel daar geen twyfel bestaan nie dat die prys wat hy nou ontvang meer konstant, dus stabiel, as voorheen is. Die Melkraad ontvang natuurlik 'n heffing wat onder andere sy administratiewe uitgawes moet dek en hierdie heffings is deur die distribueerder betaalbaar. Die gevolg van al hierdie faktore is, volgens hierdie melkerye, dat hulle nou nie meer kan bekostig om pryse te sny nie (verbruikerspryse dus te verminder) en dat hulle winspersentasies gevolglik ook aansienlik laer sal wees aangesien hulle nie hul verhoogde koste op die verbruiker kan afwentel wat die verbruikersprodukt teen vasgestelde pryse koop nie. In hoofstukke 4 en 5 sal gemerk word dat melkerye in elk geval

op 'n baie lae winspersentasie sake doen en ten einde dus onder toestande waar 'n melkskema in werking is, staande te bly, moet die omset noodwendig verhoog word, wat nie altyd so maklik is nie.

As die mening van die klein distribueerder oor die algemeen nou opgesom moet word, is die gevolgtrekking dat hulle van mening is dat hulle nie die mees begunstigdes onder hierdie wet is nie aangesien die Bemerkingswet opgestel is met die primêre doel om die produsent en verbruiker te bevoordeel. Ekonomiese skommelings as gevolg van depressies, surplusse en tekorte word egter tot 'n groot mate tot almal se voordeel uitgeskakel.

b) DIE WET OP FABRIEKE, MASJINERIE EN BOUWERK. (Wet No. 22 van 1941, soos gewysig)

i) BEPALINGS VAN DIE WET OP FABRIEKE, MASJINERIE EN BOUWERK. Hierdie wet wat kortliks die Fabriekswet genoem word, het hoofsaaklik ten doel -

- a) die registrasie van en kontrole oor fabrieke;
- b) die beheer oor werksure en toestande in fabrieke;
- c) die toesig oor die gebruik van masjinerie;
- d) die voorsorg teen ongevalle aan bouwerkers; en
- e) enige aangeleentheid wat op bogenoemde betrekking het.

Die Fabriekswet word in ses hoofstukke ingedeel waarvan die eerste hoofstuk veral aan woordoms krywing en

bestuur gewy word. Artikel 3 van die wet omskryf onder andere 'n Fabriek as

enige perseel waarop iemand werk doen in verband met enige besigheid, onderneming of inrigting, of as werkgewer of inrigting, of as werkgewer of werknemer of leerling of inwoner in 'n inrigting, of andersins, in een of meer van die volgende bedrywighede -

- a) die maak van enige artikel of gedeelte van 'n artikel ;
- b) die verander, repareer, herstel, op sien, verf, verfsproei, politoer, afwerk, skoonmaak, kleur, was of opbreek van 'n artikel:"

Die omskrywing van 'n "fabriek" gaan dan voort deur " " spesifieke bedrywe by die definisie in te sluit, byvoorbeeld die sortering van enige artikel, kopieer perse, litografie, bevriesing, voortbrenging van elektrisiteit en dergelike meer. Sekere bedrywe weer word spesifiek uitgesluit, bv. 'n perseel waarop minder as drie persone werk doen soos hierbo omskryf behalwe as meganiese krag gebruik word.

'n Werkgewer word omskryf as

'n persoon wat in of in verband met 'n fabriek "iemand in diens het of aan iemand werk verskaf, of wat so iemand toelaat om hom op enige wyse hoegenaamd te help om sy besigheid te drywe"

terwyl 'n werknemer 'n persoon is

- a) "wat in diens is by, of werk verrig vir 'n werkgewer in of in verband met 'n fabriek, behalwe iemand uitsluitlik in diens as handelsreisiger, opsigter of wagter, of vir die aflewering van goedere of as bode; of

- b) wat op enige ander wyse hoegenaamd in of naby 'n fabriek 'n werkgewer help om die besigheid van fabriek te dryf."

Masjinerie is

- a) "'n lokomotief of 'n vasstaande of vervoerbare masjien, stoomketel of ander stoomapparaat; en b) 'n toestel of kombinasie van toestelle bestem vir die voortbrenging, ontvangs, opgaar, oorsending of omsetting van krag; maar sluit nie in nie i) masjinerie soos in die Mynen en Bedrijven Wet, 1911, omskryf, ii) huishoudelike toestelle in gebruik as sulks in privaat huise; of iii) voertuie behalwe stoomkragvoertuie."

Daar word ook voersiening gemaak vir die aanstelling van inspekteurs en hulle bevoegdhede word breedvoerig uiteengesit. Van werkgewers word vereis om 'n register te hou van elke werknemer soos deur Artikel 9 van die wet voorgeskryf, dit vir drie jaar te hou en op versoek aan 'n inspekteur voor te lê. Ook moet 'n fabrieksregister na registrasie van 'n fabriek deur die inspekteur aan die betrokke eienaar van die fabriek uitgereik word. Die register moet op 'n veilige plek bewaar word.

In hoofstuk 2 wat oor die registrasie en beheer van fabrieke handel, val die klem veral op die registrasie van 'n fabriek en die voorlegging van 'n sketstekening van die fabrieksperseel. Die metodes wat by registrasie gevolg moet word, word volledig uiteengesit asook die inspekteur se pligte en prosedures wanneer 'n

perseel vir gebruik as fabriek ongeskik raak.

Die volgende hoofstuk behandel werksure, vakansiedae en diens in fabriek. Die aantal ure wat 'n werknemer mag werk, die posisie met betrekking tot oortydwerk en -betaling, diens op Sondag en vakansiedae en verlofaangeleenthede word in hierdie hoofstuk volledig uiteengesit. Die belangrikste punte in hierdie verband is dat 'n werknemer onder gewone omstandighede nie meer as ses-en-veertig gewone werksure in een week mag werk of agt uur op een dag nie. Bepalings met betrekking tot die ure wat 'n vrou mag werk, word ook neergelê.

Wat oortydwerk betref, mag 'n manlike werknemer nie meer as tien uur in een week oortyd werk nie behalwe met die skriftelike toestemming van 'n inspekteur en 'n vroulike werknemer mag nie meer as twee uur op een dag oortyd werk nie en sy mag ook nie vir meer as drie agtereenvolgende dae oortyddiens verrig nie. Oortydbetaling aan 'n werknemer moet geskied teen minstens een-en-een-derde maal sy gewone loonskaal en oortyd wat op 'n Sondag verrig is, moet vergoed word teen óf tweemaal die gewone tarief óf een-en-een-derde maal die gewone tarief plus een vakansiedag, binne sewe dae na die Sondag met besoldiging teen die gewone tarief.

Sekere persone word ook verbied om in 'n fabriek te werk byvoorbeeld persone onder die ouderdom van 15 jaar en vrouens gedurende sekere tye voor en na bevallings. In hoofstuk 4 wat oor masjinerie en ongevallen handel, is die belangrikste aspekte dat 'n werkgewer 'n ongeval moet rapporteer wat 'n werknemer in die loop van sy diens opdoen en sodanige ongeval die gevolg het of sodanige beserings dat die werknemer waarskynlik nie in staat sal wees om vir 'n tydperk van minstens veertien dae sy volle loon te verdien nie. Wanneer 'n inspekteur so 'n verslag ontvang, sal hy die betrokke ongeluk ondersoek of laat ondersoek.

Hoofstuk 5 behandel die metodes van voorsorg teen ongevallen aan bouwerkers. Hierdie hoofstuk wat op bouwerkers betrekking het, handel hoofsaaklik oor die veiligheid van hierdie soort werknemer. Die belangrikste bepalings gaan oor stellasieuitrusting wat gebruik moet word, (Art. 35 en 36), die bevoegdheid van inspekteurs (Art. 37) en misdrywe deur werkgewers kragtens hierdie hoofstuk (Art. 38).

Die laaste hoofstuk gaan oor prosedure en diverse. Hierdie hoofstuk bevat bepalings aangaande appéle teen beslissings van inspekteurs (Art. 42), die verbod op die aftrekking van koste van die loon van 'n werk-

nemer (Art. 46); misdrywe in verband met veiligheids-toestelle (Art. 47); strafbepalings (Art. 49), en die mag aan die staatshoof om Regulasies kragtens die wet uit te vaardig (Art. 51).

Verskeie regulasies is al kragtens Artikel 51 van die hoofwet bekendgemaak en in n hele aantal Goewerments-kennisgewings in Staatskoerante gepubliseer. Hierdie regulasies wat sekere aspekte waarvoor in die wet voorsiening gemaak word in fynere besonderhede uiteensit, handel oor verskeie aangeleenthede en die belangrikste hiervan kan kortliks soos volg opgesom word:-

a) Administrasie:-

- i) Registrasie van fabriek.
- ii) Hou van aantekeninge (rekords)
- iii) Appéle aan die Minister.
- iv) Ongelukke.
- v) Indiening van State.

b) Gesondheid en Welsyn:-

- i) Vloeroppervlakte en Ventilasies.
- ii) Verligting.
- iii) Saniteitsgeriewe.
- iv) Wasgeriewe.
- v) Sindelikheid.
- vi) Beskermende klere en toestelle.
- vii) Kleedkamers.
- viii) Rus- en eetkamers.
- ix) Verskaffing van sitplekke.
- x) Eerste-hulp.
- xi) Voorsorg teen brand en oorstromings.
- xii) Welsyn.

c) Masjinerie:-

- i) Verantwoordelike Persone en Working van Masjinerie.
- ii) Geen toegang vir Ongemagtigde Persone.
- iii) Toestand van Veiligheidstoestelle en Masjinerie.
- iv) Pligte van Gebruikers.
- v) Verligting van Masjinerie.
- vi) Aansit en Stopsit van Masjinerie.
- vii) Herstel en Olie van Masjinerie.
- viii) Oop ruimte en toestand van Vloere.
- ix) Gevaarlike plokke.
- x) Sirkel- en ander sae.
- xi) Ander algemene veiligheidsmaatreëls.
- xii) Opwekking, omsetting, verspreiding en gebruik van elektriese krag.
- xiii) Stoomketels, veiligheidsmaatreëls ens.
- xiv) Hysers.

Uit die voorafgaande is dit nou duidelik dat hierdie lywige wet hoofsaaklik die klem laat val op die reël-ling van werктоostande en veiligheid in ons Suid-Afrikaanse fabrieksnwyerheid en dat die Staatspresident die magtiging het om te oniger tyd gewysigde regulasies af te kondig wanneer dit nodig sou word.

ii) REAKSIE VAN DIE ONDERNEMINGS OP DIE WET OP FABRIEKE, MASJINERIE EN BOUWERK. Al 12 die onder-nemings op wie hierdie wet van toepassing is, is dit eens dat die wet 'n noodsaaklikheid in die Suid-Afrikaanse fabriekswese is en dat dit ordelikheid skep. Dit beskerm die werknemers teen uitbuiting deur sekere werkgewers wat altyd die maksimum wins probeer maak ten koste van hulle werknemers. Dit skep ook goeie stan-daarde in die fabriekswese deur die registrasie van

fabrieke en aanverwante bedrywe, die toesig wat deur die inspekteurs gehou word en die verskillende interne reëlings soos werksure en beveiliging van die werknemer.

Van die 12 ondernemings is daar egter twee wat onlangs hulle fabrieke vergroot het en albei het die opmerking gemaak dat wanneer die hele aangeleentheid eers afgehandel en goedgekeur is, gaan dit goed, maar die probleem lê daarin om alles eers kragtens die Fabriekswet in orde te kry. Hulle is van mening dat die inspekteurs soms baie onredelik kan wees oor nie-tige aangeleenthede. In die een geval is die onderneming belet om met produksie aan te gaan alvorens 'n addisionele latrine vir die nie-blanke werkers voltooi is. Op daardie stadium was daar een latrine in gebruik vir die 14 nie-blanke werknemers, maar met die uitbreiding het die nie-blanke werknemers se getal verhoog tot 19 en die bepaling van die Fabriekswet is dat daar een latrine vir elke 15 werknemers moet wees. In die ander geval is 'n addisionele fabriekgebou en hierdie onderneming het weer bouprobleme ondervind aangesien die bepaling van die Fabriekswet in sekere opsigte blykbaar nie ooreengestem het met die plaaslike regulasies nie.

Die grootste probleem wat die bepaling van die

Fabriekswet blykbaar vir die onderneming meebring, is die beperkings wat op werksure gelê word. Soos gesien is, word die aantal ure wat 'n werknemer per week mag werk, neergelê asook die aantal ure wat hy per week en per jaar oortyd mag werk. Om oortyd te mag werk, moet goedkeuring verkry word, maar dis nie die probleem solank daar nog oortydure vir die betrokke werknemer beskikbaar is nie. Die probleem ontstaan wanneer 'n sekere werknemer sy gewone en oortydure vir 'n week reeds gebruik het en die betrokke taak waarmee hy besig is, is nog nie voltooi nie en dit moet dringend afgehandel word. Veral die ondernemings wat onder andere elektriese bedrading onderneem, het heelwat moeilikhede in hierdie verband. Teen Saterdag is die gewone en oortydure van al die gekwalifiseerde werknemers gewoonlik opgebruik en nou raak die elektriese kragtoevoer van 'n huis buite werking en moet herstel word. Magtiging om dit te gaan doen, kan natuurlik nie verkry word nie en die betrokke herstelwerk moet sonder goedkeuring uitgevoer word. Die probleem is gewoonlik groter in die geval van 'n boer of 'n melkery of slaghuis wie se verkoelingstelsel gedurende die naweek onklaar raak. Om hierdie apparaat herstel te kry en dit moet dadelik gedoen word anders bederf die varsprodukte daarin, neem dikwels 'n geruime tyd in beslag en lei soms tot

onplesierighede en selfs aansienlike boetes wat opgelê word.

Uit die voorafgaande blyk dit dat hierdie wet, afgesien van die onkole knelpunte wat bestaan, na die mening van die ondernemings 'n baie gewenste wet is wat veel tot die welsyn van werkgewer en werknemer bydra.

c) DIE WET OP WINKELS EN KANTORE (NO. 75 Van 1964)

i) BEPALINGS VAN DIE WET OP WINKELS EN KANTORE. Die Wet op Winkels en Kantore het op 1 Januarie 1965 in werking getree en raak 'n baie groot deel van alle kantoorwerkers in die land. Hierdie wet vervang die vorige wet op Winkels en Kantore van 1939 (Wet No. 41 van 1939) wat hoofsaaklik net op winkels van toepassing was. Die nuwe wet maak ook voorsiening vir vrystelling van sekere bepalinge van die wet aan sekere persone of klasse van persone wat deur die Minister van Arbeid gemagtig moet word. Op sekere persone is die wet egter glad nie van toepassing nie. So word persone wie se gereelde jaarlikse inkomste, uitgesonderd enige onderhouds- of vervoertoelae, nie minder is nie as R1,920 in gebied A, R1,800 in gebied B en R1,680 in gebied C, nie deur die wet geraak nie. Die landdrosdistrikte van Vereeniging en Vanderbijlpark ressorteer onder gebied A en dié van Sasolburg

onder gebied B.

Die aantal werksure en oortyd wat 'n werknemer mag werk, word in die wet breedvoerig uiteengesit. Geen werknemer op wie die wet van toepassing is, mag meer as ses-en-veertig uur in enige week werk nie, en geen los werker mag meer as agt-en-'n-half uur op enige dag werk nie. 'n Los werker is iemand wat hoogstens drie dae in 'n week by dieselfde werkgewer in diens is. Die wet maak verder voorsiening dat geen werknemer wat 'n vyf-dag-week werk meer as $9\frac{1}{2}$ uur per dag en ander werkers (behalwe los werkers) meer as 8 uur per dag mag werk nie.

Daar is verder nog verskeie ander bepalings met betrekking tot vroulike werknemers, voor en na welke ure in die dag hulle nie mag werk nie, en wat die posisie is indien hulle jonger as agtien jaar is.

Wat oortydwerk betref, word daar onderskeid gemaak tussen ondernemings wat (a) hoofsaaklik gemoeid is met die versending, ontvangs of aflewering van goedere, (b) winkels en kantore en c) ander ondernemings. In die geval van a) mag werknemers nie meer as ses uur per week of drie uur per dag oortyd werk nie en in die geval b) geld dieselfde klousule behalwe dat daar 'n maksimum van dertig uur per jaar

bestaan. In geval c) is 100 uur die maksimum oortyd wat per jaar toegelaat word.

'n Werknemer is geregtig op verlof van minstens veertien agtereenvolgende dae met volle besoldiging na elke twaalf maande diens wat hy gelewer het. Daar is verder ook nog verskeie bepalinge met betrekking tot die tyd wanneer hierdie verlof geneem moet word, wat die posisie is indien daar openbare vakansiedae gedurende die verloftydperk voorkom en wanneer betaling ten opsigte van sodanige verloftydperk moet geskied. Wat verlobbetaling by diensbeëindiging betref, moet 'n werknemer wat op veertien dae verlof per jaar geregtig is ten opsigte van elke voltooidde maand van diens 'n bedrag gelykstaande aan een-sesde van sy loon vir een week ontvang.

Die belangrikste bepalinge met betrekking tot siekteverlof is dat 'n werknemer met 'n vyfdagwerkswaek geregtig is op minstens dertig werksdae siekteverlof en alle ander werknemers op minstens ses-en-dertig werksdae gedurende enige tydperk van ses-en-dertig agtereenvolgende maande van diens.

Die wet bepaal dat 'n werkgewer 'n werknemer wat oortyd werk minstens een-en-een derde maal sy gewone loon per uur moet betaal. Daarbenewens mag

geen werkgewer van 'n werknemer vereis of hom toelaat om op enige Sondag werk te verrig in 'n winkel behalwe in noodgevalle wanneer 'n werknemer vir hoogstens vier uur per Sondag mag werk teen sy normale loon en indien hy vir langer as vier uur werk, moet hy teen dubbel sy loonskaal vergoed word vir die hele tydperk wat hy op die Sondag in diens was. Daar is ook bepalinge in die wet met betrekking tot verlof op openbare vakansiedae, wanneer en hoedanig gewerk mag word en die vergoedings wat in sodanige gevalle betaal moet word.

Behalwe die vereistes wat die wet op werkgewers lê met betrekking tot die diensure, verlof en betalings aan werknemers, is daar nog ander verpligtings van werkgewers wat nagekom moet word.

- a) Sitplekke:- Elke werkgewer moet op aangewese plekke in sy winkel of kantoor minstens een sitplek aanbring vir elke drie of minder vroue, twee vir meer as drie vroue, maar nie meer as ses nie ens, en hy moet elke sodanige vrou toelaat om te alle redelike tye van sodanige sitplekke gebruik te maak.
- b) Rekords hou:- Werkgewers moet sekere rekords hou van werknemers in diens veral met betrekking tot lone en oortydbetalings. Die werknemers moet

ook sekere rekords hou wat veral gaan oor die tye van wanneer tot wanneer elke dag gewerk is en die totale ure per dag gewerk.

- c) Vertoning van wet:- Werkgewers moet sorgdra dat daar op 'n opvallende plek of op 'n plek wat 'n inspekteur mag aanwys 'n kennisgewing in die voorgeskrewe vorm in albei amptelike tale opgeplak is wat sekere uittreksels uit die wet soos voorgeskryf, bevat. Ook moet 'n afskrif van die wet op die perseel vir bestudering deur die werknemers beskikbaar gehou word.

Uit die voorafgaande blyk dit dat die wet hoofsaaklik toegespits is op die reëling van werksure en lone van werknemers en dat daar nie in hierdie geval so baie aangelenthede op die werkgewer as sodanig betrekking het soos die geval is in sommige van die ander wette wat ondersoek is nie.

ii) REAKSIE VAN DIE ONDERNEMINGS OP DIE WET OP

WINKELS EN KANTORE. Die reaksie van die 15 ondernemings op wie hierdie wet van toepassing is, stem in baie opsigte ooreen met die reaksie op die Fabriekswet.

Met enkele uitsonderings ook in die menings oor die kwessie van oortyd, stem almal saam dat die wet 'n

goeie uitwerking het veral aangesien dit die werkge-
wer wat gedurig daarop uit is om sy werknemers uit te
buit, aan bande lê. Oor die algemeen, behalwe vir
die vier ondernemings na wie hierbo verwys is, bestaan
daar nie enige noemenswaardige probleme nie.

Die vier ondernemings wat wel klagtes gehad het, het
ook probleme met die oortydbeperkings wat die wet op-
lê. Twee van hierdie ondernemings vind dat hulle
werknemers wat goedere wat verkoop is by die kopers
moet aflewer, moedswillig hulle tyd op hulle rondes
verspeel sodat hulle nie die goedere wat hulle moet
aflewer gedurende die normale winkelure afgelower
ken kry nie. Hulle moet dan oortyd betaal word vir
die surplus tyd wat hulle diens doen.

Die ander twee ondernemings het gewoonlik weer 'n
probleem wanneer hulle 'n modeparade hou. Die mode-
parade word saens gehou en 'n maksimum van drie uur
oortyd per dag word toegelaat. In die praktyk gebeur
dit nou so dat heelwat voorbereiding vir die parade
moet plaasvind, die parade self neem die beste deel
van die aand in beslag en daarna moet opgeruim word
en die goedere moet na die winkel terug geneem word.
Die ure wat sekere werknemers op daardie besondere
dag dus werk, is dan gewoonlik aansienlik meer as
wat die wet vir normale plus oortyd toelaat.

Uit die voorafgaande blyk dit dat die ondernemings behalwe vir die enkele probleme met betrekking tot oortydaengeleentheid, 'n heel gunstige beskouing van die wet daarop nahou.

d) DIE MAATSKAPPYWET (Wet no. 46 van 1926, soos gewysig)

i) BEPALINGS VAN DIE MAATSKAPPYWET.

Kragtens Artikel 229 van die Maatskappywet beteken 'n maatskappy

"'n Beperkte of onbeperkte Maatskappy wat ingevolge Hoofstuk 1 van hierdie wet geïnkorporeer en geregistreer is!"

'n Beperkte maatskappy word verder omskryf as

"'n Maatskappy beperk deur aandele of beperk deur garansie soos omskryf in artikel 5."

Artikel 5 van die wet bepaal dat

"Enige sewe of meer persone (of, wanneer die op te rigte maatskappy 'n privaat maatskappy sal wees, enige twee of meer persone), verenig vir 'n wettige doel, mag, deur ondertekening van 'n akte van oprigting en deur verder te voldoen aan die vereistes van hierdie Wet met betrekking tot registrasie, 'n geïnkorporeerde maatskappy oprig, met of sonder beperkte aanspreeklikheid."

en Artikel 104 van die Wet beskryf 'n "Private Maatskappy" as 'n maatskappy wat deur sy statute

- a) Die reg van oordrag van sy aandele beperk; en
- b) sy ledetal (met uitsondering van persone wat in diens van die Maatskappy is, en van persone wat vroeër in diens van die maatskappy was en gedurende sulke dienstylde lede van die maatskappy

- was en na beëindiging van hulle diens lede gebly het) tot vyftig beperk; en
- c) belet dat die publiek uitgenodig word om op enige aandele of obligasies van die maatskappy in te skrywe.

Ten einde 'n onderneming as 'n maatskappy geregistreer te kry, moet daar eerstens 'n Akte van Oprigting en Statute vir so 'n Maatskappy opgestel en geregistreer word. Dit geskied kragtens Artikel 17 van die Wet.

Die besonderhede wat hierin vervat moet word, word in Artikel 6 van die wet uiteengesit en is:-

- a) die naam van die Maatskappy en dat dit „Beperk“ of „(Eiendoms) Beperk“ as die laaste woord van die naam moet insluit;
- b) die doeleindes van die maatskappy;
- c) dat die aanspreeklikheid van die lede beperk is; en
- d) wat die aandelokapitaal is waarmee die maatskappy geregistreer sal word.

By registrasie moet benewens die Akte van Oprigting ook die Statute opgestel en vir registrasie ingedien word. Die Statute bepaal in hoofsaak die interne aangeleenthede en regulasies vir die Maatskappy soos bv. dit bepaal die aanstelling van direkteure en hulle magte, hoe vergaderings gehou word, aanstelling van ouditeurs, hoe rekenings gehou moet word, die leningsmagte van die maatskappy en derge-

like aangeleenthede.

Dit is natuurlik nie moontlik om in die bestek van hierdie verhandeling die bepalings van die Maatskappywet breedvoerig te bespreek nie, intesendeel, dit is nie eers moontlik om die bepalings van hierdie lywige wet in kort te bespreek nie. Daar sal derhalwe slegs gewys word op daardie artikels en bepalings van hierdie wet wat die finansiële aangeleenthede van die maatskappy die meeste beïnvloed, met ander woorde, daar sal hoofsaaklik gelet word op die Artikels van die wet wat in hoofsaak vir die betrokke onderneming geld kos, en daarbenewens sal ook hoofsaaklik gelet word op daardie artikels wat betrekking het, of wat veral betrekking het op die ondernemings in die gebied wat ondersoek word. Die wet maak bv. voorsiening vir die likwidasië van maatskappye, bepaal wat die prosedures by geregtelike bestuur is en al dergelyke aangeleenthede, maar hierdie bepalings sal vir hierdie doel buite rekening gelaat word.

Die koste wat op hierdie wyse aangegeen is by die registrasie van 'n maatskappy word voorlopige koste genoem en is in terme van die inkomstebelastingwet nie 'n toelaatbare uitgawe teen inkomstes nie, d.w.s. dit is nie 'n uitgawe wat van toekomstige winste afgetrek kan word voordat belasting betaal word nie.

Dit is interessant om daarop te let dat daar by registrasie 'n $\frac{1}{2}\%$ belasting betaal moet word op die ingeskrewe kapitaal van die maatskappy, dat die Akte van Oprigting en Statute in drievoud ingedien moet word en dat die twee afskrifte as ware afskrifte deur 'n notaris publiek gesertifiseer moet word. Die minimum bedrag wat 'n prokureur mag vra vir die indiening van bv. 'n privaat maatskappy se dokumente is R63. Die totale koste verbonde aan die registrasie van 'n privaat maatskappy met 'n geringe ingeskrewe kapitaal bedra gevolglik ongeveer R100 en dié van 'n publieke maatskappy ongeveer R300.

Nadat 'n maatskappy geregistreer is, dus nadat die Akte van Oprigting en Statute opgestel is en vir registrasie by die Registrateur van Maatskappye in Pretoria ingedien is en nadat die Registrateur die betrokke dokumente ondersoek en in orde gevind het en 'n Sertifikaat van Inkorporasie uitgereik het, mag die maatskappy met besigheid begin. Heelwat sekretariële aangeleenthede of statutêre verpligtings moet nou aandag geniet. Hierdie aangeleenthede is byvoorbeeld dat kennis van die geregistreerde adres aan die Registrateur van Maatskappye gegee moet word. Dit geskied by wyse van die indiening van 'n Vorm E met die nodige inkomstescëls daarop, indien dit nie reeds saam met die registrasie-

dokumente ingedien is nie.

Daarbenewens moet daar ook 'n Vorm J ingedien word, ook aan die Registrateur van Maatskappye, ook met die nodige inkomsteseëls daarop, wat weer die name van die direkteure, bestuurders en sekretaris moet aangee. Benewens hierdie vorms moet daar onder andere ook kennis aan die Registrateur van Maatskappye gegee word van wie as ouditeurs aangestel is en daar moet ook die nodige statutêre boeke soos vereis deur die wet aangelê word. Hierdie dokumente behels onder andere die aanlê van 'n aandeloregister en die uitreiking van aandeelsertifikate met die nodige seëls daarop en dergelike meer. Die seëlregte wat op aandeelsertifikate betaalbaar is, bedra 'n $\frac{1}{4}\%$ d.w.s. 50c vir elke R200 of gedeelte daarvan. Dit beteken dus dat ten opsigte van 'n maatskappy wat geregistreer is en nadat die aandeelsertifikate uitgereik is, daar in totaal 'n $\frac{1}{2}\%$ as belasting betaal is op sodanige uitgereikte aandelekapitaal. Artikel 89 van die Wet bepaal in besonder hoedanig aandeelsertifikate uitgereik moet word.

Uit die voorafgaande blyk dit derhalwe dat 'n onderneming wat as 'n maatskappy geregistreer is, onderhewig is aan heelwat statutêre verpligtinge, vorms wat ingedien moet word en gelde wat betaalbaar is

by verskillende geleenthede. Die volgende is 'n kort lys van vorms wat ingedien moet word:

<u>Vorm</u>	<u>Artikel van Wet</u>	<u>Inkomste- seëls betaalbaar</u>
A Akte van Oprigting van 'n Maatskappy Beperk deur aandele	6	-
B Akte van Oprigting en Statute van 'n Onbeperkte Maatskappy met Aandelekapitaal	7	-
C Jaarlikse Opgawe van 'n Maatskappy met 'n Aandelekapitaal	26	R1
C1 Jaarlikse Opgawe van 'n Maatskappy wat nie 'n Aandelekapitaal het nie	26	R1
D Kennisgewing van verandering van Maatskappy se naam	10	R2
E Kennisgewing van die plek waar die geregistreerde kantoor van die Maatskappy geleë is.	57	R1
F Wetlik voorgeskrewe verslag	60	R1
G Toestemming om op te tree as Direkteur	67	50c per Direkteur
H Lys van persone wat toegestem het om op te tree as direkteure	67	R1
I Verslag van 'n Maatskappy omtrent die bedrag of persentasie wat betaal is as kommissie-loon of volgens ooreenkoms betaal moet word t.o.v. aandele	86	R1
J Afskrif van die Maatskappy se register van Direkteure, Bestuurders en Sekretarisse, en van enige veranderings daarin	70	R1

	<u>Art. v. Wet.</u>	<u>Seëls</u>
Jl Dieselfde as vorm J, maar t.o.v. buitelandse maatskappye	201	R1
K Beëdigde verklaring (m.b.t. aandele ens.)	84	R1
L Opgawe van Toekennings van Aandele	85	R1
M Kennisgewing van Vermeerdering van die Nominale Kapitaal	39	R1
N tot Q Almal het betrekking op die likwidasië van n Maatskappy		-
R Reservering van Naam van n Maatskappy	10	25c

Dit blyk derhalwe dat behalwe vir die seëlregte of gelde wat betaalbaar is by die verskillende geleenthede soos hierbo aangedui, daar ook die nodige vorms aangekoop moet word, en dat dit ook heelwat arbeid verg ten einde te kan voldoen aan die indiening van hierdie vorms en die byhou van die statutêre boeke en dokumente van die maatskappy.

Artikel 90 van die Maatskappywet bespreek breedvoerig die jaarlikse state wat opgestel moet word vanaf die rekeningkundige boeke van die maatskappy. Hierdie boeke wat in een van die twee amptelike tale van Suid-Afrika gehou moet word, moet behoorlik aangelê en bygehou word en moet jaarliks geouditeer word. Jaarliks moet daar vanaf hierdie boeke n

Wins-en-Verliesrekening en 'n Balansstaat opgestel word vir voorlegging aan die aandeelhouers van die maatskappy op die jaarlikse algemene vergadering, wat eenkeer per jaar nie later as ses maende na die einde van die finansiële jaar gehou moet word nie. Heelwat inligting moet spesifiek op hierdie Wins-en-Verliesrekening en Balansstaat aangetoon word. Al hierdie aangeleenthede word in die Agste Bylae van die Wet duidelik uiteengesit. Ons kan slegs enkele hiervan by wyse van verduideliking noem. Die Balansstaat moet byvoorbeeld aantoon wat die ingeskrewe aandelekapitaal van die maatskappy is, wat die uitgegewe aandelekapitaal is, die reserwes, bewilligings en skulde; vaste en bedryfsbates moet ingedeel word onder hoofde wat geskik is vir die maatskappy se besigheid; voorlopige koste, koste i.v.m. uitgifte van aandelekapitaal of obligasies, ens., moet sover dit nie afgeskryf is nie, onder afsonderlike hoofde aangegee word; vaste bates moet onderskei word van bedryfsbates; kapitaalreserwes en inkomstereserwes moet apart getoon word, ens. Dit is slegs enkele aspekte wat vereis word om op die Balansstaat aangetoon te word. Net so word daar voorgeskryf welke aangeleenthede spesifiek op die Wins-en Verliesrekening aangetoon moet word.

Daar moet bv. afsonderlik aangegee word wat die winste of verliese op aandele-transaksies is, die totale bedrag van betaalde en voorgestelde diwidende, voorsienings vir waardevermindering, rente en ander vergoeding betaal op geleende geld, en dergelike meer.

Die maatskappywet skryf dus tot 'n groot mate voor hoe die jaarlikse Wins-en Verliesrekening en Balansstaat opgestel moet word. Hierdie state moet geouditeer word en die vergoeding van die ouditeur moet deur die Maatskappy betaal word. Die aangeleenthede sover dit die ouditeur aangaan word breedvoerig in Artikels 98 en 99 van die Maatskappywet uiteengesit. Daar word onder andere bepaal hoe die ouditeur aangestel, besoldig en ontslaan word en wat sy pligte en magte is. Een van sy belangrikste pligte is om aan die aandeelhouders verslag te doen oor die finansiële aangeleenthede van die Maatskappy soos hy dit gevind het vir die tydperk, gewoonlik 'n jaar, wat hy geouditeer het. Hierdie verslag moet deur die direkteure van die maatskappy aan die aandeelhouders besorg word, tesame met hulle eie verslag genoem die Direkteursverslag, om op die jaarlikse algemene vergadering oorweeg te word.

Dit is dus duidelik dat ten einde te kan voldoen aan die vereistes soos deur die wet neergelê, daar

behoorlike rekeningkundige boeke deur die maatskappy in stand gehou moet word en dat hierdie boeke jaarliks op die maatskappy se koste geouditeer moet word.

Wat vergaderings betref, is daar verskeie soorte vergaderings wat deur n maatskappy gehou moet word.

Behalwe die jaarlikse algemene vergadering, waarna reeds verwys is, hou direkteure ook van tyd tot tyd direkteursvergaderings, en kan daar ook buitengewone algemene vergaderings op versoek van die lede gehou word. Van alle vergaderings, wat ook al die aard daarvan mag wees, moet notule gehou word. Daar is ook hoofsaaklik gewone of spesiale besluite. Wanneer n spesiale besluit geneem is op die wyse wat deur die wet voorgeskryf is, moet die Registrateur van Maatskappye dadelik daarvan in kennis gestel word. Spesiale besluite word onder andere geneem wanneer n maatskappy se naam verander word (Art. 11), wanneer die kapitaal van die maatskappy verander en dergelike meer. Ten einde te voldoen aan al die vereistes, moet daar sekere vorms ingedien word met die nodige seëls daarop. Die voorbereiding van hierdie vorms verg natuurlik ook heelwat arbeid.

Die Maatskappyywet maak ook voorsiening vir boetes waar daar oortredings van die verskillende artikels

begaan word. Hierdie boetes strek van 'n geringe bedrag tot soveel as een duisend rand plus tronkstraf. So is daar bv. boetes van 50c vir die laat indiening van vorms, tot 'n boete van bv. 2 jaar of R1,000 of 2 jaar sonder keuse van 'n boete vir 'n direkteur of 'n persoon wat deelneem in bestuurs-hoedanigheid terwyl hy gediskwalifiseer is as 'n direkteur.

Uit al die voorafgaande is dit nou duidelik dat daar vir enige onderneming wat as 'n maatskappy geregistreer is, benewens die voordele wat daaruit mag voortvloei, ook heelwat onkoste aan verbonde is ten einde te kan voldoen aan die bepalings soos deur hierdie wet neergelê is.

ii) REAKSIE VAN DIE ONDERNEMINGS OP DIE MAATSKAPPYWET. Die maatskappywet is een van die wette waaroor daar die minste "klagtes" van die ondernemings is. Moontlik moet die rede hiervoor gesoek word in die feit dat dit nie verpligtend vir 'n onderneming is om as 'n maatskappy te registreer nie en hy hom gevolglik voor registrasie wat vrywillig is, instel op die koste wat daaraan verbonde is en die probleme waarmee 'n maatskappy gewoonlik gemoeid is. Gewoonlik weeg die ondernemer wat voornemens is om sy onderneming as 'n maatskappy te

registreer eers die voor- en nadele teen mekaar op en as hy dan ten gunste van registrasie besluit, is die koste en nadele van minder belang.

Van die ses-en-twintig ondernemings wat as maatskappye geregistreer is, is daar nie een wat kla oor die finansiële boeke wat kragtens die wet gehou moet word en die ouditering daarvan nie. Hulle wys almal daarop dat indien hulle nie as 'n maatskappy geregistreer was nie, finansiële boeke ook gehou moes word, die enigste bykomstigheid onder die wet is dat die boeke nou geouditeer moet word wat na alle waarskynlikheid tot gevolg het dat die finansiële boeke van die onderneming in 'n beter toestand gehou word as wat dit andersins die geval sou wees. Die ouditering van die boeke is natuurlik 'n bykomstige uitgawe vir die onderneming, maar nou gebeur dit met die klein onderneming so dat die ouditeur dikwels ook 'n gedeelte van die rekeningkundige werk waarneem wat andersins deur iemand anders gedoen sou moes word. Ook is hy gewoonlik raadgewer met betrekking tot finansiële probleme en inkomstebelastingaangeleenthede met die gevolg dat die onderneming wat as maatskappy geregistreer is, een persoon of firma het wat hom met hierdie sake bystaan terwyl die privaat individue of vennootskappe dikwels sonder hierdie dienste moet klaarkom of hulle na verskillende

outoriteite moet wend om advies te bekom.

Die belastingvoordele wat te behaal is uit die feit dat 'n onderneming as 'n maatskappy geregistreer is, word ook deur verskeie ondernemings genoem. Die volgende voorbeeld sal die beginsel duidelik stel. Gestel onderneming A is 'n eenmansaak en het 'n netto belasbare wins van R10,000 vir die jaar wat op 28 Februarie 1966 eindig. As veronderstel word dat die eienaar getroud is, twee kinders het en in Transvaal woonagtig is, sal hy op die R10,000 teen die huidige belastingkoers R2,352 moet betaal. As sy onderneming as 'n maatskappy geregistreer is, sou hy 'n deel van die R10,000 as direkteursvergoeding of salaris geneem het. As verder veronderstel word dat hy R6,000 op hierdie manier geneem het, sal sy persoonlike belasting op die R6,000 'n bedrag van R629 bedra terwyl die maatskappy op die oorblywende R4,000 'n bedrag van R1,260 sal moet betaal. In totaal moet hy en die maatskappy dan R1,889 betaal wat 'n besparing van R463 verteenwoordig op sy betaling op R10,000 as 'n individu. Hierdie toestand kom natuurlik nie voor wanneer 'n onderneming nie 'n groot wins het nie, bv. R5,000, aangesien die koers waarteen die individu op klein belasbare inkomstes belasting moet betaal laer is

as die 31.5c in die rand wat maatskappye moet betaal.

Van die 26 ondernemings wat as maatskappye geregistreer is, het slegs een 'n voltydse sekretaris.

Die pligte van die sekretaris sluit onder andere in die nakoming van al die formaliteite wat die wet vereis, bv. die indiening van sekere vorms op sekere tye, die opstel van notules van vergaderings wat gehou en besluite wat geneem is en toesig oor die statutêre boeke wat in orde gehou moet word. Die ondernemings wat nie 'n voltydse sekretaris het nie moet in elk geval nog aan hierdie vereistes voldoen. Die gevolg is dat party van hulle hierdie pligte aan hulle ouditeurs of rekenmeesters oordra, maar sommige doen dit self wat dikwels tot gevolg het dat hierdie werk verwaarloos word.

'n Paar van die direkteure het gekla dat hulle as direkteure van hulle maatskappye hulle ook in hulle persoonlike hoedanigheid by die finansiële instellings soos die banke en finansieringsmaatskappye moet bind as sekuriteit saam met die maatskappy indien daar van bankfasiliteite of van die fasiliteite van 'n finansieringsonderneming gebruik gemaak word. Hierdie vereiste word natuurlik deur die betrokke kredietverskaffers gestel ten einde hulself te beveilig teen moontlike latere verliese. Dit sluit

eintlik aan by 'n ander klagte van sommige van die direkteure van hierdie maatskappye. Die klagte, of eintlik misnoeë, gaan oor die feit dat 'n maatskappy so maklik insolvent kan gaan en dat daar dan gewoonlik 'n hele aantal krediteure is wat die gelag moet betaal. Die direkteure van die maatskappy wat insolvent gaan, is natuurlik nie persoonlik vir die vereffening van die krediteurerekeninge verantwoordelik nie tensy hulle betaling daarvan persoonlik gewaarborg het. Eintlik kom dit daarop neer dat die beskerming wat die maatskappy sy lede bied wat gewoonlik ook die direkteure is, in sommige gevalle deur gewetenlose persone uitgebuit word. So 'n posisie ontstaan waar die direkteur sy maatskappy se verpligtinge teenoor die krediteure al meer en meer nie nakom nie en homself intussen verryk op 'n wyse wat gewoonlik nie bewys kan word nie en daarna die maatskappy insolvent laat gaan. Krediteurerekenings is gewoonlik nie persoonlik verseker soos dit byvoorbeeld die geval met die bank is nie. Waar die maatskappy dan insolvent gaan, is dit die krediteure wat die spit afbyt en uiteindelik slegs 'n gedeelte van hulle geld terugkry.

Die eerlike sakeman voel dat hierdie 'n toestand is wat op een of ander wyse aan bande gelê behoort te word ter beskerming van die samelewing as geheel.

Te veel persone het hulle al op hierdie oneerlike, maar op die oog af wel wettige wyse, ten koste van andere verryk.

Samevattend blyk dit nou dat die maatskappywet 'n wet is wat uitstekend in die kapitalistiese stelsel inpas, maar dat die Suid-Afrikaanse Maatskappywet nog 'n paar skuiwergate het wat van owerheidsweë toegestop behoort te word.

AFDELING B

EMPIRIESE ANALISE

HOOFSTUK 4.

REKENINGKUNDIGE ANALISE.

1. INLEIDING.

In hoofstukke 5, 6 en 7 word n ontleding gegee van die koste wat die wette wat ontleed is op die ondersoekte ondernemings het. Ten einde tot n eenvormige benadering tot hierdie probleem te geraak, is dit allereers nodig om te bepaal wat ander skrywers, ekonome en statistici o.a. onder die verskillende terme verstaan, hoe hulle hul ontledings maak en waarop hulle gegewens gebaseer is en welke sienswyses hulle op hierdie probleme nahou. Terselfdertyd sal daar dan ook bepaal word presies hoe die verskillende aspekte benader sal word en welke betekenis daar aan die verskillende terme geheg word wat in hierdie en die volgende drie hoofstukke gebruik sal word. n Algemeen gebruikte term soos „netto wins” het byvoorbeeld nie vir al die persone dieselfde betekenis nie aangesien almal nie dieselfde soorte bokoste in berekening bring by die berekening van netto wins nie. Dieselfde geld ook vir ander terme. Daarom is dit nodig om te bepaal wat onder die verskillende terme ingesluit word, welke aanpassings gemaak is en waarom dit gedoen is.

2. SEKERE AANNAMES.

Skrywers, statistici, rekenmeesters en allerhande

organisasies en staatsdepartemente het deur die jare heen in al die belangrikste lande van die wêreld statistieke en gegewens van verskillende aard versamel, getabelleer en dan weer in een of ander vorm gepubliseer. Dink maar aan al die statistieke wat staatsdepartemente van verskillende regerings, die Verenigde Volke Organisasie en ander privaat instansies versamel en publiseer. Dan is daar ook nog die duisende jaarstate van sakeondernemings wat elke jaar, minstens vir belastingdoeleindes, in al die lande van die wêreld opgestel moet word. Die vraag wat nou ontstaan is hoe korrek is al hierdie verskillende gegewens wat uiteindelik aan die publiek beskikbaar gestel word? Hoe volledig is hulle en indien hulle onvolledig of misleidend is, tot welke mate is dit die geval? Om 'n eenvoudige voorbeeld te neem: die klein kruidenierswinkel op die hoek van die straat moet aan die einde van die jaar voorraad neem van sy onverkoopte goedere. Die beginsel is dat hy hierdie goedere, wat maar as korrek aanvaar sal word sover dit volume betref alhoewel dit onwaarskynlik is, teen kosprys of markwaarde moet waardecr, welke ookal die laagste is. Maar is die beginsel korrek en word dit deur almal nagevolg? En ken die eienaar die kosprys of „markwaarde" altyd wanneer hierdie taak uitgevoer word en volg al sy kol-

legas dieselfde beleid na? Dit is baie onwaarskynlik. Dit blyk dus dat hier n faktor is wat n onakku-
rate resultaat tot gevolg het. En die geval van die
voorraad is maar net een aspek sover dit die klein on-
dernemer betref, daar is nog baie ander faktore wat
dieselfde uitwerking kan hê en wat vir die klein onder-
nemer geld, geld sekerlik ook vir die groot onderneming
afgesien daarvan of die groot onderneming se rekening-
kundige sake gemeganiseerd is of nie en of sy state ge-
ouditeer word of nie. Van al hierdie gegewens wat van
verskillende sakeondernemings opgestel is, word nou weer
allerlei handelstatistieke saamgestel.

Daar is natuurlik al baie oor hierdie aangeleentheid ge-
skryf, maar dit is interessant om op n paar skrywers se
kommentaar te let. M.J. Moroney wys byvoorbeeld in sy
boek - Facts from Figures - bls. 35 et seq. daarop dat
gemiddeldes baie misleidend kan wees indien dit verkeerd
berekend word. Elke geval moet op sy eie meriete behan-
del word. A.C. Littleton en V.K. Zimmerman beweer weer
in hulle boek - Accounting Theory: Continuity and Change-
(Prentice Hall Inc. 1962) bls. 171:

even some of the financial statements certified by
professional accountants seemed misleading or in-
adequate concerning disclosures.

Hierdie twee Amerikaners kom dus tot die gevolgtrek-

king dat state wat selfs deur professionele rekenmeesters as korrek gesertifiseer is, nie altyd volledig is nie deurdadig sekere gegewens soms weggelaat is. En selfs A. Fitzgerald in sy werk - Analysis and Interpretation of Financial Statements - (Butterworths, Sydney 1963) wys op bls. 199 tot 209 op die versteurde resultate van sakeondernemings as gevolg van bedekte konserwatisme. Hierdie Australier sê op bls. 200 van sy werk:

The most common ways in which conservatism operates in the preparation of accounting statements are:

- (a) in the "valuation" of stock in hand;
- (b) in the "valuation" of book debts, through provisions for doubtful debts;
- (c) in the "valuation" of fixed assets, through provisions for depreciation; and
- (d) in the formation of judgment as to the amount of liabilities which cannot be determined with precision at balancing dates.

Hy wys voorts daarop (bls. 205) dat:

The "lower of cost or market" rule for the valuation of stocks is ambiguous and uncertain. Neither "market" nor "cost" has a universally accepted meaning. To some accountants "market" means selling price, to others, selling price after deducting selling expenses; to others, replacement price. Cost is capable of a variety of interpretations

Dit blyk derhalwe dat ook hierdie skrywer ernstige bedenkinge het aangaande die korrektheid van gegewens wat uiteindelik gepubliseer word. En selfs in Rusland gaan dit nie te voorbeeldig nie. R.W. Campbell

(- Accounting in Soviet Planning and Management - Harvard University Press, Cambridge, Massachusetts, 1963) wys verskeie kere daarop (op cit. bladsye 26, 46 en 165) dat rekenings in die Sowjetunie bewerk (padded) en vervals word ten einde die resultate te bereik wat die ekonome sê hulle moet bereik. Alhoewel rekeningkunde in daardie land tot 'n hoë mate eenvormig is (op cit. bls. 10), het elke onderneming 'n hoofboekhouer wie se verantwoordelikhede en funksies bepaal word in die 1947 Statute Concerning the Chief (Senior) Bookkeepers of State, Cooperative, and Public Institutions, Organisations and Enterprises (op Cit. bls. 184). Hy vervolg dat:

The chief bookkeeper of the Soviet enterprise has traditionally been the servant of the higher agency rather than of the enterprise director. Because of the strategic position which he occupies, with regard to the operations of the enterprise, he has been given the responsibility of serving as the "eye of the state" within the enterprise and of checking on the legality of the actions of the director and other officials.

Aangesien dit uit die voorafgaande nou duidelik is dat die probleem van onakkuraatheid van finansiële state in verskeie ander dele van die wêreld 'n belangrike bron van bespreking is, ontstaan die vraag tot welke mate daar peil getrek kan word op die finansiële state en gegewens van die 33 ondernemings wat ondersoek is. As finansiële state in alle dele van die wêreld onderhewig is aan verskillende faktore wat neig om die

korrektheid daarvan ongunstig te beïnvloed, sal dit seker verregaande wees om te aanvaar dat die state van die 33 ondersoekte ondernemings in hierdie verband onaanvegbaar is. Daar moet dan ook maar dadelik erken word, ook as gevolg van praktiese ervaring, dat die finansiële state in Suid-Afrika tot 'n groot mate aan dieselfde faktore onderhewig is as in ander lande en dat ook hier te lande state opgestel word wat nie in alle opsigte korrek is nie. Die vraag moet veel eerder gestel word of die state en gegewens wat vrygestel word sover moontlik 'n redelike en billike weergawe toon van die transaksies van die tydperk wat dit dek. As dit die geval is, is daar al ver gevorder. Dit is dan ook die rede waarom van die ouditeur in Suid-Afrika verwag word om 'n maatskappy se state as „waar en redelik" te sertifiseer. In die ontleding van die 33 ondernemings is hierdie faktor altyd in gedagte gehou en gevolglik is verskillende aanpassings gemaak ten einde sover moontlik by 'n redelike resultaat uit te kom vir elke onderneming. Buitensporige items is uitgeskakel, byvoorbeeld items wat nie elke jaar voorkom nie soos abnormale slegte skulde wat in een jaar afgeskryf is en in 'n aantal vorige jare ontstaan het, regs-koste wat aangegaan is en nie herhalend van aard is en dergelyke meer. Deur hierdie aanpassings te maak, kry 'n mens nie die resultaat dat 'n

onderneming in een besondere jaar moontlik 'n verlies op sy Wins- en Verliesrekening toon terwyl dit in werklikheid gedurende daardie betrokke jaar 'n wins gemaak het nie. In die volgende afdeling van hierdie hoofstuk sal hierdie aanpassings breedvoeriger bespreek word. Benewens die bogenoemde is die resultate van die verskillende ondernemings ook nog „geweeg” wanneer 'n gemiddelde persentasie vir 'n groep ondernemings bereken is. Deur van geweegde gemiddeldes gebruik te maak, kom 'n mens by 'n meer aanvaarbare gemiddelde uit. Die ondernemings wat volgens die ondersoek blykbaar goed bestuur is, het 'n groter faktor gekry as diegene wat swakker bestuur is en gevolglik swakker resultate gelewer het. Die volgende eenvoudige voorbeeld sal die aangeleentheid verduidelik. Veronderstel ondernemings A en B se omset, onkoste en netto wins is soos volg:

	A	B
Omset	R 200	R 100
Onkoste	<u>120</u>	<u>70</u>
Netto wins	R <u>80</u>	R <u>30</u>
Netto wins persentasie	40%	30%

Die rekenkundige gemiddelde netto winspersentasie is:

$$\text{Omset } R200 + 100 = R300$$

$$\text{Netto Wins } 80 + 30 = R110$$

$$\text{Persentasie is dus } 36.6\%$$

As nou veronderstel word dat A en B dieselfde produk verkoop en dit blyk dat A beter as B bestuur word kan daar miskien vir A en B elkeen 'n punt toegeken word, sê 10 vir A en 7 vir B. Die posisie is nou:

Omset: $R200 \times 10 + 100 \times 7 = R2,700$

Onkoste: $120 \times 10 + 70 \times 7 = \underline{1,690}$

Netto Wins $80 \times 10 + 30 \times 7 = \underline{\underline{R1,010}}$

Die geweegde gemiddelde netto winspersentasie is nou 37.4% wat nader aan die goedbestuurde onderneming se persentasie is as die rekenkundige gemiddelde van 36.6%.

3. PERSENTASIES, VERHOUDINGS EN ANALISE VAN SEKERE ITEMS.

a) DEFINISIES VAN SEKERE ITEMS. Waar die term Omset voortaan gebruik word, word daarmee die totale verkope van die betrokke onderneming gedurende die afgelope finansiële jaar bedoel. Die finansiële jaar het in die geval van sommige ondernemings op 28 Februarie 1965 en in die geval van die ander op 30 Junie 1965 gesluit. Die verkope sluit nie ander addisionele inkomstes soos rente verdien, slegte skulde herwin, huurgeld ontvangbaar en derglike in nie, maar sluit wel al die verkope en terugsendings (in) van al die afdelings van die onderneming in, in gevalle waar daar verskillende afdelings gehou word, en in die gevalle waar diens gelewer word, word die diens wat gelewer

is en teen die kliënt gedebiteer is, ook vir hierdie doel by omset ingesluit.

Wat die term bruto wins betref, verteenwoordig dit die verskil nadat die kosprys van die goedere wat verkoop is, van die omset afgetrek is. In die geval van die handelsondernemings is dit bloot die totale verkope minus die kosprys daarvan, wat dan natuurlik begin- en eindvoorraad teen kosprys insluit en in die geval van die vervaardigingsonderneming is dit die verkope minus die kosprys daarvan wat dan natuurlik die produksiekoste insluit.

Die term netto wins is die bruto wins minus die bokoste wat al die koste wat nie as vervaardiging beskou is nie, insluit. Die begrip bokoste word nou algemeen aanvaar as die korrekte vertaling van die Angel-Saksiese begrip "overheads". Die begrippe "overheads", "overhead charges" en "overhead expenses" moet as sinoniem beskou word. Dit moet egter onthou word dat die begrip "overhead" 'n tweeledige betekenis het. Dit kan ongebruikte kapasiteit beteken (J.M. Clark - Studies in the Economics of Overhead Costs - University of Chicago Press, Chicago, 1957, bl.1), maar dit sluit ook in die koste soos huur, kragverbruik, ens., (vgl. A.J.E. Sorgdrager - The Particularization of Indirect Costs in Modern Costing Administration - Pro Rege-Pers, Potchefstroom, 1964, bls.70). Vir die doel van

hierdie studie egter sluit die bokoste al die administratiewe en verkoopskoste in asook die salarisse of vergoedings van die direkteure in die geval van die maatskappye en die inkomstebelasting wat betaalbaar is. Die redes wat gelei het tot hierdie benadering van die term „netto wins" word in paragraaf 3(c) volledig uiteengesit. Laastens word met die uitdrukking sosiale koste die bedrae bedoel wat elk van die negetwette wat van toepassing is, die ondernemings wat ondersoek is, kos. Hierdie bedrae sluit dan die werklike betalings in wat die betrokke ondernemings ten opsigte van elk van die wette moet maak asook 'n noukeurigberaamde bedrag vir die tyd wat die betrokke onderneming se personeel moet bestee ten einde uitvoering aan hierdie wette te kan gee.

b) BESPREKING VAN WINGRENSSE. Daar is reeds in die algemeen verwys na die term „netto wins". Elke ondernemer belê 'n bedrag geld in die verwagting dat hierdie bedrag wat belê is vir hom 'n opbrengs moet lewer. Hierdie opbrengs of netto wins kan as 'n persentasie van die belegde kapitaal uitgedruk word, met ander woorde, daar kan bepaal word watter persentasie wins die ondernemer op sy geld verdien het.

In - The Profitable Use of Capital in Industry - gepubliseer deur die Institute of Cost and Works Account-

ants, Londen, 1965, op bls. 22 word dit soos volg gestel:

As mentioned above the primary ratio is

$$\frac{\text{Profit}}{\text{Capital}}$$

A satisfactory return on capital employed is the long run objective of any business.

The primary ratio should be interpreted in conjunction with two other financial ratios.

$$\frac{\text{Profit}}{\text{Sales invoiced}} \quad (\text{profit margin})$$

and

$$\frac{\text{Sales invoiced}}{\text{Capital}} \quad (\text{capital turnover})$$

Die skrywers is dus van mening dat daar veral drie verhoudings in die sakelewe is wat van groot belang is, naamlik die opbrengs op kapitaal, die winsverhouding tot omset (profit margin) en die kapitaal-omsetverhouding (capital turnover). Hulle gaan voort (op cit. bls. 51) en wys daarop dat:

Company profits in the long term should be sufficient to provide, after payment of taxes, for

- fixed asset replacements (even under conditions of rising costs)
- payment of dividends
- normal growth of the business.

Met kapitaal word hier natuurlik die belegde kapitaal bedoel. In hierdie studie sal voortaan onderskeid gemaak word tussen kapitaal aangewend en bedryfskapitaal.

Soos reeds aangetoon is, beteken die eerste uitdrukking die totale bedrag wat die ondernemer in sy besigheid belê het en dit sluit ook enige onuitgekeerde win-

ste in die geval van 'n maatskappy in. Onuitgekeer-

ste in die geval van 'n maatskappy in. Onuitgekeer-

de winste is natuurlik die saldo van die netto wins nadat al die voorsienings, byvoorbeeld vir inkomste-belasting, in berekening gebring is. Met bedryfskapitaal aan die ander kant word die bedrag bedoel wat die onderneming beskikbaar het om van dag tot dag sy sake mee voort te sit. Of soos Fitzgerald (op cit bls. 61/62) dit stel:

Working capital is thus the amount of funds available out of funds provided by proprietors, supplemented by non-current liabilities, after non-current assets have been provided for, to finance the day-to-day operations of a business. Alternately expressed, it is the excess of current assets over current liabilities.

Bedryfsbates en bedryfslaste word dan soos volg gedefinieer:

Current assets have been defined as: Cash and other assets which are expected to be converted into cash in the ordinary course of business within one year or within such longer period as constitutes the normal operating cycle of a business. Similarly, current liabilities have been defined as: Those liabilities whose liquidation is reasonably expected to require the use of existing resources properly classifiable as current assets or the creation of other current liabilities.

Die verskil tussen die bedryfsbates en die bedryfslaste is dus die bedryfskapitaal.

Die Buro vir Statistiek het onlangs interessante gewens gepubliseer met betrekking tot die gemiddelde persentasies wat op alle kleinhandelaars in Suid-Afrika

betrekking het. Tabel 7 is 'n opsomming daarvan. In daardie tabel is die bruto winspersentasie (kolom b) die persentasie van die totale bruto wins tot die totale omset van al die ondernemings in elk van die verskillende bedrywe terwyl kolom c die persentasie is van die netto wins tot die omset in elk van die groepe. Die netto wins is vervolgens verder ontleed en verdeel in twee groepe, naamlik in eenmansake en vennootskappe as een groep en in privaat maatskappye as die ander groep. Daar word dadelik opgemerk dat die netto winspersentasie ten opsigte van elk van die bedrywe heelwat hoër is in die geval van eenmansake en vennootskappe as wat dit in die geval van die privaat maatskappye is. So is die netto winspersentasie in die geval van slagters 9.4% vir eenmansake en vennootskappe (kolom d) teenoor 4.2% (kolom e) vir maatskappye. Ook vir die totaal van alle kleinhandelaars in Suid-Afrika is die twee persentasies 8.0% en 3.1% onderskeidelik. Dit is 'n aansienlike verskil wat 'n mens dadelik tot die gevolgtrekking laat kom dat dit minder winsgewend is om sake te doen onder 'n maatskappy. In werklikheid is dit nie die geval nie, behalwe in soverre dit moontlik die koste is wat aan maatskappye verbonde is. Daar moet onthou word dat hierdie statistieke

TABEL 7.BRUTO- EN NETTO WINSPERSENTASIE VAN
KLEINHANDELAARS IN SUID-AFRIKA, 1960-61.

<u>Soort Onderneming</u> (a)	<u>Bruto Wins- persen- tasie</u> (b)	<u>Netto Winspersentasie</u>		
		<u>Totaal</u> (c)	<u>Eenman- sake en Vennoot- skappe.</u> (d)	<u>Privaat maat- skappye.</u> (e)
Slagters	29.2	6.9	9.4	4.2
Melkerye	38.2	2.5	5.4	1.0
Vrugt-handelaars	26.3	6.7	7.1	-
Algemene handelaars	17.9	4.9	6.7	1.8
Ysterware	25.3	3.6	6.3	2.1
Skoene	24.4	3.7	8.8	1.1
Algemene Uitrusters	28.2	4.5	8.1	3.4
Dames Uitrusters	53.9	7.9	9.4	8.0
Mans Uitrusters	31.7	5.9	9.3	3.6
Kruidenierware	18.0	5.5	6.6	1.5
Totaal van alle kleinhandelaars	27.0	5.6	8.0	3.1

(Bron: Statistiese Jaarboek 1964, bls.N9
et. seq.)

deur die Buro vir Statistiek saamgestel is uit al die opgawes wat ontvang is van alle kleinhandelaars in die hele land wat as individue en vennootskappe en privaat maatskappye (dus nie publieke maatskappye nie) handel dryf en dat, afgesien van die foutefaktore waarop daar reeds gewys is, in die geval van die privaat maatskappye die vergoedings van die werkende direkteure by die boekoste ingesluit is met die gevolg dat die netto wins van die maatskappy met 'n ooreenstemmende bedrag minder is. In die geval van die privaat individu of vennootskap word die netto wins natuurlik verdeel nadat dit

bereken is. 'n Eenvoudige voorbeeld sal dit duidelik uiteensit. Veronderstel ondernemings A en B is in alle opsigte ewe groot en het dieselfde uitgawes. Onderneming A is 'n vennootskap met V en W as vennote en B is 'n privaat maatskappy met X en Y as eienaars en werkende direkteure. Albei se omset gedurende die afgelope jaar was R200,000, die kosprys van die omset was R120,000 en die gewone bedryfsuitgawes het R60,000 beloop. In die geval van B het die twee direkteure as werknemers van die maatskappy besluit dat elkeen op 'n vergoeding van R6,000 per jaar geregtig is. Die twee ondernemings se samevattende Wins- en Verliesrekenings sal dan soos volg lyk:

	<u>A</u>	<u>B</u>
Verkope	R200,000	R200,000
<u>Min</u> Kosprys van Verkope	<u>120,000</u>	<u>120,000</u>
Bruto Wins	80,000	80,000
<u>Min</u> Bedryfsuitgawes	<u>60,000</u>	<u>72,000</u>
Netto Wins voor belasting	<u>R20,000</u>	R <u>8,000</u>

Die finale state van die twee ondernemings sal nou die indruk skep, as hulle met mekaar vergelyk word, dat onderneming A 'n beter organisasie is as B terwyl dit in werklikheid nie die geval is nie. As 'n mens die belastingaspek op hierdie teoretiese geval ook nog

in aanmerking neem, kan 'n mens baie maklik tot die ontnugtering kom dat V en W dalk gesamentlik meer belasting betaal as X, Y en B gesamentlik. Dit hang net van die persoonlike omstandighede van die vier individue af. Ter verduideliking kan net gemeld word dat 'n vennootskap nie belasting betaal nie aangesien die wins in die hande van die vennote belasbaar is terwyl in die geval van 'n maatskappy die maatskappy belasbaar is op sy netto wins en dat elke direkteur natuurlik persoonlik belasbaar is op die vergoeding wat hy van die maatskappy ontvang.

Hierdie voorbeeld verduidelik nou die hoofrede waarom daar so 'n groot verskil bestaan tussen die individu of vennootskap en die maatskappy se resultate. In die berekening van die netto wins in die ondernemings wat ondersoek is, was daar dus een van twee metodes wat gevolg kon word. Aangesien dit hoofsaaklik om belastingoorwegings die neiging in die geval van maatskappye is om soveel as moontlik van die wins uit die maatskappy te trek as direkteursvergoeding, moes die wins wat oorbly, indien enige, aangesuiwer word met 'n bedrag uit die direkteursvergoeding sodat die direkteursvergoeding wat dan as 'n uitgawe oorbly, as billik beskou kan word. Dit het egter gou duidelik geword dat hierdie metode nie prakties is nie aangesien

sommige direkteure, veral waar daar te veel werkende direkteure is, in sommige gevalle nie eers 'n „billike" vergoeding ontvang nie. Die ander metode het dus veel beter voorgekom, naamlik dat alle direkteursvergoedings heeltemal uitgesluit word uit die berekening van die netto wins. In die teoretiese voorbeeld sou die maatskappy B se netto wins dan dieselfde wees as dié van A. Die voordeel hiervan is dan dat die maatskappy nou op dieselfde basis as die vennootskap behandel word en dat daar 'n eenvormige metode nagevolg word waarvolgens die opbrengs op die kapitaal, die bruto en die netto winspersentasie, sonder inagneming van 'n vergoeding vir die werkende eienaar, bereken word. As argument ten gunste van hierdie opvatting kan aangevoer word dat die eienaar(s) van die onderneming, of dit nou 'n vennootskap of 'n maatskappy is, self met hulle eie geld woeker en 'n sekere opbrengs of resultaat verkry terwyl daarteen aangevoer kan word dat as die eienaar(s) nie self die betrokke onderneming bestuur nie, hy iemand anders sou moes kry en vergoed om die werk te doen. Die vraag ontstaan dan dadelik weer wat 'n „billike" vergoeding sou wees en of die entrepreneur in elk geval 'n onderneming sou begin indien hy nie self-beskikking oor sy eie fondse kon uitoefen nie. Met al die bogenoemde in gedagte, word daar dus voortaan

in die berekenings die metode gevolg om die direkteursvergoedings geheel en al buite rekening te laat. Die invloed en berekening van inkomstebelasting sal nou in die volgende afdeling ondersoek word.

e) BESPREKING VAN INKOMSTEBELASTING EN NETTO WINS.

M.J.H. Smeets (- De Economist: Betekenis van de Belastingen - Amsterdam, 1954) wys daarop dat wins vanuit 'n rekeningkundige oogpunt beskou die verskil is tussen die historiese uitgaafprys en omset. Die belastinggaarder hef belasting op die skynwins. Die belasting op die skynwins moet as koste gereken word en die onderneming is ten volle geregtig om die belasting as bokoste te beskou.

Wat Suid-Afrika betref, is die belastingkoers een van die laagste in die wêreld, nogtans is die invloed daarvan op die onderneming wat redelike winste maak aansienlik soos reeds in hoofstuk 2 aangetoon is.

Dit is interessant om daarop te let dat Broom en Longenecker (op cit bls. 76) daarop wys dat belasting een van die grootste probleme van die klein onderne-mer is. Hulle sê:

Although there are a number of aspects of taxation that present problems to the independent businessman, the federal personal and corporate income taxes are probably the outstanding source of trouble. The present two-step corporate income tax provides for a 30 per cent tax on earnings up to

\$25,000 and 52 per cent tax on earnings in excess of \$25,000. Even though such a tax structure appears to favor small business, it is actually more severe in its effects on the small concern than on the large corporation. The burdensome nature of the tax is caused by its reduction of potential expansion capital.

Small business does not have available to it the sources of capital that are open to larger and better-known concerns. As a result, it necessarily depends to a much greater extent upon retained earnings to finance growth. This means that a heavy income tax sharply reduces the amount of capital that is available for expansion purposes.

Hulle doen dan aan die hand dat die inkomstebelastingwet sekere toegaeftlike uitsonderings vir klein ondernemings moet maak. In die V.S.A. is daar dan ook reeds sekere voorstelle in hierdie verband gemaak. Hulle wys daarop (op cit. bls. 629/630) dat een voorstel van die „Committee for Economic Development” byvoorbeeld is dat die eerste vyf jaar algeheel belastingvry vir klein ondernemings kan wees. In hierdie verband moet daar onthou word dat „klein ondernemings” in die V.S.A. wel omskryf word. Ook D.D. Baxter - Kleinhandeldiagnose en Rigting - Volkshandel, April 1965, bls. 68, wys daarop dat een gebrek waaraan die selfstandige kleinhandelaar ly, die feit is dat hy nie oor die middelle beskik, menslik en finansiell, om sy besigheid dinamies vooruitstrewend, aggressief en ook so doeltreffend as die ketting-

reeks te bestuur nie.

Wat Suid-Afrika betref, is daar natuurlik baie faktore wat die netto wins en dus die belasting betaalbaar beïnvloed en waaroor daar heelwat geargumenteer kan word. Daar is byvoorbeeld reeds in hoofstuk 2 gewys op die houding van sekere ondernemings oor die beginsel dat geen waardevermindering op geboue (behalwe met sekere uitsonderings) vir belastingdoelendes afgeskryf mag word nie. Ook die Raad van Handel en Nywerheid (verslag No. 282: Onderzoek na Fabrieksnywerhede in die Unie van Suid-Afrika, 1945, bladsy 124) het lank gelede reeds voorgestel dat waardevermindering op geboue afgeskryf moet word.

Hulle sê onder andere:

Die feit dat waardevermindering van industriële geboue en vaste werke nie vir belastingdoelendes in Suid-Afrika van belasbare inkomste afgetrek mag word nie, is 'n teenstrydigheid wat nog van die Britse tradisie oorgeërf is.

..... Met die oog op die bepalinge van die Wet op Fabricke, Masjinerie en Bouwerk, 1941, waarvolgens die okkupeerder van fabriekpersele verplig kan word om sy geboue om te bou of selfs heeltemal te herbou, kom dit die Raad voor dat wetgewing van hierdie aard lank reeds aangeneem moes gewees het.

Ernstiger is die reeds genoemde feit dat depressiasyfers wat volgens die gewone rekeningkundige beginsels gedurende 'n tydperk van prysstyging bereken word, nie op die vervangingskoste van bate te staan sal kom wanneer laasgenoemde uiteindelik verskaf sal moet word nie. Dit is egter hierdie koste, en nie die oorspronklike nie, wat op die instandhouding van 'n land se produksievermoë betrekking het.

Aan die ander kant word daar weer goeie toegewings gemaak ten opsigte van nuwe masjinerie wat vir vervaardiging aangeskaf word. Benewens die gewone waardevermindering word daar ook 'n 15% spesiale toelaag en 'n 20% beleggingstoelaag op die aankoopprys in die jaar van aankope toegelaat. Hierdie beginsel het tot gevolg dat 'n aansienlike afskrywing in die jaar van aankope ontstaan, maar dat die afskrywings in die jare wat daarop volg, weer soveel kleiner is. Wat die finansieringskoste op hierdie masjinerie (en voertuie) betref, in gevalle waar die betrokke bates op 'n huurkoopbasis aangeskaf word, moet hierdie koste gekapitaliseer en saam met die betrokke bate jaar na jaar afgeskryf word in plaas daarvan om die finansieringskoste as 'n uitgawe te eis in die jaar waarin dit aangegaan is of oor die twee of drie jaar waarin dit betaal word. Nog 'n faktor wat die ondernemings se netto wins beïnvloed is die vooruitbetaling van die belastinge onder die huidige lopende betaalstelsel met fondse wat gewoonlik geleen en waarop rente derhalwe betaal moet word. Die rente verminder dus die netto wins van die onderneming.

In die berekening van die belasting betaalbaar op die netto wins van die ondernemings is, behalwe vir die teruggetelde direktorsvergoeding in die geval van

die maatskappye, ook die vorige jare se opgehoopte verliese waar dit bestaan het, buite rekening gelaat en gevolglik is net die belasting bereken wat betaalbaar is op die betrokke jaar se resultate. In die geval van eenmansake en vennootskappe is die belasting bereken teen die tariewe wat op individue van toepassing is en in die geval van die maatskappye is dit ook op die gewone wyse bereken, nl. vir die direkteure op hulle persoonlike tariefskale en vir die maatskappy op die netto wins wat oorgebly het nadat die direkteursvergoeding afgetrek is.

In die volgende voorbeeld van ondernemings A en B, volgens die basis in die vorige paragraaf uiteengesit, sou die belastings dus soos volg bereken word:

	<u>A.</u>	<u>B.</u>
Netto wins voor belasting	R20,000	R8,000
Tel terug Dirkteursvergoeding	<u> </u>	<u>12,000</u>
	20,000	20,000
<u>Min</u> Belasting -		
Individue V en W op R10,000 elk, persoonlike belasting - 'n totaal van	4,882	
Individue X en Y op R6,000 elk, persoonlike belasting plus B, teen maatskappyskaal op R8,000 - 'n totaal van	<u> </u>	<u>3,956</u>
Netto wins na belasting	<u>R15,118</u>	<u>R16,044</u>

In hierdie voorbeeld is daar van die standpunt uitgegaan dat al vier die individue getroud is, sonder kinders of ander afhanklikes (assuransies en mediese koste buite rekening gelaat) en in die Transvaal woonagtig is. Die tariewe wat gebruik is, sluit dus die Transvaalse Provinsiale belastings in. Die netto wins na belasting, met ander woorde die opbrengs wat die twee ondernemings in werklikheid op hulle kapitaal gemaak het, was R15,118 in die geval van A en R16,044 in die geval van B. Die finale state van B sou daarteenoor aantoon dat die netto wins voor belasting R8,000 bedra het wat na belasting afgetrek is, na R5,480 verminder het. Hierdie metode soos toegepas op ondernemings A en B is nagevolg in die berekening van die netto wins wat in die volgende hoofstukke bespreek word.

Daar dien net op gewys te word dat die persentasies soos uiteengesit in tabel 7 algemene persentasies is. Neem byvoorbeeld die geval van melkerye of algemene uitrusters. Een melkery se omset bestaan miskien uit 80% melkverkope teen 'n netto wins van 25% en 20% botter- en eierverkope teen 'n wins van 5%. Hierdie onderneming se totale netto winspersentasie sal dus laer wees as 'n ander een wie se omset uit 90% melkverkope en 10% botter- en eierverkope

bestaan. Die verhouding van die verskillende soorte goedere waarop daar verskillende winspersentasies is, sal dus noodwendig 'n verskil uitoefen op die totale winspersentasie van verskillende ondernemings in dieselfde bedryf. Daarbenewens sal die prysbeleid wat van onderneming tot onderneming gevolg word ook 'n uitwerking op die netto wins hê, maar hier sal die ekonomiese wette die toestand tot 'n groot mate beheer. Die onderneming wat sy verkoopspryse te hoog stel, sal mettertyd nie meer klandisie kry nie en die een wat sy pryse te laag stel, sal te gronde gaan.

4. SAMEVATTING. In hierdie hoofstuk is 'n kort ontleding gegee van die korrektheid en gebreke van sekere statistiese gegewens oor die algemeen asook 'n ontleding van sekere algemene begrippe wat veral in die volgende drie hoofstukke gebruik sal word, beide sover dit teoreties gebruik word en watter omskrywing daarvan of aanpassings daaraan ons gemaak het. Hierdie aanpassings gaan veral oor die uitdrukking „wins” en wat daaronder verstaan word aangesien die winsmotief tog maar die grondgedagte van enige onderneming in 'n kapitalistiese stelsel is. In die volgende drie hoofstukke sal nou oorgegaan word tot 'n ontleding van die sosiale en ander koste van die drie hoofgroepe van ondernemings wat ondersoek is.

HOOFSTUK 5.ANALISE - HANDELAARS IN BEDERFBARE PRODUKTE.

1. INLEIDING. In hierdie hoofstuk sal die gegewens wat op die nege ondersoekte ondernemings wat bederfbare produkte hanteer nou verder ontleed word. Die nege ondernemings is in twee groepe verdeel, naamlik in melkerye en slagterye. Die rede waarom hierdie indeling gemaak is, is omdat die netto winspersentasie vir die groepe aansienlik verskil. Uit die gegewens in tabel 7 blyk dit dat die netto wins van melkerye 2.5% is teenoor die slagters se 6.9%. Ook die bruto winspersentasies is 38.2% vir melkerye en 29.2% vir die slagters.

Abnormale uitgawes wat van 'n nie-herhalende aard is, is buite rekening gelaat. Daarbenewens is een van die nege ondernemings nie 'n maatskappy nie en dit het gevolglik geen koste ten opsigte van die maatskappywet nie. Twee ondernemings wat in Kaapstad en Port Elizabeth sake doen, het weer nie bantoearbeid in diens nie aangesien hulle van kleurlingarbeid gebruik maak en kleurlinge nie onderhewig is aan die bantoe wetgewing nie. In hierdie gevalle moes daar dus 'n aanpassing kom soos later in hierdie hoofstuk omskryf word. Ook is die slagterye wat in die Vaaldriehoek geleë is, onderworpe aan heffings kragtens die Bemerkingswet en

hierdie heffings word deur die eienaars van die slaghuise betaal. Die heffings is sekere bedrae wat betaalbaar is ten opsigte van elke bees, skaap of vark wat verkoop word. In die geval van die slaghuise in die ander gebiede is die heffings natuurlik ook betaalbaar, maar in daardie gevalle koop die slagter die reeds geslagte karkasse by die munisipale slagpale en die heffings is dan reeds betaal, deur die verkoper. In die geval van die Vaaldriehoek koop die slagters die vee wat hulle wil slag op openbare veilings en as hulle die diere dan laat slag moet hulle self die heffings betaal. Hulle moet die vee dan noodwendig so ekonomies aankoop dat hulle minstens 'n voldoende surplus oorhou om vir die heffings te kan vergoed.

Wat die melkerye betref, is daar 'n neiging by die groter ondernemings in hierdie bedryf om die kleinere ondernemings uit te koop of oor te neem. Die gedagte agter hierdie stap is oënskynlik om deur middel van massahantering die produkte goedkoper aan die verbruiker te lewer. Onthou moet word dat een van die hoofdoelendes van die Bemerkingswet die stabilisasie van pryse vir die produsente is. Sedert 1 Desember 1964 is die Vaaldriehoek ook onder die Melkskema betrek met die gevolg dat die melkdistribueerder (of melkery) nie meer die varsmelk by die produsent koop en laasgenoemde self betaal nie, maar hy moet nou die betaling aan die

Melkraad laat geskied wat op hulle beurt weer die produsent vergoed. Die Melkraad eis natuurlik 'n vergoeding of heffing en die melkery moet oor die algemeen meer vir die varsmelk betaal terwyl die verhoogde prys nie altyd op die verbruiker afgewentel kan word nie. Hy moet sy verlaagde inkomste dus noodwendig met verhoogde omset neutraliseer met die gevolg dat die klein onderneming geneig sal wees om sy onderneming te verkoop indien hy 'n goeie aanbod kry. En goeie aanbiedinge van die grotere ondernemings bestaan wel met die gevolg dat die toestand maklik 'n monopolistiese wending kan neem soos dit al tot 'n groot mate in Durban die geval is.

2. BEPALING VAN 'N GEWIGSFAKTOR VIR ELKE ONDERNEMING.

In hoofstuk 4 is daarop gewys dat die winsmotief eintlik maar die belangrikste of oorwegende rede is waarom 'n belegger sy fondse in een of ander onderneming belê. As hy nie verwag om 'n goeie opbrengs op sy kapitaal te verdien nie, sal hy sy geld op 'n ander wyse bestee. Die persentasie opbrengs op sy kapitaal wat hy belê het, is derhalwe van groot belang en daarmee gepaardgaande natuurlik ook die netto winspersentasie, want hoe groter die persentasie netto wins, des te groter is die opbrengs wat hy op sy kapitaal sal verdien.

Dit is 'n algemene feit in die handelswêreld dat alle

sake nie ewe goed bestuur word nie, Dit geld ook vir die nege handelaars in varspprodukte wat ontleed is. 'n Punt is dus vir elk van die nege ondernemings bereken. In die berekening is daar van twee faktore gebruik gemaak, naamlik van die netto winspersentasie (persentasie netto wins tot omset) en die persentasie van die netto wins tot die kapitaal wat belê is aangesien hierdie twee persentasies twee van die belangrikste persentasies in enige onderneming is. In tabel 8 word die omset, die kapitaal belê en die netto wins van elk van die nege ondernemings uiteengesit asook die netto winspersentasie en die persentasie op die kapitaal wat belê is.

Uit hierdie tabel is dit duidelik dat die netto winspersentasie van al die ondernemings tussen 3.6% en 6.4% wissel, maar dat die persentasies van ondernemings A1 tot A4 synde die melkerie oor die algemeen ietwat laer is as die persentasies van die orige vyf ondernemings. Bloot rekenkundig bereken is die gemiddelde van A1 tot A4 4.4% en dié van A5 tot A9 5.3%. Die neiging strook ook met die bevindings van die Buro vir Statistiek (tabel 7) waarvolgens melkerie wat vennootskappe is 5.4% en slagterye 9.4% netto wins gemaak het. In die berekening van 'n punt kan die melkerie dus nie op dieselfde basis behandel word as die slagterye nie aangesien die puntberekening op die netto wins gebaseer is.

TABEL 8

OMSET, KAPITAAL AANGEWEND EN NETTO WINS
VAN ELKE ONDERNEMING-
HANDELAARS IN BEDERFBARE PRODUKTE

Onderneming	Omset	Kapitaal Aangewend	Netto Wins	Persentasie van Netto Wins tot Omset	
				Omset	Kapitaal Aangewend
A 1	R 303,518	R 47,664	R 10,954	3.6	22.9
A 2	74,190	15,218	4,277	5.8	28.1
A 3	222,747	79,098	9,611	4.3	12.1
A 4	243,710	36,727	9,279	3.8	25.3
A 5	173,805	24,571	7,205	4.2	29.7
A 6	336,100	40,000	17,810	5.3	44.5
A 7	76,326	6,698	4,244	5.5	63.5
A 8	63,810	7,862	4,061	6.4	51.6
A 9	234,269	30,207	12,403	5.3	41.1

Vir beide persentasies van die netto wins tot omset en tot kapitaal aangewend, is daar dus verskillende metodes vir die melkerye en slagterye gevolg. In tabel 9 word die persentasie netto wins tot omset (kolom A) en tot die kapitaal aangewend (kolom C) ten opsigte van elke onderneming aangegee asook die basis waarvolgens punte toegeken is aan elke onderneming. Dit sal onthou word dat hoe beter die onderneming se resultate persentueel is, hoe groter is die punt wat hom toekom. Daar is van

TABEL - 9

**BEPALING VAN 'n GEMIGSFAKTOR VIR ELKE ONDERNEMING-
HANDELAARS IN BEDERFBARE PRODUKTE.**

<u>Onderneming</u>	(a) % Netto Wins tot Om- set.	(b) Punte	(c) % Netto Wins tot Kap. Aan- gewend	(d) Punte	(e) (b)+(d)	Finale Punt
<u>Melkerie</u>						
A 1	3.6	6	22.9	9	15	7
A 2	5.8	10	28.1	10	20	10
A 3	4.3	7	12.1	7	14	7
A 4	3.8	6	25.3	10	16	8
<u>Slagterye</u>						
A 5	4.2	6	29.7	6	12	6
A 6	5.3	8	44.5	8	16	8
A 7	5.5	9	63.5	10	19	9
A 8	6.4	10	51.6	9	19	9
A 9	5.3	8	41.1	8	16	8

Basis van Puntetoekenning:-

<u>Netto Wins tot Omset</u>				<u>Netto Wins tot Kapitaal Aangewend</u>			
			<u>Punte</u>				<u>Punte</u>
<u>Melkerie:</u>	Oor	5.5%	- 10	<u>Melkerie:</u>	25 - 30%	-	10
	5.0 -	5.4%	- 9		20 - 25%	-	9
	4.5 -	4.9%	- 8		15 - 20%	-	8
	4.0 -	4.4%	- 7		10 - 15%	-	7
	3.5 -	3.9%	- 6				
<u>Slagterye:</u>	Oor	6.0%	- 10	<u>Slagterye:</u>	Oor	60%	- 10
	5.5 -	5.9%	- 9		50 - 60%	-	9
	5.0 -	5.4%	- 8		40 - 50%	-	8
	4.5 -	4.9%	- 7		30 - 40%	-	7
	4.0 -	4.4%	- 6		20 - 30%	-	6
	3.5 -	3.9%	- 5				

die standpunt uitgegaan dat 'n onderneming waarvan die resultate baie goed is, 10 punte werd is en dat een wat redelik swak is, 5 punte verdien. Volgens die verskillende resultate, is dan punte wat wissel tussen 5 en 10 aan die verskillende ondernemings toegeken. Die netto wins-tot-omset-basis van toedeling maak onderskeid tussen die melkerye en slagterye in dié opsig dat die melkery 'n gegewe punt kan bereik op 'n laer netto winspersentasie as 'n slaghuis op grond daarvan dat die melkerye, soos reeds aangedui, oor die algemeen 'n laer netto winspersentasie behaal. 'n Melkery wat dus 5% netto wins behaal, kry 9 punte terwyl 'n slaghuis met 5% slegs 8 punte sou kry. Eweneens is daar 'n groot verskil tussen die melkerye en die slaghuise in die geval van die persentasie netto wins tot die kapitaal wat belê is. Die persentasies in die geval van die melkerye is aansienlik laer as in die ander gevalle. Die oorewegende rede hiervoor is dat melkerye gewoonlik 'n heelwat groter kapitaal as slaghuise nodig het om sake te doen. Die melkery het baie meer en duurder masjinerie as 'n slaghuis nodig sodat die resultaat noodwendig 'n laer persentasie op belegde kapitaal is. 'n Melkery wat dus 25% op sy belegging verdien het, het baie goed gedoen terwyl 'n slagter wat meer as 60% kry, weer buitengewoon goed doen. In tabel 9 kan kolomme (b) en (d) nou voltooi word, hulle totaal gekry word (kolom e)

en 'n finale benaderde punt in kolom (f) bereken word deur kolom (e) se totaal deur twee te deel en halwes te veronagsaam. Deur hierdie metode te volg is nou twee faktore in aanmerking geneem by die berekening van 'n punt en 'n gemiddeld gekry en dus uiterstes tot 'n mate geneutraliseer soos byvoorbeeld in die geval van onderneming A₄ wat 'n swak netto winspersentasie het, maar wat nietemin 'n baie goeie persentasie op die belegde kapitaal toon.

3. ALGEMENE ONTLEDING VAN VERSAMELDE GEGEWENS. Voor- dat daar nou oorgegaan kan word tot die bespreking en ontleding van verskillende persentasies en verhoudings, sal dit van pas wees om eers die werklike besonderhede van die verskillende ondernemings in tabelvorm weer te gee asook die geweegde totale ten opsigte van elke onderneming. Weereens word daar 'n onderskeid gemaak tussen melkerye en slaghuise.

In tabel 10 word vanaf items 2 tot 8 die werklike gegewens van die vier melkerye, soos die kapitaal aange- wend, omsot, bruto wins ens. ggee. Hierdie besonder- hede is natuurlik die werklike bedrae nadat abnormale bedrae uitgeskakel is. In item 1 word die gewig wat aan elke onderneming toegedeel is ggee en vanaf items 9 tot 15 word die werklike bedrae van elke onderneming met die gewig vermenigvuldig ten einde die geweegde

TABEL 10

ONTLEDING VAN WERKLIKE EN GEWEEGDE STATISTIESE GEGEWENS

VAN ELKE ONDERNEMING - MELKERIE

Onderneming	A 1	A 2	A 3	A 4	Totaal
1. Gewig toegeken	7	10	7	8	-
2. Kapitaal Aangewend R	47,664	R15,218	R79,098	36,727	-
3. Omset	303,518	74,190	222,747	243,710	-
4. Bruto Wins	107,154	31,967	78,379	85,371	-
5. Netto Wins	10,954	4,277	9,611	9,279	-
6. Totale Bokoste	96,200	27,690	68,768	76,092	-
7. Totale Sosiale Koste	3,378	1,348	2,783	2,850	-
8. Inkomstebelasting Betaalbaar	3,084	1,061	3,690	1,581	-
9. Geweegde Kapitaal Aangewend (1 x 2)	333,648	152,180	553,686	293,816	1,333,330
0. Geweegde Omset (1 x 3)	2,124,626	741,900	1,559,229	1,949,680	6,375,435
1. Geweegde Bruto Wins (1 x 4)	750,078	319,670	548,653	682,968	2,301,369
2. Geweegde Netto Wins (1 x 5)	76,678	42,770	67,277	74,232	260,957
3. Geweegde Totale Bokoste (1 x 6)	673,400	276,900	481,376	608,736	2,040,412
4. Geweegde Totale Sosia- le Koste (1 x 7)	23,646	13,480	19,481	22,800	79,407
5. Geweegde Inkomstebelas- ting Betaalbaar (1 x 8)	21,588	10,610	25,830	12,648	70,676

TABEL 11

ONTLEDING VAN WERKLIJKE EN GEWEEGDE STATISTIESE GEGEVENS
VAN ELKE ONDERNEMING - SLAGTERIJE.

<u>Onderneming</u>	<u>A5</u>	<u>A6</u>	<u>A7</u>	<u>A8</u>	<u>A9</u>	<u>Totaal</u>
1. Gewig toegeken	6	8	9	9	8	
2. Kapitaal aangewend	24,571	40,000	6,698	7,862	30,207	
3. Omset	173,805	336,100	76,326	63,810	234,269	
4. Bruto Wins	37,953	47,200	18,741	11,102	30,451	
5. Netto Wins	7,205	17,810	4,244	4,061	12,403	
6. Totale Bokoste	30,748	29,390	14,497	7,041	18,048	
7. Totale Sosiale Koste	3,166	5,415	352	438	1,320	
8. Inkomstebelasting - Betaalbaar	957	3,490	420	483	1,530	
9. Geweegde Kapitaal Aangewend						
(1 x 2)	147,426	320,000	60,282	70,758	241,656	840,122
0. " Omset	(1 x 3) 1,042,830	2,688,800	686,934	574,290	1,874,152	6,867,006
1. " Bruto Wins						
(1 x 4)	227,718	377,600	168,669	99,918	243,608	1,117,513
2. " Netto Wins						
(1 x 5)	43,230	142,480	38,196	36,549	99,224	359,679
3. " Totale Bokoste						
(1 x 6)	184,488	235,120	130,473	63,369	144,384	757,834
4. " Totale Sosiale Koste						
(1 x 7)	18,996	43,320	3,168	3,942	10,560	79,986
5. " Ink. Belasting Be- taalbaar						
(1 x 8)	5,742	27,920	3,780	4,347	12,240	54,029

bedrag te kry. Die gewoegde totale van al vier die ondernemings word dan bymekaargetel en die resultaat is in die laaste kolom aangegee wat as basis gebruik

sal word vir persentasieberekenings in die ontledings wat verder volg. Van die vier ondernemings is drie se omset meer as R220,000 terwyl die vierde se omset slegs R74,190 bedra alhoewel hierdie een se resultate in alle opsigte aansienlik beter is as dié van sy groter mededingers.

Die besonderhede van die slaghuise is op dieselfde metode behandel en die gegewens word in tabel 11 weer-gegee. Dit is interessant om daarop te let dat, anders as in die geval van die melkerye, nie een van hierdie ondernemings 'n totale punt van 10 behaal het nie. Ook sluit ondernemings A5 en A6 se sosiale koste die hoffings kragtens die Bemerkingswet in waarna reeds verwys is en wat nie direk deur die slagters in die ander sentrums betaalbaar is nie. Alhoewel die feit dat die oorblywende drie ondernemings se nie-betaling van hierdie uitgawe wel die finale geweegde resultaat sal beïnvloed, sal die invloed nie groot wees nie. Die hele aangeleentheid sal by die bespreking van die verskillende sosiale koste egter weer in aanmerking geneem word.

4. ONTLEDING VAN BRUTO & NETTO WINS PERSENTASIES. In tabel 12 word die bruto en netto winspersentasies (bruto of netto wins tot verkope) en die geweegde gemiddeldes van die melkerye en die slagterye uiteengesit.

Uit 'n ontleding van die gegewens van hierdie tabel blyk dit dat sover dit die melkerie betref, die gemiddelde bruto winspersentasie 36.1% is. Die individuele melkerie se persentasies wissel tussen 35.0%

TABEL 12

BRUTO- EN NETTO - WINS-PERSENTASIES VAN
HANDELAARS IN BEDERFBARE PRODUKTE

<u>Onderne- ming</u> <u>Melke- rye</u>	<u>Bruto Wins Persen- tasie</u>	<u>Netto Wins Persen- tasie</u>
A 1	35.6	3.6
A 2	43.2	5.8
A 3	35.5	4.3
A 4	<u>35.0</u>	<u>3.8</u>
Geweegde gemiddelde persen- tasies van hierdie groep	<u>36.1</u>	<u>4.1</u>
<u>Slagterye</u>		
A 5	21.7	4.2
A 6	14.3	5.3
A 7	24.5	5.5
A 8	17.3	6.4
A 9	<u>13.1</u>	<u>5.3</u>
Geweegde gemiddelde persen- tasies van hierdie groep	<u>16.3</u>	<u>5.2</u>

en 35.6% behalwe in een geval waar die persentasie 43.2% is. As nou terugverwys word na tabel 7 sal

dadelik opgemerk word dat die bruto winspersentasie vir Suid-Afrika as geheel 38.2%. Dit is dus heeltemal geregverdig om te aanvaar dat die berekende persentasie van 36.1% heeltemal billik is, veral as in aanmerking geneem word dat tabel 7 se gegewens vier jaar ouer is as dié wat hier gebruik is en dat daar in die praktyk maar gedurig skommelings plaasvind. Wat die geweege, gemiddelde netto winspersentasie aanbetref, het die melkerye 4.1% behaal teenoor 5.4% van die land as geheel volgens tabel 7. Hier moet in gedagte gehou word dat direkteursvergoeding vir die doel van hierdie statistieke teruggetel is by die netto wins met die gevolg dat die syfers daarna vergelykbaar is met dié van individue en vennootskappe volgens die gegewens van die Buro vir Statistiek. Daarbenewens moet ook daarop gelet word dat hierdie syfers die netto wins na inkomstebelasting verteenwoordig, terwyl dit nie die geval in tabel 7 is nie. As die geweege inkomstebelasting van die melkerye ook in aanmerking geneem word, is die posisie soos volg:

a)	Geweege totale Netto Wins	R 260,957
b)	Geweege totale Inkomstebelasting	<u>70,676</u>
c)	Totaal	R <u>331,633</u>
d)	Geweege totale Omset	R <u>6,375,435</u>
	Persentasie van c) tot d)	<u>5.2</u>

Hierdie persentasie vergelyk dus goed met die totaal

van Suid-Afrika wat 5.4% bedra.

Uit hierdie gegewens kan nou afgelei word dat 'n melkery 'n netto wins van 4.1% op sy omsot behoort te maak.

Op 'n omsot van R100,000 maak hy R4,100, dus, aangesien die persentasie redelik laag is, moet hy 'n betreklike hoë omsot handhaaf ten einde staande te kan bly.

Wat die slagterye betref, is die posisie heeltemal anders. Tabel 7 toon aan dat die bruto en netto winspersentasies van slagters in 1960/61 byvoorbeeld 29.2% en 9.4% onderskeidelik was, - die 9.4% natuurlik vir die oemansake en vennootskappe. As tabel 12 nou ontleed word, word 'n prentjie van 'n heeltemal ander kleur opgemerk. Die geweegde gemiddelde bruto en netto winspersentasies is 16.3% en 5.2% terwyl in albei gevalle die skommeling tussen die individuele ondernemings ook aansienlik is. As die inkomstebelasting ook by die netto wins bygetel word om die persentasies met dié van tabel 7 vergelykbaar te maak, word 'n netto persentasie verkry wat dan verhoog het na 6.0% teenoor die 9.4% van tabel 7. In die geval van die individuele bruto winspersentasies wissel dit tussen 13.1% en 24.5% en in die geval van die netto persentasies tussen 4.2% en 6.4%. Twee vrae duik dan dadelik op, naamlik, waarom die verskille onderling en waarom die verskil in totaal met dié van die Buro vir

Statistiek.

In die geval van die verskille tussen onderneming en onderneming moet in gedagte gehou word dat in die geval van slaghuise met 'n soort besigheid te doen is wat in wese anders is as byvoorbeeld 'n melkery. Waar die melkery se aankoop- en verkooppryse in 'n beheerde gebied vasgestel is en in 'n onbeheerde gebied tot 'n groot mate ook, is die posisie met die slaghuis anders. Enige slagter wat nie sy produk by die slagpale koop nie, maar op ander plekke, byvoorbeeld op openbare veilings, staan voor die probleem dat sy eie bruto winspersentasie van tyd tot tyd aansienlik kan verskil en ook dat sy persentasies van dié van sy mededinger sal verskil. Dit hang alles daarvan af hoe voordelig hy aangekoop het. Selfs sover dit die markpryse betref koop die slagter op 'n skommelende mark soos daaglik bewys deur die markpryse in die koerante of die markverslae oor die draadloos. En dan moet natuurlik hier in gedagte gehou word dat die verkooppryse van vleis tot 'n groot mate vasgestel is. Dit is dus niks buitengewoons dat die bruto en netto winspersentasies van die verskillende slagters aansienlike verskille onderling toon nie.

Die vermindering in beide die bruto en netto winspersentasies van hierdie slagterye sedert 1960/61 is hoof-

saaklik te wyte aan veranderde besigheidstoestande gedurende die vier jaar tussen die Buro vir Statistiek se gegewens en die' wat hier ondersoek is. Gedurende hierdie tydperk het daar 'n verhoging in die vloerprys van beeste voorgekom welke verhoging slegs gedeeltelik op die verbruiker afgewentel kon word terwyl die aankoopprys van skaapvleis ook op 'n stadium verhoog is. As dit geld vir die beheerde gebiede, het dit ook tot 'n groot mate 'n uitwerking op alle ander slaghuise wat nie hulle aankope geheel of gedeeltelik op die beheerde markte doen nie aangesien daar dan spoedig 'n wanbalans tussen beheerde en onbeheerde gebied sal voorkom. In hierdie verband moet ook in gedagte gehou word dat die algemene vleisposisie in ons land - en ook in die hele wêreld - jaar na jaar versleg hoofsaaklik as gevolg van aanhoudende droogtes. In die geval van 'n verhoging van die aankoopprys van skaapvleis met 5c en 'n verhoging van slegs 3c in die verkoopprys, toon die volgende eenvoudige berekening duidelik die invloed op die bruto winspersentasie aan:

	<u>Voor verhoging.</u>	<u>Na verhoging.</u>
Kosprys	17c	22c
Verkoopprys	<u>24c</u>	<u>27c</u>
Bruto Wins	<u>7c</u>	<u>5c</u>
Bruto Winspersentasie	<u>29%</u>	<u>19%</u>

As dus nou in gedagte gehou word dat die vleis se aankooppryse nie vasgepen kan word nie aangesien dit dadelik 'n swartmark sal laat ontstaan, asook die feit dat die meeste slagters die een of ander kontrak het (bv. met hotelle, skoolkoshuise, ens.) en hulle loweringspryse nie altyd hersien kan word ingeval van 'n algemene prysstyging nie, is dit duidelik dat met die algemene veranderde omstandighede sedert 1960/61 die slagter nou op 'n aansienlike laer bruto winspersentasie werk. Daarby kom dan ook nog die feit dat afleweringkoste ook sedert 1960/61 aansienlike stygings getoon het. Almal is bewus daarvan dat die garage se tarief per uur vir die herstelwerk aan die vragmotor sedertdien verhoog is asook dat die algemene loon van die afleweringbediende sedert 1960/61 aansienlik gestyg het. Hierdie verhoogde bedryfskoste kon natuurlik ook nie altyd op die verbruiker afgewentel word nie met die gevolg dat die netto winspersentasie gedaal het.

In die lig van die bostaande wil dit voorkom en is dit ook die mening van die ondernemings wat hierby gemoeid is, dat die huidige gemiddelde persentasies van 16.3% en 5.2% vir die bruto en netto winste van handelaars in vleisprodukte onder huidige omstandighede wel deeglik as die gemiddeld beskou kan word alhoewel hierdie ondernemings voel dat dit nie meer 'n

"billike" persentasie is nie.

5. ONTLEDING VAN OPBRENGS OP KAPITAAL AANGEWEND.

Benewens die bruto en netto winspersentasie van 'n onderneming is die opbrengs op die kapitaal wat aangewend is ook van groot belang. Tabel 13 dui die opbrengs op die beleëde kapitaal aan ten opsigte van elk van die 9 ondernemings asook die geweegde gemiddelde van die melkerie en slaghuise afsonderlik. Word hierdie tabel bestudeer, is daar 'n paar aspekte wat dadelik die aandag trek. Dadelik word bemerk dat, sover dit byvoorbeeld die melkerie betref, die abnormale lae persentasie van onderneming A3 die gemiddeld beïnvloed terwyl by die slaghuise 'n abnormale lae persentasie van 29.7% sowel as 'n buitengewone hoë persentasie van 63.5% aangetref word. Daar is natuurlik redes wat weldra genoem sal word wat vir hierdie afwykings verantwoordelik is, maar hierdie persentasies is spesifiek in die tabel aangedui sonder dat die afwykings eers uitgeskakel is soos dit in sommige ander gevalle gedoen is. Die rede waarom hierdie werklike persentasies aangegee is, is om te beklemtoon met welke probleme (en voordele) ondernemings in die praktyk te doen kry. As daar byvoorbeeld gewoet sou word dat in 'n sekere soort onderneming die werklike opbrengs op kapitaal 20% is, sou die man wat R1,000 belê aan die einde van die jaar R200 verwag. Maar hy sal nie 20%

op sy kapitaal verdien nie as hy 'n onderneming koop waarvan die netto bates R1,000 is en hy moet nog R500 klandisiewaarde ook betaal. Nou verdien hy maar 13.3% op sy belegging van R1,500. Aan die ander kant sal hy weer meer as 20% op sy belegde kapitaal verdien indien

TABEL 13

PERSENTASIE VAN NETTO WINS TOT KAPITAAL AANGEWEND VAN
HANDELAARS IN BEDERFBARE PRODUKTE

<u>Melke- rye</u>	<u>Netto Wins persentasie tot Kapitaal aangewend</u>	<u>Slagte- rye</u>	<u>Netto Wins persentasie tot Kapitaal aangewend</u>
A 1	22.9	A 5	29.7
A 2	28.1	A 6	44.5
A 3	12.1	A 7	63.5
A 4	25.3	A 8	51.6
		A 9	<u>41.1</u>
Geweegde Gemiddelde vir elke groep	19.6		42.8

hy die onderneming met 'n R1,000 netto waarde vir R700 as 'n winskoop in die hande kan kry. Sy R200 wins aan die einde van die jaar besorg hom dan 'n persentasie van nagenoeg 29% op sy belegde kapitaal. Maar al die tyd besit hy 'n onderneming waarop die werklike opbrengs op die kapitaal wat daarin behoort belê te wees, slegs 20% moet wees.

Hierdie teoretiese gevalle waar 'n onderneming teen meer (klandisiewaarde) of minder (winskoop) bekom word as wat die werklike netto batewaarde van die onderneming is, is 'n algemene verskynsel in die handelswêreld. Dit verklaar dan waarom daar sulke groot afwykings in tabel 13 voorkom. Om nou terug te keer tot onderneming A3 in hierdie tabel, word by ontleding bevind dat hierdie onderneming 'n bedrag van R33,000 as klandisiewaarde êrens in die verlede betaal het en dat die werklike kapitaal, as die klandisiewaarde uitgeskakel sou word, R46,098 sou wees in plaas van R79,098 waarop die 12.1% gebaseer is. In werklikheid sou hierdie onderneming se netto opbrengs op belegde kapitaal dan 20.8% wees (R9,611 van R46,098) terwyl as die gewig van 7 toegepas word wat vir hierdie onderneming toegedeel is (alhoewel die gewig na 8 verhoog sou wees indien die klandisiewaarde nie betaal was nie), dan kry ons 'n gewegde gemiddelde persentasie vir die groep van 23.6%. (R260,957 van R1,333,330 - 7 x R33,000). Dit blyk dus dadelik dat alhoewel hierdie onderneming se opbrengs op sy werklik belegde kapitaal slegs 12.1% is, dit na regte vir sy onderneming 20.8% kon wees en dat die gemiddelde vir al die melkerye dus 23.6% sou wees. Die afleiding moet dus gemaak word dat kapitaal wat in 'n klein melkery belê is normaalweg 'n opbrengs van tussen 20% en 25% per jaar

behoort te lewer.

Wat vir die melkerye geld, gold ook vir die slaghuise. As nou op dieselfde basis na ontleding die buitengewone faktore wat ondernemings A5 en A7 beïnvloed het, uitgeskakel word en berekenings weer gedoen word, word bevind dat A5 se persentasie 41.1% en A7 s'n 43.6% sou wees terwyl as die gemiddeld dan volgens die gewigbasis bereken sou word, die finale gemiddeld 44.0% sou wees. 'n Gemiddelde opbrengs op belegde kapitaal, wat wissel tussen 40% en 45% skyn dus vir die klein slagter onder huidige omstandighede heeltemal bereikbaar te wees.

6. VERHOUDING VAN INKOMSTEBELASTING EN SOSIALE KOSTE TOT BEDRYFSKAPITAAL. Wanneer die bedryfskapitaal van klein ondernemings ontleed word, word al gou tot die gevolgtrekking gekom dat die bedrae wat die verskillende ondernemings hiervoor beskikbaar het, gewoonlik weinig verband met enige ander aspek van die betrokke onderneming het. Heel dikwels word dit gevind dat 'n onderneming geen bedryfskapitaal beskikbaar het nie en dus gewoonlik heelwat probleme het in die daaglikse hantering van sy sake. Tabel 14 toon duidelik dat slegs drie van die nege handelaars in varsprodukte aan die einde van hulle 1965 belastingjaar 'n redelike groot bedrag as bedryfskapitaal gehad het terwyl twee

in werklikheid 'n surplus van bedryfslaste oor bedryfsbates gehad het. Hierdie twee ondernemings se likiede posisie was dus op daardie stadium nie gesond nie. Die orige vier ondernemings het ook maar klein bedrae as bedryfskapitaal beskikbaar gehad sodat daar

TABEL 14

BEDRYFSKAPITAAL, SOSIALE KOSTE EN INKOMSTEBELASTING VAN
HANDELAARS IN BEDERFBARE PRODUKTE

<u>Onder- neming</u>	<u>Bedryfs- Kapi- taal.</u>	<u>Sosiale Koste</u>	<u>Inkomste- belas- ting.</u>
A 1	R17,140	R3,378	R3,084
A 2	456	1,348	1,061
A 3	13,684	2,783	3,690
A 4	-	2,850	1,581
A 5	4,285	3,166	957
A 6	25,000	5,415	3,490
A 7	-	352	420
A 8	3,917	438	483
A 9	2,015	1,320	1,530

geredelik aanvaar kan word dat hulle ook mank gaan aan 'n gebrek aan bedryfskapitaal, temeer as hierdie kapitaal van hulle met hulle omset vergelyk word.

As na die verpligtinge van hierdie ondernemings ten opsigte van sosiale koste en inkomstebelasting gekyk word, word die gevolg gou bemerk, naamlik dat onder-

nemings A2, A4, A7 en A9 nie eers oor voldoende bedryfskapitaal beskik om die sosiale koste en inkomstebelasting te dek nie en dat A5 homself kwalik in hierdie opsig kan help. Uit hierdie ondernemings se beperkte fondse moet hulle dus nog voldoen aan die bepalings van die 9 wette wat ons ondersoek het. As hierdie resultate vergelyk word met die netto wins van die betrokke ondernemings, blyk ook dadelik dat die bedrag van hulle netto wins (met ander woorde nadat die sosiale koste en inkomstebelasting afgetrek is) nog redelik goed voorkom maar dat hulle nietemin as gevolg van 'n gebrek aan likiede fondse dit gewoonlik moeilik vind om selfs hulle inkomstebelastingverpligtinge na te kom.

In hierdie tabel is daar nie gebruik gemaak van geweegde syfers nie aangesien dit nie prakties sal wees om te probeer om 'n gemiddelde bedryfskapitaal vir 'n groep ondernemings te bereken nie. Elke onderneming moet op sy eie meriete behandel word en aangesien dit volgens tabel 14 blyk dat 'n groot persentasie van die ondernemings oor onvoldoende bedryfskapitaal beskik, kan geen afleiding wat van waarde is, gemaak word nie behalwe dat slegs 'n klein persentasie van die ondernemings wel oor voldoende bedryfskapitaal beskik en dat daar 'n groot persentasie is wie se sake gevolglik gestrem word weens gebrek aan fondse. Want as na onderneming A1 gekyk word, word bevind dat die sosiale

koste plus die inkomstebelasting R6,462 bedra wat byna 38% van die beskikbare bedryfskapitaal is terwyl onderneming A2 se sosiale koste en inkomstebelasting R2,409 is wat byna 530% van die beskikbare kapitaal bedra.

Die eerste onderneming kan dus baie makliker sy verpligtinge nakom as die tweede alhoewel onderneming A2 soos uit vorige tabelle blyk, 'n hoelwat beter netto en bruto winspersentasie as A1 het. En alhoewel nou geredeneer kan word dat A2 waarskynlik beter bestuur word as A1, noem dit nog nie die feit weg nie dat A2, ten spyte van sy goeie bestuur en resultate, dit moeilik vind om sy verpligtinge van maand tot maand na te kom en dat die eienaars gedurig addisionele kapitaal moet vind om die likiede fondse aan te vul. In die praktyk moet elke onderneming se posisie van jaar tot jaar ontleed word en die verhoudings van die bedryfskapitaal tot omset en bruto wins kan gedurig gekontroleer word terwyl daar dan geweak word dat verslegtings in hierdie verband nie intree nie (vgl. Fitzgerald, op cit. bls. 108 et. seq.) maar om 'n gemiddeld vir 'n sekere bedryf, soos die melkerie, te probeer vasstel, sal in werklikheid geen doel dien nie.

7. ONTLEDING VAN BOKOSTE EN BRUTO WINS. Enige onderneming koop byvoorbeeld 'n sekere produk en verkoop

dit weer. Hy maak nou 'n wins daarop wat die bruto wins genoem word. Of die nyweraar vervaardig of verwerk 'n sekere produk waarop hy sekere direkte koste aangaan (arbeid, materiaal en direkte bokoste) wat, as dit dan van sy verkope afgetrek kan word, ook 'n "bruto" wins laat. Uit hierdie bruto wins moet die onderneming nou allerhande ander kostes dek. Hy kan gewoonlik as sy bestuur goed georganiseer is weinig doen om sy bruto wins te verbeter aangesien sy aankooppryse oor die algemeen gewoonlik tot 'n groot mate vasgestel is behalwe waar hy "winskopies" hier en daar soek en selfs dan nog sal dit gewoonlik nie 'n buitensporige invloed op sy totale bruto wins uitoefen nie. Selfs die arbeidspryse (blank en nie-blank) is vandag al tot 'n groot mate vasgestel sodat selfs op hierdie kosteafdeling van die onderneming weinig besparing teweeggebring kan word.

Die bruto wins wat die ondernemer nou op sy handels-transaksies verdien het, moet hy oerstens aanwend om sy bokoste mee te dek soos huur, rente, algemene salarisse, distribusiekoste asook voorsienings vir vervanging van bates (in die geval van handelsondernemings) en dergelike meer, en as daar dan nog iets oorbly, is dit sy netto wins. In tabelle 15 en 16 is hierdie bruto wins van die handelaars in varsprodukte oerstens ontloed deur dit te verdeel tussen die netto wins

TABEL 15

PERSENTASIES NETTO WINS, SOSIALE KOSTE EN INKOMSTE-
BELASTING VAN BRUTO WINS EN TOTALE BOKOSTE-
MELKERIE.

<u>Onderneming</u>	<u>A 1</u>	<u>A 2</u>	<u>A 3</u>	<u>A 4</u>	<u>Geweege Totaal</u>
a) Bruto Wins	R107,154	R31,967	R78,379	R85,371	R2,301,369
b) Netto Wins	10,954	4,277	9,611	9,279	260,957
c) Persentasie b) van a)	10.2%	13.4%	12.3%	10.9%	11.3%
d) Totale Bokoste	96,200	27,690	68,768	76,092	2,040,412
e) Persentasie d) van a)	89.8%	86.6%	87.7%	89.1%	88.7%
f) Totale Sosiale Koste	3,378	1,348	2,783	2,850	79,407
g) Persentasie f) van a)	3.1%	4.2%	3.5%	3.3%	3.4%
h) Persentasie f) van d)	3.5%	4.9%	4.0%	3.7%	3.9%
i) Totale Ink. Bel.	3,084	1,061	3,690	1,581	70,676
j) Persentasie i) van a)	2.9%	3.3%	4.7%	1.9%	3.1%
k) Persentasie i) van d)	3.2%	3.9%	5.3%	2.1%	3.5%
l) Diverse bokoste	89,738	25,281	62,295	71,661	1,890,329
m) Persentasie l) van a)	83.8%	79.1%	79.5%	83.9%	82.2%
n) Persentasie l) van d)	93.3%	91.2%	90.7%	94.2%	92.6%


en die totale bokoste. Die bruto wins minus die totale bokoste gee die netto wins ($a - d = b$). Vervolgens is die totale bokoste weer verder ontleed deurdat beide die sosiale koste en die inkomstebelasting wat betaalbaar is en wat by die totale bokoste ingesluit is, apart getoon word in items f en i. Item I is die

saldo van die bokoste (rentes, salarisse ens.) wat nie op hierdie stadium van belang is nie. Items d minus f minus i is dus gelyk aan 1.

Wat die melkerye betref (tabel 15) blyk dit dat 11.3% van die gemiddelde geweegde bruto wins as netto wins oorbly nadat die totale bokoste 88.7% geabsorbeer het. Hierdie bokoste sluit natuurlik beide die sosiale koste en die inkomstebelasting wat betaalbaar is in en wat 3.4% en 3.1% onderskeidelik van die bruto wins bedra. Van die bruto wins staan die melkerye dus eerstens 3.4% as gewone sosiale koste af, daarna nog 'n verdere 3.1% aan inkomstebelasting wat hy moet betaal, hy betaal dan sy ander diverse bokoste (82.2% van die

DIAGRAM 1.

VERDELING VAN BRUTO WINS IN VERSKILLENDE KOSTES EN NETTO WINS - MELKERIE.




	%
A - Diverse Bokoste -	82.2
B - Totale Sosiale Koste -	3.4
C - Inkomstebelasting -	3.1
D - Netto Wins -	<u>11.3</u>
Bruto Wins	<u><u>100.0</u></u>

bruto wins) en hou uiteindelik 11.3% oor. Dit is interessant om te let op hoe die individuele ondernemers se persentasies wissel in vergelyking met die gemiddelde wat op die gewigbasis bereken is. Die gemiddelde netto wins van 11.3% wissel tussen die individuele ondernemings tussen 10.2% en 13.4%, dus nie noemenswaardig nie. Selfs die persentasie van die sosiale koste van die bruto wins wissel tussen 3.1% en 4.2% met 'n gemiddeld van 3.4% terwyl die inkomstebelasting weer 'n groter skommeling toon wat wissel tussen 1.9% en 4.7% met 3.1% as 'n gemiddeld. Die bruto wins kan nou verdeel word in sy verskillende koste afdelings en netto wins en dan diagramaties

DIAGRAM 2.

VERDELING VAN TOTALE BOKOSTE IN VERSKILLENDE KOSTEAFDELINGS - MELKERIE.



	%
A - Diverse Bokoste -	92.6
B - Totale Sosiale Koste -	3.9
C - Inkomstebelasting -	<u>3.5</u>
	<u><u>100.0</u></u>

voorgestel word. Diagram 1 toon duidelik dat, wat die melkerye betref, 'n aansienlike deel van die bruto wins as sosiale koste en inkomstebelasting opgeneem word, in totaal 6.5%, wat meer as 50% van die netto wins verteenwoordig. Die totale bokoste, wat die netto wins nie insluit nie, maar wel die sosiale koste en inkomstebelasting, toon duidelik in diagram 2 welke deel van hierdie totale koste deur die sosiale koste opgeneem word. Die inkomstebelasting en sosiale koste maak dus 7.4% van die totale bokoste uit.

As die gegewens in tabel 16 wat besonderhede van die slagterye bevat ontleed word, word dadelik tot die gevolgtrekking gekom dat hier te doen is met persentasies wat meer indrukwekkend is as dié van die melkerye. Die persentasie van die totale sosiale koste tot die bruto wins is byvoorbeeld 7.2% teenoor 3.4%, dus meer as dubbel dié van die melkerye. Die netto winspersentasie tot die bruto wins is 32.2% en hier vind ook 'n heelwat groter wisseling tussen die verskillende ondernemings plaas, naamlik tussen 18.9% en 40.7%. Die hoofredes vir hierdie groter wisselings en hoër netto winspersentasie tot die bruto wins lê natuurlik daarin, soos reeds gesien is, dat die melkerye 'n hoër persentasie bruto wins tot omset as slagterye handhaaf, maar tog met 'n laer persentasie netto wins tot omset tevrede moet wees, hoofsaaklik as gevolg daarvan dat beide

TABEL 16

PERSENTASIES NETTO WINS, SOSIALE KOSTE EN INKOMSTE-
BELASTING VAN BRUTO WINS EN TOTALE BOKOSTE-
SLAGTERY E


<u>Onderneming</u>	<u>A 5</u>	<u>A 6</u>	<u>A 7</u>	<u>A 8</u>	<u>A 9</u>	<u>Geweegde Totaal</u>
a) Bruto Wins	R37,953	R47,200	R18,741	R11,102	R30,451	R1,117,513
b) Netto Wins	7,205	17,810	4,244	4,061	12,403	359,679
c) Persentasie b) van a)	18.9%	37.7%	22.6%	36.6%	40.7%	32.2%
d) Totale Bo- Koste	30,748	29,390	14,497	7,041	18,048	757,834
e) Persentasie d) van a)	81.1%	62.3%	77.4%	63.4%	59.3%	67.8%
f) Totale Sosiale Koste	3,166	5,415	352	438	1,320	79,986
g) Persentasie f) van a)	8.3%	11.5%	1.8%	3.9%	4.3%	7.2%
h) Persentasie f) van d)	10.3%	18.4%	2.4%	6.3%	7.3%	10.6%
i) Totale Inkom- stebelasting	957	3,490	420	483	1,530	54,029
j) Persentasie i) van a)	2.5%	7.3%	2.2%	4.4%	5.1%	4.8%
k) Persentasie i) van d)	3.1%	11.9%	2.9%	6.8%	8.5%	7.1%
l) Diverse Bokoste	26,625	20,485	13,725	6,120	15,198	623,819
m) Persentasie e) van a)	70.3%	43.5%	73.4%	55.1%	49.9%	55.8%
n) Persentasie l) van d)	86.6%	69.7%	94.7%	86.9%	84.2%	82.3%

die aankoopprys en verkoopprys van die produkte wat die melkerye hanteer vasgestel is terwyl dit nie in alle opsigte die geval met die slagter se produkte is nie. Dit verklaar dan ook die relatiewe klein wisseling tussen die verskillende melkerye se persentasies en die groter wisseling sover dit die slagterye betref.

In diagram 3 word die persentasie bruto wins van die slagters verdeel in sy verskillende kostecafdelings asook netto wins. Dadelik blyk dit dat die deel wat die netto wins in hierdie geval beslaan, baie groter is as wat die melkerye s'n op diagram 1 is. Die winsverwagting van die slagter is dus oënskynlik groter as die melkerye s'n, maar nie tot die verhouding wat die diagram

DIAGRAM 3.


VERDELING VAN BRUTO WINS IN VERSKILLENDE KOSTES EN NETTO WINS - SLAGTERYE.



aandui nie aangesien die slagter op 'n heelwat kleiner bruto winspersentasie (tot omset) werk as die melkery. Maar ook die hap wat die sosiale koste en die inkomste-belasting uit die bruto wins neem, is aansienlik groter, naamlik in totaal 12.0%. Dit is hoofsaaklik toe te skryf aan die heffings wat sekere slagters direk ten opsigte van die Bemerkingswet aan die Vleisraad moet betaal en wat in die sosiale koste ingesluit is terwyl in die geval van ander slagters hierdie uitgawe deur die produsent betaal moet word en die slagter dus waarskynlik indirek hiertoe bydra deur verhoogde aankooppryse wat dus sy bruto wins beïnvloed. Hierdie stelling word natuurlik tot 'n groot mate gestaaf deur die persentasies van

DIAGRAM 4.

VERDELING VAN TOTALE BOKOSTE IN VERSKILLENDE KOSTEAFDELINGS -- SLAGTERYE.



tabel 8. Hoe dit ook al sy, die persentasies van die sosiale koste (7.2%) en die inkomstebelasting (4.8%) tot die bruto wins kan nie laer word deur die toevoeging van meer slagterye in die Vaaldrichhoek tot die tabel nie, dus kan ons geradelik aanvaar dat hierdie persentasies heeltemal konserwatief is.

Uit diagram 4 waar die totale bokoste van die slagterye uiteengesit word, blyk dit dat hierdie soort onderneming persentueel heelwat groter bydraes moet maak om aan ons verskillende wette te voldoen. As gevolg van die groter winsgewendheid van die slagterye moet daar natuurlik meer belasting (7.1%) betaal word en as gevolg van veral die direkte invloed van die Bemarkingswet op die ondernemers in die Vaaldrichhoek skiet die sosiale koste ook die hoogte in. As nou terugverwys word na die gegewens in tabel 14 waar die tekorte aan bedryfskapitaal van sekere ondernemings aangetoon word en die resultate wat blyk uit diagramme 1 tot 4 oorpins word, verg dit nie veel om te begryp waarom so 'n groot persentasie van die ondernemings dit moeilik vind om aan die verskillende wetlike verpligtinge te kan voldoen nie. Natuurlik kan daar geredeneer word dat ondernemings wat 'n tekort aan bedryfskapitaal het nie sake behoort te doen nie, maar 'n mens wonder wat van die land se ekonomiese toestand sou word as al die ondernemings wat in hierdie groep val hulle sou moes onttrek.

8. ONTLEDING VAN SOSIALE KOSTE. Nadat nou onder andere die algemene posisie van die sosiale koste van handelaars in bederfbare produkte nagegaan is, moet oorgegaan word tot die ontleding van hierdie sosiale koste en moet elke wet wat ontleed is, se bydrae tot die totaal bepaal word. In tabel 17 word die melkerye se werklike uitgawes ten opsigte van elk van die wette wat op hulle van toepassing is eers aangegee asook die gewig wat aan elke onderneming toegeken is. So het die Ongevalwet onderneming A1 byvoorbeeld R302 vir die jaar gekos en nadat die gewig van 7 wat vir hierdie onderneming toegeken is, toegepas is, is onderneming A1 se bydrae tot die gewoegde totaal van al die ondernemings ten opsigte van hierdie wet R2,114. 'n Verdere ondersoek na die gegewens van hierdie tabel toon ook dadelik aan dat die koste ten opsigte van die bantoewetgewings deurgaans vir meer as die helfte van die totale sosiale koste verantwoordelik is. Die verskillende ondernemings moet natuurlik kragtens die bantowette wat in hoofstuk 2 bespreek is, heffings hoofsaaklik ten opsigte van bantoebehuising betaal en melkerye het gewoonlik heelwat bantoes in diens. Die koste ten opsigte van die inkomstebelastingwet is die koste wat ontstaan ten gevolge van die lopende betaalstelsel en sluit nie die inkomstebelasting in wat op die betrokke onderneming se netto wins betaalbaar is nie. 'n Ander aangeleentheid wat in

TABEL 17

HANDELAARS IN BEDERFBARE PRODUKTE

ONTLEDING VAN WERKLIKE EN GEWEEGDE SOSIALE KOSTE
VAN ELKE ONDERNEMING--MELKERIJE

Onderneming	A 1	A 2	A 3	A 4	Totaal
1. Gewig toegeken	7	10	7	8	-
Werklike kostes ten opsigte van --					
2. Ongevallewet	R 302	R 84	R 245	R 240	-
3. Werkl. Vers. Wet	108	33	337	160	-
4. Wet op Stat.	8	12	16	10	-
5. Bantowet gewing	1,796	854	1,535	1,500	-
6. Ink. Bel. Wet	615	54	158	240	-
7. Bemarkingswet	355	156	370	550	-
8. Maatskappyewet	194	155	122	150	-
9. Totaal	R 3,378	R 1,348	R 2,783	R 2,850	-
Geweegde kostes ten opsigte van --					
10. Ongevallewet (1x2)	2,114	840	1,715	1,920	R 6,589
11. Werkl. Vers. Wet (1x3)	756	330	2,359	1,280	4,725
12. Wet op Stat. (1x4)	56	120	112	80	368
13. Bantowet gewing (1x5)	12,572	8,540	10,745	12,000	43,857
14. Ink. Bel. Wet (1x6)	4,305	540	1,106	1,920	7,871
15. Bemarkingswet (1x7)	2,485	1,560	2,590	4,400	11,035
16. Maatskappyewet (1x8)	1,358	1,550	854	1,200	4,962
17. Totaal (1x9)	R23,646	R13,480	R19,481	R22,800	R79,407

hierdie tabel opvallend is, is die geringe werklike koste in geld uitgedruk wat die Wet op Statistieke veroorsaak. Hierdie wet het gewoonlik nie baie koste wat dit op die skouers van 'n onderneming lê nie, maar dit veroorsaak dikwels, volgens die verskillende ondernemings, lastige werk en korrespondensie.

Die ooreenstemmende besonderhede ten opsigte van die slagters word weer in tabel 18 weergegee. In hierdie tabel is die geringe koste ten opsigte van die Wet op Statistieke ook opvallend en die grootste bydraes tot die sosiale koste van hierdie groep ontstaan as gevolg van die Bemerkingswet. Daar dien ook op getel te word dat ondernemings wat in die Kaapprovinsie sake doen nie onkoste ten opsigte van die bantowetgewings het nie aangesien hulle van kleurlingarbeid gebruik maak.

Uit die besonderhede van tabelle 17 en 18 is 19 saamgestel wat die persentasieverdeling ten opsigte van elke wet vir die melkerye en die slagters afsonderlik aangee. Soos reeds uit die werklike bedrae volgens tabelle 17 en 18 blyk, dra die bantowetgewing 55.2% van die totaal van die melkerye by terwyl die Bemerkingswet weer 68.1% van die slagters se totaal opneem. In albei gevalle dra die wet op Statistieke slegs .5% by. Al die ander wette se bydraes tot die totaal wissel in die geval van die melkerye tussen sowat 6% en 13% en in die geval van

TABEL 18

HANDELAARS IN BEDERFBARE PRODUKTEONTLEDING VAN WERKLIKE EN GEWEEGDE SOSIALE KOSTE
VAN ELKE ONDERNEMING-SLAGTERY.

Onderneming	<u>A 5</u>	<u>A 6</u>	<u>A 7</u>	<u>A 8</u>	<u>A 9</u>	<u>Totaal</u>
1. Gewig toegeken	6	8	9	9	8	-
Werklike kostes ten opsigte van -						
2. Ongevallewet	136	85	82	33	260	--
3. Werkl. Vers. Wet	80	50	30	35	180	-
4. Wet op Stat.	10	10	5	10	20	-
5. Bantowetgewing	270	160	70	-	-	-
6. Ink. Bel. Wet	30	270	40	100	50	-
7. Bemarkingswet	2,500	4,590	125	80	110	-
8. Maatskappyewet	140	250	-	180	700	-
9. Totaal	<u>3,166</u>	<u>5,415</u>	<u>352</u>	<u>438</u>	<u>1,320</u>	-
Geweeegde kostes ten opsigte van -						
0. Ongevallewet	816	680	738	297	2,080	4,611
1. Werkl. Vers. Wet	480	400	270	315	1,440	2,905
2. Wet. op Stat.	60	80	45	90	160	435
3. Bantowetgewing	1,620	1,280	630	-	-	3,530
4. Inkomstebelastingwet	180	2,160	360	900	400	4,000
5. Bemarkingswet	15,000	36,720	1,125	720	880	54,445
6. Maatskappyewet	840	2,000	-	1,620	5,600	10,060
7. Totaal	<u>18,996</u>	<u>43,320</u>	<u>3,168</u>	<u>3,942</u>	<u>10,560</u>	<u>79,986</u>

die slagterye tussen sowat 3% en 13%. In diagram 5 word ten opsigte van beide die melkerie en slagters elke wet se relatiewe bydrae tot die totaal duidelik uiteengesit wat met 'n oogopslag die belang van elke wet aantoon. Alhoewel die bantoe wetgewing in die geval van die melkerie en die Bemerkingswet in die geval

TABEL 19.



PERSENTASIEBYDRAE VAN SOSIALE KOSTE VAN ELKE WET TOT
DIE TOTAAL - HANDELAARS IN VARSPRODUKTE

<u>Wet</u>	<u>Melkerie</u>		<u>Slagterye</u>	
	<u>Bedrag</u>	<u>Persentasie</u>	<u>Bedrag</u>	<u>Persentasie</u>
Ongevalle wet	R 6,589	8.3%	R 4,611	5.8%
Werkl. Vers. Wet	4,725	5.9%	2,905	3.6%
Wet op Statistieke	368	.5%	435	.5%
Bantoe wetgewing	43,857	55.2%	3,530	4.4%
Inkomstebelasting	7,871	9.9%	4,000	5.0%
Bemerkingswet	11,035	13.9%	54,445	68.1%
Maatskappywet	4,962	6.3%	10,060	12.6%
Totaal	<u>R79,407</u>	<u>100.0%</u>	<u>R79,986</u>	<u>100.0%</u>

van die slagters die grootste bydrae tot die totaal lewer, is die totaal van al die ander wette gesamentlik ook 'n aansienlike persentasie van die totale sosiale koste.

Diagram 5.

Verdeling van Totale Sosiale Koste tussen die verskillende bydraende Wette - Handelaars in Varsprodukte.

Melkerye .Slagters .

A - 8.3	Ongevallewet	5.8 - A
B - 5.9	Werkloosheidsversekeringswet	3.6 - B
C - .5	Wet op Statistieke	.5 - C
D - 55.2	Bantowetgewing	4.4 - D
E - 9.9	Inkomstebelastingwet	5.0 - E
F - 13.9	Bemarkingswet	68.1 - F
G - <u>6.3</u>	Maatskappyewet	<u>12.6</u> - G
<u>100.0</u>		<u>100.0</u>

9. SOSIALE KOSTE, BELASTING EN NETTO WINS TEENOOR OMSET.

Vervolgens kan die verhouding van die sosiale koste

en die inkomstebelasting tot die omset van elke onderneming ontleed word en ook bepaal word wat die geweege gemiddelde van die melkerye en die slaghuise is. In tabel 20 word hierdie gegewens uiteengesit waarvolgens dit blyk dat in die geval van die melkerye die gemiddelde persentasie van die sosiale koste tot die omset 1.2% is terwyl dit ten opsigte van die inkomstebelasting 1.1% is. Die persentasies van die sosiale koste van die individuele melkerye wissel tussen 1.1% en 1.8% van die onderskeie ondernemings se omsette. Wat die slagterye betref, is die gemiddelde persentasie van die sosiale koste ook 1.2% met individuele skommelings wat wissel tussen .5% en 1.8% terwyl dit vir die inkomstebelasting 'n gemiddeld van .8% het met wisselings tussen .5% en 1.0%.

Hierdie persentasies lyk op die oog af betreklik nigtig. Die eerste gevolgtrekking sal byvoorbeeld wees dat as 'n melkery 1.2% van sy omset aan sosiale koste en 1.1% aan inkomstebelasting moet afstaan, dit baie laag is, want die totaal hiervan is maar 2.3%. As hierdie gegewens nou egter van nader beskou word, en ook die netto winspersentasies van melkerye en slagters daarmee vergelyk word, word tot die gevolgtrekking gekom dat die bydraes van die ondernemings kragtens hierdie wette tog nie hoeltemal so gering is nie. In tabel 21 word die sosiale koste, inkomstebelasting en netto

wins met mekaar vergelyk. Vir elke R100 omset wat 'n melkery het, moet hy R1.2 aan sosiale koste afstaan en R1.1 aan inkomstebelasting. Nadat hy hierdie uitgawes betaal het asook sy ander uitgawes, het

TABEL 20

PERSENTASIE SOSIALE KOSTE EN INKOMSTEBELASTING
TOT OMSET-HANDELAARS IN VARSPRODUKTE

<u>Onderneming</u>	<u>Omset</u>	<u>Sosiale Koste</u>		<u>Inkomstebelasting</u>	
		<u>Bedrag</u>	<u>Persen- tasie</u> (b) van(a) (c)	<u>Bedrag</u>	<u>Persen- tasie</u> (d) van(a) (e)
<u>Melkerye</u>	(a)	(b)	(c)	(d)	(e)
A 1	R 303,518	R 3,378	1.1	R 3,084	1.0
A 2	74,190	1,348	1.8	1,061	1.4
A 3	222,747	2,783	1.2	3,690	1.7
A 4	243,710	2,850	1.1	1,581	.7
Geweegde Gem.	6,375,435	79,407	1.2	70,676	1.1
<hr/>					
<u>Slagterye</u>					
A 5	173,805	3,166	1.8	957	.6
A 6	336,100	5,415	1.6	3,490	1.0
A 7	76,326	352	.5	420	.5
A 8	63,810	438	.7	483	.7
A 9	234,269	1,320	.6	1,530	.7
Geweegde Gem.	6,867,006	79,986	1.2	54,029	.8

TABEL 21.

PERSENTASIE SOSIALE KOSTE EN INKOMSTEBELASTING
TOT NETTO WINS - HANDELAARS IN VARSPRODUKTE.

	<u>Molkerye.</u>	<u>Slagtors.</u>
1. Omset	<u>100.0</u>	<u>100.0</u>
2. Sosiale Koste	1.2	1.2
3. Inkomstebelasting	<u>1.1</u>	<u>.8</u>
4. Totaal 2 + 3	2.3	2.0
5. Netto Wins	<u>4.1</u>	<u>5.2</u>
6. Totaal 4 + 5	<u>6.4</u>	<u>7.2</u>
7. Persentasie 4 van 5	56%	38%
8.. Persentasie 4 van 6	36%	28%

hy nog R4.1 oor as netto wins. Hy moes dus R2.3 betaal ten einde te kon voldoen aan die bepalinge van die nege wette wat op hom van toepassing is. Hierdie R2.3 kon sy winsgewendheid versterk het indien hy dit nie moes betaal nie en dit verteenwoordig 56% van sy netto wins. Indien dit nie vir hom nodig was om hierdie uitgawes te betaal nie, sou sy wins R6.4 wees, maar aangesien hy wel hierdie verpligtinge het, moet hy nou 36% hiervan afstaan. Hy hou dus slegs 64% oor van wat hy kon gehad het. In die geval van die slagters is

die posisie ietwat gunstiger. Die gemiddelde slagter se sosiale koste en inkomstebelasting bedra 38% van sy netto wins, of alternatieflik uitgedruk, kon die slagter R7.2 oorhou van elke R100 omset, maar hiervan moet hy 28% afstaan ten einde aan die bepalinge van die genoemde wette te kan voldoen.

In die lig van die lae winsgewendheid van die handelaars in varsprodukte, en veral van die melkerye, en ook met inagneming van die tekort aan bedryfskapitaal wat die meulsteen om die nek van so 'n groot persentasie van die kleinhandelaars is, is dit duidelik dat die wette wat ondersoek is 'n aansienlike invloed het op die koste van hierdie ondernemings.

10. SAMEVATTING. Die ontleding van die gegewens wat op handelaars in varsprodukte betrekking het, het 'n hele aantal belangrike punte na vore gebring. Eerstens blyk dit dat alhoewel slegs vier melkerye en vyf slagters as voorbeeld vir die analise geneem is, die gegewens wat van hulle as twee groepe saamgestel is, as verteenwoordigend beskou kan word aangesien die gegewens tot 'n groot mate ooreenstem met dié wat deur die Buro vir Statistiek saamgestel is en waar daar wel afwykings voorgekom het, is dit verklaar. Daarbenewens is ook daarop gelet dat die Bemerkingswet sedert 1 Desember 1964 van toepassing gemaak is op melkerye in die Vaal-

driehoek en dat die toepassing van die bepalinge van hierdie wet op 'n sekere streek die neiging toon om monopolistiese toestande in die hand te werk aangesien melkerye op 'n betreklike lae winsgrens werk en hierdie wet nog addisionele koste op die onderneming lê.

Die Bemerkingswet is eweneens die wet wat die grootste bydrae lewer tot die totale sosiale koste van die slagters in die Vaaldriehoek aangesien hierdie ondernemings sekere heffings kragtens hierdie wet moet betaal terwyl die verskillende Bantowetgewings weer die grootste enkele bydrae tot die totale sosiale koste van die melkerye lewer aangesien die melkerye gewoonlik van heelwat bantoearbeid gebruik moet maak en verskillende heffings ook in hierdie geval deur die werkgewer betaal moet word.

Vervolgens is ook gelet op die posisie van die bedryfskapitaal van die handelaar in bederfbare produkte en is gevind dat die meerderheid van hulle 'n tekort in hierdie verband het wat noodwendig stremmend op hulle ondernemings se vooruitgang moet inwerk. Nietemin moet hulle ook voldoen aan die bepalinge van hierdie wette ten spyte van hierdie gebrek aan bedryfskapitaal wat nie so maklik aangevul kan word nie soos in die geval van die groot ondernemings met makliker toegang tot die land se finansiële bronne.

Die gemiddelde opbrengs wat die belegger in 'n melkery op sy belegde fondse kan verwag, behoort ongeveer 19.6% per jaar te bedra en dié van die slagter sowat 42.8%. Die netto winspersentasies van die twee groepe verskil egter nie so veel nie aangesien die melkery 'n netto wins, na belasting, van sowat 4.1% op sy omsot kan verwag terwyl die slagter se persentasie in hierdie verband sowat 5.2% behoort te wees. Die totale sosiale koste wat beide die melkery en die slagter moet betaal beloop 1.2% van die omsot en die inkomstebelasting wat betaalbaar is, beloop vir die melkery en slagter 1.1% en .8% van die omsot onderskeidelik. Die bydraes wat hierdie twee groepe varsproduktehandelaars dus moet betaal as gevolg van die nege wette waarvan getrag is om die invloed te bepaal, is dus betreklik groot as dit gesien word in verhouding tot die lee winsgewendheid van die betrokke bedrywe. Die argument dat die Staat toegewings behoort te maak vir die klein onderneming ten einde hom beter in staat te stel om sy bydrae tot die land se ekonomiese vooruitgang te vergroot, is dus nie heeltemal sonder grond nie.

HOOFSTUK 6ANALISE - ALGEMENE HANDELAARS

1. INLEIDING: Die twaalf ondernemings wat as algemene handelaars geklassifiseer is, sluit ondernemings in wat hoofsaaklik klerasie, kruideniersware, hardeware, ysterware en boumateriaal verkoop. Vir n klein onderneming is dit dikwels moeilik om in die een of ander besondere rigting te spesialiseer, bv. in skoene, veral as die koperspubliek nie baie groot is nie. Die neiging is dus dikwels dat die klein onderneming neig om allerlei artikels te hanteer, bv. skoene, mansklerasie en damesklerasie of hy sal as hy kruideniersware verkoop, heelwaarskynlik ook hardeware en aanverwante produkte hanteer. Sodra n onderneming aan spesialisasie dink, kom dit gewoonlik daarop neer dat hy meer kapitaal benodig aangesien hy nou besondere soorte van die produk moet aanskaf, soorte wat nie in algemene aanvraag is nie, met die gevolg dat n deel van sy kapitaal opgesluit lê in voorraad met n stadige omset. Die „algemene handelaar" sal aan die ander kant net die goedere aanskaf waarvan die aanvraag in die betrokke omgewing groot is, dit maak nie saak of dit kruideniersware, kruitwaens of kakieklere is nie. Die onderneming wat n verskeidenheid

goedere verkoop, is dus gewoonlik n meer aanloklike soort onderneming veral vir die persoon wat nie baie fondse beskikbaar het nie. In die Vaaldriehoek is daar wel n redelike groot koperspubliek, maar tog is daar min plaaslike ondernemings wat spesialiseer. Daar is wel heelwat wat takke van hoofsaaklik Johannesburgse ondernemings is en wat in die een of ander rigting spesialiseer maar plaaslik geregistreerde ondernemings in hierdie rigting is min. Die oorgrote meerderheid ondernemings verkoop meer as een soort produk. As hulle mansklerasie verkoop, verkoop hulle na alle waarskynlikheid ook skoene en kinderklere terwyl die handelaar in boumateriaal maklik ook saad vir die boere en elektriese benodigdhede sal aanhou. Die Vaaldriehoek is natuurlik betreklik naby aan Johannesburg geleë met die gevolg dat die koper wat iets besonders soek, maklik na Johannesburg sal reis om die artikel te gaan soek. Dit bemoeilik dus die posisie van die onderneming wat wil spesialiseer. Wat die handelaar betref wat n verskeidenheid goedere te koop aanbied, is dit in die praktyk natuurlik uiters moeilik om sy transaksies in afdelings te verdeel waar sy finansiële rekords nie dienooreenkomstig aangelê is nie en n groot persentasie van hierdie ondernemings hou nie n aparte rekord van hulle verskillende afde-

lings nie aangesien die omvang van hulle bedrywighede dit gewoonlik nie regverdig nie. As die resultate van die twaalf ondernemings wat ondersoek is, dus ontleed word, lewer die verhouding tussen die verskillende soorte produkte wat hulle hanteer gewoonlik tot 'n sekere mate 'n probleem op aangesien nie een van hulle spesialiseer nie en die meeste meer as twee soorte artikels verkoop. Die een is byvoorbeeld 'n „algemene handelaar” (volgens tabel 7) asook 'n handelaar in ysterware en 'n ander weer verkoop boumateriaal, ysterware, allerlei landbouprodukte asook elektriese goedere. Om nou 'n verdeling te probeer maak soos dié van die Buro vir Statistiek (Tabel 7), is nie baie prakties nie aangesien dit dan op skattings van verkope en al die koste-elemente gebaseer sal moet word en dit is vir die doel van hierdie verhandeling eintlik nie nodig nie. Die totale resultate van 'n onderneming of 'n groep ondernemings is hier van meer belang as die verskillende handelsafdelings van 'n onderneming. Wat wel van belang is, is om te bepaal of die resultate van die twaalf ondernemings wat ondersoek is naastenby ooreenstem met dié van die Buro vir Statistiek. Uit die gegewens in Tabel 7 blyk die volgende besonderhede;

	<u>Bruto %</u>	<u>Netto %</u>
Algemene Handelaars	17.9	6.7

	<u>Bruto %</u>	<u>Netto %</u>
Ysterware	25.3	6.3
Algemene Uitrusters	28.2	8.1
Kruideniersware	18.0	6.6

Uit hierdie persentasies is dit duidelik dat die onderneming wat as 'n „algemene handelaar" geklassifiseer is, maar ook ysterware verkoop, 'n bruto winspersentasie kan hê van enige tussens sowat 18% en 25%. Alles sal afhang van die bydrae van elk van hierdie twee afdelings tot die totaal. 'n Gemiddeld vir die bruto winspersentasies van al vier die bogenoemde soorte ondernemings sal in elk geval waarskynlik in die omgewing van tussen 20% en 25% wees en dié van die netto winspersentasie tussen 6.5% en 7.0%. In paragraaf 4 van hierdie hoofstuk sal dan vasgestel word tot watter mate die twaalf ondernemings met die bogenoemde gemiddeldes ooreenstem.

Dit blyk uit die voorafgaande dat by algemene handelaars baie minder eenvormigheid sal bestaan as by die handelaars in verspreide hoofsaaklik as gevolg van die mengselverskil in verkope, maar hierdie verskille rijk in wese nie die ondersoek nie aangesien hoofsaaklik in die totale van elke onderneming belanggestel word.

2. BEPALING VAN 'n GEWIGSFAKTOR VIR ELKE ONDERNEMING.

Voordat oorgegaan kan word tot dië bespreking van gemiddeldes van die groep wat as algemene handelaars ingedeel is, moet eers 'n punt vir elke onderneming bepaal

TABEL 22

OMSET, KAPITAAL AANGEWEND EN NETTO WINS-
ALGEMENE HANDELAARS

<u>Onderneming</u>	<u>Omset</u>	<u>Kapitaal aangewend</u>	<u>Netto Wins</u>	<u>Persentasie van Netto Wins tot</u>	
				<u>Omset</u>	<u>Kapitaal aangewend</u>
B 1	R209,396	R50,549	R7,580	3.6	15.0
B 2	239,828	20,000	10,969	4.6	54.8
B 3	102,696	18,545	2,406	2.3	13.0
B 4	151,077	11,795	6,036	4.0	51.1
B 5	116,433	8,724	3,630	3.1	41.6
B 6	45,928	5,740	2,462	5.3	42.9
B 7	43,574	6,222	5,326	12.2	85.6
B 8	46,487	14,251	5,203	11.2	36.5
B 9	110,961	40,939	4,151	3.7	10.1
B 10	104,812	4,015	3,074	2.9	76.5
B 11	73,529	6,076	2,852	3.9	47.0
B 12	153,363	18,810	3,598	2.3	19.1

word soos dit vir die melkerye en slagters bepaal is.

Daar is in hoofstuk 5 daarop gewys dat die feit dat alle ondernemings nie ewe goed bestuur word nie die hoof-

rede is waarom h punt vir elke onderneming bepaal moet word. Wat vir die handelaars in verspreukte geld, geld ook vir die algemene handelaars. In tabel 22 word die omset, kapitaal aangewend en die netto wins van elk van die twaalf ondernemings asook die persentasie van die netto wins tot die omset en tot die kapitaal wat belê is aangegee. Dit verg nie veel studie om dadelik op te merk dat daar h groot skommeling is, beide sover dit die netto winspersentasie asook die persentasie van die netto wins tot die belegde kapitaal aanbetref nie. In die eerste geval is die skommeling tussen 2.3% en 12.2% en in die tweede geval tussen 10.1% en 85.6%. Daar is natuurlik redes vir al hierdie afwykings wat later in hierdie hoofstuk ontleed sal word, maar vir die doel van die bepaling van h gewigsfaktor vir elke onderneming is hierdie persentasies voldoende. Daar dien net op gewys te word dat die netto winspersentasies, soos in die geval van die handelaars in verspreukte, ook die persentasies is nadat die inkomstebelasting wat in iedere geval betaalbaar is, reeds afgetrek is.

In tabel 23 word die netto winspersentasie asook die persentasie van die netto wins tot die kapitaal wat aangewend is weer teenoor elke onderneming aangegee

TABEL 23

BEPALING VAN 'n GEWIGSFAKTOR VIR ELKE ONDERNEMING-
ALGEMENE HANDELAARS.

	(a)	(b)	(c)	(d)	(e)	(f)
Onder- neming	% Netto Wins tot Omset	Punte	% Netto Wins tot Kapitale Aange.	Punte	(b) & (d)	Finale Punte
	B 1	3.6	8	15.0	6	14
B 2	4.6	10	54.8	10	20	10
B 3	2.3	5	13.0	6	11	5
B 4	4.0	9	51.1	10	19	9
B 5	3.1	7	41.6	9	16	8
B 6	5.3	10	42.9	9	19	9
B 7	12.2	10	85.6	10	20	10
B 8	11.2	10	36.5	8	18	9
B 9	3.7	8	10.1	6	14	7
B10	2.9	6	76.5	10	16	8
B11	3.9	8	47.0	9	17	8
B12	2.3	5	19.1	6	11	5

Basis van Puntetoekenning

<u>Netto Wins tot Omset</u>				<u>Netto Wins tot Kapitaal Aan- gewend</u>			
			<u>Punte</u>				<u>Punte</u>
Oor	4.5%	-	10	Oor	50%	-	10
	4.0 - 4.4%	-	9		40 - 49%	-	9
	3.5 - 3.9%	-	8		30 - 39%	-	8
	3.0 - 3.4%	-	7		20 - 29%	-	7
	2.5 - 2.9%	-	6		10 - 19%	-	6
	2.0 - 2.4%	-	5		0 - 9%	-	5

asook die basis waarvolgens punte bepaal is. Sover dit die netto winspersentasie betref, is daar van die standpunt uitgegaan dat die ondernemings met meer as 4.5% 10 punte verdien en dat dié met minder as 2.4% slegs op 5 punte geregtig is. Die verskil tussen hierdie twee uiterstes is dan eweredig ingedeel in groottes van .5% elk.

Eweneens is die opbrengs op die kapitaal wat belê is só ingedeel dat ondernemings wat meer as 50% op hulle kapitaal verdien 10 punte kry en dié met minder as 10% slegs 5 punte. Elke onderneming is vervolgens n punt volgens die tabel toegeken vir beide sy netto winspersentasie asook vir die opbrengs op sy kapitaal en daarna is hierdie punte van elkeen afsonderlik oorweeg met inagneming van elkeen se besondere omstandighede ten einde sover as moontlik vas te stel of die punte wat aan elkeen toegeken is, as billik en regverdig beskou kan word. Nadat dit gedoen is, is die twee punte volgens kolomme (b) en (d) bymekaargetel, deur twee gedeel en n finale punt vir elkeen verkry. Halwes is soos in die vorige geval ook buite rekening gelaat.

Dit is interessant om op hierdie stadium reeds te let op die verwantskap wat daar bestaan tussen die resultate van tabel 9 (die gewigsfaktor van handelaars in vars-

produkte), en tabel 23. In die geval van die nege handelaars in varsprodukte het slegs een 10 punte, 2 het 9 punte, 3 het 8 punte, 2 het 7 punte en 1 het 6 punte verkry. Die grootste aantal het dus 8 punte behaal terwyl dit duidelik is dat 'n klein persentasie goed beheer word (slegs een) asook dat dié wat swak bestuur word (6 punte of minder) ook min is. In die geval van die algemene handelaars het 2 tien punte, 3 het 9 punte, 3 het 8 punte, 2 het 7 punte en 2 het 5 punte verdien. Die meeste (50%) het dus 9 of 8 punte verdien terwyl dié wat ~~as~~ baie goed bestempel kan word slegs 2 van die 12 is en die heel swakkes ook net twee is. Ons kan dus in albei gevalle die bestuur van die grootste gros ondernemings met 'n punt van 8 of 9 as „redelik" beskou.

3. ALGEMENE ONTLEDING VAN VERSAMELDE GEGEWENS.

In die eerste helfte van tabelle 24 en 25 word die werklike besonderhede van die twaalf algemene handelaars gegee terwyl in die tweede helfte die totale ten opsigte van elke onderneming gegee word nadat die werklike syfer van elk met sy bepaalde gewig vermenigvuldig is. Tabel 24 bevat besonderhede van die kapitaal, omset, bruto en netto wins terwyl tabel 25 weer die besonderhede van die uitgawes van elke onderneming aan-

WERKLIKE EN GEWEEGDE STATISTIESE GEGEWENS-
ALGEMENE HANDELAARS

<u>Item</u>	1.	2.	3.	4.	5.
<u>Onderneming</u>	<u>Gewig toegeken</u>	<u>Kapitaal aangewend</u>	<u>Omset</u>	<u>Bruto Wins</u>	<u>Netto Wins</u>
B 1	7	R 50,549	R 209,396	R 60,790	R 7,580
B 2	10	20,000	239,828	39,383	10,969
B 3	5	18,545	102,696	10,361	2,406
B 4	9	11,795	151,077	18,154	6,036
B 5	8	8,724	116,433	19,578	3,630
B 6	9	5,740	45,928	8,026	2,462
B 7	10	6,222	43,574	11,112	5,326
B 8	9	14,251	46,487	12,507	5,203
B 9	7	40,939	110,961	33,221	4,151
B 10	8	4,015	104,812	13,686	3,074
B 11	8	6,076	73,529	11,073	2,852
B 12	<u>5</u>	<u>18,810</u>	<u>153,363</u>	<u>19,222</u>	<u>3,598</u>
<u>Geweegde Totale</u>		1 x 2	1 x 3	1 x 4	1 x 5
B 1		353,843	1,465,772	425,530	53,060
B 2		200,000	2,398,280	393,830	109,690
B 3		92,725	513,480	51,805	12,030
B 4		106,155	1,359,693	163,386	54,324
B 5		69,792	931,464	156,624	29,040
B 6		51,660	413,352	72,234	22,158
B 7		62,220	435,740	111,120	53,260
B 8		128,259	418,383	112,563	46,827
B 9		286,573	776,727	232,547	29,057
B 10		32,120	838,496	109,488	24,592
B 11		48,608	588,232	88,584	22,816
B 12		<u>94,050</u>	<u>766,815</u>	<u>96,110</u>	<u>17,990</u>
<u>Totaal</u>		<u>1,526,005</u>	<u>10,906,434</u>	<u>2,013,821</u>	<u>474,844</u>

TABEL 25

WERKLIKE EN GEWEEGDE STATISTIESE GEGEWENS-
ALGEMENE HANDELAARS (Vervolg)

<u>Item</u>	1.	6.	7.	8.
<u>Onderneming</u>	<u>Gewig toegeken</u>	<u>Totale Bokoste</u>	<u>Totale Sociale Koste</u>	<u>Inkomste- belasting Betaalbaar</u>
B 1	7	R 53,210	R 930	R1,220
B 2	10	28,414	975	1,729
B 3	5	7,955	567	80
B 4	9	12,118	208	700
B 5	8	11,948	375	455
B 6	9	5,564	95	180
B 7	10	5,786	189	562
B 8	9	7,304	105	320
B 9	7	29,070	532	341
B 10	8	10,612	409	175
B 11	8	8,221	135	150
B 12	5	<u>15,624</u>	<u>362</u>	<u>120</u>
<u>Geweegde Totale</u>		1 x 6	1 x 7	1 x 8
B 1		372,470	6,510	8,540
B 2		284,140	9,750	17,290
B 3		39,775	2,835	400
B 4		109,062	1,872	6,300
B 5		95,584	3,000	3,640
B 6		50,076	855	1,620
B 7		57,860	1,890	5,620
B 8		65,736	945	2,880
B 9		203,490	3,724	2,387
B 10		84,896	3,272	1,400
B 11		65,768	1,080	1,200
B 12		<u>78,120</u>	<u>1,810</u>	<u>600</u>
Totaal		<u>1,506,977</u>	<u>37,543</u>	<u>51,877</u>

gee.

Daar word volgens tabel 24 gemerk dat daar slegs twee ondernemings is waarvan die omset R200,000 per jaar oorskry het. Van die oorblywende tien het ses 'n omset van tussen R100,000 en R200,000 per jaar terwyl vier se omset onder R100,000 per jaar beloop. Drie van hierdie vier se omset is tussen R40,000 en R50,000 per jaar. Dit is dus duidelik dat hierdie ondernemings werklik „klein" is en tog staande bly. Dit is ook opmerklik dat daar oënskynlik nie veel verband tussen sommige van hierdie ondernemings is nie. Ondernemings B4 en B12 het byvoorbeeld feitlik dieselfde omset, hulle bruto wins is ook byna dieselfde en tog is die een se netto wins R6,036 teenoor R3,598 van die ander een. Net so is B7 se omset nie eers die helfte van dié van B3 nie en tog is B7 se netto wins meer as twee keer dié van B3. En selfs wat die sosiale koste en die totale bokoste betref, is daar heelwat verskille te bespeur. Ondernemings B3 en B8 se totale bokoste is tussen R7,000 en R8,000 en tog is die sosiale koste wat hierby ingesluit is R105 vir B8 en R567 vir B3. Dit is dus duidelik dat die skommelings vir hierdie groep ondernemings aansienliker is as wat die geval met die handelaars in varsprodukte was. Die oorsaak van

hierdie verskille sal nou in die volgende paragraaf ontleed word.

4. ONTLEDING VAN BRUTO EN NETTO WINSPERSENTASIES.

Die Ontleding van die bruto en netto winspersentasies soos in tabel 26 uiteengesit, bring verskeie interessante feite na vore. Die bruto persentasies wissel tussen sowat 10% en 30% met 'n geweegde gemiddeld van 18.5% terwyl die netto persentasies tussen 2.3% en 12.2% wissel --- 'n aansienlike verskil as ons in gedagte hou dat hierdie ondernemings veronderstel is om min of meer aan dieselfde groep te behoort. Die geweegde gemiddeld van die netto wins is maar slegs 4.4%.

Soos reeds aangedui is, val die aktiwiteite van die twaalf ondernemings hoofsaaklik in die vier groepe „algemene handelaars“, „ysterware“, „algemene uitrusters“ en „kruideniersware“. As die bruto winspersentasies van hierdie vier groepe vir Suid-Afrika nagegaan word, word daar gevind dat die algemene uitrusters se persentasie die hoogste is, nl. 28.2%. Hierdie groep dryf handel in mans-, dames- en kinderklere asook in skoene, onderklere en alles wat as kledingstukke beskou kan word. Van die twaalf ondernemings wat hier ondersoek is kan drie as algemene uitrusters beskou word, nl. B1, B8 en B9 en hulle bruto winsper-

sentasies is 29.0%, 26.9% en 29.9% onderskeidelik. Hierdie persentasies is besonder naby aan die 28.2% wat deur die Buro vir Statistiek vir Suid-Afrika vasgestel is en daar hoef derhalwe nie verder aandag hiernaan gegee te word nie. Die netto winspersenta-

TABEL 26.

BRUTO EN NETTO WINS-PERSENTASIES-
ALGEMENE HANDELAARS.

<u>Onderneming</u>	<u>Bruto Wins- persentasie</u>	<u>Netto Wins- persentasie</u>
B 1	29.0	3.6
B 2	16.4	4.6
B 3	10.1	2.3
B 4	12.0	4.0
B 5	16.8	3.1
B 6	17.5	5.3
B 7	25.5	12.2
B 8	26.9	11.2
B 9	29.9	3.7
B 10	13.1	2.9
B 11	15.1	3.9
B 12	12.5	2.3
Geweegde Gemiddeld	18.5	4.4

sies van hierdie drie ondernemings toon egter heeltemal n ander prentjie. Die gemiddeld vir Suid-Afrika word aangegee as 8.1% (voor belasting) terwyl die be-

rekende persentasies 3.6%, 11.2% en 3.7% na belasting is. As die inkomstebelastings van elk van hierdie drie ondernemings teruggetel word verander die persentasies na 4.2%, 11.9% en 4.1%. Selfs hierdie persentasies verskil wesenlik van die algemene gemiddeld van 8.1%. By verdere ontleding word daar egter gevind dat een van die twee met die lae persentasies verliese ly as gevolg van kontrakte wat teen te lae pryse aangegaan is terwyl die ander een weer aansienlike kortings toestaan aan die werknemers van sekere instansies.

Alhoewel hierdie verliese in albei gevalle hoofsaaklik verantwoordelik is vir die lae netto winspersentasies, beïnvloed hulle natuurlik ook die bruto winspersentasies. Albei se bruto winspersentasies sou ietwat hoër wees indien hierdie verliese nie gely is nie. Hoe dit ook al sy, moet daar onthou word dat hier, en ook in die ander gevalle van die „algemene handelaars“, met ondernemings te doen gekry word wat hulle verkooppriese na willekeur kan verander en dat selfs hulle aankoop-priese nie teen vasgestelde pryse geskied soos dit hoofsaaklik met die handelaars in varsprodukte die geval is nie. Baie leweransiers (of fabrikante) verskaf die goedere aan die handelaars teen spesiale pryse wat onderling gereël word en wat van onderneming tot

onderneming kan verskil. As al hierdie faktore dus in aanmerking geneem word, kan begryp word dat die resultate, beide bruto en netto, van onderneming tot onderneming sal verskil. Dit word verder bewys deur die feit dat onderneming B8 'n netto winspersentasie van meer as 11% maak teenoor 'n bruto persentasie van slegs 26.9%. Die syfer van die Buro vir Statistiek wat as 'n „gemiddeld” vir die hele Suid-Afrika aangegee is, dien dus 'n nuttige doel in dié opsig dat hierdie twaalf ondernemings se resultate daarmee vergelyk kan word.

Van die ~~orige~~ nege ondernemings is daar ook drie waarvan die hoof funksie die hantering van kruideniersware is. Hierdie drie ondernemings, B5, B11 en B12 se bruto persentasies is 16.8%, 15.1% en 12.5% onderskeidelik teenoor die gemiddeld van 18.0% vir Suid-Afrika as geheel. Al drie hierdie ondernemings werk dus op 'n heelwat laer bruto persentasie as wat die gemiddeld in 1960/61 was. As hulle netto persentasies nou ontleed word, word dieselfde verskynsel opgemerk. Hierdie persentasies is 3.1%, 3.9% en 2.3% onderskeidelik wat natuurlik elk effens hoër sal wees indien die inkomstebelasting teruggetel word, maar wat dan nietemin nog ver van die gemiddeld van 6.6% vir Suid-Afrika as

geheel is. Dit wil dus voorkom of dit hier 'n geval is waar óf drie swak ondernemings as voorbeeld gekies is, óf daar het faktore sedert 1961 ingetree wat die winsgewendheid van hierdie klas onderneming aansienlik beïnvloed het. Die resultate van die eerste twee toon egter (volgens tabel 23) dat hulle heeltemal redelik beheer word en dit is slegs B12 wat in werklikheid as swak beskou kan word. Die oorsake van hierdie laer persentasies is gevolglik met die betrokke handelaars bespreek wat aldrie dadelik daarop gewys het dat die persentasies baie laer as in 1961 behoort te wees aangesien die handelaar in kruideniersware vandag te kampe het met die sogenaamde kettingwinkels wat kruideniersware op groot skaal teen laer pryse aankoop en dit gevolglik teen verlaagde pryse aan die publiek kan bied. Die klein handelaar moet nou met hierdie ondernemings meeding terwyl hy sy produkte nie teen verlaagde pryse kan bekom nie. Die gevolg is 'n verlaging in beide sy bruto en netto winspersentasies en tensy hy sy omset kan verhoog, sal hy waarskynlik mettertyd van die toneel verdwyn of goedere van 'n ander aard moet verkoop. Die orige ses ondernemings dryf handel hoofsaaklik in boumateriaal, hardeware en boerderybenodigdhede. As hulle persentasies nagegaan word, word daar gevind dat

daar een is, nl. B7, waarvan die persentasies heeltemal buite verhouding met die ander vyf is. Hierdie onderneming se bruto en netto persentasies is 25.5% en 12.2% onderskeidelik en by ondersoek na die oorsake van hierdie relatief gesproke hoë persentasies het dit geblyk dat hy benewens die goedere wat hy verkoop ook skilderkontrak op klein skaal onderneem. Die inkomste wat hieruit verkry word, het natuurlik 'n aansienlike invloed op die bruto winspersentasie aangesien daar nie 'n ooreenstemmende debiet daarteenoor is nie. Die arbeidskoste wat aangegaan is in die verkryging van hierdie inkomste is as 'n gewone bedryfsuitgawe beskou, maar aangesien dit minder is as die inkomste, verhoog dit die netto wins en gevolglik ook die netto winspersentasie. Wat die orige vyf ondernemings betref, wissel hulle bruto winspersentasies tussen 10.1% en 17.5%. Volgens tabel 7 is die gemiddelde bruto winspersentasie van „algemene handelaars" vir Suid-Afrika 17.9% en vir handelaars in ysterware 25.3%. Aangesien net een van hierdie ondernemings, naamlik B2, in 'n mindere mate handel in ysterware dryf, kan hierdie afdeling buite rekening gelaat word en kan die aandag hoofsaaklik by algemene handelaars bepaal word. Met die uitsondering van onderneming B6 is die bruto persentasies van al vyf hier-

die ondernemings heelwat laer as die 17.9% en moet daar dus weer na oorsake vir hierdie verskille gesoek word. Die hoofoorsake vir hierdie verlaagde persentasies is dan ook in iedere geval vasgestel, maar hier sal slegs dié van B3 en B4, wat die laagste is, ter verduideliking aangestip word. In die geval van onderneming B3 wat hoofsaaklik boumateriaal koop en verkoop is vasgestel dat daar gedurende 'n groot deel van die jaar baie onoordeelkundig aangekoop is en dat daar boonop heeltemal onekonomiese kortingtoelaes aan die kopers toegestaan is blykbaar net om die besigheid te kan bekom. Daarbenewens het hulle ook 'n baie groot volume sement hanteer waarop daar 'n baie lae winsgrens is. Hierdie faktore, as dit noukeurig ontleed word, verklaar die lae bruto en netto winspersentasies tot 'n groot mate. Wat onderneming B4 weer betref, is gevind dat 'n aansienlike persentasie van sy besigheid op 'n agentskapbasis geskied. Dit beteken dat in stede daarvan dat hierdie onderneming die produkte koop om weer te verkoop, hy sekere goedere op besending kry en indien hy dit dan verkoop, kry hy miskien 7½% of 10% van die opbrengs as sy deel van die wins. Hierdie onderneming is boonop ook geneig om te vryelik korting aan kopers toe te staan. Elke korting wat toegestaan word, beïnvloed die winspersentasies nadelig en gepaard-

gaande met die besendingskommissie is sy bruto winspersentasie dan ook aansienlik laer as die gemiddeld. As die netto winspersentasies van hierdie vyf ondernemings nou ontleed word, word omtrent dieselfde verskynsel as by die bruto persentasies aangetref. Hulle wissel naamlik tussen 2.3% en 5.3% wat natuurlik die persentasies na belasting is. Die gemiddeld van sowat 6.7% voor belasting is egter oor die algemeen heelwat hoër, maar dan moet daar ook in gedagte gehou word dat indien h gemiddeld vir hierdie ondernemings bereken sou word, dus die een met die hoë persentasie ingesluit, die persentasie dan ook heelwat nader aan die Buro vir Statistiek se persentasie sou wees. Boonop moet daar ook nie uit die oog verloor word nie dat hierdie klas van handelaar heelwat koste het met die aflewering van sy produkte by die koper se huis en dat hierdie bedryfsuitgawe h aansienlike styging sedert 1961 ondergaan het met die gevolg dat sy netto winspersentasie nadelig daardeur geraak word.

Die geweegde gemiddelde bruto en netto winspersentasies van 18.5% en 4.4% vir die groep van twaalf ondernemings as h geheel vergelyk dus op die oog af nie baie gunstig met die behaderde, gemiddelde winspersentasies van die Buro vir Statistiek vir hierdie groepe nie. Soos in

die inleiding van hierdie hoofstuk bevind is, moet die Buro vir Statistiek se bruto persentasie tussen 20% en 25% wees terwyl die netto persentasie tussen 6.5% en 7.0% is. Daar is egter voldoende redes aangevoer vir hierdie afwykings en indien die inkomstebelasting by die netto wins bygetel word, is die geweegde gemiddelde netto winspersentasie 4.8%. Daar kan dus aanvaar word dat die twaalf ondernemings wat as algemene handelaars gekies is, redelik verteenwoordigend is van hierdie groep in die berekenings wat verder volg.

5. ONTLEDING VAN OPBRENGS OP KAPITAAL AANGEWEND.

Wanneer die persentasies van die netto wins tot die belegde kapitaal van die verskillende algemene handelaars soos dit in die laaste kolom van tabel 22 uiteengesit is, ontleed word, word daar dadelik gemerk dat hier 'n baie groot verskil is tussen die onderneming met die kleinste persentasie opbrengs op kapitaal en dié met die grootste persentasie. Die verskillende persentasies wissel tussen sowat 10% en 85% en om te probeer om hierdie handelaars in verskillende klasse in te deel soos byvoorbeeld algemene uitrusters, kruideniersware ens., werp eintlik ook geen lig op die probleem nie. Die ondernemings wat hoofsaaklik as kruidenierswinkels ingedeel kan word se persentasies wissel byvoorbeeld tus-

sen 19.1% vir B12 en 47.0% vir B11. Dieselfde geld ook vir die ander twee groepe soos in die vorige paragraaf van hierdie hoofstuk uiteengesit. Daar moet dus daartoe oorgegaan word om, soos in die geval van die varsprodukte handelaars, na oorsake, indien enige, te soek in die gevalle waar die persentasies buitengewoon hoog of laag is om sodoende te probeer vas te stel of daar 'n benaderde persentasie is wat 'n persoon wat hierdie soort onderneming het op sy kapitaal kan verwag.

In die gevalle van die handelaars in varsprodukte is daar gevind dat daar eintlik net twee redes is wat vir die afwykende persentasies verantwoordelik was, naamlik waar 'n onderneming as 'n winskoop verkry is of waar klandisiewaarde betaal is. Hierdie redes kan sekerlik ook op algemene handelaars of op enige onderneming van toepassing wees en sal in gevalle waar dit wel van toepassing is, 'n invloed op die betrokke persentasies hê, maar in die gevalle van die algemene handelaars is hierdie redes met die uitsondering van onderneming B12, glad nie van toepassing nie.

In die ontleding van hierdie ondernemings se besonderhede het daar verskeie ander interessantheite wat die

persentasies beïnvloed, na vore gekom. Wat onderne-
ming B12 betref, is 'n aansienlike bedrag vir klandisie-
waarde betaal. As hierdie klandisiewaarde buite reke-
ning gelaat sou word asook die kapitaal wat vir die be-
taling daarvan gebruik moes word, sal die persentasie
van die opbrengs op dié dan aangewende kapitaal veran-
der van 19.1% na byna 60%. Hierdie persentasie is
weer hoog veral as dit vergelyk word met dié van die an-
der twee wat hoofsaaklik kruideniersware hanteer, naam-
lik B5 met 41.6% en B11 met 47.0%. Daar is egter geen
ander uitstaande faktor wat hierdie drie ondernemings
se persentasies verder kan beïnvloed nie, behalwe die
graad van doeltreffendheid waarmee die onderskeie on-
dernemings bestuur word.

In die gevalle van ondernemings B1 en B9, wat albei
algemene uitrusters is, word dieselfde verskynsel aan-
getref, naamlik 'n lae persentasie op die belegde kapi-
taal wat hoofsaaklik die gevolg is van die aanhou van
'n te groot voorraad. Dit geld veral vir onderneming
B9 waar die voorraad wat voorhande gehou word heeltemal
buite verhouding tot die omset is. Om 'n omset van
R110,961 per jaar te regverdig, hou hierdie onderneming
meer as R40,000 se voorraad aan wat 'n voorraadomset van
skaar 2.5 per jaar verteenwoordig. 'n Onderneming

van hierdie aard kan waarskynlik met 'n heelwat kleiner voorraad nog dieselfde omset handhaaf (soos in die geval van onderneming B8) terwyl dit dan sal beteken dat minder kapitaal nodig is met 'n gevolglike hoër opbrengspersentasie op die belegde kapitaal. Die voorafgaande geld tot 'n groot mate ook vir onderneming B1 waarvan die verhouding van die voorraad tot die omset ook minder as 1 tot 3 is. Dit is natuurlik nie die doel om hier na te gaan wat die voorraadomsetting van die verskillende ondernemings behoort te wees nie, al wat hier van belang is, is om aan te toon dat waar hierdie verhouding van voorraad tot omset te klein word dit 'n uiters nadelige uitwerking op die resultate van die betrokke onderneming het soos dit met B1 en veral met B9 die geval is. Albei hierdie ondernemings kan met hulle bestaande fasiliteite hulle omsette moontlik verdubbel met gevolglik baie gunstiger persentasies van netto-wins tot belegde kapitaal, maar nou het hulle hul fondse in oortollige, of onnodige voorrade belê wat vir hulle in werklikheid weinig voordeel inhou. Dit is natuurlik baie moeilik om hier te bepaal hoeveel voorrade elk van hierdie twee ondernemings nou eintlik „te veel” het, maar as elk van hierdie twee ondernemings sê slegs 15% minder voorraad, en dus kapitaal, sou hê,

sou die betrokke persentasies ook heelwat hoër wees. Dit is ook interessant om daarop te let dat hierdie twee ondernemings volgens tabel 27 aansienlike bedraes as bedryfskapitaal het. Natuurlik moet hier ook in gedagte gehou word dat die lae netto winspersentasies van hierdie twee ondernemings as gevolg van bestuursbeleid soos ons in paragraaf 4 van hierdie hoofstuk aangetoon het, ook 'n invloed het op die persentasie van die opbrengs op die belegde kapitaal.

Van die orige algemene handelaars het B5 ook 'n baie lae persentasie terwyl B7 en B10 weer hoë persentasies het. In die geval van B3 is daar blykbaar geen spesifieke rede vir die lae persentasie nie behalwe dat hierdie onderneming, vir die 1964/65 jaar altans, "baie swak bestuur is" soos daar reeds aangetoon is. Die swak administrasie in hierdie geval is verantwoordelik daarvoor dat feitlik al die resultate van hierdie onderneming ongunstig vergelyk met die ooreenstemmende resultate van die ander ondernemings. Wat B7 met sy hoë persentasie betref, is dit ook nie nodig om ver na die oorsaak van hierdie buitensporige persentasie te gaan soek nie. Daar is reeds gewys op die feit dat hierdie onderneming ook diens lewer en dat hierdie bietjie ekstra inkomste en wins sy resultate

tot 'n aansienlike mate gunstig beïnvloed. Indien hierdie addisionele bron van inkomste nie beskikbaar was nie, sou sy winspersentasie tot die kapitaal moontlik ook tot 40% of 50% gedaal het. In die oorblywende geval van onderneming B10 word daar weer met 'n heeltemal ander faktor te doen gekry wat hoofsaaklik bydra tot die hoë persentasie van netto wins tot die belegde kapitaal. In dié geval het die eienaar dit reggekry om 'n langtermynlening op 'n vaste eiendom te bekom en die bedrag van hierdie langtermynlening is aansienlik hoër as die bedrag wat vir die vaste eiendom betaal is. Die gevolg is dat hy hierdie surplus kapitaal gehad het wat nou eintlik bedryfskapitaal is, maar wat nie as sodanig kwalifiseer nie aangesien dit buite ons beskrywing of opvatting van bedryfskapitaal val. Ook kwalifiseer hierdie bedrag nie as „kapitaal belê" nie aangesien hy as eienaar dit nie uit eie fondse bygedra het nie. Indien hy dit nie op hierdie wyse kon bekom nie, sou hy dit self moes bydra in welke geval sy belegging dan groter sou wees en sy netto winspersentasie tot die kapitaal wat hy dan sou belê het tot sowat 55% sou daal.

Uit al die voorafgaande blyk dit nou dat dit uiters moeilik is om te bepaal watter persentasie 'n belegger

op sy fondse kan verwag as hy hierdie veld betree aangesien daar so baie faktore is wat n invloed kan uitoefen en die betrokke onderneming se bestuursbeleid natuurlik ook van groot belang is. As die persentasie van die geweegde netto wins tot die geweegde kapitaal (tabel 24) van al twaalf die ondernemings gesamentlik bereken word, word 31.1% verkry wat waarskynlik taamlik laag is aangesien vier van die twaalf ondernemings weens omstandighede lae individuele persentasies het terwyl slegs twee hoë persentasies het. Oor die algemeen wil dit dus voorkom of die versigtige belegger waarskynlik sowat 40% of selfs meer kan verwag op sy belegging, maar dat hierdie persentasie ook minder kan wees indien hy n swak bestuursbeleid navolg.

6. VERHOUDING VAN INKOMSTEBELASTING EN SOSIALE KOSTE TOT BEDRYFSKAPITAAL.

Die ondernemings wat as algemene handelaars ingedeel is, is blykbaar beter af as die handelaars in bederfbare produkte sover dit bedryfskapitaal betref. As die gewens van tabel 27 nagegaan word, word bevind dat daar eintlik net twee van hierdie ondernemings is wat kan kla dat hulle bedryfskapitaal so min is dat hulle dit moeilik vind om selfs hulle sosiale koste en inkomstebelasting te betaal. Hierdie twee is B5 met R1,282 en B12 wat in werklikheid oor geen bedryfskapitaal beskik

nie. Al tien die ander beskik darem oor 'n redelike bedrag as bedryfskapitaal alhoewel dit natuurlik nie beteken dat hulle altyd oor voldoende fondse beskik om hulle verpligtings na te kom nie. Hulle bedryfskapitaal bestaan dikwels uit debiteure wat eers later eendag sal betaal en voorraad - en voorraad wat nog onverkoop is, is nie likiede fondse waarmee verpligtinge nagekom kan word nie.

Wat ook dadelik blyk uit hierdie tabel, veral as dit vergelyk word met tabel 14, is dat die omvang van die bedryfskapitaal oor die algemeen groter is as wat die geval by die handelaars in bederfbare produkte is en dit ten spyte van die feit dat die omset van die meeste algemene handelaars kleiner is as dié van die varsproduktchandelaars. Daarbenewens is die bedrae ten opsigte van die sosiale koste en inkomstebelasting opmerklik kleiner as dié van die varsproduktchandelaars. Met die uitsondering van ondernemings B1 en B2 is die totale koste ten opsigte van sosiale koste en inkomstebelasting van elk van hierdie ondernemings minder as R1,000. Slegs onderneming B1 se totaal aan inkomstebelasting en sosiale koste bedra R2,150 wat sowat 4% van sy bedryfskapitaal beloop en B2 se totaal is R2,704 wat 27% van sy bedryfskapitaal bedra.

Onderneming B5 se totale uitgawes in hierdie verband beloop R830 wat sowat twee-derdes van sy bedryfskapitaal is, maar met die uitsondering van B12, is daar verder nie een van hierdie ondernemings wat in werklikheid met 'n groot uitgawe ten opsigte van óf sosiale

TABEL 27

BEDRYFSKAPITAAL, SOSIALE KOSTE EN INKOMSTEBELASTING -- ALGEMENE HANDELAARS.

<u>Onder-neming</u>	<u>Bedryfs-Kapitaal</u>	<u>Sosiale Koste</u>	<u>Inkomste-Belasting</u>
B 1	R50,239	R930	R1,220
B 2	10,000	975	1,729
B 3	18,206	567	80
B 4	7,367	208	700
B 5	1,282	375	455
B 6	4,949	95	180
B 7	6,222	189	562
B 8	12,239	105	320
B 9	35,116	532	341
B 10	3,917	409	175
B 11	3,501	135	150
B 12	-	362	120

koste óf inkomstebelasting belas is nie.

Die hoofrede waarom hierdie ondernemings se sosiale

koste nie proporsioneel so hoog as dié van die varspro-
 duktehandelaars is nie, moet eerstens gesoek word in
 die feit dat hierdie ondernemings nie aan die bepalings
 van die bemarkingswet onderhewig is nie, behalwe sommige
 van die kruidenierswinkels wat eiers verkoop en gevolg-
 lik 'n heffing hierop moet betaal behalwe as hulle die
 eiers deur die eierraad aangekoop het. Hierdie uit-
 gawe is egter in die ondernemings wat ondersoek is so
 gering dat dit heeltemal buite rekening gelaat is.
 Hierdie ondernemings moet dus nie groot bedrae betaal
 soos sommige van die varsproduktehandelaars nie met
 die gevolg dat hulle 'n aansienlike besparing in hierdie
 verband kan bewerkstellig, maar nou is hulle netto
 winspersentasies oor die algemeen weer so laag.

Die tweede rede vir hierdie lae sosiale koste lê weer
 opgesluit in die Bantoeheffings wat deur alle werkge-
 wers betaalbaar is. Die verskil is dat die melkery
 byvoorbeeld twintig bantoes in diens moet neem om sy
 produkte af te lewer waar die algemene handelaar die-
 selfde omset sal kan handhaaf met miskien vier of vyf
 bantoes se dienste. Boonop is die werksure van die
 bantoes wat vir die varsproduktehandelaar werk baie
 ongeriefliker as die algemene handelaar s'n aangesien
 hulle gewoonlik baie vroeg soggens- dikwels feitlik

snags - asook somtyds tot laat saans moet werk met die gevolg dat die arbeidsomset in daardie geval baie hoër as die algemene handelaar s'n is. Dit bring weer nuwe registrasies mee wat, soos reeds aangetoon, addisionele koste vir die werkgewer beteken. Dikwels word gevind dat die Bantoes wat vir die algemene handelaar werk vir reëlmatige lang tydperke by dieselfde werkgewer in diens bly.

Alles in aanmerking geneem en sonder om selfs persentasies uit te werk, word daar dus tot die gevolgtrekking gekom dat die algemene handelaars heelwat beter daaraan toe is as die varsproduktehandelaars sover dit sosiale koste betref, maar dat hulle as gevolg van hulle laer omsette ook heelwat minder inkomstebelasting betaal.

7. ONTLEDING VAN BOKOSTE EN BRUTO WINS.

By 'n ontleding van die gegewens in tabel 28 word gevind dat die persentasie van die geweegde netto wins tot die geweegde bruto wins van al twaalf die ondernemings 23.6% is. Die afsonderlike persentasies van die twaalf ondernemings wissel tussen 12.5% en 47.9% maar dis duidelik dat die meeste ondernemings se persentasies tussen 20% en 35% skommel. Van die bruto wins van hierdie groep ondernemings word 76.4% (100% - 23.6%)


TABEL 28

PERSENTASIES NETTO WINS, SOSIALE KOSTE EN
INKOMSTEBELASTING TOT BRUTO WINS--ALGEMENE
HANDELAARS

	(a)	(b)	(c)	(d)	(e)	(f)	(g)
Onder- ne- ming	Bru- to Wins	Net- to Wins	% (b) van (a)	Sosiale- Kos- te	% (d) van (a)	Inkomste- belas- ting	(f) van (a)
B 1	R60,790	R7,580	12.5	R930	1.5	R1,220	2.0
B 2	39,383	10,969	25.3	975	2.5	1,729	4.4
B 3	10,361	2,406	23.2	567	5.5	80	0.8
B 4	18,154	6,036	33.2	208	1.1	700	3.8
B 5	19,578	3,630	18.5	375	1.9	455	2.3
B 6	8,026	2,462	30.6	95	1.2	180	2.2
B 7	11,112	5,326	47.9	189	1.7	562	5.1
B 8	12,507	5,203	41.6	105	0.8	320	2.5
B 9	33,221	4,151	12.5	532	1.6	341	1.0
B 10	13,686	3,074	22.4	409	2.8	175	1.2
B 11	11,073	2,852	25.7	135	1.2	150	1.3
B 12	<u>19,222</u>	<u>3,598</u>	18.7	<u>362</u>	1.8	<u>120</u>	0.6
swaegde Tota- le ('000) 2,014		475	23.6	38	1.8	52	2.6

dus as bokoste opverbruik terwyl daar dan 23.6% as net-
to wins vir die eienaar oorbly. Hierdie totale bokos-
te sluit natuurlik ook, soos in die geval van tabelle
15 en 16, die sosiale koste en die inkomstebelasting
in wat 1.8% en 2.6% onderskeidelik van die bruto wins is.

In die geval van die sosiale koste (kolom d) word daar opgemerk dat die afsonderlike persentasies skommel tussen .8% en 5.5% met 'n geweegde gemiddeld van 1.8% en in die geval van die inkomstebelasting wat betaalbaar is, is die afsonderlike skommelings tussen .6% en 5.1% met 'n gemiddeld van 2.6%. Hierdie skommelings is in albei gevalle aansienlik en nie so gematig soos dié van die melkerie volgens tabel 15 nie. Hierdie groot verskille in die afsonderlike persentasies is natuurlik ook tot 'n groot mate die resultate van die verskeie faktore wat reeds in hierdie hoofstuk uiteengesit is en wat tot so 'n groot mate verskille in die ander persentasies van die onderskeie ondernemings tot gevolg het. Die besonderhede wat in hierdie tabel uiteengesit is kan mooi in diagram 6 gevolg word wat 'n aanduiding gee wat van die bruto wins van hierdie soort onderneming word. Hierdie diagram is natuurlik op die geweegde totale van die groep gebaseer en toon aan dat 'n redelike deel (D in die diagram) van die bruto wins as netto wins vir die eienaar oorbly, maar dan moet daar dadelik bygevoeg word dat die bruto winspersentasie van die algemene handelaars as 'n groep (tabel 26) maar betreklik laag is, naamlik 18.5%. Aan die ander kant moet ook daarop gewys word dat alhoewel die sosiale

DIAGRAM 6VERDELING VAN BRUTO WINS IN VERSKILLENDE KOSTE EN NETTO WINS -- ALGEMENE HANDELAARS

koste en die inkomstebelasting slegs 1.8% en 2.6% onderskeidelik van die bruto wins is, dit nie so nietig is as dit met die netto wins vergelyk word nie. Die netto wins is 23.6% van die bruto wins en gesamentlik is die sosiale koste en die inkomstebelasting 4.4% wat meer as 18% van die netto wins bedra.

As hierdie koste nie betaalbaar was nie, sou die onderneming dus 18% meer wins gemaak het, of anders gestel, sou hy 28.0% in plaas van 23.6% van sy bruto wins as netto wins oorhou. In tabel 29 word die totale bokoste weer verdeel tussen die sosiale koste, inkomstebe-

lasting en diverse bokoste en die persentasie van elk van hierdie kosteafdelings tot die totale bokoste word ook aangegee vir elke onderneming afsonderlik. Dit blyk dat die sosiale koste 2.5% van die totale bokoste uitmaak terwyl die inkomstebelasting 3.4% bedra. In

TABEL 29

PERSENTASIE NETTO WINS, SOSIALE KOSTE EN
INKOMSTEBELASTING TOT TOTALE BOKOSTE-
ALGEMENE HANDELAARS


Onder- ne- ming	(a) Totale Bo- Koste	(b) Sosia- le Koste	(c) % (b) van (a)	(d) Inkom- ste Be- lasting	(e) % (d) van (a)	(f) Diver- se Bo- koste	(g) % (f) van (a)
B 1	R53,210	R930	1.7	R1,220	2.3	R51,060	96.0
B 2	28,414	975	3.4	1,729	6.1	25,710	90.5
B 3	7,955	567	7.1	80	1.0	7,308	91.9
B 4	12,118	208	1.7	700	5.7	11,210	92.6
B 5	11,948	375	3.1	455	3.8	11,118	93.1
B 6	5,564	95	1.7	180	3.2	5,289	95.1
B 7	5,786	189	3.3	562	9.7	5,035	87.0
B 8	7,304	105	1.4	320	4.3	6,879	94.3
B 9	29,070	532	1.8	341	1.2	28,197	97.0
B 10	10,612	409	3.8	175	1.6	10,028	94.6
B 11	8,221	135	1.6	150	1.8	7,936	96.6
B 12	<u>15,624</u>	<u>362</u>	2.3	<u>120</u>	0.7	<u>15,142</u>	97.0
Geweegde Tota- le ('000)	1,507	38	2.5	52	3.4	1,417	94.1

totaal is dit 5.9% en die diverse ander bokoste soos huur, salarisse en dergelike meer is dan die orige 94.1%. Ook word hier gemerk dat die afsonderlike persentasies van die twaalf ondernemings heelwat van die gemiddeldes verskil. So wissel in die geval van die sosiale koste die afsonderlike persentasies tussen 1.4% en 7.1% teenoor die gemiddelde 2.5% en in die geval van die inkomstebelasting tussen 0.7% en 9.7% teenoor die gemiddeld van 3.4%. Dieselfde opmerkings wat ten opsigte van tabel 28 gemaak is met betrekking tot hierdie verskille, geld natuurlik ook hier.

Hierdie besonderhede word ook diagramaties in diagram 7 uiteengesit waar met een oogopslag die belang van elke deel van die totale bokoste opgemerk kan word. Die sosiale koste en inkomstebelasting bedra gesamentlik

DIAGRAM 7

VERDELING VAN TOTALE BOKOSTE IN VERSKILLENDE KOSTEAFDELINGS- ALGEMENE HANDELAARS



	<u>%</u>
A - Diverse Bokoste	- 94.1
B - Totale Sosiale Kostes	2.5
C - Inkomstebelasting	- <u>3.4</u>
Totale Bokoste	<u><u>100.0</u></u>

(B en C op die diagram) maar 'n geringe persentasie van die totale bokoste.

As diagramme 6 en 7 nou vergelyk word met diagramme 1 en 2 wat op die melkerye en diagramme 3 en 4 wat op die slagterye betrekking het, word gevind dat die verdeling van die bruto wins van die algemene handelaars sover dit die sosiale koste en die inkomstebelasting betref besondere ooreenstemming toon met dié van die melkerye op diagram 1, maar dat die algemene handelaars 'n groter deel as netto wins verkry, terwyl daar 'n merkbare ooreenstemming is tussen diagramme 2 (melkerye) en 7 wat die verdeling van die totale bokoste aantoon. Die twee diagramme wat op die slagters betrekking het, verskil weer aansienlik van dié van die algemene handelaars.

8. ONTLEDING VAN SOSIALE KOSTE.

Die sosiale koste van die algemene handelaars is nou in breë trekke nagegaan en daar is bepaal wat die verhouding van hierdie besondere soort koste tot die totale bokoste van hierdie ondernemings as 'n groep is.

Vervolgens moet bepaal word hoe hierdie sosiale koste van elke onderneming saamgestel is. Daar is sewe wette wat elkeen sy deel bydra tot hierdie totale sosiale

TABEL 30

SOSIALE KOSTE VAN ELKE ONDERNEMING - ALGEMENE
HANDELAARS

	<u>B1</u>	<u>B2</u>	<u>B3</u>	<u>B4</u>	<u>B5</u>	<u>B6</u>
Ongevallewet	R50	R200	R25	R33	R45	R15
Werkl. Verseke- rings-Wet	41	35	37	25	60	15
Wet op Statistieke	10	10	5	8	30	5
Bantowetgewing	150	310	220	95	160	35
Ink. Bel. Wet	149	65	30	37	70	20
Wet op W & K.	10	250	-	10	10	5
Maatskappywet	<u>520</u>	<u>105</u>	<u>250</u>	<u>-</u>	<u>-</u>	<u>-</u>
Totaal	<u>R930</u>	<u>R975</u>	<u>R567</u>	<u>R208</u>	<u>R375</u>	<u>R95</u>
	<u>B7</u>	<u>B8</u>	<u>B9</u>	<u>B10</u>	<u>B11</u>	<u>B12</u>
Ongevallewet	R44	R15	-	R34	R25	R15
Werkl. Verseke- rings-Wet	60	25	25	35	20	35
Wet op Statistieke	10	10	12	10	10	-
Bantowetgewing	35	20	-	40	5	70
Ink. Bel. Wet	30	30	53	110	50	82
Wet op W & K.	10	5	10	10	10	20
Maatskappywet	<u>-</u>	<u>-</u>	<u>432</u>	<u>170</u>	<u>15</u>	<u>140</u>
	<u>R189</u>	<u>R105</u>	<u>R532</u>	<u>R409</u>	<u>R135</u>	<u>R362</u>

Koste en as daar nou na die gegewens van tabel 30 gekyk word waar die werklike bydrae van elkeen van hierdie

TABEL 31

GEWEEGDE SOSIALE KOSTE VAN ELKE ONDERNE-
MING - ALGEMENE HANDELAARS

	<u>B1</u>	<u>B2</u>	<u>B3</u>	<u>B4</u>	<u>B5</u>	<u>B6</u>	
Gewig toegeken	<u>7</u>	<u>10</u>	<u>5</u>	<u>9</u>	<u>8</u>	<u>9</u>	
Geweegde kostent.o.v. -							
Ongevallewet	350	2,000	125	297	360	135	
Werkl. Vers. Wet	287	350	185	225	480	135	
Wet op Statistieke	70	100	25	72	240	45	
Bantowetgewing	1,050	3,100	1,100	855	1,280	315	
Ink. Bel. Wet	1,043	650	150	333	560	180	
Wet op Winkels & K.	70	2,500	-	90	80	45	
Maatskappywet	<u>3,640</u>	<u>1,050</u>	<u>1,250</u>	<u>-</u>	<u>2</u>	<u>-</u>	
	<u>6,510</u>	<u>9,750</u>	<u>2,835</u>	<u>1,872</u>	<u>3,000</u>	<u>855</u>	
	<u>B7</u>	<u>B8</u>	<u>B9</u>	<u>B10</u>	<u>B11</u>	<u>B12</u>	<u>Totaal</u>
Gewig toegeken	<u>10</u>	<u>9</u>	<u>7</u>	<u>8</u>	<u>8</u>	<u>5</u>	<u>-</u>
Geweegde Koste t.o.v. -							
Ongevallewet	440	135	-	272	200	75	4,389
Werkl. Vers. Wet	600	225	175	280	160	175	3,277
Wet op St.	100	90	84	80	80	-	986
Bantowetgewing	350	180	-	320	40	350	8,940
I.B. Wet	300	270	371	880	400	410	5,547
Wet op W & K.	100	45	70	80	80	100	3,260
Mpy. Wet	<u>-</u>	<u>-</u>	<u>3,024</u>	<u>1,360</u>	<u>120</u>	<u>1,700</u>	<u>11,144</u>
	<u>1,890</u>	<u>945</u>	<u>3,724</u>	<u>3,272</u>	<u>1,080</u>	<u>1,810</u>	<u>37,543</u>

wette ten opsigte van elkeen van die twaalf ondernemings uiteengesit is, sal dadelik opgemerk word dat daar oor die algemeen nie noemenswaardige groot bedrae voorkom nie. Die teendeel, naamlik klein bedraggies, kom o-rals voor. So word byvoorbeeld opgemerk dat onderne-mings B1 en B2 die enigste twee is wat 'n koste van by-na R1000 het.

Van die klein bedraggies op hierdie tabel is dit weer net soos in die geval van die varsproduktehandelaars die Wet op Statistieke wat die aandag trek asook die Wet op Winkels en Kantore behalwe in die geval van on-der-neming B2 wat arbeidsprobleme en koste in hierdie verband het. Origens is die ander koste nie buiten-gewoon hoog of laag nie.

In tabel 31 is die gewigsfaktor van elk van die twaalf ondernemings toegepas en die geweegde bedrae van elke onderneming bereken asook die totale geweegde bedrag ten opsigte van elke wet. Hierdie geweegde totale is oorgedra na tabel 32 waar dan persentasie: gewys die bydrae van elke wet tot die totaal bereken is. Soos reeds aangetoon, is dit nie hier 'n geval waar slegs een besondere wet die grootste bydrae tot die to-taal lewer soos in die geval van die varsproduktehan-

delaars nie. Hierdie besonderhede en elke wet se bydrae tot die totaal kom baie duidelik na vore in diagram 8 waarvolgens die drie wette wat die volumes D, E en G van die sirkel beslaan sowat drie-kwart van die totaal behels terwyl die orige vier wette gesa-

TABEL 32

PERSENTASIEBYDRAE VAN SOSIALE KOSTE VAN ELKE WET TOT DIE TOTAAL - ALGEMENE HANDELAARS.

<u>Wet</u>	<u>Bedrag</u>	<u>Persentasie</u>
Ongevallewet	R 4,389	11.7
Werkloosheidversekeringswet	3,277	8.7
Wet op Statistieke	986	2.6
Bantowetgewing	8,940	23.7
Inkomstebelastingwet	5,547	14.8
Wet op Winkels en Kantore	3,260	8.7
Maatskappywet	<u>11,144</u>	<u>29.8</u>
	<u>37,543</u>	<u>100.0</u>


mentlik die orige een-kwart opneem.

9. SOSIALE KOSTE, BELASTING EN NETTO WINS TEENoor OMSET.

Daar kan vervolgens bepaal word hoe die sosiale koste, belasting en netto wins van elke onderneming met sy

 DIAGRAM 8

 VERDELING VAN TOTALE SOSIALE KOSTE TUSSEN DIE
 VERSKILLENDE BYDRAENDE WETTE -ALGEMENE HANDELAARS



	%
A -	11.7 Ong. Wet
B -	8.7 W.L. Vers. Wet
C -	2.6 Wet op Stat.
D -	23.7 Bantoe Wetg.
E -	14.8 I.B. Wet
F -	8.7 Wet op W. & K.
G -	<u>29.8 Mpk. Wet</u>
	<u>100.0</u>

omset vergelyk. In tabel 33 word die persentasies van die sosiale koste en die inkomstebelasting tot die omset van elke onderneming aangegee. Met enkele uitsonderings is die persentasies in albei gevalle onder 1%, dit skommel in werklikheid tussen .1% en .7% met slegs een geval waar die persentasie 1.3% bedra. Die persentasies van die geweegde sosiale koste en inkomstebelasting tot die geweegde omset bedra .4% en .5% onderskeidelik wat natuurlik nie n baie indrukwekkende persentasie is nie. As hierdie persentasie egter vergelyk word met die persentasie van die netto wins

tot die kapitaal soos uiteengesit in tabel 34, word gevind dat waar hierdie klas algemene handelaars slegs 4.4% netto wins op hulle omset maak, hulle .9% op omset aan sosiale koste en inkomstebelasting moet afgee. Hierdie .9% is sowat 20% van hulle netto wins

TABEL 33

PERSENTASIE SOSIALE KOSTE EN INKOMSTEBELASTING
TOT OMSET - ALGEMENE HANDELAARS

Onderneming	Omset	Sosiale Koste		Inkomstebelasting	
		Bedrag	% (b) van (a)	Bedrag	% (d) van (a)
	(a)	(b)	(c)	(d)	(e)
B 1	R 209,396	R 930	.4	R 1,220	.6
B 2	239,828	975	.4	1,729	.7
B 3	102,696	567	.5	80	.1
B 4	151,077	208	.1	700	.4
B 5	116,433	375	.3	455	.4
B 6	45,928	95	.2	180	.4
B 7	43,574	189	.4	562	1.3
B 8	46,487	105	.2	320	.7
B 9	110,961	532	.5	341	.3
B 10	104,812	409	.4	175	.2
B 11	73,529	135	.2	150	.2
B 12	153,363	362	.2	120	.1
Geweegde Totaal	10,906,434	37,543	.4	51,877	.5

en hulle kon dus sowat 5.3% op hulle omset as netto wins oorhou indien dit nie nodig was om aan die bepalings van hierdie wette te voldoen nie. Waar hierdie ondernemings in alle geval op so 'n lae netto winsper-

TABEL 34

PERSENTASIE SOSIALE KOTE EN INKOMSTEBELASTING TOT NETTO WINS - ALGEMENE HANDELAARS

1. Omset	<u>100.0</u>
2. Sosiale Koste	.4
3. Inkomstebelasting	<u>.5</u>
4. Totaal 2 + 3	.9
5. Netto Wins	<u>4.4</u>
6. Totaal 4 + 5	5.3
7. Persentasie 4 van 5	20%
8. Persentasie 4 van 6	17%

sentasie werk, is die .9% ten opsigte van sosiale wetgewing glad nie so 'n nietige persentasie nie.

10. SAMEVATTING.

Uit die voorafgaande is nou aangetoon dat die twaalf

ondernemings wat as algemene handelaars ingedeel is, as redelik verteenwoordigend beskou kan word aangesien hulle resultate tot 'n groot mate in vergelyking gebring kan word met die besonderhede wat die Buro vir Statistiek ten opsigte van soortgelyke ondernemings in 1960/61 vrygestel het.

Die belangrikste aspekte wat uit hierdie ontleding na vore gekom het, is dat die voornemende klein belegger waarskynlik 'n opbrengs van sowat 40% per jaar op sy belegde kapitaal kan verwag mits hy sy fondse oordeelkundig bestuur. In die geval van die twaalf ondernemings wat ontleed is, het swak bestuur in sommige gevalle as 'n sterk belemmerende faktor na vore getree. Die ontleding van die bedryfskapitaal het ook aangetoon dat meer as een onderneming sy fondse onoordeelkundig in voorrade belê, fondse wat met meer vrug op 'n ander wyse bestee of belê kon word.

Die Inkomstebelastingwet, die Bantocwetgewings en die Maatskappywet is die drie wette wat gesamentlik vir sowat 76% van die totale sosiale koste verantwoordelik is terwyl die orige vier wette die ander 24% bybring. Die netto winspersentasie van hierdie groep ondernemers is sowat 4.4% wat as uiters laag beskou kan word.

Die sosiale koste is .4% en die inkomstebelasting ook
.5% van die omset wat, as dit met die netto winsper-
sentasie vergelyk word, nie gering is nie.

HOOFSTUK 7.ANALISE - NYWERHEIDSONDERNEMINGS.

1. INLEIDING. Wanneer met varsprodukte of algemene handelaars te doen gekry word, word met 'n soort onderneming te doen gekry wat hoofsaaklik 'n produk of artikel koop met die doel om dit weer te verkoop ten einde 'n wins te maak. Waar daar egter met „nywerheidsondernemings" te doen gekry word, verval hierdie koop- en verkoopgedagte tot 'n groot mate. Die twaalf ondernemings wat as nywerheidsondernemings ingedeel is, is 'n versameling van ondernemings wat hoofsaaklik in drie groepe ingedeel sou kon word, maar al doen ons dit, vind ons dat daar in elke groep nie eers 'n merkbare eenvormigheid bestaan nie. Daar is verskeie oorsake, soos weldra aangestip sal word, wat hiervoor verantwoordelik is — oorsake wat twee ondernemings wat presies dieselfde funksies verrig se resultate tot so 'n mate kan beïnvloed dat hulle nie eers met mekaar vergelykbaar is nie. Dit is interessant om op hierdie stadium reeds daarop te wys dat die Buro vir Statistiek in hulle 1964 Jaarboek ook nie 'n poging aanwend om „gemiddelde" persentasies vir nywerheidsondernemings te bereken nie. In die res van hierdie hoofstuk sal die resultate van

hierdie ondersoek dus ook nie met amptelike gegewens vergelyk kan word nie, maar aangesien hierdie twaalf ondernemings op dieselfde basis gekies en ondersoek is as die varsprodukte- en algemene handelaars en aangesien die resultate van daardie twee groepe in vergelyking gebring is met amptelike statistieke, kan die gekose twaalf nywerheidsondernemings sekerlik ook as verteenwoordigend beskou word. Hierdie gevolgtrekking word ook bevestig deur 'n ontleding van die faktore, soos hieronder bespreek, wat elke klein nywerheidsonderneming beïnvloed.

Die twaalf ondernemings wat ondersoek is, kan hoofsaaklik in drie groepe ingedeel word, naamlik in ondernemings wat bou- en kontrakwerk verrig, ondernemings wat voertuigbande versool en suiwer vervaardigingondernemings. Al hierdie ondernemings is natuurlik onderhewig aan die bepalinge van die Fabriekswet asook aan al die ander wette behalwe aan die Bemerkingswet en die Wet op Winkels en Kantore en die Maatskappywet vir dié wat nie maatskappye is nie. Daar is vyf van die ondernemings wat aan die bounywerheid verbonde is en een van hierdie vyf het selfs sy eie draaibank, kompleet met toebehore en 'n ambagsman wat daarmee werk terwyl 'n ander onderneming wat hom hoofsaaklik toelê op die bou van huise weer tot 'n groot mate sy eie boustene vervaardig. Tussen hierdie vyf ondernemings word

huise gebou, elektries bedraad en geverf, almal handeling wat gewoonlik op 'n kontrak - of tenderbasis verrig word. Die sukses of ondergang van hierdie soort onderneming hang dus feitlik uitsluitlik van sy suksesvolle of onsuksesvolle tenderbasis af. Slegs een groot tender wat foutief bereken is, kan die ondergang van hierdie soort onderneming beteken. Dit is dus duidelik dat vir hierdie soort onderneming nie juis 'n „gemiddelde“ winspersentasie verwag kan word nie. Wat die drie ondernemings betref wat hulle hoofsaaklik op die versoling van voertuigbande toelê, is die posisie effens anders aangesien hulle die bande teen hoofsaaklik vasgestelde pryse versool, maar hulle kan gewoonlik heelwat koste bespaar met die aankoop van die ru-materiaal as die volume van die aankope groot genoeg is of hulle kan hulle bedryfskoste verhoog deur kortings aan die klandisie toe te staan. Die laaste groep, naamlik die vier ondernemings wat hoofsaaklik die een of ander produkte vervaardig, sal ook nie noodwendig resultate bereik wat naastenby met mekaar ooreenstem nie aangesien die een onderneming miskien slegs sy klandisie se materiaal volgens kontrak sal gebruik en verwerk na die produk wat die klant verlang en dus geen kapitaal nodig het wat in ru-materiaal opgesluit lê nie, terwyl die ander onderneming moontlik weer uit sy eie ru-materiaal een of ander produk vervaardig en verkoop.

Waar 'n onderneming uit eie materiaal goedere vervaardig asook van sy klante se materiaal op tenderbasis verwerk, kan weer heeltemal 'n ander resultaat verkry word.

In die besprekings verder in hierdie hoofstuk word die term „bruto wins" gebruik alhoewel dit in sommige gevalle ook kontrakwins genoem kan word. Ten einde eenvormigheid met die vorige twee hoofstukke te handhaaf, beteken die term bruto wins verder in hierdie hoofstuk die verkope minus die kosprys daarvan wat insluit die direkte materiaal, direkte arbeid en direkte vervaardigingskoste. Die begin en eindvoorrade van beide ru-materiaal en werk op hande word natuurlik ook in berekening gebring. Soos in die vorige twee hoofstukke, bly die netto wins dan oor as van hierdie bruto wins die gewone bokoste (administratiewe- en distribusiekoste) afgetrek word.

Uit die voorafgaande blyk dit dus dat dit misleidend kan wees om gemiddelde persentasies vir hierdie groep van twaalf ondernemers te bereken, net so misleidend as wat dit sou wees as gemiddeldes vir al die nywerheidsondernemings oor die hele land bereken sou word. Dit is natuurlik heeltemal moontlik om 'n gewigsfaktor vir elke onderneming te bepaal, maar so 'n syfer sal van geen waarde wees nie tensy daar gemiddelde persentasies

bereken word. Die gevolgtrekkings wat na 'n ontleding van die resultate van hierdie twaalf ondernemings gemaak sal kan word sal baie meer objektief en betroubaar wees indien dit gebaseer word op die werklike resultate van elke onderneming afsonderlik eerder as op die gemiddeld van al twaalf die ondernemings. In die ontleding van die gegewens van hierdie groep ondernemings sal dus tot 'n mate afgewyk moet word van die metodes wat gevolg is by die ontleding van die varsprodukte en algemene handelaars.

2. ALGEMENE ONTLEDING VAN VERSAMELDE GEGEWENS. Die omsette van die twaalf ondernemings wat ontleed is, wissel tussen sowat R40,000 en net meer as R400,000 per jaar terwyl die kapitaal wat aangewend is ook 'n aansienlike wisseling toon, naamlik tussen R3,498 en R83,891. Blykens tabel 35 bestaan daar weer geen verhouding tussen die omset en die kapitaal wat die verskillende ondernemings gebruik nie. Die onderneming met die grootste omset, nl. C3, het byna die kleinste kapitaal terwyl die onderneming wat oor die grootste belegde kapitaal beskik, nl. C6, maar 'n omset van R151,618 het. Dit blyk ook dadelik dat die netto wins weinig verband hou met die omset. Onderneming C3 het byvoorbeeld R9,161 netto wins gemaak op 'n omset van R409,146 terwyl onderneming C9 'n groter netto wins

verdien het op 'n omset wat minder as een-tiende is van dié van C3. Onderneming C9 se omset het maar slegs R40,095 bedra. Dieselfde geld vir die verhouding tussen die netto wins en die belegde kapitaal. Hier hoef slegs na ondernemings C6 en C9 gekyk

TABEL 35

OMSET, KAPITAAL AANGEWEND EN NETTO
WINS VAN ELKE ONDERNEMING -
NYWERHEIDSONDERNEMINGS

<u>Onder-</u> <u>neming</u>	<u>Omset</u>	<u>Kapitaal</u> <u>aangewend</u>	<u>Netto Wins</u>
C 1	R 108,159	R 17,556	R 5,570
C 2	43,552	8,659	6,143
C 3	409,146	7,211	9,161
C 4	261,212	22,277	23,458
C 5	59,642	7,904	6,322
C 6	151,618	83,891	8,830
C 7	55,224	40,763	4,574
C 8	44,634	10,592	990
C 9	40,095	3,498	10,175
C10	52,382	31,693	13,531
C11	40,888	5,649	5,510
C12	102,003	33,838	13,150

te word om te begryp dat ons ook hier met aansienlike wisselings te doen het. Onderneming C6 het byvoorbeeld R8,830 netto wins gemaak op 'n belegging van R83,891 terwyl C9 weer 'n groter wins gemaak het en dit op slegs R3,498. Hierdie wisselings is dus in

TABEL 36

BRUTO WINS, BOKOSTE, SOSIALE KOSTE EN INKOMSTEBELASTING - NYWERHEIDSONDERNEMINGS

<u>Onder- nemer</u>	<u>Bruto Wins</u>	<u>Totale Bokoste</u>	<u>Totale Sosiale Koste</u>	<u>Inkomste- belasting Betaalbaar</u>
C 1	R 23,871	R 18,301	R 1,287	R 640
C 2	10,453	4,310	360	950
C 3	39,485	30,324	3,289	2,520
C 4	73,679	50,221	2,456	8,291
C 5	12,139	5,817	922	1,120
C 6	50,465	41,635	812	2,041
C 7	13,406	8,832	456	428
C 8	10,740	9,750	510	130
C 9	16,815	6,640	769	820
C10	24,659	11,128	520	1,455
C11	16,220	10,710	1,365	710
C12	44,596	31,446	1,537	3,880

werklikheid somer baie groter as wat dit die geval met die varsprodukte- of algemene handelaars was.

In tabel 36 word die bruto wins, die totale bokoste,

sosiale koste asook die inkomstebelasting wat deur elke onderneming betaalbaar is, weergegee. Ook hier blyk dit dadelik dat die verskille tussen onderneming en onderneming groot is. Ondernemings C1 en C10 se bruto wins is byvoorbeeld byna dieselfde en tog is eersgenoemde se totale bokoste R18,301 teenoor laasgenoemde se R11,128 terwyl die sosiale koste van C1 meer as die helfte groter is as C10 s'n, maar sy inkomstebelasting is weer baie kleiner. Net so is C5 en C7 se bruto winste byna dieselfde terwyl die res van hulle besonderhede aansienlik verskil. Daar is in werklikheid nie twee van hierdie groep ondernemings wat 'n redelike ooreenstemming met mekaar openbaar nie. Die oorsake vir hierdie verskille sal nou in die volgende paragrawe nagegaan word.

3. ONTLEDING VAN BRUTO EN NETTO WINSPERSENTASIES

Wanneer die bruto- en netto winspersentasies van hierdie ondernemings betrag word soos dit in tabel 37 voorkom, sal dit nodig wees om die besondere omstandighede van feitlik elke onderneming te ontlead. Die twaalf ondernemings kan ook ingedeel word in die drie groepe waarin hulle min of meer val, en dan kan nagegaan word welke resultate uit die ondersoek sal voortvloei.

Die eerste vyf ondernemings op die tabel is hoofsaak-

lik gemoeid met boubedrywighede en die oorgrote deel van hulle inkomste word verkry in die uitvoering van kontrakte. Dit blyk dat hulle bruto winspersentasies wissel tussen 9.6% en 28.2%, maar dat die een met 9.6% eintlik die enigste uitsondering is. Die ander se bruto persentasies wissel almal tussen 20% en 30%. Wat onderneming C3 betref, is dit dan ook so dat hulle hul met twee redelike groot kontrakte misreken het. Die koste aan hierdie twee kontrakte was uiteindelik heelwat hoër as waarvoor hulle in hulle tenders voorsiening gemaak het. Hoewel hierdie onderneming dus 'n omset van meer as R400,000 vir die jaar gehad het, is sy resultate, beide die bruto- en netto winspersentasies, uiters onbevredigend. Indien nog so 'n slag hierdie onderneming sou tref, sou dit bes moontlik te gronde gegaan het. Wat onderneming C1 betref, onderneem dit ook tot 'n sekere mate vervaardigingswerk met die gevolg dat hierdie bron van inkomste ook die bruto en netto winspersentasies gunstig of ongunstig kan beïnvloed al na gelang van die omstandighede. Ongelukkig hou hierdie onderneming nie besonderhede van die aktiwiteite van hierdie afdeling nie, maar dit wil voorkom of die finale resultaat ongunstig uit hierdie bron beïnvloed word aangesien die gekwalifiseerde werknemer wat in hierdie afdeling werkzaam is somtyds onproduk-

tief is. Dit is waarskynlik ook een van die redes waarom die netto winspersentasie slegs 5.1% is. Hierdie onderneming het boonop ook in hierdie jaar heelwat herstelwerk moes doen van foutiewe werk wat sy eie vakmanne vantevore verrig het. Die koste hieraan verbon-

TABEL 37
BRUTO EN NETTO WINS-PERSENTASIES-
NYWERHEIDS-ONDERNEMINGS

<u>Onderneming</u>	<u>Bruto Wins Persentasie</u>	<u>Netto Wins Persentasie</u>
C 1	22.1	5.1
C 2	24.0	14.1
C 3	9.6	2.2
C 4	28.2	8.9
C 5	20.4	10.6
C 6	33.3	5.8
C 7	24.3	8.3
C 8	24.1	2.2
C 9	42.0	25.4
C10	47.1	26.0
C11	39.6	13.5
C12	43.7	12.9

de is natuurlik 'n algemene verlies.

Dit is interessant om daarop te let dat onderneming C4 wat 'n 28.2% bruto winspersentasie het slegs 8.9%

netto wins kon oplewer. Hierdie wins is natuurlik soos in die vorige gevalle ook nadat inkomstebelasting afgetrek is en as nou na tabel 36 terugverwys word, sal gemerk word dat C4 'n bedrag van R8,291 aan inkomstebelasting moes afstaan, byna 11% van sy bruto wins teenoor die sowat 9% van onderneming C5. Hoe hoër die belasbare wins, hoe hoër word die tariewe waarteen belasting natuurlik betaal moet word.

As nou 'n algemene skatting gemaak moet word, wil dit voorkom asof die ondernemer wat hom in hierdie rigting waag onder gewone omstandighede 'n bruto wins van tussen 20% en 30% behoort te maak met 'n uiteindelijke netto wins wat kan wissel tussen ongeveer 7% en 12%. Hierdie persentasies sal natuurlik heeltemal onderhewig wees aan die vindingrykheid van die betrokke ondernemings.

As ondernemings C6 tot C8, die bandeversoolmaatskappye, nagegaan word, blyk dit dat die bruto winspersentasie van C7 en C8 feitlik dieselfde is maar dat dié van C6 heelwat hoër is. Daar hoef egter nie ver gesoek te word na die oorsake van hierdie verskille nie. In die geval van C6, wat 'n redelike groot omset handhaaf, word 'n aansienlike volumekorting by die aankope van die ru-materiaal toegestaan wat dan natuurlik 'n groot invloed op die bruto winspersentasie uitoefen. Boonop werk hier-

die onderneming se fabriek weens sy omvang gewoonlik teen volle kapasiteit met die gevolg dat daar baie min verlore tyd is, iets wat nie altyd van C7 en C8 gesê kan word nie. Ondernemings C6 en C8 ly egter albei aan dieselfde „kwaal” naamlik om geweldige groot kortings aan hulle klandisie te verskaf. Hierdie kortings word deur albei as 'n bedryfsuitgawe beskou en in hulle Wins- en Verliesrekeninge as „korting toegestaan” beskryf met die gevolg dat hulle netto winspersentasies daardeur sal verminder. Dit is dan ook die grootste rede waarom C6 'n netto winspersentasie van 5.8% het terwyl C8 skaars 2% gehaal het teenoor C7 se 8.3%.

Dit lyk dus of hierdie soort onderneming aangesien dit nie aan so baie onbekende en wisselende faktore onderhewig is nie, 'n bruto winspersentasie van minstens 25% en 'n netto persentasie van minstens 7% onder normale omstandighede behoort te hant⁴haaf.

Die laaste vier ondernemings is almal met vervaardiging gemeid. Tot 'n groot mate doen dieselfde verskynsel hom hier voor as by die bouondernemings aangesien hierdie ondernemings in heelwat gevalle werk vir hulle klandisie op 'n tenderbasis doen en hulle dan ook die risiko loop dat hulle te laag getender het. Somtyds word hulle eie materiaal gebruik en somtyds word die

klant se materiaal gebruik wat dan volgens sekere voor-
skrifte verwerk moet word.

Onderneming C9 doen hoofsaaklik werk vir sy klandisie met hulle materiaal terwyl C10 gedeeltelik dieselfde doen en gedeeltelik uit sy eie aangekoopte materiaal sekere produkte vervaardig. Onderneming C11 werk ook hoofsaaklik vir sy klandisie met hulle materiaal en C12 gebruik uitsluitlik sy eie materiaal in die vervaardiging van sy produkte. As die bruto winspersentasies van hierdie vier ondernemings beskou word, blyk dit dat hulle almal tussen sowat 40% en 50% wissel, maar as die netto winspersentasies nagegaan word, word bevind dat daar heelwat verskille is. Ondernemings C9 en C11 wat min of meer op dieselfde basis te werk gaan, se netto persentasies verskil besonder baie. Onderzoek na die moontlike redes vir hierdie verskil het aan die lig gebring dat C11 heelwat hoër administratiewe koste as C9 gehad het, veral wat die huurgeld betref wat deur C11 vir sy fabriek betaal word. Indien C11 dieselfde huur as C9 sou betaal, sou sy persentasie ook aansienlik hoër wees, ongeveer 18%, wat in alle geval nog ver van 25.4% is. Die perseel wat C11 huur, is in elk geval aansienlik groter as dié van C9 met die gevolg dat daar moontlikheid vir groter uitbreiding as vir C9 is. Die

verskille in die netto winspersentasies van C10 en C12 is eintlik nie met mekaar te vergelyk nie, behalwe dat dit geblyk het dat C10 waarskynlik tot 'n mate beter as C12 bestuur word. Onderneming C12 is hoofsaaklik vervaardigend van aard en kan blykbaar weinig besparings teweegbring ten einde sy netto winspersentasie te verhoog terwyl dieselfde ook van C10 gesê kan word. Dit wil dus voorkom asof die gedeeltelike kontrakwerk wat C10 onderneem teen hoogs lonende pryse uitgevoer word. Uit die voorafgaande is dit nou duidelik dat waar met nywerheidsondernemings te doen gekry word en veral waar die aktiwiteite geheel of gedeeltelik op kontrakte gebaseer is, moeilik 'n gemiddelde netto winspersentasie vir 'n groep ondernemings bepaal kan word aangesien daar te veel faktore is wat 'n groot invloed daarop kan uitoefen.

4. ONTLEDING VAN OPBRENGS OP KAPITAAL AANGEWEND. Die opbrengs op die belegde kapitaal van die ondernemer wat in die nywerheidsrigting of boubedryf sake wil doen, wissel blykbaar geweldig al na gelang van omstandighede. As tabel 38 beskou word, blyk dit dat die persentasies van die twaalf ondernemings wat ondersoek is tussen sowat 10% en 300% wissel. Wanneer die oorsake van hierdie wisselings nagegaan word, word bevind dat daar eintlik net 'n paar redes hiervoor is en dat daar dus in werk-

likheid nie veel oor hierdie aangeleentheid te sê is nie.

Behalwe vir die feit dat 'n swak netto winspersentasie noodwendig ook 'n laer persentasie van die netto wins tot die kapitaal wat aangewend is, sal hê, moet die hooforsaak vir die groot verskille in die persentasies soos in tabel 38 uiteengesit is, gesoek word in die volume van masjinerie en gereedskap wat deur die verskillende ondernemings benodig is ten einde hulle in staat te stel om hulle funksies behoorlik uit te voer. Dit blyk dat die persentasies van ondernemings C1 tot C5 wat almal naastenby dieselfde funksies verrig almal redelik hoog is met die uitsondering van C1. Hierdie soort onderneming het in die reël nie baie kapitaal vir masjinerie en voorraad nodig nie aangesien hy gewoonlik nie groot voorrade voorhande hou nie en ook nie duur masjinerie gebruik nie. In die reël koop hierdie soort onderneming sy materiaal wat hy bestel en op 'n bepaalde kontrak moet gebruik op terme en hy betaal dit dikwels eers 60 dae en soms 90 dae na aankope. Intussen word die materiaal verbruik en wanneer betaling moet geskied, is gewoonlik sodanig met die kontrak gevorder dat hy 'n gedeeltelike voorskot ('n sogenaamde trekking) kan verkry op die werk wat reeds afgehandel is. Hy het

dus nie so baie van sy eie kapitaal nodig om sy sake te finansier nie. As die werklike bedrae beskou word wat die eienaars van ondernemings C1 tot C5 in hulle besighede belê het (volgens tabel 35) blyk dit dadelik dat hierdie bedrae eintlik klein is, veral as dit met die omsette van die betrokke ondernemings vergelyk word.

TABEL 38

PERSENTASIE VAN NETTO WINS TOT KAPITAAL
AANGEWEND - NYWERHEIDSONDERNEMINGS.

<u>Onderneming</u>	<u>Persentasie</u>	<u>Onderneming</u>	<u>Persentasie</u>
C1	31.7	C 6	10.5
C2	70.9	C 7	11.2
C3	127.0	C 8	9.3
C4	105.3	C 9	290.7
C5	80.0	C10	42.7
		C11	97.5
		C12	38.9

Die lae persentasie van onderneming C1, naamlik 31.7% is hoofsaaklik daaraan toe te skryf dat hierdie onderneming, hoewel hoofsaaklik in die boubedryf, ook fabrieksmasjinerie gekoop het waarvoor kapitaal benodig is en dat die netto wins boonop as gevolg hiervan laer is as wat dit moes wees. Die groter bedrag wat as kapitaal nodig is en die kleiner netto wins veroorsaak dus 'n deste groter daling in die persentasie van

laasgenoemde teenoor eersgenoemde bedrag.

Die persentasies van ondernemings C6 en C8 is redelik naby aan mekaar. Hier is te doen met 'n soort onderneming wat heelwat masjinerie nodig het en elke masjien het ook net 'n sekere kapasiteit. As die bedrywighede van 'n onderneming wat bande versool in die geval waar die masjinerie teen volle kapasiteit werk, toeneem, moet daar net eenvoudig bykomstige masjinerie aangekoop word. Hierdie ondernemings moet gewoonlik ook 'n redelike bedrag in voorrade ru-materiaal belê. Die netto opbrengs op die kapitaal van hierdie ondernemings blyk in die omgewing van sowat 10% te wees wat eintlik baie laag is as dit met die ander nywerheidsondernemings vergelyk word, maar daarteenoor is hierdie ondernemings nie aan dieselfde risiko's onderworpe nie, wat dikwels die oorsaak van die ondergang is van ondernemings wat kontrakwerk verrig. Hierdie drie ondernemings het al hulle masjinerie nuut gekoop en indien een van hulle miskien tweedehandse masjinerie sou aanskaf sou die persentasies aansienlik versteur gewees het.

Die persentasies van ondernemings C9 tot C12 wat hoofsaaklik met vervaardiging gemoeid is, verskil net so baie van mekaar. Dit is eintlik ook maar net toevallig dat die persentasies van C10 en C12 en die kapitale be-

drae wat die twee ondernemings belê het byna dieselfde is, want hulle omsette en netto winspersentasies verskil aanmerklik. Onderneming C10 verdien met R31,693 kapitaal (tabel 35) 'n netto wins van R13,531 terwyl C12 met 'n weinig meer kapitaal omtrent dieselfde wins verdien, maar op 'n omset wat byna tweekeer dié van C10 is. Albei hierdie ondernemings werk teen betreklik volle kapasiteit met die gevolg dat die aard van die produksie van C10 meer winsgewend as C12 s'n is. Onderneming C10 onderneem weliswaar ook kontrakwerk wat sy wins, en dus die persentasie op sy belegde kapitaal, sodanig kan beïnvloed dat dit hoegenaamd nie met C12 se persentasie vergelyk kan word nie. Wat die persentasies van C9 en C11 wat tot 'n groot mate dieselfde werksmetode volg, betref, word 'n baie groot verskil aangetref. Die persentasie van C9 wat byna 300% is, ontstaan hoofsaaklik as gevolg van die feit dat hierdie onderneming die masjinerie wat hy moes aanskaf tweedehands gekoop het en dit toe self waar nodig herstel het, asook weens die feit dat die werk wat hy verrig blykbaar teen beter kontrakpryse verkry is as wat die geval met C11 was. Die netto winspersentasies van die twee ondernemings staaf ook hierdie laaste mening. In die geval van C11 is nuwe masjinerie aangeskaf waarvoor daar natuurlik heelwat meer as vir die tweedehandse masjinerie van C9 betaal

moes word. Die uitwerking van hierdie twee faktore word dus duidelik in die persentasies van 290.8% en 97.5% weerspieël.

Dit is nou duidelik dat die opbrengs op die kapitaal wat 'n persoon in 'n nywerheidsonderneming belê aan soveel faktore onderhewig is dat daar moeilik van 'n „verwagte" gemiddelde gepraat kan word. Baie sal hoofsaaklik afhang van die aard van die onderneming en die vindingrykheid van die persone wat dit bestuur.

5. VERHOUDING VAN INKOMSTEBELASTING EN SOSIALE KOSTE TOT BEDRYFSKAPITAAL

Die bedryfskapitaal van sommige nywerheidsondernemings is ook maar min soos blyk uit die gegewens in tabel 39. Daar is selfs drie van hierdie ondernemings wat oor geen bedryfskapitaal beskik nie en twee hiervan, C3 en C4, is ondernemings wat die grootste omset in die groep handhaaf. Soos reeds in die vorige paragraaf aangetoon is, „leef" sommige van die handelaars wat met die bounywerheid gemoeid is op die krediet wat hulle van die lewensransiers van die boumateriaal ontvang. Dit is dan ook die geval sover dit die twee ondernemings C3 en C4 betref. Alhoewel hulle dus redelike groot omsette handhaaf, beskik hulle gewoonlik nie oor enige noemenswaardige bedrag aan bedryfskapitaal nie en hulle vind dit

dan gewoonlik ook moeilik om hulle inkomstebelasting te betaal en om hulle verpligtinge na te kom teenoor die sosiale koste wat redelike groot bedrae is. Wat onderneming C9 betref, het hierdie onderneming omtrent al sy beskikbare fondse vir die aankoop van masjinerie aangewend en feitlik niks as bedryfskapitaal oorgehou nie. Aangesien hierdie onderneming egter baie min fondse nodig het vir die aankoop van materiaal daar dit hoofsaaklik die materiaal van sy klandisie verwerk, kan dit tog goeie winste toon, maar hy vind dit gewoonlik ook, net soos in die vorige twee gevalle, uiters moeilik om sy ander verpligtinge soos sosiale koste en inkomstebelasting na te kom.

Die ander ondernemings beskik elkeen oor 'n sekere bedrag as bedryfskapitaal wat wissel vanaf R2,395 vir C11 tot byna R40,000 in die geval van C6. In die geval van C11 is sy bedryfskapitaal ook skaars genoeg om op te weeg teen die totaal van die sosiale koste en die inkomstebelasting, maar in al die ander gevalle is daar 'n redelike speling tussen die totaal van die sosiale koste en inkomstebelasting aan die een kant en die bedryfskapitaal aan die ander kant. In die gevalle van C6 en C12 is hierdie verskille meer as R36,000 en R20,000 onderskeidelik wat hierdie twee ondernemings 'n goeie werkende kapitaal verskaf. Hierdie twee ondernemings,

TABEL 39

BEDRYFSKAPITAAL, SOSIALE KOSTE EN INKOMSTEBELASTING-
NYWERHEIDSONDERNEMINGS

<u>Onderneming</u>	<u>Bedryfs- kapitaal</u>	<u>Sosiale Koste</u>	<u>Inkomste- belasting</u>
C 1	R 5,496	R 1,287	R 640
C 2	7,265	360	950
C 3	-	3,289	2,520
C 4	-	2,456	8,291
C 5	4,999	922	1,120
C 6	39,213	812	2,041
C 7	10,859	456	428
C 8	5,135	510	130
C 9	-	769	820
C10	4,681	520	1,455
C11	2,395	1,365	710
C12	25,417	1,537	3,880

asook C7, is dan in werklikheid ook die enigste drie ondernemings wat redelik maklik hulle finansiële verpligtinge kan nakom. Die gevolgtrekking moet dus gemaak word dat hierdie groep ondernemings oor die algemeen n groter gebrek aan bedryfskapitaal het as die algemene handelaars, maar tog nog beter daaraan toe is as die handelaar in bederfbare produkte. Die groter belasbare wins van sommige van hierdie ondernemings veroorsaak dat hulle teen hoër koerse belasting moet betaal

wat dan ook 'n aansienlike hap neem uit hulle beskikbare fondse wat deel van hulle bedryfskapitaal uitmaak.

6. ONTLEDING VAN BOKOSTE EN BRUTO WINS.

Wanneer die bruto wins van die verskillende nywerheids-ondernemings verder ontleed word en bepaal word welke deel daarvan uiteindelik as netto wins oorbly nadat die verskillende bokostes wat die sosiale koste en inkomste-belasting insluit, afgetrek is, blyk dit dat hierdie groep ondernemings 'n groot ooreenkoms toon met die algemene handelaars. Hierdie ondernemings hou volgens tabel 40 enigiets tussen 9.2% en 60.5% van hulle bruto wins oor wat 'n redelike ooreenstemming toon met die algemene handelaars se laagste 12.5% en hoogste 47.9%. Aangesien hier nie op 'n gemiddelde persentasie gewerk word nie is dit natuurlik nie moontlik om te bepaal welke persentasie van hulle bruto wins hierdie ondernemers as netto wins behoort oor te hou nie, maar as bloot na die afsonderlike persentasies gekyk word, blyk dit dat 6 van hulle se persentasies tussen 20% en 40% is. Twee is onder 20% en vier is weer oor die 50%. Ook die afsonderlike persentasies van die sosiale koste en inkomste belasting toon onderling aansienlike wisseling. Die sosiale koste wissel byvoorbeeld tussen 1.6% en 8.3% terwyl die inkomstebelasting weer tussen 1.2% en 11.2% wissel.

Hierdie persentasies is egter geensins te vergelyk met die persentasies van die algemene handelaars wat almal baie laag is nie (tabel 28) of die melkerye (tabel 15), maar dit toon eerder 'n ooreenkoms met die slagters se persentasies (tabel 16) waar die ge- weegde gemiddelde persentasie van die slagters se so-

TABEL 40

PERSENTASIES NETTO WINS, SOSIALEKOSTE EN
INKOMSTEBELASTING TOT BRUTO WINS-

NYWERHEIDSONDERNEMINGS

Onder- neming	(a) Bruto Wins	(b) Netto Wins	(c) % (b) van(a)	(d) Sosiale Koste	(e) % (d) van(a)	(f) Inkomste- belasting	(g) % (f) van(a)
C 1	R23,871	R 5,570	23.3	R1,287	5.3	R 640	2.7
C 2	10,453	6,143	58.7	360	3.4	950	9.1
C 3	39,485	9,161	23.2	3,289	8.3	2,520	6.4
C 4	73,679	23,458	31.8	2,456	3.3	8,291	11.2
C 5	12,139	6,322	52.0	922	7.5	1,120	9.2
C 6	50,465	8,830	17.4	812	1.6	2,041	4.0
C 7	13,406	4,574	34.1	456	3.4	428	3.2
C 8	10,740	990	9.2	510	4.7	130	1.2
C 9	16,815	10,175	60.5	769	4.5	820	4.9
C10	24,659	13,531	54.9	520	2.1	1,455	5.9
C11	16,220	5,510	33.9	1,365	8.0	710	4.4
C12	44,596	13,150	29.5	1,537	3.8	3,880	8.7

siale koste tot die bruto wins 7.2% en die inkomstebelasting tot bruto wins 4.8% was. Al die persentasies soos dit in tabel 40 voorkom beklemtoon in hoofsaak net twee feite naamlik dat die persentasies van die sosiale koste en inkomstebelasting tot die bruto wins relatief hoog is en dat daar min verwantskap tussen die verskillende ondernemings is aangesien die verskillende faktore wat 'n invloed op hierdie ondernemings het, elke onderneming nie tot dieselfde mate raak nie.

Die verdeling van die totale bokoste tussen sosiale koste, inkomstebelasting en diverse bokoste soos dit in tabel 41 voorkom toon eintlik dieselfde resultate as wat in die vorige paragraaf bevind is. Ook hier is die wisseling tussen onderneming en onderneming groot en die persentasies oor die algemeen is veel groter as dié van die ~~handelaars~~ en die melkerye, maar dit toon 'n groter ooreenkoms met die slagters se persentasies. Die persentasies van sosiale koste en inkomstebelasting tot totale bokoste was vir die slagters 10.6% en 7.1% onderskeidelik (tabel 16) wat sekerlik nie baie ver van "gemiddeldes" vir die nywerheidsondernemings is nie, indien van so-iets as gemiddeldes gepraat kan word. Die nywerheidsondernemings se sosiale koste-persentasies wissel tussen 2.0% en 15.9% en dié van die inkomstebelasting

tussen 1.3% en 22.0%. Dit wil dus eintlik voorkom as-
of die persentasies van die inkomstebelasting tot die
totale bokoste in die geval van die nywerheidsonderne-
mings wat ondersoek is effens hoër kan wees as dié van
die slagterye. Hierdie gevolgtrekking is in elk geval
heeltemal waar aangesien die nywerheidsondernemings oor

TABEL 41

PERSENTASIES NETTO WINS, SOSIALE KOSTE EN
INKOMSTEBELASTING TOT TOTALE BOKOSTE-

Onder- neming	NYWERHEIDSONDERNEMINGS						
	(a) Totale Bokoste	(b) Sosiale Koste	(c) % (b) van(a)	(d) Inkomste- belasting	(e) % (d) van(a)	(f) Diverse Bokoste	(g) % (f) van(a)
C 1	R18,301	R1,287	7.0	R 640	3.5	R16,374	89.5
C 2	4,310	360	8.4	950	22.0	3,000	69.6
C 3	30,324	3,289	10.8	2,520	8.3	24,515	80.9
C 4	50,221	2,456	4.9	8,291	16.5	39,474	78.6
C 5	5,817	922	15.9	1,120	19.2	3,775	64.9
C 6	41,635	812	2.0	2,041	4.9	38,782	93.1
C 7	8.832	456	5.2	428	4.8	7,948	90.0
C 8	9,750	510	5.3	130	1.3	9,110	93.4
C 9	6,640	769	11.6	820	12.3	5,051	76.1
C10	11,128	520	4.7	1,455	13.1	9,153	82.2
C11	10,710	1,365	12.7	710	6.6	8,635	80.7
C12	31,446	1,537	4.9	3,880	12.3	26,029	82.8

die algemeen groter belasbare inkomstes as die slagters
gehad het en dus teen hoër koerse belasting betaal het.

7. ONTLEDING VAN SOSIALE KOSTE

Die ontleding van die sosiale koste van die verskillende ondernemings en die bepaling van die bydrae van elke wet tot hierdie koste lewer net soos in die voorafgaande paragrawe al dadelik 'n probleem op aangesien ook hier nie 'n geweegde gemiddelde ten opsigte van elke wet bepaal is nie. Tog kan die werklik aangeane koste soos dit verskyn in tabel 42, elkeen afsonderlik ontleed en vergelyk word met dié van die melkerye, slagters en algemene handelaars waarvoor wel geweegde gemiddeldes beskikbaar is, asook met die blote rekenkundige gemiddelde wat vir hierdie groep bereken is en op hierdie wyse kan probeer bepaal word wat die relatiewe of benaderde belang van elkeen van hierdie wette is. Dit kan wel beweer word dat die rekenkundige gemiddelde persentasies soos dit in tabel 43 verskyn nie die werklike posisie van die nywerheidsondernemings weergee nie aangesien dit 'n gemiddeld is van 'n groep ondernemings wat nie gelyksoortig is nie. Dit kan wel so wees, maar 'n geweegde gemiddeld vir hierdie groep sou dan ook tot 'n mate misleidend wees. Al wat met hierdie persentasies van tabel 43 beoog word, is om elkeen van hulle te ontleed en te vergelyk met die geweegde gemiddeldes van die melkerye, slagters en algemene handelaars (tabelle 19 en 32) en om dan die nodige afleidings te maak.

TABEL 42

WERKLIKE SOSIALE KOSTE VAN ELKE ONDERNEMING -
 NYWERHEIDSONDERNEMINGS

	<u>C1</u>	<u>C2</u>	<u>C3</u>	<u>C4</u>	<u>C5</u>	<u>C6</u>
Ongevallewet	R 403	R 35	R 1,370	R 480	R158	R120
Werkl.Vers. Wet	170	13	119	277	71	70
Wet op Stat.	50	10	25	120	10	10
Bantoe Wetg.	114	70	1,160	920	435	180
Inkomstebel. Wet	80	52	60	69	20	177
Fabriekswet	210	115	75	70	118	80
Maatskappywet	<u>260</u>	<u>65</u>	<u>480</u>	<u>520</u>	<u>110</u>	<u>175</u>
Totaal	<u>R1,287</u>	<u>360</u>	<u>3,289</u>	<u>2,456</u>	<u>922</u>	<u>812</u>
	<u>C7</u>	<u>C8</u>	<u>C9</u>	<u>C10</u>	<u>C11</u>	<u>C12</u>
Ongevallewet	R 26	R 35	R110	R 45	R 50	R 130
Werkl.Vers.Wet	-	20	59	30	55	17
Wet op Stat.	20	10	10	25	20	300
Bantoe Wetg.	125	155	340	310	950	510
Ink.bel. Wet.	35	60	40	50	80	50
Fabriekswet	10	70	60	60	50	530
Maatskappywet	<u>240</u>	<u>160</u>	<u>150</u>	<u>-</u>	<u>160</u>	<u>-</u>
Totaal	<u>R456</u>	<u>510</u>	<u>769</u>	<u>520</u>	<u>1,365</u>	<u>1,537</u>

Die ongevallewet gee 'n rekenkundige gemiddeld van 20.7% wat baie hoër is as die ander drie groepe se persentasies. Hierdie hoë persentasies het ontstaan hoofsaaklik as gevolg van die groot aantal werknemers van ondernemings C1, C3 en C4 wat almal aan die bounywerheid verbonde is en tot 'n groot mate van bantoearbeid gebruik maak, tot 'n veel groter mate as enigeen van die ander

groepe wat reeds ontleed is. Hiermee gepaardgaande kan ook die koste as gevolg van die bantowetgewing ontleed word. Die rekenkundige gemiddeld hier is 36.8% van die totaal teenoor 36.0% vir algemene handelaars en 55.2% vir die melkerye. Hierdie 36.8% skyn ook billik te wees aangesien die bantoeheffings nie deur die bou-

TABEL 43

TOTALE SOSIALE KOSTE TEN OPSIGTE VAN ELKE WET-
NYWERHEIDSONDERNEMINGS

	<u>Totale Koste</u>	<u>Persentasie</u>
Ongevallewet	R 2,962	20.7
Werkloosheidversekeringswet	901	6.3
Wet op Statistieke	610	4.3
Bantowetgewing	5,269	36.8
Inkomstebelastingwet	773	5.4
Fabriekswet	1,448	10.1
Maatskappywet	<u>2,320</u>	<u>16.4</u>
	<u>R14,283</u>	<u>100.0</u>

ondernemings op hulle bantoearbeiders wat buite stedelike gebiede woon en werk, betaal is nie. Die ongevalleversekering is natuurlik op alle werknemers betaal. Die werkloosheidversekering van 6.3% kom betreklik naby ooreen met die ander groepe se persentasies terwyl die 4.3% ten opsigte van die Wet op Statistieke weer heel-

wat hoër is as dié van die ander groepe waarvan die algemene handelaars se 2.0% die hoogste is. Hierdie hoë persentasie is waarskynlik effens onrealisties aangesien sowat die helfte daarvan deur Cl2 wat baie probleme in hierdie verband het, bygedra is. Dit wil dus voorkom of die gemiddelde bydrae van hierdie wet tot die totaal ook in die omgewing van 2% behoort te wees. Die inkomstebelastingwet se bydrae is 5.4% en die maatskappywet se 16.4% bydrae is ook nie buite verhouding nie met die 6.3%, 12.6% en 22.3% van die melkerye, slagters en algemene handelaars onderskeidelik.

Die rekenkundige gemiddelde persentasies van elke wet se bydrae tot die totale koste van die nywerheidsondernemings blyk dus nie so buitengewoon onakkuraat te wees as wat aanvanklik veronderstel is nie.

By gebrek aan beter vergelykende syfers vir soortgelyke groepe en ook omdat dit in 'n mate in vergelyking gebring kan word met die ooreenstemmende persentasies van die ander twee groepe wat ontleed is, moet vir die doel van hierdie verhandeling aanvaar word dat die persentasies soos uiteengesit in tabel 43 'n redelike beeld verskaf van elke wet se bydrae tot die totale sosiale koste van hierdie groep.

8. SOSIALE KOSTE, BELASTING EN NETTO WINS TEENOOR OMSET.

As die persentasies van die sosiale koste en inkomste-belasting tot die omset van elke onderneming nou nagegaan word soos dit in tabel 44 ontleed is, moet dadelik tot die gevolgtrekking gekom word dat die bydrae wat hierdie ondernemings ten opsigte van die sosiale wette moet maak aansienlik groter is as wat dit in die geval van die varsprodukte en algemene handelaars is. Uit

TABEL 44

PERSENTASIE SOSIALE KOSTE EN INKOMSTEBELASTING TOT OMSET - NYWERHEIDSONDERNEMINGS

<u>Onder- neming</u>	<u>Omset</u> (a)	<u>Sosiale Koste</u>		<u>Inkomstebelasting</u>	
		<u>Bedrag</u> (b)	<u>% (b) van (a)</u> (c)	<u>Bedrag</u> (d)	<u>% (d) van (a)</u> (e)
C 1	R108,159	R1,287	1.2	R 640	.6
C 2	43,552	360	.8	.950	2.2
C 3	409,146	3,289	.8	2,520	.6
C 4	261,212	2,456	.9	8,291	3.2
C 5	59,642	922	1.5	1,120	1.8
C 6	151,618	812	.5	2,041	1.3
C 7	55,224	456	.8	428	.8
C 8	44,634	510	1.1	130	.3
C 9	40,095	769	1.9	.820	2.0
C10	52,382	.520	1.0	1,455	2.8
C11	40,888	1,365	3.3	.710	1.7
C12	102,003	1,537	1.5	3,880	3.8

tabel 44 blyk dit dat die persentasies in kolom (c) tussen .5% en 3.3% wissel terwyl dit in die geval van die inkomstebelasting (kolom e) tussen .3% en 3.8% wissel. As elke onderneming se sosiale koste en inkomstebelasting nou bymeekaargetel word en ook die netto winspersentasies in berekening gebring word, word die samevattende toes

TABEL 45

PERSENTASIE VAN SOSIALE KOSTE EN INKOMSTEBELASTING
TOT NETTO WINS VAN ELKE ONDERNEMING -

Onderneming	NYWERHEIDSONDERNEMINGS		(c) % (b) van (a)
	(a) Netto Winspersentasie	(b) % Sosiale Koste & Inkomstebelasting tot omset	
C 1	5.1	1.8	35.1
C 2	14.1	3.0	21.2
C 3	2.2	1.4	63.6
C 4	8.9	4.1	46.1
C 5	10.6	3.3	31.1
C 6	5.8	1.8	31.0
C 7	8.3	1.6	19.3
C 8	2.2	1.4	63.6
C 9	25.4	3.9	15.4
C10	26.0	3.8	14.6
C11	13.5	5.0	37.0
C12	12.9	5.3	41.1

tand van elke onderneming gevind soos dit in tabel 45 uiteengesit is en waarvolgens dadelik aflei kan word wat die invloed van die sosiale koste en inkomstebelasting (kolom b) op elke onderneming is. Ondernemings C3 en C8 hou van hulle omset maar net 2.2% as netto wins oor terwyl hulle 1.4% van hulle omset as gevolg van hierdie wette moes afstaan aan sosiale koste en inkomstebelasting. Hierdie 1.4% is so hoog as 63.6% van die betrokke ondernemings se netto winspersentasie van 2.2%. Dit is eintlik net ondernemings C9 en C10 waar die sosiale bydraes nie 'n baie groot persentasie van die netto wins uitmaak nie.

9. SAMEVATTING.

Die besprekings en ontledings in hierdie hoofstuk het aan die lig gebring dat die ondernemings wat as nywerheidsondernemings ingedeel is aan baie verskillende faktore onderhewig is wat tot gevolg het dat dit moeilik word om die resultate van een onderneming met dié van 'n ander te vergelyk en dat dit dus ook onprakties word om gemiddeldes vir die groep te bereken. Boonop is daar ook nie ooreenstemmende gegewens van owerheidswêë beskikbaar waarmee die resultate van hierdie ondernemings vergelyk kon word nie, maar aangesien hierdie ondernemings se resultate met

dié van die varsprodukte- en algemene handelaars vergelyk is en wesenlike verskille opgeklaar is en aangesien die laasgenoemde twee groepe se resultate weer met dié van die Buro vir Statistiek vergelyk is, kan aanvaar word dat die twaalf ondersoekte ondernemings redelik verteenwoordigend is van die soorte ondernemings waarvan hulle deel uitmaak.

Die opbrengs wat op belegde kapitaal verwag kan word vir beleggers wat die klein nywerheid wil betree, is moeilik vooraf bepaalbaar juis vanweë die baie faktore wat 'n invloed kan uitoefen, maar die sosiale koste van hierdie groep oor die algemeen skyn betreklik hoog te wees. Aangesien nywerheidsondernemings tot 'n groot mate van bantoearbeid gebruik maak, is die bydrae wat die bantoe wetgewing tot die totale sosiale koste maak die grootste van al die bydraende wette. Die totale sosiale koste en inkomstebelasting maak in sommige gevalle 'n aansienlike deel van die totale bokoste uit en is in verskeie van die twaalf gevalle wat ondersoek is, meer as 30% van die netto wins wat hierdie ondernemings uiteindelik oorhou as opbrengs op die kapitaal wat hulle belê het.

OPSOMMING EN GEVOLGTREKKINGS.

In hierdie verhandeling is daar getrag om vas te stel wat die koste as gevolg van sekere wette vir sekere klein ondernemings veral in die Vaaldriehoek is. 'n Negetal geselekteerde wette wat elkeen 'n invloed op die kostestruktuur van die klein onderneming het, is vir dié doel gekies uit die groot aantal wette wat almal 'n invloed op sakeondernemings uitoefen en die term „sosiale koste" is deurgaans gebruik om die koste aan te dui wat as gevolg van hierdie wette ontstaan. Hierdie nege wette is die volgende:-

Die Ongevallewet (No.30/1941)

Die Werkloosheidsversekeringswet (No.53/1946)

Die Wet op Statistieke (No.73/1957)

Bantowetgewing (No.25/1945, No.64/1952 en No. 64/1964)

Die Inkomstebelastingwet (No.58/1962)

Die Bemerkingswet (No.26/1937)

Die Wet op Fabriek, Masjinerie & Bouwerk (No.22/1941)

Die Wet op Winkels en Kantore (No.75/1964)

Die Maatskappywet (No.46/1926)

Na 'n ondersoek van 113 ondernemings is daar altesaam 25 ondernemings wat in die Vaaldriehoek sake doen by hierdie studie betrek en hulle resultate is getoets aan dié van 8 soortgelyke ondernemings in Kaapstad, Port

Elizabeth en Durban. Hierdie 33 ondernemings is in drie hoofgroepe ingedeel, naamlik varsproduktehandelaars, algemene handelaars en nywerheidsondernemings.

Hierdie ondernemings kan as verteenwoordigend beskou word vir die groepe wat hulle verteenwoordig aangesien:

a) die resultate van twee van hierdie groepe vergelyk en gekontroleer is met die statistieke wat deur die Buro vir Statistiek vir die hele Suid-Afrika opgestel is (vgl. paragraaf 4 van hoofstuk 5 asook paragraaf 4 van hoofstuk 6) terwyl die resultate van die derde groep ook na afsonderlike ontleding as verteenwoordigend beskou kan word (vgl. paragraaf 1 van hoofstuk 7), en b) die antwoorde van die 25 ondernemings in die Vaaldriehoek in ander nywerheidsgebiede van die land getoets is en identiese resultate verkry is. Die 80 ander ondernemings wat in geheel of gedeeltelik ontleed is se resultate is buite rekening gelaat aangesien dit óf onvolledig is óf nie in een van die drie groepe waarop besluit is, ingedeel kan word nie, óf aangesien hulle nie in die bepaalde grootte-groep val nie.

Die analise van die kostenprobleem wat as gevolg van die nege gekose wette ontstaan, het aan die lig gebring dat die klein onderneming groot opofferings moet maak

ten einde te kan voldoen aan die bepalings van hierdie wette. Uit tabel 46 wat 'n opsomming is van sekere persentasies van die varsprodukte- en algemene handelaars wat ondersoek is, blyk dit (item 4) dat die totaal van die sosiale koste plus inkomstebelasting van hierdie ondernemings as persentasie van die omset skommel tussen .9% en 2.3%. In die geval van die nywerheidsondernemings, waarvoor 'n gemiddeld nie uitgewerk kan word nie, skommel die totale persentasie van die sosiale koste en die inkomstebelasting tussen 1.4% en 5.3% vir die verskillende ondernemings. Van elke R100 verkope wat 'n melkery byvoorbeeld bewerkstellig, hou hy slegs R4.10 gemiddeld oor nadat hy R2.30 aan sosiale koste en inkomstebelasting moes betaal terwyl die slagter van elke R100 gemiddeld R5.20 oorhou nadat hy R2.00 aan sosiale koste en inkomstebelasting moes afstaan. Die algemene handelaar se opofferings in hierdie verband is wel kleiner, naamlik '90c sosiale koste en inkomstebelasting teenoor R4.40 netto wins per R100 omset terwyl die nywerheidsondernemings oor die algemeen weer heelwat groter bydraes in hierdie verband moet lewer, selfs soveel as R5.30 per R100 verkope. Aangesien die meeste van hierdie ondernemings egter teen 'n betreklike lae netto winspersentasie sake doen en

TABEL 46

VERGELYKENDE PERSENTASIES VAN SOSIALE KOSTE, INKOMSTEBELASTING EN NETTO WINS TOT OMSET: VARSPRODUKTE EN -
ALGEMENE HANDELAARS

	<u>Melkerye</u>	<u>Slagterye</u>	<u>Algemene Handelaars</u>
1. Omset	<u>100.0</u>	<u>100.0</u>	<u>100.0</u>
2. Sosiale Koste	1.2	1.2	0.4
3. Inkomstebelasting	<u>1.1</u>	<u>0.8</u>	<u>0.5</u>
4. Totaal 2 + 3	2.3	2.0	0.9
5. Netto Wins	<u>4.1</u>	<u>5.2</u>	<u>4.4</u>
6. Totaal 4 + 5	6.4	7.2	5.3
7. Persentasie 4 van 5	56%	38%	20%
8. Persentasie 4 van 6	36%	28%	17%

daar hulle almal „klein" ondernemings is wat nie h groot omset handhaaf nie, en ook as gevolg van h kapi- taaltekort in baie gevalle, (vgl. tabelle 14,27 en 39) is dit duidelik dat die verpligtinge van hierdie wette baie swaarder op hulle druk as op h groter en ka- pitaalkragtiger onderneming. Uit sy beperkte fondse en met sy lae netto winspersentasie op h klein omset moet hierdie onderneming nou nog sekere betalings maak

wat hy in die meeste gevalle nie kan bekostig nie.

Die groot onderneming het gewoonlik nie hierdie probleem nie aangesien kapitaalmarkte vir hom makliker beskikbaar is en hy ook weens sy groter omset meer surplusfondse tot sy beskikking kry. Die klein onderneming kan derhalwe as gevolg van sy beperkte omset nie sy boustekoste oor 'n verskeidenheid van produkte versprei soos die groot onderneming dit kan doen nie. Hieruit kan dan afgelei word dat die klein onderneming proporsioneel eintlik swaarder deur hierdie wette geraak word as die groot onderneming en dat daar iets behoort gedoen te word om die las wat op hom gelê word te verlig aangesien hierdie selfde klein onderneming 'n baie belangrike skakel in die ekonomiese struktuur van die land is. Aangesien dit nou so is dat hierdie wette nie afgeskaf behoort of kan word nie, moet die probleem op 'n ander manier benader word. Daar is aangetoon dat die swaarste las wat as gevolg van hierdie wette op 'n onderneming gelê word hoofsaaklik van die Inkomstebelastingwet, die Bemarkingswet en Bantowetgewing kom (vgl. tabelle 19, 32 en 43). Die ander ses wette dra nou wel individueel nie so 'n groot bedrag tot die totale sosiale koste van elke onderneming by nie, maar ook in hierdie gevalle kan verskillende be-

sparings teweeggebring word, hoewel soms gering, wat indien dit alles bymekaargereken sou word, tog 'n merkbare invloed ten goede op die kostestruktuur van enige onderneming kan hê.

Die Ongevallewet verskaf dekking of versekering aan werknemers teen ongevallen en is beslis 'n baie noodsaaklike skakel in die ekonomiese samelewing. Die tarief is billik, maar die formaliteite in die afhandeling van eise veroorsaak moontlik te veel beslommernis. Aangesien die loonvorms wat deur werkgewers kragtens hierdie wet ingedien moet word altyd 'n kalenderjaar dek, kan daar tog 'n besparing aan arbeid en tyd vir die werkgewer teweeggebring word indien hierdie vorms sodanig opgestel sou word dat hulle saamval met die gewone belastingjare van die betrokke werkgewers. As dit gedoen sou word, sal dit 'n besparing in arbeidskoste meebring. Ook word daar gevoel dat indien die afhandeling van eise teen die Fonds vergemaklik sou kon word dit ook 'n aansienlike besparing in administratiewe koste vir werkgewers sal meebring.

Die Werkloosheidversekeringswet het finansieel nie 'n baie groot uitwerking op die kostestruktuur van die verskillende ondernemings nie alhoewel dit dikwels pro

bleme vir 'n onderneming veroorsaak (vgl. hoofstuk 2, par. 2 b)ii)). Geweldig baie tyd, en dus koste, sal vir beide die Staat en die werkgewers bespaar word indien oorbetalings kragtens hierdie wet slegs eenkeer per kwartaal of halfjaar sou kon geskied. Boonop word dit gevoel dat die werkgewer wat minder as gemiddeld 20 werknemers in diens het, vrygestel behoort te word van sy bydraes tot hierdie Fonds en dat die werkgewer met gemiddeld meer as hierdie aantal werknemers weer 'n effens hoër bydrae behoort te maak. Die werknemer se bydrae moet natuurlik ten opsigte van die verskillende groepe dieselfde bly vir alle werkgewers.

Wat die Wet op Statistieke betref, is dit seker een van die wette wat die minste gewild by die klein onderneming is. Dis in elk geval ook 'n baie noodsaaklike wet, maar daar word tog gevoel dat sekere van die vorms wat deur die Buro vir Statistiek vir voltooiing opgestel word moontlik in sekere opsigte vereenvoudig kan word sodat die klein onderneming dit met minder moeite kan voltooi. Die klein onderneming trek geen voordeel uit hierdie wet nie en selfs die groter ondernemings vind ook weinig baat by die gepubliseerde statistieke. Een van die groter nywerheidsondernemings wat ondersoek is en wat 'n omset van meer as R6,000,000

per jaar en meer as 500 werknemers in diens het, het byvoorbeeld beraam dat dit hulle sowat R2,500 per jaar aan arbeid kos ten einde die verskillende statistiese vorms te kan voltooi. Meer vereenvoudigde vorms kan dus heelwat kostebesparings teweegbring.

Die Bantoewetgewing bring aansienlike verhogings in die koste van die werkgewer mee. Hierdie koste is egter 'n sosiale diens wat in belang van die land gelewer word en die landsbelang moet bó privaat belange gestel word. Daar kan egter ook in hierdie geval besparings teweeggebring word indien die oorbetalings kragtens die verskillende Bantoewette wat tans maandeliks gëdoen moet word, op 'n kwartaallikse basis sou geskied. Dit sou die administratiewe koste verminder vir beide die werkgewer en die plaaslike owerhede wat dit beheer. Daarbenewens kan aansienlike koste vir die werkgewer ook bespaar word indien die registrasieformaliteite vir Bantoes wat dikwels heelwat probleme oplewer, ook vereenvoudig sou word (vgl. hoofstuk 2, par.2 d)ii)).

Wat die Inkomstebelastingwet betref, sal dit die las op die klein onderneming geweldig verlig indien die Suid-Afrikaanse Inkomstebelastingwet voorsiening daarvoor sou maak dat die klein onderneming soos in die

V.S.A. omskryf kan word (vgl. Inleidende Oorsig, par. 2 (a)) en teen 'n laer koers belasting betaal op belasbare winste wat 'n sekere bedrag, sê R20,000 p.j., nie te bowe gaan nie. Die klein onderneming kan byvoorbeeld op sy belasbare wins as dit onder R20,000 p.j. is, sê 15% aan maatskappybelasting betaal in plaas van die huidige 31.5% terwyl die maatskappye waarvan die belasbare wins R20,000 p.j. oorskry, sê teen die koers van 37.5% belasting betaal. Hierdie skema kan die staat moontlik 'n groter bedrag aan inkomste in die skatkis besorg aangesien die groot, kapitaalkragtige ondernemings wat dit in elk geval kan bekostig, dan effens meer belasting sal moet betaal terwyl die klein onderneming aangespoor word om uit te brei. Daarbenewens kan 'n verdere aansporing ook nog geskied deur donasies aan sekere goedgekeurde inrigtings, wat heelwat wyer moet strek as wat tans die geval is, as 'n koste vir belastingdoeleindes toe te laat.

Die Bemarkingswet se hoofdoel is om pryse te stabiliseer (vgl. hoofstuk 3, par. 2 a)i)) en sedert sy instelling het hierdie wet geweldig baie bygedra om 'n ordelike ekonomiese toestand te skep en dit het ook bygedra tot die uitskakeling van oorkapasiteit. Dit is 'n wet wat eintlik 'n baie wye reeks landbouprodukte oor

die hele land dek. In hierdie verhandeling is die uitwerking van die wet egter slegs nagegaan in soverre dit die melkerye en slagters in die Vaaldriehoek raak. Wat die melkerye betref, is 'n melkskema in die gemelde streek sedert 1 Desember 1964 ingestel wat addisionele koste vir die melkery meebring met 'n gevolglik laer en byna onekonomiese winsgrens (vgl. hoofstuk 3, par.2 a) ii) en hoofstuk 5, par. 4). Ten einde staande te kan bly, moet die omset nou verhoog word, wat nie altyd so maklik is nie met die gevolg dat die neiging by die groter en kapitaalkragtiger ondernemings bestaan om die kleiner mededingers oor te neem. Dis 'n neiging wat monopolistiese toestande in die hand werk en dis juis wat nie in Suid-Afrika geduld kan word nie. Die slagters het ook hulle probleme aangesien alles daarvan afhang of hulle binne of buite 'n beheerde gebied hulle aankope maak. Die slagter wat op 'n veeveiling lewendehawe koop om te laat slag, moet self die heffing betaal terwyl die een wat die karkasse by die munisipale slagpale koop, 'n karkas koop waarop die heffings reeds betaal is. Daar is gevolglik nie eenvormigheid in hierdie verband nie. Die suksesvolle of onsuksesvolle aankope op die veeveiling is dus eintlik van deurslaggewende belang vir die slagters in die Vaaldriehoek.

Die Wet op Fabriek, Masjinerie en Bouwerk en die Wet op Winkels en Kantore kan eintlik gesamentlik bespreek word. Hierdie twee wette het 'n baie heilsame invloed op die instansies waarop hulle van toepassing is daar hulle ook tot 'n groot mate ordelikheid skep en die werknemer beskerm. Vir die werkgewer kan koste en probleme egter bespaar word indien die oortydbepalings kragtens hierdie twee wette gewysig word (vgl. hoofstuk 3, par. 2 b) ii) en par. 2 c) ii)) deur die verhoging van die aantal toelaatbare oortydure wat gedurende 'n dag, maand of jaar onder verskillende omstandighede gewerk mag word. Hierdie beperkte aantal ure wat oortyd gewerk mag word, is ontoereikend en lewer baie probleme in die praktyk op.

In die geval van die Maatskappywet kan daar weinig besparings vir 'n onderneming teweeggebring word. Verbetering in die funksie van die wet kan teweeggebring word in dié opsig dat debiteurmaatskappye wat so maklik (onregmatiglik) insolvent raak, met verliese vir die krediteur-onderneming tot gevolg, aan bande gelê behoort te word. Hierdie skuiwergat in die maatskappywet behoort toegestop te word.

Ten besluite:

Dit blyk nou dat die nege wette wat ontleed is, aan die een kant die kostestruktuur van die klein onderneming geweldig verhoog, maar dat hulle aan die ander kant ook noodsaaklik is. Aansienlike besparings kan egter aan sommige van hierdie koste teweeggebring word sonder om aan die doeltreffendheid van die verskillende wette afbreuk te doen indien sekere wysigings aangebring en veranderde metodes toegepas sou word.

Van die grootste besparings kan teweeggebring word deur:

- a) die instelling van vereenvoudigde vorms deur staatsdepartemente;
- b) die insameling van eenvormige informasie kragtens die verskillende wette deur die belanghebbende staatsdepartemente;
- c) 'n eenvormige tydperk vas te stel wat op al die wette van toepassing is, bv. die normale belastingjaar Maart tot Februarie;
- d) die uitskakeling van onnodige formaliteite met betrekking tot sekere wette; en
- e) sekere toegewings van owerheidsweë aan die klein onderneming.

NAVRAAGVORM

AANHANGSEL A.

NAAM VAN ONDERNEMING:..... No.....

Aantal Werknemers:

Blank: M..... V.....

Nie Blank M..... V.....

Bespreking gevoer met.....

TOTAAL:

Hoedanigheid.....Jaar 196.. /6

Verkope R

Kosprys van Verkope _____

Bruto Wins

Ander Diverse Inkomste _____

	% van	% van	Regstel-
	Tota-	Net-	lings en
	le Bo-	to	Bereke-
	koste	Wins	nings.

Kostes t.o.v. Ongevalle Wet
 W.L. Vers. Wet
 Wet op Stat.
 Bantoe Wetg.
 Ink. Bel. W.-L.B.S.
 Ont. Uitg.

Bem. Wet
 Fabr. Wet
 Winkels en Kantore
 Mpye. Wet

Waardevermindering

Inkomstebelasting Betaalbaar

Totaal van Ander Bokoste _____

Totale Bokoste

Netto werklike Wins/Verlies _____

BATES EN LASTE OP.....

Kapitaal & Res.

Vaste Bates

Langt. Laste

Bedryfsbates

Bedryfslaste

Ander

Ander _____

Ongevallewet:

1. Wat is u aanslagtarief?
2. In watter klas val u?
3. Wat kos hierdie wet u p.j. t.o.v.
 - (a) Werklike betalings
 - (b) Arbeid, korrespondensie, skryfbehoeftes, seëls ens.
 - (c) Ander koste
4. Watter eise is al deur u ingestel en wanneer?
5. Het u al enige merietekorting ontvang?
6. Wat is u mening oor die wet?
7. Watter ander voor- of nadele het die wet vir u?
8. Vind u dit moeilik om die vorm jaarliks te voltooi?

Werkloosheidsversekeringswet:

1. Wat kos hierdie wet u p.j. t.o.v.
 - (a) Werklike betalings
 - (b) Arbeid, korrespondensie, skryfbehoeftes, seëls ens.
 - (c) Ander koste
2. Watter voor- of nadele het die wet vir u?
3. Wat is u mening oor die wet?

Wet op Statistieke:

1. Wat kos hierdie wet u na raming t.o.v.
 - (a) Arbeid, skryfbehoeftes, korrespondensie, seëls ens.
 - (b) Ander koste.
2. Maak u gebruik van die statistiese gegewens deur die Buro vir Statistiek saamgestel?
3. Gebruik u statistieke van vorige jare vir leiding in u besigheid?
4. Wat is u mening oor hierdie wet?

Bantoe Wetgewing:

1. Is u onderneming aan plaaslike, provinsiale en staatsbantoe wetgewing onderworpe?
2. (a) Betaal u onderneming die 20c registrasie per bantoe?
- (b) Betaal u onderneming die 22 $\frac{1}{2}$ c p.w. per bantoe kragtens die Wet op Heffings vir Bantodienste?
- (c) Gemiddeld hoeveel bantoes het u in diens?
- (d) Gemiddeld hoeveel bantoes registreer u p.m.?
3. Wat is u uitgawe p.j. a.g.v. hierdie wetgewing t.o.v.
 - (a) Direkte betalings t.o.v. pasfooie.
 - (b) Direkte betalings t.o.v. bantoe-heffingsdienste.
 - (c) Beraamde koste a.g.v. tydsverlies by registrasie ens., koste van voltooiing van vorms, korrespondensie, ens.
4. Watter voordele bied hierdie bantoe wetgewing u?
5. Wat is u mening oor hierdie wette?

Inkomstebelastingwet:

1. Is u onderneming 'n Maatskappy of 'n Vennootskap?
2. Wat is u mening oor die volgende:
 - (a) Waardevermindering -
 - (b) L.B.S.-
 - (c) Ontoelaatbare kostes -

wetskoste	-
donasies	-
ander	-
 - (d) belastingkoers op wins
 - (e) Ander vorms
 - (f) Voorraadwaardering
3. Wat kos die wet u p.j. spesifiek t.o.v. L.B.S.
 - Arbeid, skryfbehoeftes, ens
 - Ander kostes.
4. Wat is die invloed van die wet op u ondernemingsgee:

5. Hoe raak die onverdeelde winsbelasting u?
6. Maak u dikwels gebruik van deskundige advies oor belastingaangeleenthede of vind u dit nie nodig nie?
7. Word daar dikwels van u „slegte skulde" nie toegelaat nie?

Bemerkingswet:

1. Is hierdie wet op u onderneming van toepassing?
2. Hoe verkry u u produkte en vind u dit moeilik om u produkte te bekom?
3. Vind u dit moeilik om die nodige vorms te voltooi?
4. Wat kos die wet u p.j. t.o.v:
 - (a) Salarisse, skryfbehoeftes ens.
 - (b) Heffings
 - (c) Ander kostes
5. Sou u kostes hoër wees indien die wet nie in werking was nie?
Motiveer met vermelding van sodanige kostes.
6. Was u beter af voor die inwerkingtreding van hierdie wet?
7. Wat betaal u nou vir u produk gemiddeld?
8. Wat het u voorheen gemiddeld betaal?

Wet op Fabriek, Masjinerie en Bouwerk:

1. Is hierdie wet op u onderneming in geheel, gedeeltelik of gladnie van toepassing?
2. Watter bepalings van die wet raak u die meeste?
3. Wat kos die wet u per jaar t.o.v.
 - (a) Salarisse ens. i.v.m. die nakoming van die bepalings van die wet.
 - (b) Skryfbehoeftes ens.
 - (c) Ander.
4. Watter nadele en voordele hou die wet vir u in?
5. Wat is u mening oor hierdie wet?

Wet op Winkels en Kantore:

1. Is hierdie wet op u bedryf van toepassing?

2. Wat kos hierdie wet u t.o.v.
 - (a) Arbeid, skryfbehoeftes, ~~kos~~pondensie ens.
 - (b) Addisionele koste vir lone betaal, oortyd, verlof ens.
 - (c) Ander koste.
3. Hoe beïnvloed die wet u arbeidsprobleme?
4. Hoe beïnvloed die wet u kantoorure, verlofgelde ens.?
5. Watter ander nadele hou die wet vir u in?
6. Watter voordele hou die wet vir u in?
7. Is dit na u mening 'n gewenste wet?

MAATSKAPPYWET:

1. Hou u 'n voltydse sekretaris aan?
2. Meen u u is beter daaraan toe onder beskerming van 'n Maatskappy.
3. Wat kos die wet u p.j. t.o.v.
 - (a) Salarisse ens.
Vorms, seëls ens.
 - (b) Ander kostes.
4. Watter nadele het die wet op u onderneming?
5. Watter voordele hou die wet vir u in?
6. Het u in die verlede diwidende verklaar?
7. Hoe verdeel u u wins?

ENGLISH SUMMARY.

The purpose of this study is to ascertain the financial effect of certain statute laws on the cost structure of certain small businesses with special reference to small concerns in the Vool Triangle. Various Acts and Regulations affect business enterprises and to gauge the effect of all these Acts on all small businesses would obviously result in a too voluminous treatise. Only nine of these Acts have therefore been selected; 5 classified as "general" Acts, i.e. Acts applicable to all businesses, e.g. the Unemployment Insurance Act; and 4 classified as "special" Acts, i.e. Acts applicable to certain classes of businesses only, e.g. the Factories, Machinery and Building Works Act. Similarly only 33 small businesses have been selected out of a total of 113 concerns chosen at random and which have been investigated in full or partially. These 33 selected small businesses may be classified broadly into three different groups, viz, traders in fresh produce, general dealers and industrial concerns.

In Chapter 1 the nature of the businesses investigated is discussed as well as the method of the survey.

Chapter 2 deals with five of the Acts classified as "general" Acts. These general Acts affect all the various

business concerns and are the Workmens Compensation Act, the Unemployment Insurance Act, the Statistics Act, certain Native Legislation and the Income Tax Act.

A short summary of the most important clauses of these Acts is given as well as the comments and opinions of the businessmen thereon.

Chapter 3 is a continuation of the previous chapter and deals with the remaining four Acts which are classified as "special" Acts. These special Acts do not apply to all the various business concerns. These are the Marketing Act, the Factories, Machinery and Building Works Act, the Shops and Offices Act, and the Companies Act.

In Chapter 4 a general discussion is given of certain terms used in the remaining chapters as well as a theoretical analyses of certain ratios, income tax and nett profit.

Chapter 5 is an empirical survey of nine traders in fresh produce. Their problems are considered and their financial results analysed and tested with statistics published by the Bureau for Statistics.

In Chapter 6 a similar empirical survey is made of 12 concerns classified as "general dealers".

Chapter 7 is similar to the preceding two chapters with an empirical survey of 12 industrial concerns.

Finally a summary is given of the effect of these nine Acts on the cost structure of the investigated small business concerns as well as suggested methods by way of which some costs could be reduced.

LYS VAN GERAADPLEEGDE EN AANGEHAALDE WERKE

- Alford, L.P. and Beatty, L., Principles of industrial management, Ronald, N.Y., 1951.
- Allen, L.A., Management and organization, N.Y., Mc Graw-Hill, 1958.
- Anthony, R.N., Management accounting, R.D. Irwin, Illinois, .
- Baart, J.A., De calculatie in de onderneming, 2de druk, Stenford Kroeze, Leiden, 1962.
- Backer, N., Handbook of Modern accounting theory, N.Y., 1958.
- Barish, N.N., Systems analysis of effective administration, Mayflower, London, 1951.
- Batty, J., Management accountancy, Mac Donald & Evans, London, 1963.
- Baxter, D.D., - Kleinhandeldiagnose en Rigting, Volks-handel, April 1965.
- Baxter, W.T., Studies in accounting, Sweet, London, 1950.
- Bennett, C.W., Standard costing: how they serve modern management, Englerwood Cliffs, Prentice - Hall, 1958.
- Bierman, H., Managerial accounting, Mac Millan, New York, 1960.
- Blocker, J.G. and Weltmer, W.K., Cost accounting, 3de druk, Mc Graw-Hill, New York, 1954.
- Brech, E.F.L., The principles and practice of management, Longmans, London, 1953.
- Brink, H., Die wetenskaplike ontleding van variasies as hulpmiddels vir bestuur, ongepubliseerde M.Comm. verhandeling, 1959.
- Broom H.N. and Longenecker, J.G., Small business management, Cincinnati, 1961.

- Campbell, R.W., - Accounting in Soviet planning and management, Harvard University Press, Massachusetts, 1963.
- Cemach, H.P., Work study in the office, Current affairs, London, 1958.
- Clark, J.M., - Studies in the economics of overhead costs, University of Chicago Press, Chicago, 1957.
- Coetzee, W.J., Die Verbesondering van die indirekte koste in die kleinhandel, Ongepubliseerde M.Comm-skripsie, Potchefstroom, 1963.
- Dearden, J., Cost and budget analysis, Prentice Hall, Englewood, 1962.
- De Paula, F.C., Management accounting in practice, Pitman, London, 1959.
- De Paula, F.R.M., Principles of auditing, Pitman, London, 1961, 12th edition.
- Devine, C.T., Cost accounting and analysis, Mac Millan, N.Y., 1950.
- Du Plessis, F.J., Wins, met spesiale verwysing na die ekonomiese-, bedryfsekonomiese-, en rekenkundige standpunte, Potchefstroom, 1956.
- De Kock, A., - Industrial Laws of South Africa, Juta & Kie., Kaapstad, 1965.
- Eggers, H.C., Budgetary control and the auditor, The South African accountant, Vol. VIII, No.2, June, 1960.
- Els, J.H., The application of standard costs in certain South African industries, Ongepubliseerde D.Comm-proefskrif, Potchefstroom, 1964.
- Fisher, H., and Thompson, D.L., Cost accounting in industrial management, Gee, London, 1952.
- Fiske, W.P., and Beckett, J.A., Industrial accountants handbook, Englewood Cliffs, Prentice Hall, 1956.

- Fitzgerald, A., Analysis and interpretation of financial statements, Butterworths, Sydney, 1963.
- Folts, F.E., Introduction to Industrial management, Mc Graw-Hill, New York, 1963.
- Gardner, F.V., Profit management and control, Mc Graw-Hill, New York, 1955.
- Geertman, J.A., en Geertman, A.H., - Economisch-Teg-nische verschynselen; deel I, 3de druk, El-sevier, Den Haag, 1964.
- Gillespie, C., Cost accounting and control, N.Y., 1959.
- Goudriaan, J., The accountancy of changing price levels, The South African accountant, Vol.IV, No. 2, June, 1957.
- Haas, P.H., Die amerikanische Kostenbuchhaltung, Winterthur, 1957.
- Haccoû, J.F., De termijnhandel in goederen, Stanfort Kroeze, Leiden, 1947.
- Heinen, E., Betriebswirtschaftliche Kostenlehre, Wies-baden, Tl. Gabler, 1959.
- Horngren, C.T., Cost accounting, 3de druk, Prentice Hall, Englewood, 1963.
- Horngren, C.T., Cost accounting, a managerial empha-sis, Prentice Hall, Englewood, 1962.
- Ingram, H., and Harrington, L.T., Interfirm comparison for management, London, 1958.
- Institute of cost and works accountants - The Profit-able use of capital in industry, London, 1965.
- Institute of cost and works accountants, -Cost account-ing terminology, (South African council) Pretoria, 1960.
- Institute of chartered accountants, Management account-ing, July, 1954.
- Keller, I.W., Management accounting for profit control, Mc Graw-Hill, New York, 1957.

- Kimball, D.S., Snr. and Kimball, D.S., Jnr. Principles of industrial organization, Mc Graw-Hill, New York, 1947.
- Knowles, A.S. and Thompson, R.D., Industrial management, MacMillen, New York, 1944.
- Light, H.R., The nature of management, Pitman, London, 1951.
- Littleton, A.C., and Zimmerman, V.K., - Accounting theory: continuity and change, Prentice Hall Inc. Englewood, 1962.
- Maandelikse Nuusbrieff van die Afr. Handelsinstituut, Pretoria, Julie 1964.
- Matz, A., Curry, O.J. and Frank, G.W., Cost accounting, South-Western Publishing Co., third edition, N.Y. 1962.
- Mechler, H., Produktive Betriebsrechnung, Stuttgart - Degerloch, Seewald Verlag, 1959.
- Mej, J.L., en Snel, P.M.M.H., Leerboek der bedrijfs-economie, Delwel, Den Haag, 1947.
- Mej, J.L., Leerboek der bedrijfseconomie, Deel I, Delwel, Den Haag, 1949.
- Moroney, M.J., - Facts from figures, Penguin Books Ltd., London, 1964.
- Medicke, W., Die Gemeinkosten in der Plankostenrechnung, Berlin, 1956.
- Neff, P.C., Depreciation methods and concept, - Die Suid Afrikaanse rekenmeester, Maart 1958.
- Neumer, J.J.W., Cost Accounting, R.D. Irvin, Illinois, 6de druk, 1962.
- Newman, H., Administrative action, Pitman, London, 1959.
- Nickerson, C.B., Cost accounting, Mc Graw-Hill, New York, 1954.
- Norval, A.J., A quarter of a century of industrial progress in South Africa, Juta, Cape Town, 1962.

- ↓ Raad van Handel en Nywerheid, verslag 282, Onderzoek na fabrieksnywerhede in die Unie van Suid-Afrika, Cape Times, Kaapstad, 1945.
- Raymond, T.C., Problems in business administration, Mc Graw-Hill, New York, 1964.
- Rautenstrauch, W. and Villers, R., Budgetary control, Funk, N.Y., 1950.
- Republiek van Suid-Afrika: Buro vir Statistiek: Uniestatistiek oor vyftig jaar, 1910-1960, Staatsdrukker, Pretoria, s.j.
- Republiek van Suid-Afrika: Buro vir Sensus en Statistiek, Nywerheidsensus 1960-61, Staatsdrukker, Pretoria.
- Republiek van Suid-Afrika: Maatskappywet, 1926 (wet No. 46 van 1926) Soos gewysig, met regulasies, Staatsdrukker, Pretoria, 1963.
- Schnettler, A., Betriebsanalyse, 2de druk, Stuttgart, C.E. Pöschel, 1960.
- Scholma, C., Kostencalculatie in het bedrijf, 3de druk, Alphen aanden Rijn, Samsom, 1965.
- Scott, J.A., The measurement of industrial efficiency, Pitman, London, 1950.
- Silke, A.S., Silke on South African income tax, Juta, Cape Town, 4de druk, 1965.
- Smeets, M.H.J., - Betekenis van de Belastingen, De Economist, Amsterdam, 1954.
- Sorgdrager, A.J.E., The particularization of indirect costs in modern costing administration, Pro Rege, Potchefstroom, 1964.
- Sorgdrager, A.J.E., en Viljoen, F.P., Leerboek van die moderne kosprysadministrasie, Deel I en II, Pro Rege, Potchefstroom, 1963.
- Sorgdrager, A.J.E., Die verbesondering van die indirekte koste, Amsterdam, 1961.
- ↓ Statistiese Jaarboek, 1964, Staatsdrukker, Pretoria, 1964.

- Stonier, A.W., and Hague, D.C., A textbook of economic theory, Longmans, London, 1957.
- Thomas, W.E., Cost accounting and budgetary control, 2de druk, S.W. Publishing Co., N.Y. 1960.
- Vance, L.L., Theory and technique of cost accounting, hersiene druk, Holt & Kid, N.Y. 1959.
- Van der Schoeff, H.J., Kosten en kostprijs, 6de druk, Kosmos, Amsterdam, 1965.
- Van Deventer, B., Wins en prysteorie, Zwets en Zeitlinger, Amsterdam, 1952.
- Verslag No. 283 - Vernaamste Statistiek van privaat nywerheidsinrigtings op 'n Geografiese Basis, Staatsdrukker, Pretoria, April 1965.
- Viljoen, D.J., Die objek van die bedryfseksonomie, Inougurele rede, Potchefstroom 1952.
- Villers, R., The dynamics of industrial management, New York, Funk & Wagnalls, 1954.
- Voris, W., Production control, R.D. Irwin, Illinois, 1956.
- Wheeler, L.V., Management accounting, Gee, London, 1953.
- Weldon, H., Cost accounting and costing methods, Mc Donald and Evans, London, 1962.
- Wrights, W., Direct standard costs for decision making and control, Mc Graw-Hill, N.Y. 1962.

STELLINGS.

1. Die tyd het aangebreek dat diegene wat van die dienste van ouditeurs gebruik maak moet besef dat hulle dienste koop, nie assurance nie.
2. Rekenmeesters behoort minstens 'n B.Com graad te behaal voordat hulle die kwalifiserende eksamen wat deur die Rekenmeestersraad afgeneem word, mag skryf.
3. Die Nywerheidshof het 'n aansienlike bydrae gelewer tot nywerheidsvrede in Suid-Afrika.
4. Die Bemerkingswet is tot 'n groot mate verantwoordelik vir die uitskakeling van oorkapasiteit in Suid-Afrika.
5. Die tyd het aangebreek dat die Rekenmeester in Suid-Afrika hom moet begin spesialiseer in een of ander rigting aangesien hy nie 'n outoriteit op alle gebiede van die nywerheidslewe kan wees nie.
6. Universiteite lewer heeltemal te veel gegradueerdes aan die handel wat teoreties onderlê is maar wat hulle nie by praktiese omstandighede kan aanpas en dus nie goeie sakeleiers kan word nie.
7. Die Afrikaanse ouer en onderwyser moedig sy kind gladnie genoeg aan om tot die sakelewe toe te tree

nie.

8. Die algemene neiging van oorgemaklikheid van die Suid-Afrikaanse volk om steeds minder en minder ure per gesette tydperk te werk kan nog sy ondergang beteken.
9. Die nie-vertoning of swak vertoning van pryse op artikels in supermarke is vir die koper afkeurenswaardig en dit verhoog boonop die verkoper se bokoste.
10. Dit is goedkoper vir 'n sakeman om 'n saak telefonies af te handel (mits dit in dieselfde dorp of stad is) eerder as om 'n brief te skryf.